

***PAULUS SE HANTERING VAN EKSTERNE STRESSORS  
EN DIE  
VERHOUDING TUSSEN IDENTITEIT, ETIEK EN ETOS  
IN FILIPPENSE***

deur

**CHRISTOFFEL FRANKEN**

21257656

Voorgelê ter gedeeltelike vereiste vir die graad  
**Philosophiae Doctor**

**Universiteit van Pretoria  
Departement van Nuwe Testament**

**Promotor: Dr. J. Kok**

Pretoria  
Oktober 2010

**Ek dra hierdie studie op aan my ouers:**

**Christo en Loula Franken  
(Buffeljagsrivier)**

**Baie dankie aan:**

**My Hemelse Vader,  
My vrou Bianca en my kinders Christo, Carolé en Erwee,  
Prof Jan van der Watt,  
Dr Kobus Kok,  
NG Gemeente Senekal,  
NG Gemeente Villiersdorp.**

## INHOUDSOPGAWE

<b>HOOFSTUK EEN</b> .....	6
<b>INLEIDING</b> .....	6
1. VERWYSINGSRAAMWERK EN PROBLEEMSTELLING .....	6
1.1. Verwysingsraamwerk.....	6
1.2. Probleemstelling .....	11
2. HIPOTESE .....	16
3. NAVORSINGSMETODOLOGIE.....	16
4. HERMENEUTIESE BENADERING .....	20
4.1. Hermeneutiek .....	20
4.2. Huidige tendense in die hermeneutiese debat.....	23
4.3. Hermeneutiese sleutel .....	24
5. ANALITIESE PROSES: EKSEGETIESE METODOLOGIE.....	25
6. RELEVANSIE VAN DIE NAVORSING.....	28
7. VERLOOP VAN DIE NAVORSING.....	32
<b>HOOFSTUK 2</b> .....	33
<b>DIE STRESMODEL IN PRAXIS</b> .....	33
1. DIE STRESMODEL: KATEGORIEË VAN STRES .....	33
2. DIE TOEPASSING VAN DIE STRESMODEL OP DIE PREDIKANT.....	35
2.1. Uitbranding en die predikant.....	36
3. GEVOLGTREKKING .....	45

<b>HOOFSTUK 3</b> .....	<b>47</b>
<b>PAULUS SKRYWE AAN DIE FILIPPENSE</b> .....	<b>47</b>
1. PAULUS SE HERKOMS .....	47
2. PAULUS EN DIE STAD FILIPPI.....	49
3. FILIPPENSE AS 'N BRIEF .....	54
4. FILIPPENSE IN BREË TREKKE .....	59
5. TENTATIEWE GEVOLGTREKKING.....	78
<b>HOOFSTUK 4</b> .....	<b>79</b>
<b>EKSTERNE STRESSORS IN DIE LEWE VAN PAULUS</b> .....	<b>79</b>
1. PAULUS WAS VERHOORAFWAGTEND .....	80
2. DIE EENHEID IN DIE GEMEENTE WORD BEDREIG .....	83
3. PAULUS VERLANG NA DIE GEMEENTE .....	89
4. PAULUS SE APOSTELSKAP BRING ONTBERING.....	97
5. GEVOLGTREKKING .....	103
<b>HOOFSTUK 5</b> .....	<b>105</b>
<b>LOJALITEIT BINNE DIE “FICTIVE KINSHIP”</b> .....	<b>105</b>
1. LOJALITEIT AS DEUG BINNE DIE “FICTIVE KINSHIP” .....	105
2. LOJALE MEDEWERKERS.....	108
2.1. Timoteus .....	109
2.2. Epafroditus.....	112
2.3. Klemens .....	113
3. 'N LOJALE GEMEENTE .....	115
3.1. Konkrete ondersteuning.....	115
3.2. Voorbidding.....	119
4. LOJALITEIT DEUR GOD .....	122
4.1. 'n Alternatiewe Godsbeeld .....	131
5. GEVOLGTREKKING .....	133

<b>HOOFSTUK 6 .....</b>	<b>134</b>
<b>PAULUS LEEF VANUIT 'N HERSTELDE WAARDESISTEEM .....</b>	<b>134</b>
1. 'N HERSTELDE GESINDHEID .....	135
2. JESUS CHRISTUS AS DIE WARE WELDOENER .....	147
3. HEMELSE BURGERSKAP: 'N HERSTELDE IDENTITEIT .....	166
4. SIN IN LYDING .....	172
5. GEVOLGTREKKING .....	177
<b>HOOFSTUK 7 .....</b>	<b>179</b>
<b>ETIESE INDIKATORE ONTSLUIT SINMOTIEF IN PRAXIS .....</b>	<b>179</b>
1. PAULUS ERVAAR DANK EN BLYMOEDIGHEID.....	180
2. PAULUS LEWE VERGENOEGD .....	185
3. PAULUS VOLHARD IN SY APOSTOLIESE ROEPING .....	187
3.1. Paulus beoefen volgehoue voorbidding.....	187
3.2. Paulus beklemtoon die basiese Christelike beginsels .....	190
4. PAULUS BIED SY EIE LEWE AS INSPIRASIE .....	204
5. GELOOFVOLWASSENHEID AS INDIKATOR TOT DIE MOTIEF VAN BLYDSKAP .....	207
6. GEVOLGTREKKING .....	211
<b>HOOFSTUK 8 .....</b>	<b>214</b>
<b>SAMEVATTING .....</b>	<b>214</b>
1. HIPOTESE .....	214
2. EKSEGETIESE RESULTATE EN KONKLUSIE .....	214
<b>BRONNELYS.....</b>	<b>224</b>

## **HOOFSTUK EEN**

### **INLEIDING**

#### **1. VERWYSINGSRAAMWERK EN PROBLEEMSTELLING**

Dit is belangrik dat die leser ingelig word oor die verwysingsraamwerk van die skrywer, want die skrywer is 'n mens van sy tyd en die historiese konteks van die skrywer het 'n invloed op die probleemstelling. Kok (2008:2) is dit eens dat enige navorser 'n bepaalde verwysingsraamwerk het en te midde van 'n sekere historiese konteks leef. In die lig hiervan is dit belangrik dat die verwysingsraamwerk van die skrywer uitgelig word, aangesien dit lig werp op die probleemstelling en die hipotese. Vervolgens meer oor die verwysingsraamwerk.

##### **1.1. Verwysingsraamwerk**

- 'n Nuwe tydvak – Postmodernisme

Modernisme het gedurende die vroeë twintigste eeu sy ontstaan gehad (Veith 1994:38). Veith is van mening dat die meeste akademici ooreenstem met die stelling dat die postmodernisme gedurende die 1960's begin het<sup>1</sup>. 'n Eenmalige

---

<sup>1</sup> Beaudoin (1998:3): "The cultural hurricane that preceded the peaceful year of 1969 – at least in my memory – continued to create disarray in the following decades. Three decades later, the late 1960s can be seen as the fulcrum of a historical seesaw, halfway between the rise of the civil rights movement and the

allesomvattende definisie van postmodernisme is egter moeilik. Kurien in Storrar en Morton (2004:195) stel dit soos volg: “Any discussion and interpretation of globalization must be prefaced by an acknowledgement of inbuilt limitation”. In die volgende paragraaf word egter gepoog om iets te sê oor die impak van postmodernisme en globalisasie op die rol en taak van die Christelike Kerk en dan by name die NG Kerk in Suid-Afrika.

Boshoff (16 September 2008) is van mening dat Suid-Afrikaanse Christengemeentes leef in ’n tyd van verandering<sup>2</sup> en diversiteit en het in sy toespraak die volgende tendense uitgelig:

- Ons wêreld het ’n wêreld sonder grense geword (“global village”);
- dat daar ’n groeiende moraliteits- en normekrisis is (terwyl die kerk sy hekwagterrol verloor);
- dat daar ook op die gebied van godsdiens vandag groot diversiteit en vermenging is (vgl. postmodernisme se bevraagtekening van die absolute waarhede van die Christelike geloof en die uniekheid van Christus);
- dat daar groot demografiese veranderings plaasvind (vgl. die ontvolking van die platteland en verstedeliking);
- dat ons ’n tyd van politieke herstrukturering beleef (vgl. die druk op die kerk om meer konkreet by sosiale transformasie en bemagtiging betrokke te wees via versoening, sosiale geregtigheid en maatskaplike opheffing);
- dat ekonomiese herprioritiserings aan die gang is.

---

decline of affirmative action, the midpoint of the nuclear age, halfway between the emergence and conclusion of the cold war.”

<sup>2</sup> Niemandt (2007:26) wys daarop dat Suid-Afrika kenmerke van postmodernisme saam met die bestaande stromings van modernisme en premodernisme vertoon.

In aansluiting by Boshoff is dit belangrik dat ons let op die werk van Niemandt (2007:20-35). Niemandt werp lig op die begrippe modernisme en postmodernisme<sup>3</sup> binne die konteks van Suid-Afrika.

Die navorsing van Niemandt (2007:2-35) bied 'n werkbare uiteensetting van die verskil tussen modernisme en die postmodernisme<sup>4</sup>. Die eerste onderskeid het te make met beheer en kontrole. Die modernisme maak erns met beheer en kontroleer. Daarteenoor is die postmodernisme eerder gerig op bewaring, samewerking en verdraagsaamheid. Die effek hiervan op die kerk is dat in die modernisme groter klem gelê word op die ordelike manier van dinge doen. Daarteenoor vind ons dat chaos en minder beheer met meer selfstandigheid binne die postmodernisme geduld word. Wat die kerk betref, is 'n programbenadering vir die modernisme belangrik, maar in die geval van die postmodernisme is verhoudings belangrik. Die denkstruktuur van die modernisme is analities en krities, waar die postmodernisme klem plaas op sisteemdenke en holistiese benadering tot komplekse probleme. Die hantering van die Bybel word ook deur hierdie onderskeid in denke geraak. In die geval van die modernisme word die Bybel in kleiner gedeeltes afgebreek, maar die postmodernisme verstaan die Bybel in die groter konteks en soek na groter verbande.

---

<sup>3</sup> Hauerwas (2000:35) bied 'n aangrypende begripsomsywing vir postmodernisme. Die skrywer verwys na 'n definisie van Nicolas Boyle: "Post-Modernism is the pessimism of an obsolescent class – the salaried official – whose fate is closely bound up with that of the declining nation-state."

<sup>4</sup> Wells (2005:62). "There is no question that postmodern thought has been hatched rather self-consciously in opposition to Enlightenment ideology, nor is there any question that that ideology is now disintegrating."



'n Volgende onderskeid wat deur Niemandt (2007:22) getref word, het te make met objektiwiteit. Die modernisme is oortuig dat enige saak objektief en finaal beskryf kan word (Conder 2006:20). So lees 'n mens die teks van die Bybel en ontdek objektiewe waarheid daarin. Die postmodernisme werk baie meer met intersubjektiviteit en heg waarde aan die verskillende beskrywings van 'n saak. Waarheid is wat waar is vir die individu (Burton 1988:34-35). Die mens lees die teks van die Bybel en uit die gesprek groei 'n nuwe verhouding en verwantskappe. Die verskil tussen objektiwiteit en die meer intersubjektiewe benadering bring ons by 'n volgende gedagte deur Niemandt, naamlik dat binne die modernisme onsekerhede uiteindelik uit die weg geruim kan word deur wetenskaplike ondersoek. So byvoorbeeld word die teologie beskou as die eksklusiewe terrein van gespesialiseerde teoloë. Die postmodernisme is postnormaal. Die lewe en die wêreld word diep geraak deur chaos en onvoorspelbaarhede. Toegepas op die godsdienst, is die teologie die produk van dialoog en insette deur gespesialiseerde teoloë, maar ook van doodgewone lidmate en ander dissiplines.

Strukture en objektiewe prosedures is binne die modernisme aan die orde van die dag. Dit is dus te verstane dat die Kerk as 'n organisasie beskou word en sterk beïnvloed word deur programme en organisasie-metodiek. Wat die organisasie binne die postmodernisme betref, word dit deur Niemandt (2007:22) as postorganisasie beskryf met groot klem op netwerke, alliansies en plat strukture met min waarde aan status en hiërargie. Dieselfde geld ook vir die kerk. Die kerk as 'n liggaam en verhoudings is vir die postmodernisme van kardinale belang.

'n Volgende kenmerk van die modernisme is die klem op die individu. Humanisme, menseregte en vryheid van die individu asook 'n verbruikersmentaliteit oorheers. Voortaan geld sekularisasie<sup>5</sup>. Vir Cox (1966:27) beteken sekularisasie die bevryding van die mens uit elke bevoogding van godsdienstige of wêreldbeskoulike aard. Wie is die gesekulariseerde<sup>6</sup> mens dan? Hy is die mens met gewetensvryheid, selfbeskikking en verantwoordelikheid. Van der Walt (1999:9) is van mening dat sekularisasie gepaard gaan met begrippe soos “vooruitgang”, “kompetisie” en “vryemarke ekonomie” wat die stem van die meerderheid tot norm verhef.

Die impak hiervan op die kerk is dat klem op persoonlike en individuele keuse vir die Christen voorop staan. Gemeentes is daar om die individu se behoeftes te dien. Hierteenoor vind ons by die postmodernisme 'n oorbeweeg na die waarde aan groepe in gemeenskappe en groeidentiteit. In die kerk val die klem op die gemeenskap van gelowiges en die gemeenskaplike uitdrukking van geloof. Die intense fokus op die individu binne die modernisme word verder beklemtoon deur die ingesteldheid om dit wat verkeerd is uit te wys en 'n beter alternatief in die plek daarvan te stel. In die lig hiervan is dit te verstane dat daar by uitstek binne die modernisme gefokus word op die verskille tussen gelowiges. Daarteenoor vind ons by die postmodernisme 'n geneigdheid om te wil integreer en konvergeer (Niemandt 2007:23). Inklusiwiteit en 'n geneigdheid om eerder op die ooreenkomste tussen gelowiges te fokus, is 'n kernwaarde binne die kerk. Ons

---

<sup>5</sup> Enderstein (1993:3-8). Sekularisasie maak voorsiening vir funksionele denke. Dit gaan in die funksionele denke om 'n soeke na verband, samehang en relasie. Die mens vra na die nut en funksie van dinge: nie meer na die syn nie, maar na die sin. Die invloed hiervan is dat die mens baie meer toekomsgerig lewe.

<sup>6</sup> Smit (1989:48).

sou ook na hierdie verskynsel kon verwys as globalisering<sup>7</sup>. Om die konsep van globalisering te verduidelik, beskryf Walters (1995:3) die wêreld soos dit in 'n ten volle geglobaliseerde toestand sal lyk. In 'n geglobaliseerde wêreld sal daar 'n enkele samelewing en kultuur wees wat die hele planeet oorstrek. In die volgende paragraaf word aandag geskenk aan die probleemstelling.

## 1.2. Probleemstelling

Die skrywer is terdeë bewus daarvan dat hy deur die lens van sy eie leefwêreld en tydsgees die antieke geskrif van Filippense lees. Kok (2008:4) wys daarop dat dit daarom van kardinale belang is om die unieke kulturele konteks van die eerste eeuse Mediterreense mens te verdiskonteer. Dieselfde beginsel is egter van toepassing in hierdie proefskrif. Wanneer in Filippense gesoek word na ankers ten einde 'n stresvolle lewe effektief te deurleef, moet daar duidelikheid bestaan oor wat die Filippense en Paulus sou verstaan onder kernbegrippe soos onder andere hemelse burgerskap, blydschap, volharding, hoop, lyding en slawerny. Die skrywer stel homself ten doel om vanuit 'n wedersydse begrip vir die onderskeie leefwêreld die skrywe aan die Filippense beter te verstaan en meer effektief op die huidige situasie van stres toe te pas. In die proses is die skrywer uiters sensitief vir etnosentrisme<sup>8</sup>. Kok (2008:7) bevestig die erns van

---

<sup>7</sup>Walters (1995:3). "A social process in which the constraints of geography on the social and cultural arrangements recede and in which people become increasingly aware that they are receding."

<sup>8</sup> Kok (2008:7). "Die woord etnosentrisme is gekonsepteer deur William Graham Summer van Yale Universiteit, gedurende die vroeë twintigerjare van die twintigste eeu. Etnosentrisme word verstaan as 'the tendency to judge all other groups by one's own group' (sien Pilch 2000:2)."

etnosentrisme as hy vir Pilch (2000:2) soos volg aanhaal: “When people of one culture impose their interpretation of reality upon people of another culture, the result is both humorous and pitiful”.

Die doelwit van hierdie proefskrif is om die streslyer in staat te stel om vanuit die Skrif leiding te vind ten einde sy/haar ervaring van stres sinvol te deurleef. Gegewe die werklikheid van etnosentrisme is dit belangrik dat hierdie proefskrif ’n weg vind om ’n wetenskaplik aanvaarbare hulpmiddel te vind ten einde ’n effektiewe brug te bou tussen die ervaring van stres by die moderne leser en hoe Paulus dit kon regkry om sy uiters moeilike omstandighede met blydskap te kon deurleef.

Ten einde te slaag in die genoemde doelwit is dit belangrik dat hierdie proefskrif aandag skenk aan die volgende:

- Die wesenlike gevaar van etnosentrisme aan te spreek deur duidelik te onderskei tussen die denkparadigma binne die antieke Mediterreense wêreld en die moderne leser oor sake soos onder andere “sickness” en “illness”.
- Die aanwending van die verband tussen die etiese indikatore (identiteit, etiek en etos) in die denke van Paulus as ’n brug tussen die moderne leser en die antieke wêreld; en
- Die identifisering, integrasie en toepassing van die kategorieë van stres in die lewe van Paulus.
- Onderskeid tussen “sickness” en “illness”.<sup>9</sup>

---

<sup>9</sup> Sien meegaande grafiese voorstelling deur Kok (2008:17):

Kok (2008:17) omskryf “disease” as ’n konsep wat abnormaliteite in die struktuur en/of funksie van menslike organe en sisteme beskryf. Kok vervolg deur daarop te wys dat “disease” tuishoort binne die omgewing van die biomediese model. Pilch (2000:25) word soos volg deur Kok aangehaal: “The Biomedical jargon for these strategies are diagnosis, prognosis and therapy, and these concepts lead into the field of power and politics”. Vervolgens meer oor “illness”.

Kok (2008:17) verduidelik dat “illness” ’n konsep is wat menslike (kultuurgebonde) persepsie, ervaring en interpretasie van sekere sosiale “disvalued states” beskryf en wat nie eksklusief beperk is tot “disease” nie. Kok (2008) is van mening “illness” is beide ’n persoonlike en sosiale realiteit en daarom ’n kulturele konstruk. As ’n kulturele konstruk word die ervaring, die integrering van waardes en hoe om daarmee saam te leef, bepaal deur die kultuur (sien Kok 2008; Weidmann 1988).

Die onderskeiding “sickness” en “illness” is deur die Mediese Antropologie gemaak, en is van waarde vir hierdie studie omdat dit die skrywer en leser daaraan herinner dat wanneer ons in die moderne konteks praat, ons dit doen vanuit ’n Westerse oogpunt. Binne die Westerse paradigma word gekategoriseer tot die biomediese model (vgl. Jones, Bright en Clow 2001; McCarthy, Aguilera en Sabban 2002; Cooper en Dewe 2004). Die navorsing binne hierdie proefskrif moet dus bedag daarop wees om nie anachronisties en etnosentristies met Filippense om te gaan nie. Paulus het moeilike omstandighede beleef, maar die

Sickness	
Disease	Illness
Cure	Healing
Biomediese model	Kulturele model

verskynsel van stres, soos wat ons dit ken, kan nie lynreg afgelei of selfs toegepas word op Paulus en sy leefwêreld nie. Hierdie werklikheid bring ons by die identifisering van die etiese indikatore (Van der Watt 2006).

- Die etiese indikatore (identiteit, etiek en etos)

Van der Watt (2006:v-ix) bied in sy studie 'n wetenskaplike benadering ten einde die brug tussen Paulus, die Filippense en die ervaring van stres in die moderne konteks te verdiskonteer. Die wetenskaplike benadering deur Van der Watt maak voorsiening vir die sogenaamde etiese indikatore soos vergestalt in identiteit, etiek en etos. Identiteit dui op die selfdefiniëring van die persoon en het 'n rigtinggewende invloed op dit wat volg, naamlik die etiek en etos. Identiteit impliseer die vraag "Wie is ek?". Etiek dui op die fundamentele grondreëls vir die optrede van 'n individu of 'n groep, maar vervat ook die motivering vir optrede. Etiek as die grondreël vir optrede is ten nouste verweef met identiteit (vgl Conradie 2005:33). Die derde indikator is etos. Etos, beskrywe die gedragskomponent van identiteit en etiek. Die interafhanklikheid tussen identiteit, etiek en etos bied 'n teologiese asook 'n terapeutiese sleutel tot die verstaan van Paulus se hantering van sy situasie van stres asook vir die relevante toepassing daarvan op die lewe van die moderne leser. Die raakpunt tussen die Filippense, Paulus en die moderne leser lê daarin dat beide die leser voor die teks, as die leser agter die teks, beskik oor 'n gedeelte identiteit in Christus. Dit is hierdie gedeelte identiteit in Christus wat as etiese indikator 'n herstelde identiteit, etiek en etos realiseer. Van der Watt (2006:v-ix) voer aan dat die etiese indikatore<sup>10</sup>

---

<sup>10</sup> Van der Watt (2006:v-ix). "**Identity** relates to the question 'Who are you?'. Identity refers to whom a person or persons (community) regard themselves to

wat identiteit, etiek en etos in stand hou, ontsluit word deur middel van die sogenaamde “descriptive task”. Toegepas op die lees van Filippense binne hierdie proefskrif beteken dit dat bestaande etiese indikatore binne Filippense met vrug toegepas kan word op die leefwêreld van moderne Christen. Van der Watt (2006:vi) stel dit soos volg: “By identifying what might generally be called ‘ethical indicators or trajectories’ the appropriateness, acceptability, or even necessity of particular types of behaviour might become apparent. This should be of real significance in formulating similar ‘ethical indicators or trajectories’ for people sharing the Christian identity of the first followers of Jesus”. In die volgende hoofstukke word gepoog om enkele etiese indikatore in die skrywe van Paulus te identifiseer wat dit vir hom moontlik gemaak het om met blydschap (etos) te kon leef. Hierdie indikatore kan volgens Van der Watt met vrug toegepas word binne die moderne Christelike gemeenskap. Laasgenoemde verwysingsraamwerk en probleemstelling bring die skrywer by die hipotese.

---

be. A person’s identity has a direct and determinative influence on what follows, namely ethics and ethos. **Ethics** relates to the question ‘according to which rules are you and your group acting and why?’ This is the ‘ought to’ or ‘should’ question. It is understood as the motivated ‘rules/principles/basic exhortations/ethical pointers presented in a particular document like ‘love one another’, which are based upon and are related to the identity of a person. **Ethos** relates to the question ‘How do you behave?’ or ‘What do you do?’. This is the behavioural category. It focuses on the behaviour of a group concretely expressing the above-mentioned rules (ethics) and thus functionally displaying their identity”.

- Die identifisering, integrering en toepassing van stres

Dit is die uitgangspunt van hierdie navorsing dat die wetenskaplike model van stres, soos wat die moderne mens dit interpreteer, nie reglynig toegepas kan word op die lewe van Paulus en die Filippense nie. Wat hierdie studie poog om te doen, is om te wys op enkele kategorieë van stressors wat wel by Paulus sowel as die moderne mens teenwoordig is. Dit is met die hulp van hierdie kategorieë dat die navorsing nader beweeg aan die toepassingsmoontlikheid van Paulus se skrywe aan die Filippense vir die stresvolle lewe van die moderne mens.

## **2. HIPOTESE**

In hierdie proefskrif gaan ek die hipotese ondersoek dat Paulus daarin geslaag het om ten spyte van die kategorieë van eksterne stressors met blydskap te leef. Paulus kon dit doen omdat hy geleef het vanuit 'n herstelde identiteit, etiek en etos. Die verband tussen die etiese indikatore ontsluit die potensiaal vir die moderne leser om ten spyte van die kategorieë van stres met blydskap te leef.

## **3. NAVORSINGSMETODOLOGIE**

Kok (2008:19) wys daarop dat Nuwe Testamentiese wetenskaplike navorsingsmetodes konstante en dinamiese groei vertoon. 'n Belangrike



kenmerk van hierdie dinamiese groei is dat die verskillende wetenskapsvelde mekaar se terreine betree. Dit is 'n verskynsel wat volgens Kok ook die veld van die Nuwe Testamentiese wetenskap betree het. Die slotsom waartoe Kok kom, is dat die interdisiplinêre benadering tot wetenskaplike studie die onderskeie wetenskappe verryk en selfs die wesenlike konklusies uitdaag.

In die lig hiervan is dit te verstane dat hierdie skrywe poog om vanuit die hedendaagse ervaring van stres die vraag te vra: Is daar enige moontlikheid dat Paulus se skrywe aan die Filippense die mens vandag kan help om sy stres sinvol te deurleef? Anders gesê, kan die Nuwe Testamentiese wetenskap en die sosiale wetenskap op so 'n wyse versoen word dat die mens in stres hoop vind? In 'n dergelike benadering is dit belangrik dat daar gelet word op die eksegetiese uitgangspunt in hierdie proefskrif.

In hierdie proefskrif gaan daar aanvanklik gelet word op die verskynsel van stres soos verstaan binne die veld van die sosiale wetenskap. Belangrik net is dat hierdie skrywe nie poog om die onderwerp van stres in sy volledigheid aan te bied nie, maar net die onderwerp in sy kernverstaan aan die orde wil stel. In die daaropvolgende hoofstukke word gekyk na die teks van die Filippense. Wanneer die Nuwe Testamentiese teks aan die orde gestel word, is dit belangrik dat die moderne leser sensitief sal wees vir die wêreld agter die teks asook die teks self – soos onder andere historiese, grammatiese en literêre vrae (Smit 1987:25). Die wêreld agter die teks neem faktore soos die kulturele konteks in ag. Kok (2008:20) is van mening dat dit uiters belangrik is dat die moderne leser sensitief sal wees vir die antieke sisteem van die skrywer en lesers. Hy voer aan dat die sosiaal-wetenskaplike kritiek 'n belangrike fase in die eksegetiese proses is ten einde sosiale en kulturele dimensies van die teks uit te lig (sien ook Elliot 1993:7). Laasgenoemde opmerking bring ons by die besondere aard en doelwit van die sosiaal-wetenskaplike kritiek. Die sosiaal-wetenskaplike kritiek wil die leser help om Paulus se gebruik van kernbegrippe soos onder andere slaaf, blydschap, lyding en hemelse burgerskap beter te verstaan.

Die navorsing van Kok (2008:21) wys daarop dat sosiaal-wetenskaplike kritiek die teks hanteer as 'n refleksie en 'n respons op die sosiale en kulturele konteks waarbinne die teks ontstaan het, asook hoe die teks ontwerp is om as 'n middel tot sosiale interaksie te dien. Die slotsom waartoe Kok kom, is dat die sosiaal-wetenskaplike kritiek se uiteindelijke doelwit is om die eksplisiete en implisiete betekenismoontlikhede wat in die teks opgesluit is, uit te lig en te bepaal. Die teks beskik dus oor 'n implisiete sosiale dimensie wat ook ontsluit moet word.

Die eksegetiese proses stel ten doel om die betekenis van Bybelse tekste in hul oorspronklike konteks te bepaal deur middel van omvattende bestudering van al die elemente van die teks soos onder andere die wêreld agter die teks en die teks self (Kok, 2008:21). Gegewe die relevantheid van die konteks vir die betekenisbepaling van die Bybelse teks is dit belangrik dat gewys word daarop dat Kok daarna verwys dat antropoloë onderskei tussen die sogenaamde “hoë konteks”- en “lae konteks”-samelewings. Elliot (1993:18) in Kok (2008:21) verdeel “sosiale studies” in die volgende vier kategorieë:

Kategorie	Fokus	Eksponente
1. Bestudering van “social realia”	Beskrywing van antieke gemeenskappe sonder om dit te analiseer/verklaar.	Joachim Jeremias Frederich Grant Abraham Malherbe
2. Integrering van ekonomiese en politieke fenomene met sosiale fenomene.	Konseptuele raamwerk is histories eerder as sosiaal-wetenskaplik.	Martin Hengel Wolfgang Stegemann
3. Bestudering van sosiale organisasie, sosiale institusies en die ontstaan van Christendom.	Gebruik doelbewus sosiale teorieë en modelle. Beweeg na sosiale beskrywing/verklaring	Gert Theissen Wayne Meeks

	van Christendom.	
4. Konteksgroep.	Bestudeer sosiale en kulturele omgewing van die Nuwe Testament. Kyk na die sosiale en kulturele manuskripte wat sosiale interaksie beïnvloed. Gebruik teorieë van kulturele antropologie.	Bruce Malina Jerome Neyrey

Die Bybelse samelewing bevind haarself binne die hoë konteks (Elliot 1993:11). Elliot (1993:11) vermeld die volgende: “Accordingly, it is presumed, in such societies that contemporary readers will be able to ‘fill in the gaps’ and ‘read between the lines’”. Gegewe die standpunt van Elliot is dit te verstane dat die leser voor die teks kennis sal neem van die sosiaal-maatskaplike konteks van die wêreld agter die teks. Dit is veral die werke van Malina wat in hierdie verband sinvol aangewend kan word. Die werke van Malina kan die leser help om ’n beter begrip te ontwikkel vir die inhoud wat Paulus gee aan sy verstaan van ’n nuwe identiteit in Christus en alternatiewe waardesisteme. Laasgenoemde is wesenlik in die verstaan hoe Paulus daarin geslaag het om sy situasie van stres sinvol te deurleef. Malina slaag suksesvol daarin om die sosiaal-kulturele konteks van die antieke mens te konstrueer. Paulus se standpunte oor onder andere eer en skande, Jesus Christus as sy weldoener, hemelse burgerskap, diensbaarheid, lyding en slawerny kan derhalwe met groter begrip binne sy antieke lewenskonteks geplaas word.

Die werke van Malina is egter nie die primêre bron in die verstaan van die sosiaal-kulturele konteks waarbinne Paulus geskrywe het nie. Ander bydraes soos uit teologiese woordeboeke en kommentare het welkome lig gewerp op die

verstaan van stres as 'n hedendaagse verskynsel en die identifisering van ankers uit Filippense vir die effektiewe deurlewing van stres. Die eksegetiese proses binne hierdie proefskrif is dus 'n kombinasie van wetenskaplike ondersoek wat die twee velde van die Kliniese Pastoraat en die Nuwe Testament met mekaar wil integreer binne die uitgangspunt van 'n multi-dissiplinêre benadering. Die uiteindelige gevolgtrekkings word nie reseptomatig verdiskonteer en aangebied nie, maar hou krities rekening met die uniekheid van elke mens en elke tydvak. Die eksegetiese navorsingsmetodologie poog dus om die deurlewing van stres as 'n prosesmatige gebeure te motiveer.

#### **4. HERMENEUTIESE BENADERING**

In ooreenstemming met Kok (2008:26) is dit die uitgangspunt van hierdie skrywe dat alle wetenskaplike navorsing beskik oor bepaalde teoretiese en metodologiese vertrekpunte en voorveronderstellings (sien ook Heidegger 1962; De Villiers 1991:146). Kok (2008:26) vermeld in sy studie dat bepaalde teoretiese en metodologiese vertrekpunte en voorveronderstellings oor 'n tydperk groei, ontwikkel en verander (vgl. Kümmel 1973; Stuhlmacher 1975; Lategan 1984; Thiselton 1980 en 1992:142).

##### **4.1. Hermeneutiek**

Hermeneutiek kan omskryf word as die kuns om te verstaan wat ons lees<sup>11</sup> (vgl. Smit 1987:11; Kok 2008:26; Ricouer, 1998:15). In hierdie konteks dan die kuns

---

<sup>11</sup> Lategan (1992:149). "In the most general terms, hermeneutics can be described as 'the art of understanding'. Used in its narrower sense, hermeneutics


om te verstaan wat ons lees met die oog op die interpretasie van die antieke Nuwe Testamentiese tekste. Kok (2008:26) verwys na Lategan (1992:149) in sy omskrywing van hermeneutiek soos volg: “Hermeneutiek het te make met die *Verstehen* (verstaan) van ’n destydse antieke Mediterreense *Erlebnis* (belewenis) in ’n bepaalde konteks en om in gesprek daarmee te tree met die doel om tot ’n *Nacherleben* (herbelewenis) te kom”. Dit is dus te verstane dat Van der Merwe (1995:52) hermeneutiek ook kan omskryf as ’n kommunikasieproses, aangesien daar interaksie of dialoog plaasvind in ’n poging om betekenis te konstrueer en verstaanbaar te formuleer<sup>12</sup>. In ’n poging om te bepaal hoedat Paulus daarin geslaag het om sy moeilike omstandighede sinvol te deurleef, is dit gepas om die brief aan die Filippense met behulp van die kommunikasieproses te interpreteer.

Gegewe die drie elemente van die kommunikasieproses is dit belangrik dat al drie van hierdie elemente teenwoordig is. Sou enige een van hierdie drie elemente ontbreek, is kommunikasie nie moontlik nie (Kok 2008:27). Smit (1989:47) en Van der Merwe (1995:52) is dit eens dat ’n konvensionele kommunikasiemodel soos volg daar uitsien (vind illustrasie in Kok 2008:27):

---

can refer to the method and techniques used to interpret written text. In a wider sense, it can refer to the conditions which make understanding possible and even to the process as a whole. In theology, it is usually used in contrast to exegesis – the former is understood as the theory, and the latter as the practice of interpretation.”

<sup>12</sup> Kok (2008:27) wys daarop dat in enige kommunikasieproses daar ten minste drie elemente teenwoordig is: Sender, Boodskap, Hoorder.



Die teks van die Nuwe Testament is kommunikasie in geskrewe vorm. Al drie elemente – te wete sender, hoorder en boodskap – is hierin te vinde. Die Bybelse teks is die produk van interaksie tussen die sender wat 'n bepaalde boodskap aan 'n sekere hoorder kommunikeer. Beide sender en hoorder het hulself bevind binne 'n sekere sosio- en kultureel-historiese konteks. Ten einde die betekenis te ontgin, is dit belangrik dat nie net die sosio- en kultuur-historiese konteks in berekening gebring word nie, maar dit is ook nodig om die intertekstuele en intratekstuele konteks te verreken. Die slotsom waartoe Kok (2008:27) kom, is dat daar in die hermeneutiek gepoog word om die boodskap wat die oorspronklike skrywer op die hart gedra het, te verstaan met die wete dat daar 'n reuse-kloof bestaan tussen die moderne leser en die antieke hoorder. Dit is 'n wesenlike realiteit wat aan die hermeneutiek 'n “voorlopige” karakter verleen (Kok 2008:28). Dit is juis hierdie kloof tussen die antieke wêreld en die huidige leser wat maak dat daar binne die huidige hermeneutiek 'n verskeidenheid van tendense te bespeur is. Vervolgens meer oor die huidige tendense in die hermeneutiek.

## 4.2. Huidige tendense in die hermeneutiese debat

Gegewe die aard en omvang van hierdie skrywe word daar nie volledig op elk van die tendense ingegaan nie, maar word die breë lyne van die hermeneutiese debat getrek. In 'n slotparagraaf plaas ek my eie studie binne die huidige debat. Dit is veral die studie van Kok (2008), Van der Merwe (1995) en Lategan (1992) wat die skrywer help om hierdie debat uiteen te sit.

Kok (2008:28) wys daarop dat die onderskeiding tussen sender, boodskap en ontvanger en die rigting van beweging van tendense van sender, na boodskap, na ontvanger drie verskillende groepe van teorieë aangaande die lokus en die aktualisering van betekenis verteenwoordig. In die werk van Van der Merwe (1995:48) en Lategan (1984:2) word die groeperinge geïdentifiseer in hul benadering tot die teks: sender-fokus; boodskap-fokus en reseptor-fokus<sup>13</sup>. Dit

---

<sup>13</sup> Kok (2008:28-29) omskryf elk van hierdie benaderings tot die teks soos volg: (1) die sender-fokus. Die sendergefokusde benadering maak erns met die wêreld agter die teks, met ander woorde die historiese omstandighede van skrywer en teks word uitgelig. Hierdie benadering is veral kenmerkend van die historiese kritiek (vgl. teks-kritiek, bronne-kritiek, vorm-kritiek, redaksie-kritiek en tradisie-kritiek); (2) die boodskapgefokusde benadering. In hierdie geval word ingefokus op die wêreld binne die teks. Kok (2008:29) is van mening dat met die koms van “new Criticism” en struktuuranalise die pendulum geswaai het vanaf die (diakroniese) historiese kritiek na die (sinkroniese) outonome teks. Die uitgangspunt hier is dat die betekenis van 'n teks in die strukturele samestelling van die teks gevind kan word (vgl. Mlalkuzhyil 1987:17vv); en (3) die reseptorgefokusde benadering fokus op die wêreld voor die teks, of die verhouding tussen die teks en die leser (vgl. Lategan 1984:3). Volgens Kok is hierdie benadering meer geïnteresseerd in die effek van die kommunikasie as in die meganika daarvan.

is die uitgangspunt van hierdie proefskrif om te waak teen die gevaar van etnosentrisme. In die volgende paragraaf word gelet op die hermeneutiese sleutel waarmee in hierdie proefskrif gewerk word.

### 4.3. Hermeneutiese sleutel

Wanneer die vraag na die wesenlike hermeneutiese sleutel vir hierdie skrywe gevra word, is dit belangrik om daarop te let dat Potgieter (2005:3) daarop wys dat vier beginsels behoort te geld wanneer die Kerk wil vasstel wat die Skrif sê. Potgieter identifiseer hierdie vier beginsels as die Skrif, die tradisie, die rede (of wetenskap) en laastens die ervaring van die mense wat betrokke is. Dieselfde vier uitlegbeginsels word deur Du Toit (2003:104) aangewend as kriteria vir 'n gereformeerde hermeneutiek<sup>14</sup>. Belangrik net is dat Potgieter (2005:4) verwys na 'n verdere belangrike aspek wanneer die saak van hermeneutiek te sprake is, en dit is dat die hermeneutiese proses altyd onderworpe is aan subjektiewe keuses. Teen die agtergrond van die wesenlike eienskappe van verantwoordelike Skrifuitleg is die volgende hermeneutiese strategie gevolg. Die teksgedeeltes wat van toepassing is op die onderwerp is geïdentifiseer en aan eksegetiese onderwerp. Die eksegetiese resultate word voortdurend geïnterpreteer binne die verband van die etiese indikatore (identiteit, etiek en etos). Die wete bestaan dat Paulus tydgebonde was en dat dit onvanpas sou wees om reglynige afleidings vir vandag te maak en maak gebruik van analogie as hermeneutiese sleutel. Die hermeneutiese sleutel van analogie is sensitief daarvoor dat daar duidelike verskille tussen die wêreld voor die teks en die wêreld agter die teks bestaan. Juis vanweë hierdie verskille help die beginsel van analogie die skrywer om daardie beginsels te identifiseer wat ook vir vandag kan geld.

---

<sup>14</sup> Du Toit (2003:104).



## 5. ANALITIESE PROSES: EKSEGETIESE METODOLOGIE

Du Toit (2009:107) omskryf die proses van eksegeses as volg: “Exegesis is more than a mere technique or method, it is an art; an art of attentively listening to the Bible and creatively transforming what has been said into what should be said today”. Ten einde suksesvol te wees in die eksegetiese fase van hierdie proefskrif is dit belangrik dat ’n verskeidenheid van eksegetiese metodes aangewend word<sup>15</sup>. Die eksegetiese benadering wat in hierdie navorsing aangewend word, funksioneer binne die grense van die sogenaamde eksegetiese program soos voorsien deur Du Toit (2009:120-148). Die meegaande eksegetiese program bestaan uit drie hoof momente, te wete voorbereiding, kern en konklusie. Onderliggend tot hierdie momente is die uitgangspunt dat daar sinchronies (i.p.v. diachronies) te werk gegaan word en dat begin word by die makro-, dan die meso- en laastens die mikroteks. Vir ’n meer gedetailleerde uiteensetting rakende die uiteensetting en die onderskeie eksegetiese stappe, sien die meegaande tabel (Du Toit 2009:120):

VOORBEREIDING	KERN	KONKLUSIE
1. Seleksie van teks	5. Bepaal sosio-historiese konteks	10. Formuleer boodskap aan eerste lesers
2. Eerste lees	6. Identifiseer literêre tipe	11. Moontlike variante
3. Afperking		
4. Tekskritiek		

<sup>15</sup> Eggar (1996:8) wys op die volgende aangaande effektiewe eksegeses: “To do justice to the various aspects of New Testament texts, a varied set of methodological instruments is used in scholarly dealing with the New Testament.”

	7. Bepaal mikro- en makroteks 8. Analiseer struktuur 9. Teks analise	leseing(s) vir huidige konteks 12. Vertaling
--	--	---

- 'n Omskrywing van die eksegetiese program

Die eerste stap fokus op die keuse van die teks. Du Toit (2009:124) wys daarop dat dit goed sal wees indien die teks oor 'n sterk sintaktiese, literêre en semantiese samestelling beskik (bv Filippense 2:5-11). Die eerste lees van die teks is 'n verkennende lees met die hulp van byvoorbeeld woordeboeke. In hierdie fase word die Griekse teks woord-vir-woord vertaal. Indien enige struikelblokke ervaar word, is dit belangrik dat die navorser eers self die uitdaging aanpak. Vervolgens meer oor die afperking van die teks. Du Toit (2009:125) stel dit duidelik dat dit dikwels gebeur dat die afbakening van die Griekse teks (hoofstukke, perikope en verse) onvoorwaardelik aanvaar word, terwyl daar dikwels ander moontlikhede bestaan, soos aangedui deur die grammatikale-, literêre- en semantiese merkers.

Die grammatikale merkers is byvoorbeeld aan die begin van 'n nuwe gedeelte (byvoorbeeld 'n aanduiding van tyd), maar daar is ook merkers wat die innerlike sintaksis van die teks onderbreek. In laasgenoemde geval word gedink aan die aanwending van voornaamwoorde. 'n Volgende baie belangrike merker vir die afbakening van die teks is herhaling, die opstapeling van assosiatiewe woorde en begrippe, die weglating van 'n woord ten einde die betekenis van die teks te intensiveer. Verdere belangrike merkers het te make met plek, gebeure, omstandighede, deelnemers en tydsverloop. Laastens is daar nog verbindings woorde soos *καὶ* en, *τε*. Die literêre kriteria identifiseer die tipe genre (byvoorbeeld 'n brief), parallelle lesings soos aangewend in chiasmies (Jakobus 1:22-25) en inklusief (1 Korintiërs 12:4-11).

Du Toit (2009:134) stel dit duidelik dat die semantiese kriteria van kardinale belang is vir die effektiewe afperking van 'n teksgedeelte en identifiseer vier moontlikhede naamlik die driehoek, die wig, die uurglas en die diamant. Die driehoek (Romeine 8:1) stel die onderwerp aan die orde, die wig (Romeine 6:3-11) plaas die tema aan die einde; die uurglas (Filippense 3:4b-11) stel eers 'n aantal voorstelle dan die tema met 'n daarop volgende uitbreiding. Die vierde moontlikheid is die diamant (Matteus 1:1-17). In hierdie konteks word die onderwerp gestel, uitgebou en weer aan die einde herhaal.

Alvorens daar aanbeweeg word na die hoofmoment in die eksegeese is dit belangrik dat die saak van tekskritiek aan die orde kom. Du Toit (2009:135) is van mening dat alhoewel dit 'n voortdurende proses is, die navorser dit in gedagte moet hou dat die moderne Griekse Nuwe Testament deur spesialiste ontwikkel word en daarom moet die navorser baie versigtig wees met sy/haar tekskritiek (byvoorbeeld Matteus 16:17-18). Die volgende stap twee stappe het te make met die sosio-historiese konteks en die daarop volgende literêre genre en vorm (brief of verhaal). Hierna volg die vraag na die spesifieke plek wat 'n mikroteks in die makroteks inneem.

Ten einde 'n mikroteks te plaas binne sy makrokonteks is dit belangrik dat daar onderskei word tussen sintaktiese en literêre makrokonteks (Du Toit 2009:140). Sintaksis het egter nie net te make met 'n enkele sin nie, maar die makrokonteks kan ook sintakties ontleed word. Du Toit (2009:140) omskryf die sintaksis op makrovlak as "the cohesiveness of the sumtotal of the syntactical units of a document". Na die plasing van 'n mikroteks in sy makrokonteks word die mikroteks se struktuur ontleed en daarom is dit belangrik dat 'n volledige woord-vir-woord en vers-vir-vers analise gedoen word. Die uiteindelijke doel hiermee is om die semantiese inhoud en bedoeling van die teks te bepaal met behulp van al die moontlike hulpmiddels (woordeboeke, ensiklopedieë en kommentare). In hierdie geval word veral gelet op die aanwending van stilistiese gebruike soos metafore en idiomatiese uitdrukkings.

Die voorafgaande stappe het net een doel voor oë gehad om die inhoud en betekenis van 'n teksgedeelte te bepaal soos wat dit bedoel was vir die eerste lesers. Die uitdaging in hierdie fase van die program is om te bepaal wat was die effek wat hierdie gedeelte op die eers lesers gehad het. Vrae soos hoe is hul uitgedaag? Watter nuwe perspektiewe is ontsluit? Watter keuse moontlikhede is gestimuleer? Die tweede laaste stap in die eksegeese is om voorstelle te maak vir die lees van die teks in die hedendaagse konteks.

Die gevaar bestaan om die teks te laat buikspraak. Du Toit (2009:147) stel voor dat die navorser 'n kompromie moet aangaan deurdat 'n aantal riglyne neergelê word vir die moontlike proses van kontekstualisering. Dit is vanuit hierdie parameters dat die latere lesers sy/haar eie konkretisering kan maak. In die finale fase kan 'n poging aangewend word om 'n vertaling te doen.

## 6. RELEVANSIE VAN DIE NAVORSING

Die begrip stres<sup>16</sup> is aan die wêreld bekend gestel deur Hans Seyel (Hunter 1990:1227). Seyel is van mening dat 'n eksterne stresfaktor, soos liggaamlike

---

<sup>16</sup> Van Jaarsveld (2003:114) vermeld in sy skrywe die volgende verpletterende feite rakende die uitwerking van stres. Hartsiektes kos Suid-Afrika meer as R10 miljard per jaar; sowat 40% van die bydraers tot die Suid-Afrikaanse ekonomie (26-64 jaar) sterf aan chroniese siektes waarvan hartsiektes die grootste tol eis; hartversaking eis die meeste slagoffers onder wit mense, bruin mense en Asiate; hartversaking is die derde grootste oorsaak van sterftes onder swart Suid-Afrikaners; die werkplek is die grootste enkele bron van stres; en stres is verantwoordelik vir 74-90% van alle doktersbesoeke.

beserings, verhongering of slaapverlies, 'n stresreaksie tot gevolg sal hê – die sogenaamde “veg-of-vlug”-respons. In aansluiting hierby is Van Jaarsveld (2003:113) van mening dat hierdie begrip nie in die wêreld van die sielkunde of fisiologie ontstaan het nie, maar in die wêreld van die natuurkunde. Dit verwys na 'n meganiese krag wat op die liggaam inwerk, en die reaksie op hierdie stremming word spanning genoem.

Stres kan gedefinieer word as druk, inspanning of 'n gevoel en teëstand van innerlike verwarring wat ontstaan uit die individu se persepsies en reaksie op sekere gebeure of omstandighede – 'n toestand van negatiewe emosionele opwekking wat gewoonlik gepaard gaan met gevoelens van ongemaklikheid of angstigheid wat ons toeskryf aan die omstandighede of 'n bepaalde situasie (Van Daalen 1983:88). Van der Merwe (2004:13) beskrywe stres as die fisiologiese, sielkundige, emosionele en gedragsreaksie van 'n persoon wat probeer aanpas by interne en eksterne druk of eise. Dit is in der waarheid 'n fisieke oorlewingsrespons wat aanleiding gee tot 'n veg-of-vlug-reaksie. Sy maak dan ook die baie interessante stelling dat alle lewende organismes, van plante tot diere tot mense, 'n stresreaksie het. Dis dan ook die rede waarom spesies met die beste stresrespons en wat die beste kon aanpas by verandering, tot vandag toe oorleef het.

Van der Merwe (2004:14) wys daarop dat die akute vorm van die veg-of-vlug-reaksie nommerpas was vir die prehistoriese mens wat moes veg teen oer-osse en sabeltanddiere. Van der Watt (2001:258) beskrywe hierdie reaksie as “goeie stres”, want dit kan beskou word as God se gawe om ons in spesiale situasies te help. As sodanig is stres dus nie 'n probleem nie, maar 'n noodsaaklikheid om ons goed in 'n krisis te laat funksioneer. Sonder stres sou ons nie as spesie kon voortbestaan nie. Ons floreer trouens op positiewe stres (ook bekend as eustres) – ons presteer goed, is kreatief en produktief, en dit gee voldoening en opwindung aan ons lewe. Die vinnige stresreaksie help ons ook in lewensgevaarlike situasies, soos om vinnig te reageer om 'n botsing te voorkom,

om weg te hardloop vir 'n aanvaller of om ons kinders te beskerm. 'n Sekere mate van stres is dus goed vir almal van ons. Sperdatums, kompetisies, konfrontasies en selfs ons frustrasies en hartseer verryk ons lewe met nuwe ervarings en diepte, terwyl dit ons help om te groei en ontwikkel. Ons doelwit is nie om stres uit te skakel nie, maar om dit te leer hanteer en positief aan te wend. Te min stres en 'n gebrek aan stimulasie kan as depressante optree, en ons verveeld of nutteloos laat voel<sup>17</sup>. Oormatige stres (di-stres) aan die ander kant kan ons uitgeput en angstig maak. Elkeen van ons moet ons eie optimale stresvlak vind waar ons as individue die beste gemotiveer en energiek funksioneer, sonder dat ons oorweldig voel deur al die stressnellers in ons lewe<sup>18</sup>.

Een van die merkwaardigste ontdekkings wat met stres verband hou, is die volgende: Dit is nie bepaalde gebeure wat stres verhoog nie, maar hoe jy die gebeure vertolk (Carr 2002:360). Stres is dus 'n respons wat jy kan beheer. Daar is sekere gebeure in jou lewe wat jy nie kan verander nie, maar jy kan jou persepsie daarvan verander. Stres<sup>19</sup> word dus hoofsaaklik deur jou gedagtes

---

<sup>17</sup> Irvine (1997:22). "In reality life would be boring and flat without stress. Without the challenges and stimulations which move the individual beyond mere existence, life would become bland and unexciting. Yet it is these very challenges which produce sufficient stress for the individual to meet and fulfil the demands placed upon them."

<sup>18</sup> Campbell (1990:263). "Stress leads to slow efficiency and bring personal ability to a halt."

<sup>19</sup> Van Jaarsveld (2003:118) haal die werke van Childre en Martin in hierdie verband aan en wys daarop dat daar drie belangrike punte omtrent stres is wat ons in gedagte moet hou: (1) Stres is 'n kwessie van persepsie. Dit is nie die gebeure self wat stresvol is nie, dit is jou waarneming daarvan. (2) Dit hou nie verband met die belangrike probleme in jou lewe nie. Stres bou op omdat jy nie in staat is om die klein dingetjies te beheer nie – jou gewone reaksie, aksies,

veroorzaak. 'n Groot hoeveelheid van die skade wat aan ons liggame aangerig word, word aan die gang gesit deur sekere persepsies of gedagtes (vgl. McCarthy, Aguilera en Sabban 2002; Cooper en Dewe 2004). Die verstand bedink jou kwellings oor daaglikse aktiwiteite, die verlede, die toekoms, wat jy moet doen, wat jy anders kon gedoen het, hoe ander mense jou sien – en 'n menigte ander selfvernietigende gedagtes (vgl. Bergh en Theron 2004).

Die oorsaak van stres met gepaardgaande definisie is uitgeklaar. Vervolgens 'n enkele gedagte oor die verligting van stres. Daar bestaan talle tegnieke, maar dit is veral die studie van dr. Randolph Byrd, 'n kardioloog by die Algemene Hospitaal van San Francisco, wat ons aandag trek. Dr. Byrd het 'n navorsingsprogram geloods ten einde die verband te beskryf tussen geloofsbeoefening en streshantering. In sy studie het hy gefokus op 393 pasiënte wat óf 'n hartaanval óf erge borspyn ervaar het. Die mense van 'n naburige stad het vir 50% van hierdie pasiënte gebid sonder dat hulle daarvan bewus was. Die dodesyfer onder die pasiënte vir wie gebid is, was laer as onder die res. Hierdie mense het ook minder medisyne, soos antibiotika en uriendrywers, nodig gehad en hulle was nie van respiratormasjiene afhanklik nie. Statisties was dit 'n beduidende studie (Van der Merwe 2004:14ev).

Die positiewe invloed wat geloofsbeoefening op die hantering van stres het, maak die deur oop vir die ondersoek na Paulus se skrywe aan die Filippense ten einde 'n strategie te vind vir 'n stresvolle lewenservaring.

---

menings, irritasie, frustrasies, e-pos en tydbesteding. (3) Wrewels, woede, frustrasie, bekommernis, teleurstelling – almal negatiewe emosionele toestande en regverdigbaar – plaas swaar druk op jou hart, brein en die res van jou liggaam.

## 7. VERLOOP VAN DIE NAVORSING

Die doelwitte van hierdie proefskrif vereis dat die navorsingsproses soos volg verloop:

- In die volgende hoofstuk toon die werklikheid van stressors in die lewe van predikante in diens van die Nederduits Gereformeerde Kerk dat stres 'n werklikheid is in die lewe van die Christen.
- Hierdie studie fokus op Paulus se skrywe aan die Filippense en daarom word hierdie hoofstuk gewy aan 'n inleidende oriëntasie aangaande die persoon van Paulus, die stad Filippi en Filippense as brief.
- Vervolgens meer oor die stressors in Paulus se skrywe aan die Filippense.
- Die doelwit met die volgende twee hoofstukke is om aan te toon dat Paulus met blydschap kon leef ten spyte van stressors. Hy kon dit doen deur te put uit die lojaliteit van sy “fictive kinship” en 'n herstelde waardestelsel (die verband tussen etiese indikatore van identiteit, etiek en etos).
- Die volgende hoofstuk dui op die blydschapsmotief soos bepaal deur die lojaliteit van die “fictive kinship” en Paulus se herstelde waardestelsel.
- Die finale hoofstuk toets die hipotese aan die hand van die eksegetiese resultate ten einde die verband tussen die blydschapsmotief, te midde van die kategorieë van stres, en die etiese indikatore aan te toon.



## **HOOFSTUK 2**

### **DIE STRESMODEL IN PRAXIS**

#### **Inleiding**

Die oorhoofse doelwit van hierdie hoofstuk is om daarop te wys dat die stresmodel van toepassing is op die lewe van die Christen. Die oorhoofse doelwit met die proefskrif is om die wetenskap van die Kliniese Pastoraat en die Nuwe Testament met mekaar in verbinding te bring. Dit is die oortuiging van die skrywer dat die interaksie tussen hierdie twee vakgebiede die moontlikheid van hoop vir die Christen in sy/haar ervaring van stres sal ontsluit. Die uiteindelijke doelwit met die skrywe is om die Christen vanuit Paulus se skrywe aan die Filippense te bemagtig om sy/haar stresvolle lewe meer sinvol te deurleef. Die stresmodel word verduidelik aan die hand van die die kategorieë van stressors (vgl. Bergh en Theron 2004). Dit is veral die studie onder predikante wat die skrywer help om die stresmodel op die Christen toe te pas. Die waarde van die kategorieë in die stresmodel is dat dit die sleutel bied om die brug te slaan tussen Paulus se ervaring van stressors en dié van die moderne lewe.

#### **1. DIE STRESMODEL: KATEGORIEË VAN STRES**

Die kategorieë van stressors word deur Bergh en Theron (2004:399) in drie groepe verdeel, naamlik frustrasie, konflik en druk. Frustrasie dui daarop dat iemand om die een of ander rede verhoed word om sy/haar doelwitte te bereik. Frustrasie kan aanleiding gee tot woede en aggressie. Bergh en Theron is van mening dat die mate waartoe uiting gegee word aan die woede en aggressie direk eweredig is aan (1) hoe belangrik die spesifieke doelwit vir die persoon is;

(2) die mate waartoe die persoon se behoefte bevredig word; en (3) die tydsduur van die frustrasie. Die mate van toleransie is weer afhanklik van die funksie van aangeleerde gedrag, met ander woorde, hoe het ek geleer om my behoeftes te bevredig. Die volgende kategorie waarna Bergh en Theron (2004:399) verwys, is konflik. Konflik is wanneer 'n persoon 'n verskeidenheid van behoeftes op dieselfde tydstip moet bevredig. Die stres word verskerp wanneer die persoon sterk negatiewe en positiewe gevoelens oor dieselfde keusemoontlikheid het. Die derde kategorie het te make met die druk (Bergh en Theron 2004:399). Die verwagtinge om te presteer of te konformeer in verskeie lewensrolle kan lei tot uitbranding.

Die mate waartoe 'n individu sy of haar lewensomstandighede as 'n stressor beleef, word bepaal deur die belangrikheid, die tydsduur, hoeveelheid verwagtinge en die nabyheid van gebeure, maar ook dat die persepsie van die individu wat daaglikse gebeure as relevant/irrelevant of as bedreigend interpreteer, belangrik is (Bergh en Theron 2004:399). 'n Verdere belangrike faktor in die ervaring en hantering van stres het te make met die integrering van eksterne (byvoorbeeld ondersteuning van vriende en familie) en interne bronne (soos byvoorbeeld 'n positiewe gesindheid en interne lokus van kontrole) van streshantering.

Ten einde stres in die lewe van die Christen uit te wys, word aansluiting gevind by die opmerking oor uitbranding. Dit is die uitgangspunt van hierdie studie dat die stres van predikante in 'n kombinasie van die drie kategorieë van stressors te vinde is. Dit is veral stres (soos vermeld in die kategorie van druk) wat in die bediening lei tot uitbranding<sup>20</sup>. Malherbe (2001:5) wys daarop dat ons in die

---

<sup>20</sup> Coate (1989:10). "Recommendations have been made to the effect that ministers should be left free from intrusion on one day in the week. Yet somehow these do not seem to work very well in practise. The difficulty is compounded

geval van uitbranding<sup>21</sup> met 'n spesifieke gedefinieerde manifestasie van stres te make het. Vervolgens meer oor stres in die lewe van die predikant en dan ook veral soos wat stres manifesteer in uitbranding.

## 2. DIE TOEPASSING VAN DIE STRESMODEL OP DIE PREDIKANT

Navorsing<sup>22</sup> toon dat predikante 'n hoër-risiko-beroepsgroep is ten opsigte van uitbranding<sup>23</sup> en dat hierdie verskynsel 'n realiteit by predikante van die NG Kerk is. 'n Ad hoc-kommissie van die Wes- en Suid-Kaap (2001) het bekend gemaak dat predikante onder groot druk verkeer en dat dit in talle gevalle aanleiding gee tot oormatige stres, uitbranding en depressie. Navorsing wat in hierdie sinodale gebied onder 157 predikante en 95 kerkraadslede onderneem is, toon dat 21%

---

because of the sneaking thought, often bitten back, among ministers that ministers only really works on Sunday”.

<sup>21</sup> Hart (1984:41) is van mening dat die mens reageer op wat hy van sy omgewing verstaan asook op ervarings en aangeleerde vooroordele. Hierdie inligting word dan aan die liggaam deurgegee. Die gevoelens van stres wat ons ervaar, is die somtotaal van die verandering in die menslike brein sowel as in die liggaam.

<sup>22</sup> Foss (2002:73). “In a study published in May 2000, Klass found that 20% of clergy in the Lutheran Church – Missouri Synod (LCMS) were in the advanced stages of burnout, 30% of the ministers were ambivalent about their work, and only 30% of the ministers truly loved their work.”

<sup>23</sup> Odendaal (1984:1) definieer uitbranding as 'n “spesifiek gedefinieerde reaksie op werkspanning wat onder mense in mensgerigte beroepe voorkom”. Uitbranding vertoon drie komponente, naamlik emosionele uitputting, depersonalisering en geringskatting van persoonlike bekwaamheid wat onproduktiwiteit in die hand werk.

van die predikante (teenoor 14,3% van die algemene bevolking) tekens van depressie toon. Die angsvlakke van die predikante was bogemiddeld en 34,4% se angsvlakke was besonder hoog. Angs is 'n erkende emosionele manifestering van stres (Böhmer en Spangenberg 2001:10-11). Wat is die oorsake vir uitbranding onder predikante?

Wat die oorsake van uitbranding betref, het ons met 'n komplekse netwerk van faktore te make. Vervolgens word kortliks aandag geskenk aan enkele van die oorsake vir uitbranding onder predikante in die NG Kerk (Suid-Afrika)<sup>24</sup>.

## **2.1. Uitbranding en die predikant**

Malherbe (2001:7) verdeel die oorsake van bedieningstres in drie kategorieë, naamlik persoonverwante oorsake, werksverwante oorsake en omgewingsverwante oorsake.

---

<sup>24</sup> Hoge & Wenger (2005:198) wys op die volgende oorsake vir uitbranding onder predikante: "First, the main factors pushing pastors away from local church ministry are organizational and interpersonal. Conflict, burnout, feeling unfulfilled, and experiencing family and marriage problems are the main culprits in draining the supply of ministers. The second major finding of our study is that ministers are experiencing a lack of support and support systems, especially when they are coping with conflicts."

- Persoonsverwante oorsake vir uitbranding

Volgens Malherbe (2001:8-11) is die volgende persone die vatbaarste vir uitbranding: die oorpresteerder, die persoon wat probleme nie eerlik kan oplos nie, die dinamiese, doelgerigte en hoogs ambisieuse idealis en die toegewyde, bekwame en produktiewe werker<sup>25</sup>. Malherbe vervolg deur vir Odendaal (1984:35-36) aan te haal, wat vermeld dat uitbranding verband hou met predikante wat probleme ervaar met ekspressie en aanvaarding van eie aggressie, dikwels sosiaal onvolwasse is, 'n gebrek aan bewustheid van innerlike behoeftes toon, en geneig is om terughoudend ten opsigte van selfaktualisering te wees. Verdere navorsing deur Willimon (1989:25) het ook getoon dat uitbranding verband hou met passief-aggressiewe gedragpatrone, die geïsoleerdheid van kollegas en gemeentelede, gebrek aan kontrole in verhoudings en 'n onvermoë om gevoelens te kommunikeer asook 'n gebrek aan betekenis in die lewe van die bedienaar. Vir sommige is 'n gebrek aan duidelike visie<sup>26</sup> 'n belangrike bron van uitbranding. Tydsbesteding word ook aangedui as verdere bron van stres by predikante<sup>27</sup>.

---

<sup>25</sup> Cole (2008:187). "Many of us, lay people as well as pastors, suffer because we create for ourselves unhelpful expectations. We embrace an idealistic myth of what a leader is supposed to be, and then we hold ourselves up to it."

<sup>26</sup> Goodman (1994:11). "If we are not engaged in an intentional ministry, all of our labor will simply grind us to bits."

<sup>27</sup> Erdahl (1996:77). "Two problems in time management are especially significant for pastors. On the one hand, we personally manage our own time. On the other hand, expectations come at us from many directions, and many people are, in effect, trying to tell us what to do."

Die persoonsverwante oorsake vir uitbranding word deur Malherbe uitgebrei as hy verwys na die moontlike verband tussen emosionele onstabieleit<sup>28</sup> en uitbranding. In dié verband word verwys na die navorsing van Olsen en Grosch (1991:297-298). Hulle maak gebruik van die psigoanalitiese self-sielkunde van Kohut om die persoonlikheid van sommige predikante wat vatbaar is vir uitbranding te verduidelik. Volgens die studie van Kohut kan dit gebeur dat as 'n kind in sy fase van grandiositeit nie genoegsame bevestiging, aanvaarding en waardering van sy ouers gekry het nie, dit kan lei tot die ontwikkeling van narsisme. Die persoon word 'n volwassene met 'n byna onversadigbare behoefte aan bewondering. Die betrokke navorsers gaan verder deur daarop te wys dat iemand wat met 'n grandiose-self sukkel, nie net onder druk voel om almal in die gemeente tevrede te stel nie, maar ook om die hoë verwagting van God te bevredig.

Vervolgens word aandag geskenk aan die omgewings- en werkverwante oorsake.

- Die omgewings- en werkverwante oorsake

Walter Bruegemann (1997:567-703) verwys in sy studie na die bekende skildery van Michelangelo. In hierdie skepping sien ons hoedat God en mens na mekaar uitreik. Hoe gepas is die uitstrek na mekaar nie. Die vingerpunte kom nader en nader, maar hulle raak nie aan mekaar nie. In daardie oomblik van nie-raak, het

---

<sup>28</sup> Cole (2008:132). “Anxious persons feel the way they do chiefly because of a distorted sense of reality, one that includes a perceived threat to their core self – their soul – and involves who they are and what they hold most dear. This sense of threat eventuates in a pervasive kind of vulnerability that leads to feeling isolated from others and to a loss of vital connections.”

Michelangelo iets weergegee van die vreemde andersoortigheid van die Skepper God. Die wonder van die Ou Testament is dat God hierdie spanningsvolle ruimte tussen Hom en sy skepsel vul. Vir Bruegemann gaan dit daaroor dat God hierdie ruimte vul deur met die mens in 'n dinamiese verhouding te tree.

Dinamies omdat God homself nooit volledig ontledig in hierdie verhouding nie, maar ook omdat God 'n mediator insluit in hierdie verhoudingsmatige ontmoetingsgebeure. As die verborge God (Bruegemann 1997:333) verbreek God die stilte deur 'n mediator. Die mediator stig 'n ontmoeting tussen God en sy volk. Ons dink veral aan die Tora, die koning, die profete en die kultus. Die modus waardeur die verborge God homself bekend stel, is die narratief. God en mediator word ingetrek in hierdie narratief. 'n Narratief waarin die mens iets van God leer ken en iets van homself.

Een so 'n mediator is die predikant. As mediator is dit ons taak om die ontmoeting te stig<sup>29</sup>. 'n Dinamiese ruimte gevul met die wesenlike van God en die wesenlike van die mens. Volgens Bruegemann is die gestalte van hierdie ontmoeting kommunikatief van aard. As Bruegemann dit reg het, dat God sy ontmoeting primêr vergestalt binne die narratief, beleef die leraar die spanning van die hoe. Hoe vervul ek my rol as mediator? Anders gesê, hoe kommunikeer ek die ontmoeting tussen die verborge God en die soekendes? Ten diepste sou die krisis van die leraar omskrywe kon word as 'n krisis van kommunikasie. Waarom? Die kompleksiteit waarbinne die mediator die ontmoetingsgebeure tussen God en mens kommunikeer, word deur talle veranderlikes geraak. Een so 'n veranderlike het te maak met die denkwêreld waarbinne die mediator en hoorder hulself bevind. As verwys word na die denkwêreld van die mediator en hoorder dink ons aan veranderlikes soos die postmodernisme.

---

<sup>29</sup> Farber-Robertson (2000:117). "Ministry is relational work. Clergy are called into relationship with God and with the other to whom we minister. Relationships require communication."

Die realiteit van die postmodernisme asook die invloed daarvan op die bediening van die predikant rig 'n uitdaging tot die mediator-rol van die predikant<sup>30</sup>. Die rol van mediator word binne die kerk deur 'n verskeidenheid van konflikterende bewegings<sup>31</sup> vasgevang: pre-modern, modern, modern-krities, postmodern en anti-postmodern. In die volgende paragraaf word kortliks gelet op die invloed van die postmodernisme op die werk van die predikant in die NG Kerk.<sup>32</sup>

- Teologiese paradigmas

Die impak van die oorbeweeg van die modernisme na die postmodernisme in die kerk word deur Louw en Malherbe (2002:517-520) in enkele teologiese paradigmas uiteengesit. Dit is die uitgangspunt van die navorser dat hierdie verskynsels ook 'n wesentliche bydrae lewer tot die hantering van stres binne die

---

<sup>30</sup> Balasuriya (1984:116). "A reflection of the world's major religious traditions and the world order will help elaborate a thinking and practice that can aid the religions in responding to human aspirations for peace, justice and happiness today."

<sup>31</sup> Van der Ven (1984:3).

<sup>32</sup> Baum (1979:129). "Spirituality is not simply a hidden reality. It takes place in the heart, and in this sense it remains invisible to others; at the same time, interiority in any of its forms translates itself into a personal stance toward society and other people, and in this sense become socially visible. Associated with any spirituality is a particular attitude toward the world. Inwardness issues forth in action, it has an impact on society."



Christelike kader<sup>33</sup>. Die teologiese paradigmas is die sogenaamde tradisionele paradigma, die individualiserende paradigma en die relativerende paradigma.

Die tradisionele paradigma funksioneer vanuit hiërargiese skemas en absolute sekerhede waarbinne beheer en kontrole sentraal staan. Louw en Malherbe (2002:518) wys daarop dat binne hierdie paradigma die geloofsisteem, soos dit altyd was, in sy geheel bewaar moet word. God word gesien as die Skepper, Heerser, Gewer en Regter. Die mens is verlore omdat hy/sy in sonde gerebelleer het. Sonde het primêr 'n geestelike oorsprong en daarom word ook 'n geestelike Verlosser benodig: Jesus Christus die Seun van God. Herstel bestaan daaruit dat mense hulle bekeer en dat God se heerskappy herstel word. Geloofsinhoude binne hierdie paradigma is vas en absoluut en 'n hoë premie word geplaas op Bybelse gesag. Die pastor is die toppunt van die hiërargie en is, soos God, die inisieerder.

Binne hierdie paradigma word daar dikwels van 'n eng ampsteologie uitgegaan, waarin die rol van die predikant as geroepene van God geïnstitutionaliseer en duidelik uitgestippel word. So 'n ampsbeskouing word gevoed deur hiërargiese interpretasieskemas (Louw en Malherbe 2002:517). Daar word van die predikant verwag om duidelik en onbetwiste leiding te neem en die wil van God op 'n ondubbelsinnige manier uit te stippel. Die basiese ekklesiologie sal van die herdersmodel af uitgaan, waar die predikant leiding gee deur middel van kontrole (hiërargies). Wat die identiteit van die predikant betref, bestaan die gevaar van die identifisering van die persoon van die predikant met die amp. Binne hierdie paradigma sal daar druk op die predikant wees om 'n figuur te wees wat altyd in beheer is en 'n foutlose voorbeeld stel. Die spanning wat so 'n onmenslike

---

<sup>33</sup> Fisher (1996:114). "The business of caring for eternal souls is wearying as is the job of pastoral leadership in a world and church where leaders are under suspicion and institutional religion is under attack."

verwagting op die predikant in die postmoderne konteks plaas, kan aanleiding gee tot 'n kortsluiting tussen teorie en praktyk, bedieningspanning en uitbranding.

Die volgende paradigma is die sogenaamde individualiserende paradigma. Louw en Malherbe (2002:518) wys daarop dat in hierdie paradigma 'n verskeidenheid en subjektief geïndividualiseerde, eksistensiële waardes die norm is. Die ervaring van die hier en nou is belangrik, en nie die verlede of die toekoms nie. Die primêre fokus is op persoonlike individuele outonomie. Die rol van God is nie so duidelik in hierdie paradigma nie. God is 'n baie meer subjektiewe konstruk. Sy teenwoordigheid word gemanifesteer in menslike ervarings en in gemeenskap. Daar is geen eksterne boosheid nie en die lewe gaan oor betekenis en beheer. Die taal van die Bybel is mities en 'n uitdrukking van metaforiese waarheid. Vryheid word ingeperk deur 'n gebrek aan kennis. Onkunde is die probleem en navorsing is die antwoord. Alle elemente van die Christelike tradisie wat as onversoenbaar met moderniteit gesien word, word agtergelaat. Inhoud en waarheid is relatief en subjektief.

'n Formele struktuur, organisering en leiding word teengestaan. Die paradigma soek na innovasie en verskeidenheid. Etiek is situasioneel. Veranderende situasies en idees verander die manier hoe die Bybel geïnterpreteer word. Daar is geen teologies of eties objektiewe absoluut nie en outoriteit is altyd in die individu gesetel. Hierdie paradigma staan enige idee van God in beheer teen. Die mens as sodanig is die inisiatiefnemer. Wat die mens van God skei, is 'n gebrek aan kennis. Die rede vir die inkarnasie van Jesus is om ons aandag te kry en om ons te oortuig van die liefde vir ons (Louw en Malherbe 2002:518).

Louw en Malherbe (2002:518) is van mening dat die individualiserende paradigma die absolute teenpool van die tradisionele paradigma is en die rol van die predikant is nie so duidelik gedefinieer nie. Binne hierdie paradigma moet die predikant tot elke prys daarna strewende om voorskriftelikheid te vermy. Elke persoon is 'n unieke individu en moet as sodanig gerespekteer word. Die kerk

word bloot 'n samekoms van individue met feitlik geen onderlinge verbondenheid nie. Binne hierdie paradigma besit die predikant dus geen ampsgebonde gesag nie. Respek moet verdien word langs die weg van funksionaliteit. Sy/haar organisatoriese vermoëns raak dus in groot mate die norm vir effektiwiteit. Daar is dus druk op die predikant om soveel moontlik te doen, maar die bydrae wat hy/sy kan lewer, is geloof, etiek en lewenswyse. Waar die predikant tradisioneel leiding gegee het, is daar nou 'n outonomie en 'n vloeibaarheid wat die rol en identiteit van die predikant anders verstaan. Vanweë onsekerhede oor die rol en identiteit word gegryp na bedieningsfoefies wat mense moet vermaak, die predikant se selfbeeld moet voed en 'n reeks burokratiese rompslomp in stand moet hou. Hierdie paradigma skep eweneens 'n situasie wat tot bedieningspanning en uitbranding kan aanleiding gee.

Die finale paradigma is die relativerende paradigma. Verwant aan die individualiserende paradigma binne 'n postmodernistiese interpretasieskema is die faktor van suspisie (Louw en Malherbe 2002:518). Hulle wys daarop dat binne hierdie paradigma waarheid gereguleer word tot die individu of die groep. Waarheid word nie gebaseer op objektiewe bewyse nie, maar op persoonlike beskouings. Die kritiese of hermeneutiese aspek van hierdie paradigma redeneer vir die afwesigheid van enige "finale" betekenis.

Volgens Louw en Malherbe (2002:519) is die leser eerder as die teks die laaste besluitnemingsinstansie wanneer dit kom by die betekenis daarvan. Die verhouding tussen outeur en teks genereer dus nie meer betekenis nie, maar die bron van betekenis is die verhouding tussen teks en leser. Taal word gesien as retoriek en metafoor, wat impliseer dat daar 'n gebrek aan betekenis is by die kern (Louw en Malherbe 2002:519). Daar is 'n eindelose reeks moontlike betekenis en die enigste vorm van beheer is die leser se voorkeure. Die teks word gedekonstrueer van alle vorige interpretasies; dié van oorspronklike outeur asook alle daaropvolgende interpretasies in die geskiedenis. Binne hierdie

paradigma van suspisie is daar altyd 'n openheid, verdere moontlikhede en 'n gebrek aan finaliteit.

Die beskouing van die rol en identiteit van die pastor asook die funksiebestemming en karakter van die kerk is gedekonstrueer, dit wil sê ontnem van alle vorige betekenis en interpretasies (Louw en Malherbe 2002:519). Al hierdie konsepte moet dus kontekstueel gerekonstrueer word en hierdie rekonstruksie berus op die voorkeure van die predikant. Louw en Malherbe is van mening dat hierdie paradigma kan lei tot 'n bedieningsmodel van eksperimentering, veral in die liturgie.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat kerklike leierskap homself in 'n tyd van oorgang beleef. Roxburgh (2000:15) meen dat leierskap in hierdie omstandighede te doen het met jou lewe, jou identiteit, jou drome van wat leierskap sou wees, jou innerlike waardebesef as persoon te midde van ongekende konflikterende eise. Veranderings raak dus 'n baie persoonlike en kulturele realiteit. Roxburgh (2000:15) is van mening dat hoe ons ook al die verandering beskryf, ons onself bevind op een van daardie punte in die geskiedenis van die wêreld waar alles besig is om oor te beweeg na 'n heeltemal nuwe wêreld. Verskillende leiers reageer verskillend op die veranderings. Leiers ervaar die weerstand en stryd van hul gemeentede op die veranderings en dit vermeerder die spanning wat hulle self moet verduur. Roxburgh (2000:23-28) wys daarop dat ons onself bevind in 'n posisie waar die bekende vaardighede en gedrag nie langer met die nuwe realiteit korreleer nie (vgl. Roxburgh 2005). Die bekende wêreld van kerkidentiteit en funksie het tot 'n einde gekom (vgl. Gibbs en Coffey 2001; Barna en Hatch 2001; Bell 2005). Roxburgh (2000:29) is van mening dat ons 'n fundamentele paradigmatruif nodig voordat ons die tussen-in wêreld van transformasie effektief kan aanspreek. Die effek van hierdie tussen-in wêreld op die predikant is dat hy/sy vinnig ontdek dat die behoeftes en individuele verwagtinge van die mense wat hy moet bedien gevarieerd en kompleks is. Dit word gou duidelik dat daar heelwat situasies in die bediening

opduik waarvoor hy nie voldoende opleiding ontvang het nie (Harburgh 1984:63-65). In die proses word die emosionele lading van die predikant oorskry.

### 3. GEVOLGTREKKING

Dit is duidelik uit die voorafgaande dat die NG Kerk se leraars hulself in 'n kulturele oorgangstyd bevind (vgl. Gibbs en Bolger 2005; Van Niekerk 2005; Hirch 2006; Barna 2005). Dit is 'n oorgangstyd wat nie net op 'n akademiese wyse omskryf kan word as vanaf modernisme na post-modernisme nie. Gegewe die kompleksiteit van polities-maatskaplike skuiwe in die breë, is dit te verstane dat vooroordele en vrese kenmerkend is van die mens in isolasie. Mense in hierdie oorgangstyd beleef 'n intense soeke na veiligheid, liefde en aanvaarding. Hierdie hoofstuk het aangetoon die kenmerke van die oorgangstyd is deel van die ervaringswêreld van die predikant. Die studie het ook aangetoon dat die oorgangstyd kenmerkend is van die kategorie van stressors, te wete konflik, druk en frustrasie.

Die realiteit<sup>34</sup> van stres onder predikante daag hierdie skrywe tot 'n nadenke oor welke riglyne daar by Paulus te vinde is om die werklikheid van stres, in die lewe van die Christen, so effektief moontlik te bestuur.<sup>35</sup> Dit is die oogmerk van hierdie

---

<sup>34</sup> Carrol (2006:160). "The facts are indisputable. There is a growing crisis in church life, which robs our churches of good pastoral leadership and brings pain and hurt upon pastors and pastors' families. A growing number of ministers, priests, and rabbi's are experiencing depression, loss of vocation, and dissatisfaction in their work."

<sup>35</sup> Faulkner (1981:17). "It is essential that the stress of ministers be brought out of the closet. It is even more essential that it be brought out with care and

skrywe om in die volgende hoofstukke 'n veilige ruimte<sup>36</sup> vir die hantering van stres te ondersoek. Die oortuiging bestaan dat die skrywe van Paulus aan die Filippense die realiteit van stres sal kan aanspreek<sup>37</sup>. Die indikatore vir etiek van Van der Watt (2006:v-ix; sien die probleemstelling in Hoofstuk 1) asook die kategorieë van stres word ingespan om die brug tussen die praktiese kontemporêre bedieningspraktyk en die antieke Christelike bronkonteks te oorbrug. Die voorveronderstelling is dus dat die Bybelse tekste steeds vir die postmoderne Christen 'n rol speel en vormend beskou word in die lig van die kategorieë identiteit, etiek en etos.

---

consideration. Do not announce the coming out too loudly. Take it slowly. Allow the body to adjust to the dramatic changes”.

<sup>36</sup> Gilbert (1987:17). “Both clergy and spouses of clergy overwhelmingly indicated that it was difficult to find persons to talk to about personal issues and that they were hesitant to ask for help when they needed it.”

<sup>37</sup> Lundin (1993:264). “For the proclamation of Christian truth to have power in the postmodern era, in short, that truth must come to contemporary persons as a promise of redemption for a troubled world, not as a therapeutic message of happiness denying the pain and promise of suffering and death.”

## **HOOFSTUK 3**

### **PAULUS SKRYWE AAN DIE FILIPPENSE**

#### **Inleiding**

Die werke van Bergh en Theron (2003) aangaande die kategorieë van stres en Van der Watt (2006:v-ix) se etiese indikatore rakende die verband tussen identiteit, etiek en etos bied 'n wetenskaplike greep op die hulpverlening aan die hedendaagse Christen te midde van 'n stresvolle lewe teen die agtergrond van Paulus se skrywe aan die Filippense. In hierdie hoofstuk word gepoog om aan die hand van 'n inleidende oriëntasie te waak teen etnosentrisme.

Die brief Filippense word deurgaans as een van Paulus se “vriendelikste” briewe beskou (Freed 2005:146; Klauck en Bailey 2006:385). Dit is moeilik om die uiteindelijke doel in een enkele tema vas te pen. Dit is egter die uitgangspunt van hierdie skrywe dat die tiperings aangaande die hooftema mekaar nie uitsluit nie, maar aanvullend tot mekaar is. Vervolgens meer oor die man Paulus.

#### **1. PAULUS SE HERKOMS**

Paulus was 'n man met 'n komplekse agtergrond. Alhoewel Paulus 'n Jood was, is hy in Tarsus (Silisië) gedurende die eerste eeu na Christus gebore en was ook 'n Romeinse burger<sup>38</sup>. Grollenberg (1978:20) skryf Paulus se familie het deel

---

<sup>38</sup> Hengel (1991:10-11). Hengel is van mening dat daar nie duidelikheid bestaan oor presies hoe Paulus se vader Romeinse burgerskap bekom het nie. Hengel skryf dit onder andere toe aan moontlike politiese en militêre dienste.

uitgemaak van die Joodse diaspora en het 'n welvarende leerlooierij bedryf (vgl. Schillebeeck 1983; Powell 2009; Dulin, Perrin en Ferm 1994). Hulle was oorspronklik van Galilea en Paulus se herkoms kan teruggevoer word na die stam van Benjamin. Sy taak as sendeling<sup>39</sup> is verder vergemaklik deur sy kosmopolitaanse agtergrond en omdat hy verskeie tale magtig was (Den Heyer 2000:23). Vervolgens meer oor die stad Tarsus.

Tarsus<sup>40</sup> was die hoofstad van Sisilië, geleë weerskante van die Cydnys-rivier 19 km vanaf die Mediterreense See en 40 km suid vanaf die Sesiliaanse Poort (Gispen 1977:628; Herrick 2002:7). Laasgenoemde was vir ongeveer drie millennia die enigste hoofroete deur die Taurusberge tussen Sisilië en Sirië. Vanweë die strategiese ligging was dit een van die mees prominente stede in Klein-Asië. Die stad is deur die Grieke net na die Trojaanse oorlog gevestig. Pompei sou later vir Tarsus in 67 n.C. tot 'n Romeinse gebied verklaar as deel van die provinsie Sisilië. Die verwysing na Paulus se vorming in die Romeinse stad Tarsus bring ons by sy Romeinse burgerskap.

Paulus se Romeinse burgerskap was 'n groot eer, aangesien slegs 'n klein persentasie Jode wat in die Romeinse gebied gewoon het, hierdie voorreg kon geniet. Sy burgerskap sou hom later in sy bediening baie handig te pas kom, want dit het hom weerhou van straf (Hand 22:23-29) en het ook aan hom die geleentheid gebied om hom te beroep op die keiserlike regbank (Hand 25:10-

---

<sup>39</sup> Malherbe (1987:5). "Paul was an itinerant proclaimer of his message. At the end of the seven- or eight-year period (roughly a.d. 49-56) of the activity that is reflected in his letters, and about which we therefore know most, he claims that he had fully preached the gospel 'from Jerusalem and as far round as Illyricum' (Rom.15:19). He had thus traveled from Jerusalem, along the coast of Syria, through Asia Minor, northern and southern Greece, all the way to the Adriatic."

<sup>40</sup>Freedman (2000:1276)



12)<sup>41</sup>. As Romeinse burger het Paulus drie name gehad: 'n eerste naam (praenomen), familienaam (nomen), en 'n van (cognomen). Van bogenoemde ken ons slegs sy cognomen *παῦλος* (Paulos).

Gegewe Paulus se agtergrond, is dit duidelik dat Saulus, die Fariseër uit Tarsus, sekerlik een van die mees invloedryke godsdienstige leiers in die geskiedenis van die Westerse kultuur is (Young 1997:6).

## 2. PAULUS EN DIE STAD FILIPPI

Paulus het Filippi besoek met sy tweede sendingreis (Betz & Grimm 2006:1060). Hier in Filippi, deel van die distrik Masedonië, het hy begin om die evangelie van Jesus Christus te verkondig. In Handeling 16:13 lees ons dat Paulus ten tyde

---

<sup>41</sup> Du Toit (1984:24) wys daarop wat Handeling se waarde as bron vir Paulus se chronologie betref, bestaan daar twee botsende standpunte: aan die een kant is daar diegene wat skepties is oor hierdie geskrif as historiese betroubaarheid, aan die ander kant weer diegene wat sy betroubaarheid hoog aanslaan. Du Toit oordeel wel positief oor Handeling se Paulusbeskrywing vir soverre daar in gedagte gehou word dat die eintlike bedoeling van Handeling was om die uitbreiding van die evangelie te beskryf en toon daarom duidelike teologiese en apologetiese tendense en was nooit bedoel as 'n Paulusbiografie nie. Du Toit wys op enkele voorbeelde van die verskil tussen die Pauliniese briewe en Handeling soos o.a.: (1) die ernstige verskille tussen die twee weergawes van die vergadering in Jerusalem – Handeling 15 en Galasiërs 2:1-10; (2) Lukas toon Paulus as 'n man wat talle wonderwerke gedoen het, maar Paulus self het nie die wesentlike bewys vir sy apostelskap in wonderwerke gevind nie; en (3) Paulus beklemtoon sy apostelskap, maar Lukas praat net van die Twaalf apostels.

van sy tweede besoek sy eerste ontmoeting met 'n groepie Joodse Christene gehad het wat besig was om langs 'n rivier te aanbid. In Handeling 16:14 lees ons dat Lidia sy eerste bekeerling in Filippi was. Op haar beurt het sy 'n waarsêer tot bekering gelei, wat weer daartoe bygedra het dat 'n opstand teen Paulus en Silas geloods is (Hand 16:19). Die kerk in Filippi was die eerste Christengemeente in Europa en was baie goedgesind jeens Paulus, soos dit blyk uit die gawes wat hy van hulle ontvang het (Koester 2007:70). Paulus sou later weer terugkeer na Filippi om saam met hulle die nagmaal te vier (Hand 20:6).

Filippi se antieke naam was Crenides of fontein (Kitto en Alexander 2003:614). Philip II, die vader van Alexander die Grote, het elkeen van die fontein na homself vernoem en die stad (meervoudsvorm) het hy Filippi genoem (Barclay 2003:5). Die oorspronklike naam was Krenides – plek van die fontein (Oakes 2001:7). Die stad is strategies goed geplaas, op 'n heuwel tussen twee riviere, die Strymon en Nestus, met 'n uitsig op die bergpas tussen Pangaeus en Haemus. Dit is ongeveer 14,4 km (9 myl) vanaf die hawe Neapolis.

Alhoewel Filippi oorspronklik deur Philip die vader van Alexander die Grote in 358-357 v.C. gebou is, is die stad wat Paulus geken het, hoofsaaklik 'n Romeinse stad. As 'n Romeinse gemeenskap is dit bestuur volgens beginsels van die Romeinse wet, met Romeinse amptenare, ideologieë en kultuur<sup>42</sup>. Romeinse burgerskap was daarom hoog op prys gestel in die stad. Weens die oorwinning van die Romeine oor die Perse in 168 v.C. het Filippi 'n uiters belangrike strategiese plek geword in die Via Egnatia wat Rome met die Ooste verbind het. Dit was ongeveer 8 myl van die see geleë en beskik oor 'n ryk geskiedenis van goud. Onder die Romeine was Filippi veral bekend as die plek

---

<sup>42</sup> Roetzel (1985:16). "While Rome allowed Israel freedom of worship and religious practice, it infringed on those privileges often enough to cause deep-seated uneasiness among the Jews."

waar Brutus en Cassius gewikkel was in 'n geveg met Markus Antonius en Octavianus (42 v.C.) (vgl. Bryant 1967; Murphy-O'Conner, 2004).

Met Octavianus se oorwinning oor Antonius in 31 v.C., en nadat hy die titel van Augustus verwerf het, het hy Filippi herbou as 'n militêre pos (Hastings 1946:722). Omdat die Romeinse leër daar teenwoordig was, was dit voortaan bekend as 'n Romeinse kolonie en is die *ius italicum* aan die kolonie toegeken. Octavius was so beïndruk met die strategiese ligging van Filippi dat hy dit tot 'n militêre kolonie verklaar het. Kopermunte is gemunt met die inskripsie *Colonia Iulia Augusta Victrix Philippensium*. Laasgenoemde is die hoogste eer wat ooit aan 'n provinsie toegeken is (vgl. Achtemeier 1971:844, Achtemeier, Green en Thompson 2001). Die implikasie was dat daar voortaan geen tolgeld en eiendomsbelasting geëis sou word nie en dat koloniste grond kon koop en verkoop en hulle kon beroep op siviele howe.

Hoe dit ook al sy, Filippi se verbintenis met Rome was baie sterk. En daar was voortdurende skakeling tussen die twee stede met keiserlike slawe of vrymanne wat as tussengangers tussen die twee stede opgetree het. In baie opsigte sou dit dus van Filippi gesê kon word dat dit Rome in die klein was. Daar was wel enkele Jode en Grieke.

Vervolgens die sosiale konteks van Filippi. Die grootste gedeelte van Paulus se gehoor blyk heidene van die een of ander aard te wees, hoofsaaklik Grieks-Romeins. 'n Tweede belangrike saak is dat 'n groot deel van die gehoor arm was met wisselende sosio-ekonomiese status (Hand 16). Wat nie vermeld word in Filippense nie, is die ernstige sosiale konflik (1 Korintiërs). Daar was wel vroue wat sterk leiding geneem het in Filippi. Die inwoners was hoofsaaklik Romeine, Grieke en ook Jode – 'n ware kosmopolitaanse gemeenskap. 'n Uitsonderlike kenmerk was hul trotsheid op hul stad en hul Romeinse burgerskap (Hand 16:21). Opgrawings toon dat die Romeinse god Silvanus, een van die mees

prominente Romeinse gode, hier aanbid is. Ander gode wat ook hier aanbid is, is die god Mên asook Dionisus (Roberts 2007:1-48).

Paulus se bediening in Filippi en die vestiging van die kerk daar word op 'n dramatiese wyse verwoord deur Lukas in Handeling 16:6-40. Die weergawe van Lukas sinspeel veral ook op die verskuiwing van die evangelie vanaf Klein-Asië na Europa. Daar bestaan wel 'n dispuut oor die historisiteit van die Lukasweergawe. Hoe dit ook al sy, die Handelingeweergawe dui daarop dat Paulus tesame met Silas, Timoteus en Lukas na Filippi vertrek het vanweë 'n visioen wat Paulus in Troas gesien het (Hand 16:9). In hierdie visioen het 'n Masedoniese man aan hom verskyn en hom gesmeek om na Masedonië te kom en hulle te help. Met hul aankoms in Filippi het hulle 'n paar dae in die stad verkeer voordat die Sabbat aangebreek het. Met die Sabbat het hulle na 'n rivier buitekant die stad vertrek omdat hulle gedink het dat daar 'n Joodse bidplek was (Hand 16:13). Lidia en haar gesin is gedoop en word beskou as die eerste Christen-bekeerlinge in Europa. Na haar bekering het die Christenkerk vir eers by haar huis byeengekom (Hand 16:15, 40).

Hoeveel mense nog tot bekering gekom het, is onseker. Wat wel noemenswaardig is, is dat Paulus voortgegaan het met prediking ten spyte van mishandeling en belediging (1 Tess 2:2). Met sy vertrek sou ons kon aanvaar dat die getalle toegeneem het en hy 'n goed gevestigde kerk nagelaat het. 'n Volgende bekeerling in Filippi wat uitgesonder word, is die bewaarder (Hand 16:30-33). Ander bekeerlinge wat ook vermeld word, is Epafroditos (Fil 2:25), Euodia, Sintige en Klemens (Fil 4:2-3) (vgl. Koester 2000; Ellis 2001).

Dit wil voorkom asof vroue 'n belangrike rol gespeel het in die kerk van Filippense. Nie net as dienswerkers nie, maar ook as medeverkondigers van die evangelie (Fil 4:3) (vgl. Getty-Sullivan 2001; Meyers 2001).

Paulus het deur Timoteus kontak behou met die gemeentes in Masedonië. Hy het hulle nog twee keer besoek (Hand 19:21-23; Fil 2:19). Die twee geleenthede was moontlik gedurende herfs 54-55 n.C. en weer in lente 55-56 n.C. (Hand 20:1-3). Paulus het moeite gedoen om ook aan te doen by Filippi ten einde hulle te onderrig en te bemoedig (Hand 20:6). In alle geval het Filippi ook vir Paulus ondersteun (Fil 4:15-16) en na sy dood volhard in die geloof (Van der Watt 2003:777).

Paulus se probleme in Filippi het begin toe 'n slavin, wat vir haar eienaars baie geld verdien het deur waarsêery, deur hom genees is. Die eienaars van die slavin het vir Paulus en Silas gegryp en hulle na die owerheid op die stadsplein gestuur. Die aanklag teen hulle was dat Paulus en Silas 'n leer verkondig wat in stryd is met die Romeinse oortuiging. Nadat hulle baie geslaan is, is hulle in die tronk gegooi. Die voorval wys daarop dat (1) die gewone man op straat nie juis onderskei het tussen Jood en Christen nie; en (2) Paulus kon homself beroep op sy Romeinse burgerskap, maar het nie. Dit was moontlik om verdere kontak tussen Christene en Romeine in die vervolg te vergemaklik (vgl. Hale en Thorson 2007; Tarazi 2002).

In die volgende paragraaf word net kortliks aandag geskenk aan die sosiale sisteme en norme van die eerste eeuse mens. Dié skrywe ag dit as noodsaaklik vir die korrekte verstaan van die Pauliniese briewe. Die waardes en sosiale sisteme van die eerste eeuse Mediterreense gemeenskappe word nou kortliks bespreek.

Vervolgens word gefokus op die besondere aard van die brief wat Paulus aan die Filippense gerig het.

### 3. FILIPPENSE AS 'N BRIEF

Inleidend word enkele opmerkings gemaak oor die moontlike invloed van die Griekse briefstyl op Paulus se skrywe aan die Filippense. Die Griekse term *epistole* wys in sy oorspronklike vorm na 'n mondelingse boodskap wat deur 'n boodskapper oorgedra is (Doty 1973:27; Gundry 2003:348). Die term briewe was 'n algemene verwysing vir 'n verskeidenheid van dokumente in die antieke wêreld, wat briewe van kommersiële, juridiese, regering-, politiese, militêre en persoonlik gerigte dokumente ingesluit het<sup>43</sup>. Kenmerkend van die gewone destydse Griekse brief was sy stereotipe en dikwels onpersoonlike karakter (vgl. Richards 2004). Du Toit (1984:5) is egter van mening dat daar by Paulus 'n duidelike tendens is om verstarde en leeggeworde vorme heeltemal te vervang of met 'n nuwe inhoud te vul. Dit is ook interessant om kennis te neem dat binne die antieke wêreld briewe selde bedoel was vir die algemene publiek, en bykans nooit vir publikasie nie.

Doty<sup>44</sup> (1973:27-28) wys daarop dat daar by Paulus 'n duidelik gestruktureerde vorm in sy briewe ten opsigte van styl en vorm was (sien ook Dormeyer 1998:205; Dunn 2009:588). Die opening en slotgedeeltes van Filippense is

---

<sup>43</sup> Neusner, Borgen, Ernest en Horsley (1988:81). "Ancient theorists of letter writing denied that the letter was a type of primitive literature and asserted that it was instead a substitute for personal presence."

<sup>44</sup> Doty (1973:27-28). "The advantages of having such a sense of Pauline forms are manifold: it aids in our reconstruction of letters (such as the Corinthian or Philippian correspondence) which have been broken up and rearranged in transmission; it gives us a means of differentiating authentic from inauthentic letters, and hence enables interpretation of any part tolerelated to the whole; and it helps us to understand how Paul conceived of his writing letters in contrast to other literary models."

getrou aan die tradisionele Griekse brief. Alexander (1989:87-101) bevestig die Griekse invloed as sy daarop wys dat kommentatore dit eens is dat 1:1-2 dui op 'n formele inleiding (skrywer; ontvangers; groete) en dat 4:21-23 die slotargumente vervat – groete en seënwense (vgl. Stirewalt 2003:159). Daarmee saam is dit voor die hand liggend dat 1:3-11 'n danksegging bevat en dat 1:12 die oorgang na die brief se eintlike skopus is. Wat die skopus van die brief betref, is dit belangrik om te let op die standpunt van Alexander: “But the body itself seems not so far to have felt the full benefits of formal analysis based on the structures and formulae of Hellenistic letter-writing.” Alexander wys daarop dat Craddock (1985) se poging om die brief te verdeel, volgens die vorm van die Griekse brief se verdelings, eerder aan temas as aan formele ooreenkomste (met die vorm van die Griekse brief) toegeskryf kan word. Die slotsom waartoe Alexander kom, is dat die invloed van die formele vorm van die Griekse brief as 'n bron om die inhoudelike verdeling van Filippense te bepaal, oorskat is. Die voorstel wat Alexander<sup>45</sup> maak, is dat daar eerder gelet moet word op die inhoudelike temas van die brief. In die proses verwerp sy ook die werk van Roetzel (1982), wat 1:12-4:19 as 'n eenheid hanteer.

Die werk van Du Toit (1984:46) bied vir ons 'n gepaste samevatting. Du Toit vervolg deur die vorm van die algemene Griekse brief soos volg uit te lig:

- die aanhef;
- formula aletudinis (veral gesondheidswens, danksegging);
- aanloop tot hoofbetoog (soos 'n bekendmakingsformule);
- hoofbetoog of liggaam (corpus);

---

<sup>45</sup> Alexander (1989:87-101). “Informal analysis based on external criteria, might be expected to produce something closer to an agreed result. More importantly, formal analysis needs to be seen to be illuminating if it is to make good its claim to be an essential tool in the reading of Paul’s letters.”

- afloop van hoofbetoog (verwysing na die rede vir die skrywe, allerlei opmerkings, versoeke en mededelings) en
- afsluiting (stuur van groete, verdere losstaande opmerkings en afsluitingsgroet).

Die uitgangspunt van hierdie skrywe is dat die vorm van Filippense wel beïnvloed is deur die Griekse styl, maar dat Paulus sekere temas in die brief gehanteer het en dat ons eerder daarop fokus. In die volgende paragraaf word aandag geskenk aan die eenheid van die brief.

- Die eenheid van die brief

Daar bestaan grootliks ooreenstemming dat die Filippensebrief in sy geheel van Paulus afkomstig is (Pretorius 1991:226; Fowl 2005:9). Alhoewel daar redelik eenstemmigheid bestaan oor die outeurskap, is dit belangrik dat iets gesê word oor die eenheid van die brief.

Die mening bestaan dat ons hier te make het met 'n samestelling van verskillende briewe<sup>46</sup> deur Paulus (Du Toit 1984:153). So byvoorbeeld is Garland

---

<sup>46</sup> Du Toit (1984:153-154) voer drie oorsake aan vir die twyfel oor die eenheid: 1. Daar is klaarblyklik duidelike nate tussen die verskillende dele sodat die brief soos hy voor ons lê die indruk maak van spronge in die gedagtegang; 2. Die omstandighede van die drie veronderstelde briewe van mekaar verskil; 3. Dit is ondenkbaar dat Paulus eers in 4:10 sou begin om dank te betuig vir die geskenk van Filippi. In sy beoordeling van hierdie argumente wys Du Toit op die volgende: 1. Die groot verskil van opinie oor waar die nate tussen die drie briewe lê, is juis 'n bewys dat dit nie geldig is nie, want wat vir die een as 'n oneffenheid geld, geld klaarblyklik nie vir die ander nie; 2. Die verskil in omstandighede kan



(1985:141-171) van mening dat die brief onderverdeel kan word aan die hand van bevindings volgens die opvallende “nate” tussen 3:1 en 3:2 en aan weerskante van die gedeelte 4:10-20. Pretorius (1991:268) wys daarop dat dit soms selfs as aparte briewe en in veranderde volgorde behandel word (vgl. Gnilka 1976; Schenk 1984). Die skrywer vermeld dat Schenk agtereenvolgens onderskei tussen Brief A (’n dankbrief en briefslot 4:10-23), Brief B (1:1-3; 4:4-7) en Brief C (fragment van ’n waarskuwingsbrief 3:2-4:3,8,9). Gegewe dié argumente is dit die standpunt van hierdie skrywe dat ons met ’n enkele ontstaansituasie te make het en daarom neem hierdie studie nie die moontlikheid van aparte briewe<sup>47</sup> as uitgangspunt nie (sien Bockmuehl 1997:20). Watson (1988:88) vat dit pragtig saam: “Since the current form of Philippians is a rhetorical unity and neither the host letter or the two interpolations are rhetorically complete as currently defined, it is necessary to post extensive reduction upon interpolation to create this unity. On the other hand, it may be argued that since Paul utilized the rhetorical conventions of the Greco-Roman world in his other genuine letters, since the present form of Philippians conforms well to be explained by rhetorical convention, then the integrity of Philippians is best assumed.” Die slotsom waartoe die skrywer kom, is dat ons Paulus se skrywe aan die Filippense as ’n eenheid hanteer. Wanneer die onderskeie skrifgedeeltes aan eksegetiese onderwerp gaan word, sal daar telkens gepoog word om die

---

nie as ’n onafhanklike argument bydra tot die oplossing van die probleem nie; en 3. Oor die presiese rede waarom Paulus sy dankbetuiging so laat in die brief aan die orde gestel het, kan moeilik geredeneer word. Die slotsom waartoe Du Toit kom, is soos volg: “Omdat die gronde ten gunste van ’n saamgestelde brief onoortuigend is, en omdat dit goed moontlik is om die brief as ’n eenheid te lees, is dit nie gerade om met die onbewese hipotese van saamgesteldheid te werk nie.”

<sup>47</sup> Loubser (1986:96-110) is van mening dat wanneer die struktuuranalise van die teks as vertrekpunt geneem word, daar genoegsame teksbinding bestaan om die brief as ’n sinvolle eenheid uit te lê.

onderskeie gedeeltes binne die groter konteks van die brief te plaas. Vervolgens meer oor die doel van Filippense.

- Die doel van die brief

Soos in die geval van die eenheid van die brief bestaan daar ook verskillende argumente oor presies hoekom Paulus sy brief aan die Filippense geskryf het. So byvoorbeeld is Malina van mening dat ons hier te make het met 'n brief wat gebaseer is op die Romeins-Griekse retoriek. Indien die brief vanuit hierdie benadering gelees word, is die eenheid<sup>48</sup> van die gemeente vir Paulus die hoofrede hoekom hy die brief geskrywe het. Blydskap<sup>49</sup> word ook uitgelig as die sentrale tema van die brief. 'n Verdere eienskap van die brief is die intens persoonlike aard van die brief (Olbricht en Eriksson 2005:285). 'n Ander moontlikheid is om die doel van die brief te tipeer as 'n skrywe om die Christene te wys op 'n alternatiewe leefstyl te midde van 'n heidense omgewing (Bockmeuhl 2006:97). Alhoewel die brief 'n intens persoonlike aard vertoon, word daar tog heelwat oor God<sup>50</sup> en sy betrokkenheid by die mens aangetref. Ons sou ook hierby die woorde van Leech (1983:30) kon voeg. Leech is van mening dat die retoriese doelwit van die teks is om die ontvangers van die brief in staat te

---

<sup>48</sup> Freedman, ( 2000:1050). "The central message of the letter is the appeal to union of hearts and mind in the face of several community problems."

<sup>49</sup> Loubser (1986:101). "Die inhoudelike resultaat van ons studie is dat dit blydskap uitwys as die hooftema."

<sup>50</sup> Barth (1962). "Although not a theological treatise, Philippians does have a great deal to say about God and his ways with people, about Christ Jesus and about Christians and how they should live in this world."

stel om hul krisis sinvol te deurleef.<sup>51</sup> Paulus wil vir die Filippense iets aangaande die evangelie verduidelik wat hulle sal bemoedig.

Dit is egter die uitgangspunt van hierdie skrywe dat die temas van blydschap en eenheid duidelike teologiese temas in die skrywe van die brief aan die Filippense is. Die slotsom is dat Paulus se skrywe hierdie temas so aanwend dat dit die effek van bemoediging het. Dit is nie die doel van hierdie skrywe om een spesifieke sentrale tema te formuleer nie, maar eerder te vra hoe Paulus dit kon regkry om blydschap te ervaar en bemoediging te wek te midde van moeilike omstandighede<sup>52</sup>. Ten einde in laasgenoemde doelwit te slaag, sal die relevante tekste geïdentifiseer en eksegeties ondersoek word. Alvorens genoemde tekste afsonderlik gehanteer word, is dit belangrik dat aandag geskenk word aan die indeling van Filippense. Die doelwit met die indeling is om seker te maak dat genoemde tekste nie buite hul groter konteks gelees word nie. Die indeling sal ook die navorser help om sy eie begrip van die Filippense te verstaan.

#### **4. FILIPPENSE IN BREË TREKKE**

Die doelwit van hierdie gedeelte is om die leser en navorser te oriënteer met betrekking tot die algemene inhoud van Paulus se skrywe aan die Filippense. In die daaropvolgende paragraaf word 'n indeling van die brief gemaak. In die

---

<sup>51</sup> Roberts (1991:28). “Om ander reaksies as die gewone by die adressante te bewerkstellig wanneer hulle gekonfronteer word met die onaangename van lyding, gevangenskap en selfs die dood.”

<sup>52</sup> Holloway (2000:161). “We have argued that Philippians is a letter of consolation written to answer the Philippians’ discouragement over Paul’s imprisonment and their own suffering for the gospel.”

volgende paragraaf word genoemde teks telkens gebruik as basis met 'n gepaste Afrikaanse vertaling.

- Filippense 1:1-2 Groete

Παῦλος καὶ Τιμόθεος δούλοι Χριστοῦ Ἰησοῦ πᾶσιν τοῖς ἁγίοις ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ τοῖς οὖσιν ἐν Φιλίπποις σὺν ἐπισκόποις καὶ διακόνοις: <sup>2</sup>χάρις ὑμῖν καὶ εἰρήνη ἀπὸ θεοῦ πατρὸς ἡμῶν καὶ κυρίου Ἰησοῦ Χριστοῦ.

Paulus identifiseer homself en Timoteus as die skrywers van die brief. Hy maak dit ook duidelik dat hulle hierdie brief rig as diensknegte van Jesus Christus en dan by name die gemeente van Filippi. Reeds in die inleiding wys Paulus hulle op hul unieke identiteit. Die lesers word as “heiliges” (τοῖς ἁγίοις ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ) aangespreek omdat hulle in Jesus Christus is. As diensknegte van Jesus Christus en as heiliges in Jesus Christus groet hy hulle met 'n seëngroet in die naam van God die Vader en die Here Jesus Christus (Fowl 2005:105; Oden 2005:207).

- Filippense 1:3-11

Εὐχαριστῶ τῷ θεῷ μου ἐπὶ πάσῃ τῇ μνεΐᾳ ὑμῶν, <sup>4</sup>πάντοτε ἐν πάσῃ δεήσει μου ὑπὲρ πάντων ὑμῶν μετὰ χαρᾶς τὴν δέησιν ποιούμενος, <sup>5</sup>ἐπὶ τῇ κοινωνίᾳ ὑμῶν εἰς τὸ εὐαγγέλιον ἀπὸ τῆς πρώτης ἡμέρας ἄχρι τοῦ νῦν, <sup>6</sup>πεποιθῶς αὐτὸ τοῦτο, ὅτι ὁ ἐναρξάμενος ἐν ὑμῖν ἔργον ἀγαθὸν ἐπιτελέσει ἄχρι ἡμέρας Χριστοῦ Ἰησοῦ: <sup>7</sup>καθὼς ἐστὶν δίκαιον ἐμοὶ τοῦτο φρονεῖν ὑπὲρ

πάντων ὑμῶν, διὰ τὸ ἔχειν με ἐν τῇ καρδίᾳ ὑμᾶς, ἐν τε τοῖς δεσμοῖς μου καὶ ἐν τῇ ἀπολογίᾳ καὶ βεβαιώσει τοῦ εὐαγγελίου συγκοινωνοῦς μου τῆς χάριτος πάντας ὑμᾶς ὄντας. <sup>8</sup>μάρτυς γάρ μου ὁ θεός, ὡς ἐπιποθῶ πάντας ὑμᾶς ἐν σπλάγχνοις Χριστοῦ Ἰησοῦ. <sup>9</sup>καὶ τοῦτο προσεύχομαι, ἵνα ἡ ἀγάπη ὑμῶν ἔτι μᾶλλον καὶ μᾶλλον περισσεύῃ ἐν ἐπιγνώσει καὶ πάσῃ αἰσθήσει, <sup>10</sup>εἰς τὸ δοκιμάζειν ὑμᾶς τὰ διαφέροντα, ἵνα ᾗτε εἰλικρινεῖς καὶ ἀπρόσκοποι εἰς ἡμέραν Χριστοῦ, <sup>11</sup>πεπληρωμένοι καρπὸν δικαιοσύνης τὸν διὰ Ἰησοῦ Χριστοῦ εἰς δόξαν καὶ ἔπαινον θεοῦ.

Paulus bid (ποιούμενος) vir die Filippense omdat hy hulle liefhet. Paulus gee uitdrukking aan sy volgehoue liefde teenoor die Filippense. As hy aan hulle dink en vir hulle bid, is dit met blydskap. Hy ervaar blydskap as hy vir hulle bid of aan hulle dink omdat hulle so volhard in die geloof en ook omdat Jesus Christus die goeie werk wat Hy in hulle begin het, enduit sal volvoer tot op die dag dat Hy weer kom. Sy blydskap en dank (Εὐχαριστῶ) teenoor hulle kan ook toegeskryf word daaraan dat hulle deelgenote (συγκοινωνοῦς) is in die verdediging en die bevestiging van die evangelie. Dit is dus te verstane dat hy met 'n tere liefde na hulle verlang. Die intensiteit van sy verlange is ook aan God bekend en daarom kan hy God met vertroue as getuie inroep. Sy uitsonderlike liefde vir die Filippense en die blydskap wat hy ervaar as hy aan hulle dink, dwing hom om vir hulle te bid dat: 1. hulle in die liefde sal toeneem en hul onderskeidingsvermoë verskerp word; 2. sodat hulle kan voortgaan om as heiliges rein te leef tot op die dag dat Jesus Christus weer kom; en 3. vervul kan wees met die geregtigheid wat daar in Jesus Christus is (Smiles 2005:34; vgl. Reumann 2008).

Paulus wil dat die leser moet weet hoe lief hy hulle het en dat hy vir hulle voorbedding doen (Longenecker 1996:164; Sumney 2007:7; Marshall 2007:90).

Dit is sy wens dat hulle rein moet lewe, in die liefde gegrondves moet wees en gevestig moet bly in Jesus Christus tot en met die wederkoms.

- Filippense 1:12-26 Gevangenskap bring blydschap vanweë die bevordering van die evangelie.

Γινώσκειν δὲ ὑμᾶς βούλομαι, ἀδελφοί, ὅτι τὰ κατ' ἐμὲ μᾶλλον εἰς προκοπὴν τοῦ εὐαγγελίου ἐλήλυθεν, <sup>13</sup>ὥστε τοὺς δεσμούς μου φανεροὺς ἐν Χριστῷ γενέσθαι ἐν ὅλῳ τῷ πραιτωρίῳ καὶ τοῖς λοιποῖς πάσιν, <sup>14</sup>καὶ τοὺς πλείονας τῶν ἀδελφῶν ἐν κυρίῳ πεπειθότας τοῖς δεσμοῖς μου περισσοτέρως τολμᾶν ἀφόβως τὸν λόγον λαλεῖν. <sup>15</sup>Τινὲς μὲν καὶ διὰ φθόνον καὶ ἔριν, τινὲς δὲ καὶ δι' εὐδοκίαν τὸν Χριστὸν κηρύσσουν: <sup>16</sup>οἱ μὲν ἐξ ἀγάπης, εἰδότες ὅτι εἰς ἀπολογίαὶν τοῦ εὐαγγελίου κεῖμαι, <sup>17</sup>οἱ δὲ ἐξ ἐριθείας τὸν Χριστὸν καταγγέλλουσιν, οὐχ ἀγνῶς, οἴομενοι θλίψιν ἐγείρειν τοῖς δεσμοῖς μου. <sup>18</sup>τί γάρ; πλὴν ὅτι παντὶ τρόπῳ, εἴτε προφάσει εἴτε ἀληθείᾳ, Χριστὸς καταγγέλλεται, καὶ ἐν τούτῳ χαίρω: ἀλλὰ καὶ χαρήσομαι, <sup>19</sup>οἶδα γὰρ ὅτι τοῦτό μοι ἀποβήσεται εἰς σωτηρίαν διὰ τῆς ὑμῶν δεήσεως καὶ ἐπιχορηγίας τοῦ πνεύματος Ἰησοῦ Χριστοῦ, <sup>20</sup>κατὰ τὴν ἀποκαραδοκίαν καὶ ἐλπίδα μου ὅτι ἐν οὐδενὶ αἰσχυνθήσομαι, ἀλλ' ἐν πάσῃ παρρησίᾳ ὡς πάντοτε καὶ νῦν μεγαλυνθήσεται Χριστὸς ἐν τῷ σώματί μου, εἴτε διὰ ζωῆς εἴτε διὰ θανάτου. <sup>21</sup>ἐμοὶ γὰρ τὸ ζῆν Χριστὸς καὶ τὸ ἀποθανεῖν κέρδος. <sup>22</sup>εἰ δὲ τὸ ζῆν ἐν σαρκί, τοῦτό μοι καρπὸς ἔργου: καὶ τί αἰρήσομαι οὐ γνωρίζω. <sup>23</sup>συνέχομαι δὲ ἐκ τῶν δύο, τὴν ἐπιθυμίαν ἔχων εἰς τὸ ἀναλῦσαι καὶ σὺν Χριστῷ εἶναι, πολλῶ [γὰρ] μᾶλλον κρεῖσσον: <sup>24</sup>τὸ δὲ ἐπιμένειν [ἐν] τῇ σαρκὶ ἀναγκαιότερον δι' ὑμᾶς. <sup>25</sup>καὶ τοῦτο πεπειθῶς οἶδα ὅτι μενῶ καὶ παραμενῶ πᾶσιν ὑμῖν εἰς τὴν ὑμῶν

προκοπήν καὶ χαρὰν τῆς πίστεως, <sup>26</sup>ἵνα τὸ καύχημα ὑμῶν περισσεύῃ ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ ἐν ἐμοὶ διὰ τῆς ἐμῆς παρουσίας πάλιν πρὸς ὑμᾶς.

Dit is vir Paulus 'n uitgemaakte saak dat sy boeie gelei het tot die bevordering van die evangelie (Oakes 2001:103; Cooke 2009:198). Die hele keiserlike lyfwag en enkele ander persone het tot bekering gekom. Dat hy voortgegaan het om die evangelie te verkondig ten spyte van sy boeie het ook ander gelowiges aangemoedig om met waagmoed die evangelie te verkondig. Dat nie almal die evangelie met suiwer bedoeling verkondig nie, is waar, maar solank die evangelie verkondig word, is dit al wat saak maak (Anders 1990; Phillips 2002:36).

- Filippense 1:27-30 Leef voluit vir Christus

Μόνον ἀξίως τοῦ εὐαγγελίου τοῦ Χριστοῦ πολιτεύεσθε, ἵνα εἴτε ἐλθῶν καὶ ἰδῶν ὑμᾶς εἴτε ἀπῶν ἀκούω τὰ περὶ ὑμῶν, ὅτι στήκετε ἐν ἐνὶ πνεύματι, μιᾷ ψυχῇ συναθλοῦντες τῇ πίστει τοῦ εὐαγγελίου, <sup>28</sup>καὶ μὴ πτυρόμενοι ἐν μηδενὶ ὑπὸ τῶν ἀντικειμένων, ἧτις ἐστὶν αὐτοῖς ἔνδειξις ἀπωλείας, ὑμῶν δὲ σωτηρίας, καὶ τοῦτο ἀπὸ θεοῦ: <sup>29</sup>ὅτι ὑμῖν ἐχαρίσθη τὸ ὑπὲρ Χριστοῦ, οὐ μόνον τὸ εἰς αὐτὸν πιστεύειν ἀλλὰ καὶ τὸ ὑπὲρ αὐτοῦ πάσχειν, <sup>30</sup>τὸν αὐτὸν ἀγῶνα ἔχοντες οἷον εἶδετε ἐν ἐμοὶ καὶ νῦν ἀκούετε ἐν ἐμοί.

Paulus is oortuig dat hul gebede en die ondersteuning van die Heilige Gees hom in staat sal stel om steeds voluit vir Christus te lewe. Hy sal hom nie hoef te skaam vir sy optrede nie omdat hy nou, net soos in die verlede, steeds voluit vir

Christus lewe (Boring 2004:612). Wat ook al sy lot is, of hy nou lewe en of hy nou sterwe, hy sal steeds voluit vir Christus lewe, want hy lewe volgens 'n alternatiewe waardestelsel met Christus as die wins. Hierdie oortuiging is geensins maklik nie, omdat hy graag by Christus wil wees, maar ter wille van hulle is dit van groter belang dat hy in die lewe sal bly. Hierdie twee waarhede veroorsaak 'n innerlike stryd. Dit is sy oortuiging dat hy in die lewe sal bly sodat hy hulle kan meehelp in die bevordering van hul blydschap in die geloof (Gorman 2004:417). Wanneer hy weer by hulle in die gemeente is, sal daar groot blydschap wees omdat Christus hom weer laat terugkeer het. Die vraag is nou hoe moet die Filippense se lewe lyk?

Paulus wys die Filippense daarop dat hulle lewende advertensies vir Christus is. Dit is vir Paulus belangrik dat die Filippense moet voortgaan om deur hul lewe duidelik te wys dat hulle lewe volgens die inhoud van die evangelie van Jesus Christus (Ware 2005:173-176; Bockmeuhl 2006:95-110). Hul lewe moet dit uitsaai dat hulle soos een man saamstaan, die evangelie bevorder en hulle nie laat ontmoedig deur ander nie. Indien hulle met hierdie ingesteldheid lewe, sal hulle kragtige getuies vir die wêreld wees, omdat hulle nie in die stryd van die lewe huiwer om voluit vir God te lewe nie. Juis omdat hulle die geloof uit genade ontvang het, moet hulle nie sommer moed opgee nie. Sy eie voorbeeld van volharding is vir hulle 'n goeie voorbeeld (Kelley 2004:33).

- Filippense 2:1-11 Meer soos Jesus

Εἴ τις οὖν παράκλησις ἐν Χριστῷ, εἴ τι παραμύθιον ἀγάπης, εἴ τις κοινωνία πνεύματος, εἴ τις σπλάγχνα καὶ οἰκτιρμοί, <sup>2</sup>πληρώσατέ μου τὴν χαρὰν ἵνα τὸ αὐτὸ φρονῆτε, τὴν αὐτὴν ἀγάπην ἔχοντες, σύμψυχοι, τὸ ἐν φρονοῦντες, <sup>3</sup>μηδὲν κατ' ἐριθείαν μηδὲ κατὰ κενοδοξίαν, ἀλλὰ τῇ ταπεινοφροσύνῃ



ἀλλήλους ἡγούμενοι ὑπερέχοντας ἑαυτῶν, <sup>4</sup>μὴ τὰ ἑαυτῶν ἕκαστος σκοποῦντες, ἀλλὰ [καὶ] τὰ ἑτέρων ἕκαστοι. <sup>5</sup>τοῦτο φρονεῖτε ἐν ὑμῖν ὃ καὶ ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ, <sup>6</sup>ὃς ἐν μορφῇ θεοῦ ὑπάρχων οὐχ ἀρπαγμὸν ἡγήσατο τὸ εἶναι ἴσα θεῷ, <sup>7</sup>ἀλλὰ ἑαυτὸν ἐκένωσεν μορφὴν δούλου λαβών, ἐν ὁμοιώματι ἀνθρώπων γενόμενος: καὶ σχήματι εὔρεθεις ὡς ἄνθρωπος <sup>8</sup>ἐταπείνωσεν ἑαυτὸν γενόμενος ὑπήκοος μέχρι θανάτου, θανάτου δὲ σταυροῦ. <sup>9</sup>διὸ καὶ ὁ θεὸς αὐτὸν ὑπερύψωσεν καὶ ἐχαρίσατο αὐτῷ τὸ ὄνομα τὸ ὑπὲρ πᾶν ὄνομα, <sup>10</sup>ἵνα ἐν τῷ ὀνόματι Ἰησοῦ πᾶν γόνυ κάμψη ἐπουρανίων καὶ ἐπιγείων καὶ καταχθονίων, <sup>11</sup>καὶ πᾶσα γλῶσσα ἐξομολογήσεται ὅτι κύριος Ἰησοῦς Χριστὸς εἰς δόξαν θεοῦ πατρὸς.

Paulus hou nie net sy eie lewe as 'n voorbeeld voor nie. In die openingsvers steun hy op die Filippense se eie ervarings. As Christene is hulle ook al deur moeilike tye. Wat hulle deurgedra het, was hul onderlinge liefde en die teenwoordigheid van God se Gees. As hulle hierdie onderlinge omgee vir mekaar ken, dan wil hy vir hulle 'n groot guns vra (vgl. Boring en Craddock 2004).

Die guns wat hy vra, is om dieselfde gesindheid wat hulle in Jesus Christus gesien het, ook teenoor mekaar uit te leef (Wiersbe 2001:73-77; Burkett 2002:358). Dit sal hom baie groot blydskap gee indien hulle mekaar werklik sal liefhê. Hierdie liefde word geken daarin dat hulle lojaal is teenoor mekaar en nie gedurig met mekaar sal stry en baklei nie. Lojaliteit vra dat hulle mekaar met agting en respek sal waardeer. Die voorbeeld van Jesus Christus was 'n voorbeeld van opoffering en die bereidheid om die ander persoon se belange bo sy eie te stel (Kelly 2006:52; Harrington 2009:76). Jesus het gekies om sy belangrike posisie prys te gee sodat hy die belange van die mense kan bevorder. Hy het getrou gebly aan sy keuse tot en met sy dood. Die gevolg hiervan was dat

God hom weer herstel het in sy posisie van status. Die eer wat hy prysgegee het, het God weer in oormaat herstel. Voortaan sal Jesus die hoogste posisie beklee. Almal en alles sal voor hom kniel en aan hom eer bring.

- Filippense 2:12-18 Skyn soos ligte

Ὡστε, ἀγαπητοί μου, καθὼς πάντοτε ὑπήκουσατε, μὴ ὡς ἐν τῇ παρουσίᾳ μου μόνον ἀλλὰ νῦν πολλῶ μᾶλλον ἐν τῇ ἀπουσίᾳ μου, μετὰ φόβου καὶ τρόμου τὴν ἑαυτῶν σωτηρίαν κατεργάζεσθε: <sup>13</sup>θεὸς γάρ ἐστιν ὁ ἐνεργῶν ἐν ὑμῖν καὶ τὸ θέλειν καὶ τὸ ἐνεργεῖν ὑπὲρ τῆς εὐδοκίας. <sup>14</sup>πάντα ποιεῖτε χωρὶς γογγυσμῶν καὶ διαλογισμῶν, <sup>15</sup>ἵνα γένησθε ἄμεμπτοι καὶ ἀκέραιοι, τέκνα θεοῦ ἄμωμα μέσον γενεᾶς σκολιᾶς καὶ διεστραμμένης, ἐν οἷς φαίνεσθε ὡς φωστῆρες ἐν κόσμῳ, <sup>16</sup>λόγον ζωῆς ἐπέχοντες, εἰς καύχημα ἔμοι εἰς ἡμέραν Χριστοῦ, ὅτι οὐκ εἰς κενὸν ἔδραμον οὐδὲ εἰς κενὸν ἐκοπίασα. <sup>17</sup>ἀλλὰ εἰ καὶ σπένδομαι ἐπὶ τῇ θυσίᾳ καὶ λειτουργίᾳ τῆς πίστεως ὑμῶν, χαίρω καὶ συγχαίρω πᾶσιν ὑμῖν: <sup>18</sup>τὸ δὲ αὐτὸ καὶ ὑμεῖς χαίρετε καὶ συγχαίρετέ μοι.

Die Filippense word deur Paulus aangeprys vir hul lewe van gehoorsaamheid en toewyding aan God toe hy by hulle was. Dieselfde gehoorsaamheid en toewyding is nou belangriker as ooit tevore omdat Paulus nie meer self by hulle kan wees nie (Yeager 1998:443-445). Dat hy nie self by hulle is nie, behoort hulle nie te ontmoedig nie, want God is self by hulle teenwoordig. Hulle leef elke oomblik in Sy lig. Juis te meer moet hulle nou daarop fokus om nie te stry of te kla nie. Hul daaglikse lewe moet getuig van 'n lewe van volkome toewyding aan God (Durken 2009:629; vgl. Hansen 2009). Hulle moet alles in die stryd werp om aan God getrou te bly. Indien hulle met hierdie ingesteldheid lewe, sal hul lewe

soos 'n lig in die donkerste skyn. Niemand sal hulle kan veroordeel of aankla van ongepaste gedrag nie. Hierdie gesindheid sal groot blydschap vir Paulus bring, want dit sal hom laat voel dat hy nie verniet onder hulle gearbei het nie en dat sy lewe die moeite werd was (Patterson en Kelley 2006:583-584). Indien Paulus sou sterf, sal sy sterwe ook vir hulle tot 'n inspirasie dien, want Paulus sowel as die Filippense vind blydschap daarin dat die evangelie in 'n donker wêreld bevorder is (Son 2006:193-197; Grindheim 2005:117).

- Filippense 2:19-24 Timoteus en Epafroditus sit Paulus se werk in Filippense voort

Ἐλπίζω δὲ ἐν κυρίῳ Ἰησοῦ Τιμόθεον ταχέως πέμψαι ὑμῖν, ἵνα καὶ γὰρ εὐψυχῶ γνοῦς τὰ περὶ ὑμῶν. <sup>20</sup>οὐδένα γὰρ ἔχω ἰσόψυχον ὅστις γνησίως τὰ περὶ ὑμῶν μεριμνήσει, <sup>21</sup>οἱ πάντες γὰρ τὰ ἑαυτῶν ζητοῦσιν, οὐ τὰ Ἰησοῦ Χριστοῦ. <sup>22</sup>τὴν δὲ δοκιμὴν αὐτοῦ γινώσκετε, ὅτι ὡς πατρὶ τέκνον σὺν ἐμοὶ ἐδούλευσεν εἰς τὸ εὐαγγέλιον. <sup>23</sup>τοῦτον μὲν οὖν ἐλπίζω πέμψαι ὡς ἂν ἀφίδω τὰ περὶ ἐμὲ ἐξαυτῆς; <sup>24</sup>πέποιθα δὲ ἐν κυρίῳ ὅτι καὶ αὐτὸς ταχέως ἐλεύσομαι.

Paulus deel die Filippense mee dat hy vir Timoteus en Epafroditus na hulle stuur. Hy lê groot klem daarop dat beide die werkers (gesante) van groot waarde vir hulle sal wees. Hul integriteit staan bo verdenking. Timoteus gee regtig baie om vir die Filippense. Nie net is hy baie lief vir die Filippense nie, maar het hy homself onderskei as iemand wat voluit vir Christus werk. Timoteus het hom aan Paulus bewys in die tyd dat hulle soos 'n pa en seun skouer aan skouer vir die evangelie gewerk het. Dit is Paulus se wens om Timoteus so spoedig moontlik na hulle te stuur en sy hoop is dat die Here ook vir homself na hulle sal stuur (Phillips 2009:119; Wiersbe 2009:643). Dit is nie net Timoteus wat hy stuur nie,

maar ook vir Epafroditus. Epafroditus is baie goed aan hulle bekend, want hulle het hom na Paulus gestuur. Laasgenoemde het, net soos Timoteus, homself onderskei as 'n toegewyde werker in diens van die evangelie. Epafroditus was baie siek, maar God het sy lewe gespaar. Paulus is baie dankbaar teenoor God dat Hy Epafroditus se lewe gespaar het, want dit sou vir Paulus 'n baie harde slag gewees het indien hy sou sterf (Gorman 2001:258; Herrick 2001:108). Dit is Paulus se wens om hom so spoedig moontlik te stuur en sy versoek is dat hulle hom met vreugde sal ontvang. Paulus spreek ook die vertroue uit dat hulle baie bly sal wees om Epafroditus in lewende lywe te sien en dat hulle hom 'n verwelkoming sal gee wat hy nie sommer sal vergeet nie. Die rede vir Paulus se versoek is dat Epafroditus sy lewe gewaag het om alles vir Jesus te doen wat Paulus nie kon doen nie. Daarvoor verdien hy 'n helde-ontvangs (Aune 2010:483).

- Filippense 3:1-11 Waarskuwing teen valse lering

<sup>1</sup>Τὸ λοιπόν, ἀδελφοί μου, χαίρετε ἐν κυρίῳ. τὰ αὐτὰ γράφειν ὑμῖν ἐμοὶ μὲν οὐκ ὀκνηρόν, ὑμῖν δὲ ἀσφαλές. <sup>2</sup>Βλέπετε τοὺς κύνας, βλέπετε τοὺς κακοὺς ἐργάτας, βλέπετε τὴν κατατομήν. <sup>3</sup>ἡμεῖς γὰρ ἐσμεν ἡ περιτομή, οἱ πνεύματι θεοῦ λατρεύοντες καὶ καυχώμενοι ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ καὶ οὐκ ἐν σαρκὶ πεποιθότες, <sup>4</sup>καίπερ ἐγὼ ἔχων πεποίθησιν καὶ ἐν σαρκί. εἴ τις δοκεῖ ἄλλος πεποιθένας ἐν σαρκί, ἐγὼ μᾶλλον: <sup>5</sup>περιτομῆ ὀκταήμερος, ἐκ γένους Ἰσραὴλ, φυλῆς Βενιαμίν, Ἑβραῖος ἐξ Ἑβραίων, κατὰ νόμον Φαρισαῖος, <sup>6</sup>κατὰ ζήλος διώκων τὴν ἐκκλησίαν, κατὰ δικαιοσύνην τὴν ἐν νόμῳ γενόμενος ἀμεμπτος. <sup>7</sup>[ἀλλὰ] ἄτινα ἦν μοι κέρδη, ταῦτα ἤγημαι διὰ τὸν Χριστὸν ζημίαν. <sup>8</sup>ἀλλὰ μενοῦνγε καὶ ἠγοῦμαι πάντα ζημίαν εἶναι διὰ τὸ ὑπερέχον τῆς γνώσεως Χριστοῦ Ἰησοῦ τοῦ κυρίου μου, δι' ὃν τὰ πάντα ἐζημιώθην, καὶ ἠγοῦμαι

σκύβαλα ἵνα Χριστὸν κερδήσω ἡκαὶ εὐρεθῶ ἐν αὐτῷ, μὴ ἔχων ἐμὴν δικαιοσύνην τὴν ἐκ νόμου ἀλλὰ τὴν διὰ πίστεως Χριστοῦ, τὴν ἐκ θεοῦ δικαιοσύνην ἐπὶ τῇ πίστει, <sup>10</sup>τοῦ γινῶναι αὐτὸν καὶ τὴν δύναμιν τῆς ἀναστάσεως αὐτοῦ καὶ [τὴν] κοινωνίαν [τῶν] παθημάτων αὐτοῦ, συμμορφιζόμενος τῷ θανάτῳ αὐτοῦ, <sup>11</sup>εἶ πως καταντήσω εἰς τὴν ἐξανάστασιν τὴν ἐκ νεκρῶν.

Die openingsvers stel dit duidelik dat ware blydschap slegs in die Here is (Wiersbe 2009:643). Paulus wys graag weer vir die lesers op hierdie waarheid omdat dit vir hulle help om in sekerheid te lewe te midde van vals leerstellings. Paulus wys die lesers daarop dat hierdie mense, wat 'n ander leer as die Christelike verkondig, nie ware dienaars van Jesus Christus is nie. Hierdie vals leraars wil Joodse gebruike tot aanvulling van die Christelike geloof toepas (Barton en Muddiman 2001; Gowler, Bloomquist en Watson 2003:237). Hierdie persone doen hulle voor as Christene, maar hulle doen eintlik net die teenoorgestelde. Paulus stel dit duidelik dat wat hy in Christus het vir hom genoeg is. Die ware identiteit van die Filippense lê daarin dat God deur sy Gees hul harte besny het en dat hulle gegrondves is in Jesus Christus (Anderson 2003:147-171; Matera 2003:123). Paulus dra eerstehandse kennis van hierdie lewe volgens die Joodse voorskrifte aangesien hyself 'n getroue volgeling van die Joodse godsdiensgebruike was. Hy lewe nou vir Christus.

- Filippense 3:12-21 Wat beteken dit om 'n volgeling van Christus te wees?

<sup>12</sup>Οὐχ ὅτι ἤδη ἔλαβον ἢ ἤδη τετελείωμαι, διώκω δὲ εἰ καὶ καταλάβω, ἐφ' ᾧ καὶ κατελήμφθην ὑπὸ Χριστοῦ [Ἰησοῦ]. <sup>13</sup>ἀδελφοί, ἐγὼ ἐμαυτὸν οὐ λογίζομαι κατειληφέναι: ἐν δέ, τὰ μὲν ὀπίσω ἐπιλανθανόμενος τοῖς δὲ ἔμπροσθεν ἐπεκτεινόμενος, <sup>14</sup>κατὰ σκοπὸν διώκω εἰς τὸ βραβεῖον τῆς ἄνω κλήσεως τοῦ θεοῦ ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ. <sup>15</sup>Οσοι οὖν τέλειοι, τοῦτο φρονῶμεν: καὶ εἴ τι ἑτέρως φρονεῖτε, καὶ τοῦτο ὁ θεὸς ὑμῖν ἀποκαλύψει: <sup>16</sup>πλὴν εἰς ὃ ἐφθάσαμεν, τῷ αὐτῷ στοιχεῖν. <sup>17</sup>Συμμιμηταί μου γίνεσθε, ἀδελφοί, καὶ σκοπεῖτε τοὺς οὕτω περιπατοῦντας καθὼς ἔχετε τύπον ἡμᾶς. <sup>18</sup>πολλοὶ γὰρ περιπατοῦσιν οὓς πολλάκις ἔλεγον ὑμῖν, νῦν δὲ καὶ κλαίων λέγω, τοὺς ἐχθροὺς τοῦ σταυροῦ τοῦ Χριστοῦ, <sup>19</sup>ὧν τὸ τέλος ἀπώλεια, ὧν ὁ θεὸς ἡ κοιλία καὶ ἡ δόξα ἐν τῇ αἰσχύνῃ αὐτῶν, οἱ τὰ ἐπίγεια φρονοῦντες. <sup>20</sup>ἡμῶν γὰρ τὸ πολίτευμα ἐν οὐρανοῖς ὑπάρχει, ἐξ οὗ καὶ σωτῆρα ἀπεκδεχόμεθα κύριον Ἰησοῦν Χριστόν, <sup>21</sup>ὃς μετασχηματίζει τὸ σῶμα τῆς ταπεινώσεως ἡμῶν σύμμορφον τῷ σώματι τῆς δόξης αὐτοῦ κατὰ τὴν ἐνέργειαν τοῦ δύνασθαι αὐτὸν καὶ ὑποτάξαι αὐτῷ τὰ πάντα.

As Paulus 'n balansstaat moet opstel, is 'n lewe in Christus vir hom die grootste wins. Al hierdie Joodse godsdiengebruike en voorskrifte kan nie opweeg teen die winste in Christus nie. Al die dinge wat eers vir hom belangrik was, is nou waardeloos (Hale 2007:765; Johnson 2003:377). Al wat hy wens, is dat God hom sal sien in Jesus Christus. Graag wil hy die krag van Jesus se opstanding ken. Hy wil ook deel in die lyding van Jesus Christus, al beteken dit ook dat hy moet sterf. Paulus erken dat hy nie geestelik volmaak is nie, maar dat hy 'n daadwerklike poging inspan om dit sy eie te maak, want Jesus het sy hand

gegryp. Paulus stel dit baie duidelik dat hy homself nie as volmaak toereken nie, maar dit weerhou hom nie van 'n lewensingesteldheid om werklik te probeer om volmaak te wees nie. Ten einde te slaag in sy doel om 'n lewe van volkome toewyding aan Jesus Christus te lewe, het hy gekies om hom los te maak van die verlede en al die dinge wat skeef geloop het (Carpenter en Comfort 2000:344; Gregory en Tucket 2005:390). Soos 'n atleet span hy homself in om die prys aan die einde te kry. Hierdie gesindheid is wat hy graag by die Filippense wil sien. Indien hulle op hierdie punt van hom verskil, hoop hy dat God hulle tot ander insigte sal bring, want God het hulle geroep en hulle kan nie nou 'n verkeerde pad vat nie (Sumney 2007:69ev).

- Filippense 4:1-9 Volg my voorbeeld

<sup>1</sup>Ὡστε, ἀδελφοί μου ἀγαπητοὶ καὶ ἐπιπόθητοι, χαρὰ καὶ στέφανός μου, οὕτως στήκετε ἐν κυρίῳ, ἀγαπητοί. <sup>2</sup>Εὐδοκίαν παρακαλῶ καὶ Συντύχην παρακαλῶ τὸ αὐτὸ φρονεῖν ἐν κυρίῳ. <sup>3</sup>ναὶ ἐρωτῶ καὶ σέ, γνήσιε σύζυγε, συλλαμβάνου αὐταῖς, αἵτινες ἐν τῷ εὐαγγελίῳ συνήθλησάν μοι μετὰ καὶ Κλήμεντος καὶ τῶν λοιπῶν συνεργῶν μου, ὧν τὰ ὀνόματα ἐν βίβλῳ ζωῆς. <sup>4</sup>Χαίρετε ἐν κυρίῳ πάντοτε: πάλιν ἐρῶ, χαίρετε. <sup>5</sup>τὸ ἐπιεικὲς ὑμῶν γνωσθήτω πᾶσιν ἀνθρώποις. ὁ κύριος ἐγγύς. <sup>6</sup>μηδὲν μεριμνᾶτε, ἀλλ' ἐν παντὶ τῇ προσευχῇ καὶ τῇ δεήσει μετὰ εὐχαριστίας τὰ αἰτήματα ὑμῶν γνωρίζεσθω πρὸς τὸν θεόν. <sup>7</sup>καὶ ἡ εἰρήνη τοῦ θεοῦ ἢ ὑπερέχουσα πάντα νοῦν φρουρήσει τὰς καρδίας ὑμῶν καὶ τὰ νοήματα ὑμῶν ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ. <sup>8</sup>Τὸ λοιπόν, ἀδελφοί, ὅσα ἐστὶν ἀληθῆ, ὅσα σεμνά, ὅσα δίκαια, ὅσα ἀγνά, ὅσα προσφιλῆ, ὅσα εὐφήμα, εἴ τις ἀρετὴ καὶ εἴ τις ἔπαινος, ταῦτα λογίζεσθε: <sup>9</sup>ἅ καὶ ἐμάθετε καὶ παρελάβετε καὶ ἠκούσατε καὶ εἶδετε ἐν ἐμοί, ταῦτα πράσσετε: καὶ ὁ θεὸς τῆς εἰρήνης ἔσται μεθ' ὑμῶν.

Paulus huiwer nie om homself as 'n voorbeeld van inspirasie te gebruik nie. In die voorafgaande het hy duidelik gewys op die strewe van sy hart en sy tekortkominge. Omdat hy nie self by hulle teenwoordig is nie, is dit sy wens dat hulle die voorbeeld sal volg van hulle wat wel die wedloop met toewyding hardloop (Matera 1996:175ev). Dit is belangrik dat hulle die regte mense sal volg en nie hulle wat as vyande van die kruis optree nie. Hierdie vyande van die kruis kan uitgeken word aan hul aardse denke en optrede (Hartog 2002:128). Hierdie mense wil net hul eie begeertes dien en indien die Filippense hierdie persone navolg, sal hulleself saam met hulle die verderf instort. Anders as by Paulus is daar by hierdie mense net een saak van waarde, die aardse dinge (Gundry 2003:430). Waarom is Paulus en die ander broers en susters in die Here navolgenswaardig?

Hulle is navolgenswaardig omdat hulle behoort tot 'n radikale nuwe vaderland. Uit hierdie nuwe vaderland sal Jesus Christus, die ware Verlosser, kom. Hierdie ware Verlosser gaan ons menslike liggame so verander dat ons gaan lyk soos sy opgestane, verheerlikte liggaam. Jesus Christus is in staat om dit te kan doen, omdat sy krag alles oortref. Hy kan en sal ons verander. Juis omdat Paulus en die gemeente in Filippi tot 'n radikale nuwe vaderland behoort, is daar 'n besondere band tussen hulle en het Paulus hulle intens lief en verlang hy ontsettend baie na hulle (Evans 2004:585-586; Fitzgerald 1996:3). As 'n simbool van wat hulle vir hom beteken, verwys hy na hulle as sy kroon. Hulle is vir hom ontsettend kosbaar en hy moedig hulle aan om vas te hou aan die ware leer van Christus soos wat hulle dit in hom en by die ander ware gelowiges sien. Hulle moet vasstaan in hierdie leer en die leer van die vyande van Christus vermy. Vervolgens word gelet op die gebeure tussen Euodia en Sintige.

Paulus spreek die geskil tussen Euodia en Sintige dringend aan. Dit is vir hom belangrik dat hulle die geskille tussen hulle moet oplos. Hy is van mening dat sy medewerker en getroue vriend, Timoteus, in staat sal wees om hulle te help om hierdie geskil by te lê. Paulus het hoë agting vir die twee vroue, aangesien hulle



baie saam met hom vir die evangelie gedoen en verduur het. Nie net is hulle vir hom as medewerkers van waarde nie, maar hulle is ook vir God van waarde, aangesien hul name opgeteken staan in die boek waarin almal se name opgeskryf is wat vir ewig saam met God sal leef (Marchal 2006:148). In die lig van laasgenoemde is dit belangrik dat hul fokus hul blydschap in die Here moet wees.

Die fokus van die Filippense moet die blydschap van die Here wees (Durken 2009:633; Barclay 2008:108-114). Hierdie blydschap word sigbaar uitgelewe in hul vriendelikheid teenoor alle mense. Omdat die Here naby is, raak hierdie opdrag nog dringender. Die blydschap in die Here word versterk deur 'n lewe wat sy sorg aan die Here oorlaat deur alles in gebed, smeking en danksegging aan God bekend te maak. Die resultaat van 'n lewe van blydschap word gekenmerk deur 'n vrede van God wat alle verstand te bowe gaan. Voorts staan blydschap in die Here ook in direkte verband met dit wat die Filippense in hul gedagtes koester. Die kwaliteit van hul gedagtes het 'n direkte invloed op die kwaliteit van hul blydschap. In die lig hiervan is dit belangrik dat hulle hul gedagtes rig op alles wat by God is (Van der Watt 2006:297-299; Köstenberger, Kellum en Quarles 2009:577). 'n Sodanige denkwys sal die blydschap in die Here verdiep en hul bekommernisse afstomp. Nie net is die inhoud van hul denke van kardinale belang nie, maar hy wys weer eens vir hulle daarop om sy goeie voorbeeld in daad te volg.

- Filippense 4:10-20 Dankbaarheid teenoor die Filippense vir hul gawe

<sup>10</sup>Ἐχάρην δὲ ἐν κυρίῳ μέγανως ὅτι ἤδη ποτὲ ἀνεθάλετε τὸ ὑπὲρ ἐμοῦ φρονεῖν, ἐφ' ᾧ καὶ ἐφρονεῖτε ἡκαιρεῖσθε δέ. <sup>11</sup>οὐχ ὅτι καθ' ὑστέρησιν λέγω, ἐγὼ γὰρ ἔμαθον ἐν οἷς εἰμι αὐτάρκης εἶναι. <sup>12</sup>οἶδα καὶ ταπεινοῦσθαι, οἶδα καὶ

περισσεύειν: ἐν παντί καὶ ἐν πᾶσιν μεμύημαι καὶ χορτάζεσθαι καὶ πεινᾶν,  
 καὶ περισσεύειν καὶ ὑστερεῖσθαι. <sup>13</sup>πάντα ἰσχύω ἐν τῷ ἐνδυναμοῦντί με.  
<sup>14</sup>πλὴν καλῶς ἐποιήσατε συγκοινωνήσαντές μου τῇ θλίψει. <sup>15</sup>Οἴδατε δὲ καὶ  
 ὑμεῖς, Φιλιππηῖοι, ὅτι ἐν ἀρχῇ τοῦ εὐαγγελίου, ὅτε ἐξῆλθον ἀπὸ  
 Μακεδονίας, οὐδεμία μοι ἐκκλησία ἐκοινώνησεν εἰς λόγον δόσεως καὶ  
 λήψεως εἰ μὴ ὑμεῖς μόνοι: <sup>16</sup>ὅτι καὶ ἐν Θεσσαλονίκη καὶ ἅπαξ καὶ δις εἰς τὴν  
 χρείαν μοι ἐπέμψατε. <sup>17</sup>οὐχ ὅτι ἐπιζητῶ τὸ δόμα, ἀλλὰ ἐπιζητῶ τὸν καρπὸν  
 τὸν πλεονάζοντα εἰς λόγον ὑμῶν. <sup>18</sup>ἀπέχω δὲ πάντα καὶ περισσεύω:  
 πεπλήρωμαι δεξιόμενος παρὰ Ἐπαφροδίτου τὰ παρ' ὑμῶν, ὁσμήν εὐωδίας,  
 θυσίαν δεκτὴν, εὐάρεστον τῷ θεῷ. <sup>19</sup>ὁ δὲ θεὸς μου πληρώσει πᾶσαν χρείαν  
 ὑμῶν κατὰ τὸ πλοῦτος αὐτοῦ ἐν δόξῃ ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ. <sup>20</sup>τῷ δὲ θεῷ καὶ πατρὶ  
 ἡμῶν ἡ δόξα εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων: ἀμήν.

Paulus gebruik ook die geleentheid om hulle te bedank vir die gawe wat hulle  
 aan hom geskenk het. Hierdie gawe het hom in sy blydschap versterk (Mills en  
 Wilson 2003:1233). Hy wys egter vir die Filippense daarop dat hy wel geleer het  
 om met min oor die weg te kom. Dit is juis in hierdie moeilike omstandighede dat  
 hy geleer het dat God se krag dit vir hom moontlik maak om ook die moeilike  
 uitdagings van die lewe as 'n apostel te deurleef. Dit wat hy in die verlede geleer  
 het, help hom om in hierdie omstandighede vergenoegd te lewe. Hy gee  
 erkenning vir die besondere pad wat hulle reeds met hom gestap het. Dit was  
 hulle wat hom in die begin van sy bediening ondersteun het (Johnson 2003:378-  
 379; Marshall 2008:107-111). Selfs toe hy al in Tessalonika was, het hulle hom  
 nog steeds gehelp. Paulus ag dit nodig om tog 'n ander perspektief uit te lig. Dit  
 is volgens hom belangrik dat die Filippense sal besef dat alhoewel hul geld vir  
 hom baie beteken het, dit nie die belangrikste is nie. Wat belangriker is, is dat  
 God vir hulle ook wonderlike dinge gaan teruggee omdat hulle vir hom goed was.

Epafroditus het die geld aan hom deurgegee. Hierdie geld is 'n aangename geur in die teenwoordigheid van God (Achte-meier, Green en Thompson 2001:393; Watson 2007:38). Dit is 'n offer wat God welgeval. God sal vir hulle sorg deur vir hulle te gee wat hulle nodig het. Hy sal dit doen omdat hulle aan Jesus Christus behoort. Paulus sluit hierdie gedeelte af met 'n lofprijsing aan God as die een aan wie al die eer en respek en belangrikheid in hierdie wêreld toekom.

- Filippense 4:21-23 Groete

<sup>21</sup>Ἀσπάσασθε πάντα ἅγιον ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ. ἀσπάζονται ὑμᾶς οἱ σὺν ἐμοὶ ἀδελφοί. <sup>22</sup>ἀσπάζονται ὑμᾶς πάντες οἱ ἅγιοι, μάλιστα δὲ οἱ ἐκ τῆς Καίσαρος οἰκίας. <sup>23</sup>ἡ χάρις τοῦ κυρίου Ἰησοῦ Χριστοῦ μετὰ τοῦ πνεύματος ὑμῶν.

Paulus vra dat hulle namens hom en die vriende by hom sy groete sal oordra aan al God se kinders. Die groete kom nie net van hom nie, maar ook die hele keiserlike wag en al die ander gelowiges daar by hom. Sy laaste woorde is weer eens 'n woord van Goddelike seën en goeie wense. Dit is sy gebed dat God vir hulle baie goed sal wees, ver meer as wat hulle verdien. Mag hulle God se goedheid diep in hul binneste ervaar (Smith 2004:74; Durken 2009:633).

In die voorafgaande paragrawe is die breë argument van Paulus aan die orde gestel. Vervolgens die indeling van Filippense. Daar bestaan talle verdelingsmoontlikhede vir die brief, soos byvoorbeeld dié van Klauck<sup>53</sup> asook

---

<sup>53</sup> Klauck (2006:317). "The prescript in 1:1-2 in the adscription and the thanksgiving with a concluding intercession in 1:3-11 combine to the letter opening. The self-recommendation in 1:12-26 provides the body opening, which introduces Paul as an example. Christ is then introduced as an example in 2:5-11, within the larger section of exhortations in 1:27-2:18, before Paul once again

Harvey <sup>54</sup>(vgl. Boring en Cradock 2004; Edwards 2005; Blockmeuhl 2006). Die indeling van hierdie proefskrif word geïnterpreteer in die lig van die unieke doelwit van hierdie proefskrif, naamlik hoe Paulus kon volhard in sy toewyding aan God, die Filippense en sy roeping. Dit is duidelik vanuit die Griekse teks asook relevante resente kommentare dat daar sekere duidelike temas (soos in die voorafgaande paragraaf uitgelig in die oriëntasie tot Filippense) figureer. Dit is temas wat die doelwit van hierdie navorsing ondersteun. In die lig van laasgenoemde doelwit stel die navorser die volgende moontlik indeling (vgl. Harvey 1998; Boring en Cradock 2004; Edwards 2005; Blockmeuhl 2006; Klauck 2006).

---

becomes the example in chapter 3. In 2:19-30 Paul commends the traveling messengers Timothy and Epaphroditus. The section from 3:1 to 4:1 deals with the issue of the teachers, while the concluding exhortations in 4:4-9 function as the body closing. The belated thanksgiving for Paul's receipt of gifts sent through Epaphroditus in 4:10-20 should be regarded as part the letter closing and serves as an appendix to the proem, where thanksgiving for gifts would normally be mentioned. Without this section the letter closing, which would consist only of the postscript with greetings and concluding grace benediction in 4:21-23, would be rather meager."

<sup>54</sup> Harvey (1998:232). "A survey of the major epistolary conventions of Philippians yields the following clusters of formulae: 1:1-2 Salutation and greeting; 1:3-12 thanksgiving (1:3), confidence formula (1:6), prayer (1:9), disclosure formula (1:12); 2:19-3:1 dispatch of emissary (2:19), dispatch of emissary (2:23), confidence formula (2:24), visit wish (2:24), dispatch emissary (2:25), dispatch of emissary (2:28), writing statement (3:1); 4:2-10 request formula (4:2), request formula (4:3), peace-wish (4:7), peace-wish (4:9), joy expression (4:10); 4:20-23 benediction (4:20), greetings (4:21-22), grace-blessing (4:23). The resulting epistolary structure is salutation (1:1-2) and thanksgiving (1:3-11)."

1:1-2	Inleiding en seëngroet
1:3-11	Paulus bid vir die Filippense
1:13-26	Blydskap oor die bevordering van die evangelie
1:27-30	Lewe as hemelse burgers
2:1-11	Lewe meer soos Jesus
2:12-18	Skyn soos ligte
2:19-30	Timoteus en Epafroditus sit Paulus se werk voort
3:1-11	Waarskuwing teen valse lering
3:12-21	Wat beteken dit om 'n volgeling van Christus te wees?
4:1-9	Volg my voorbeeld
4:10-20	Dankbaarheid vir die gawe
4:21-23	Groete

Dit is duidelik uit die voorafgaande bespreking en indeling dat Paulus daarin geslaag het om met vreugde te lewe te midde van uiters moeilike omstandighede. Die vraag binne die skopus van hierdie proefskrif is hoe kon Paulus dit regkry? In die volgende paragraaf – die tentatiewe gevolgtrekking – word die kategorieë van Van der Watt (2006:v-ix) ingespan om die brug tussen die praktiese kontemporêre bedienieningspraktyk en die antieke Christelike bronkonteks te oorbrug. Die voorveronderstelling is dus dat die Bybelse tekste steeds vir die postmoderne Christen 'n rol speel en vormend beskou word in die lig van die kategorieë identiteit, etiek en etos. Dit is uiters noodsaaklik vir die logiese opbou van die argumentering dat hierdie aangeleentheid uitgeklaar word, want in die volgende drie hoofstukke word gefokus op dié tekste in Filippense wat die moderne leser kan help met sy/haar ervaring van stres.

## 5. TENTATIEWE GEVOLGTREKKING

Die motief van blydskap in Filippense te midde van eksterne stressors word in verband gebring met die etiese indikatore (Gräbe 2006:289). Gräbe is van mening dat die hoeksteen van Paulus se etiek, soos verwoord in sy skrywe aan die Filippense, soos volg saamgevat kan word: “self service versus serving others” (Filippense 1:17,21; 2:4,21; 3:3,8-11). Lees veral Filippense 3:20 in dié verband: - ἡμῶν γὰρ τὸ πολίτευμα ἐν οὐρανοῖς ὑπάρχει, ἐξ οὗ καὶ σωτῆρα ἀπεκδεχόμεθα κύριον Ἰησοῦν Χριστόν. As “burgers van die hemel” lewe die Filippense vanuit ’n herstelde identiteit en dit is op grond van hierdie indikatief dat Paulus sy imperatief in 1:27-2:18 rig. Paulus wys die Filippense op hul herstelde identiteit in Christus en as hemelse burgers leef hulle vanuit ’n herstelde waardestelsel (etiek), wat hul daaglikse lewenswyse rig (etos). Gräbe (2008:243) bevestig die verband tussen identiteit, etiek en etos soos volg: “The crucified Christ is the power of God in the sense that he has become for us ... ‘righteousness, sanctification and redemption’ (1 Cor 1:30). The three closely related concepts ‘righteousness, sanctification and redemption’ represent the whole process of salvation. In Pauline theology, soteriology and ethics are most closely related to one another.” In hierdie besondere verband tussen die heilswerk van Jesus Christus, die herstelde identiteit en etiek van die Christen en die oproep tot radikale gedrag vorm in hierdie proefskrif die brug tussen moderne bedieningspraktyk (toepas op die stresmodel) en die antieke Christelike skrywe van Paulus aan die Filippense (vgl. Horrell 2005:205-210; Weinel 2008:329; Furnish en Hays 2009:12).

Vervolgens word die onderwerp van Paulus se omstandighede aan die orde gestel.

## **HOOFSTUK 4**

### ***EKSTERNE STRESSORS IN DIE LEWE VAN PAULUS***

#### **Inleiding**

Die doelwit van hierdie hoofstuk is om aan te toon dat Paulus onderworpe was aan eksterne stressors soos gekonkludeer vanuit die moderne stresmodel (Bergh en Theron 2004:401). Hierdie proefskrif handhaaf die standpunt dat al drie die kategorieë van stres (naamlik konflik, druk weens verwagtinge en frustrasie) op die lewe van Paulus van toepassing was (sien eksegetiese resultate in hoofstuk 4, 5 en 6 van hierdie proefskrif).

Gräbe (2006:290) is van mening dat Paulus veral besorgd was oor die moontlikheid dat die Filippense in hul toewyding aan Jesus Christus sou verslap. Een van die belangrikste redes hiervoor was dat die Filippense verneem het dat Paulus in die tronk was (Watson 1990:56; Barclay 2003:56). Die rede vir Paulus se tronkstraf was dat hy die evangelie van Jesus Christus verkondig het. Dit was 'n boodskap wat deur die Jode gehaat is (August 2009:29). Nie alleen is die boodskap van Jesus Christus deur die Jode in die tyd van Paulus gehaat nie, maar was dit ook algemene praktyk dat die Romeinse wetgewing enige persoon wat enige landsburger oorgehaal het om nie die keiser te eer nie, of wat bekeerlinge vir derglike oortuiging gewerf het, beskou het as 'n misdadiger (August 2009:29). Nero was die keiser in beheer. Nadat hy sy moeder, sy vrou en ook vir Stenaca, die Stoïcynse filosoof, vermoor het, het hy ook die Christene onder druk geplaas. Die negatiewe impak wat Nero en sy regering op die Christelike geloof gehad het, word deur Valentine (2008:28) bevestig as hy daarop wys dat die skuld vir die brand wat Rome aan bande gelê het, gelê is voor die deur van die Christene. Nie net op regeringsvlak was Paulus onder druk

nie, maar volgens Harrington (2009:63) het Paulus se tronkstraf sommige gemeentelede met afkeer en selfs afguns vervul (Fil 1:12-26). Dan is daar nog die siekte van Epafroditus en dat Paulus weens die tronkstraf nie self by sy geliefde Filippense kon uitkom nie.

Gegewe die genoemde omstandighede is dit te verstane dat Paulus en die Filippense onrustig was<sup>55</sup>. In die volgende paragrawe gaan die verse in Filippense wat hierdie standpunt steun ondersoek word. Die hoofstuk word tematies aan die orde gestel:

- Paulus was verhoorafwagtend – Filippense 1:12-14
- Die eenheid in Filippi word bedreig – Filippense 1:15-17; 3:2; 4:2
- Paulus verlang na die gemeente in Filippi – Filippense 1:1-3,5,7-8,12; 2:19
- Paulus se apostelskap bring ontbering – Filippense 1:22-23; 2:17; 3:18

## 1. PAULUS WAS VERHOORAFWAGTEND

- Filippense 1:12-14

<sup>12</sup> Γινώσκειν δὲ ὑμᾶς βούλομαι, ἀδελφοί, ὅτι τὰ κατ' ἐμὲ μᾶλλον εἰς προκοπὴν τοῦ εὐαγγελίου ἐλήλυθεν,	En ek wil hê dat julle moet weet, broeders, dat wat my wederveraar het, eerder op bevordering van die evangelie uitgeloop het, sodat my
---	---

<sup>55</sup> Du Toit (1988:155). “Aan Paulus se kant is dit duidelik dat sy gevangenskap, ondanks die besonder positiewe elemente wat hy daarin kan vind (1:12-14), ’n oorheersende rol in sy gedagtes speel. Hy moet ernstig met sy dood rekening hou (1:20-23; 2:17). Plek-plek dreig die omstandighede om hom onder te kry.”



<p><sup>13</sup>ὥστε τοὺς δεσμούς μου φανεροὺς ἐν Χριστῷ γενέσθαι ἐν ὅλῳ τῷ πραιτωρίῳ καὶ τοῖς λοιποῖς πάσιν,  <sup>14</sup>καὶ τοὺς πλείονας τῶν ἀδελφῶν ἐν κυρίῳ πεποιθότας τοῖς δεσμοῖς μου περισσοτέρως τολμᾶν ἀφόβως τὸν λόγον λαλεῖν.</p>	<p>boeie openbaar geword het in Christus onder die hele keiserlike lyfwag en by al die ander, en die meeste van die broeders wat in die Here deur my boeie vertrouwe gekry het, dit des te meer waag om die woord onbevrees te spreek.</p>
---	--

Filippense 1:12-14 word gelees binne die konteks van Filippense 1:12-26 (Herric 2001:32; Saunders 2009:14-23). In hierdie gedeelte skrywe Paulus oor sy persoonlike omstandighede. Dit is veral 1:12-14 wat ons aandag verg. In 1:12 lees ons τὰ κατ' ἐμὲ. Laasgenoemde kan vertaal word met omstandighede of dit wat hy wederveraar het. Wat is hierdie omstandighede of dinge wat hy wederveraar het? Filippense 1:13-14 werp lig op hierdie omstandighede. Ons lees in 1:13-14 van die sogenaamde τοὺς δεσμούς en die τῷ πραιτωρίῳ. Eerstens word gekyk na τοὺς δεσμούς. Louw en Nida (1989:53) plaas die woord binne die breë kategorie van instrumente wat gebruik word om vas te bind soos met boeie, kettings of toue. Dit kan ook dui op iemand wat in gevangenskap is (Koch 1982:392). Vervolgens word τῷ πραιτωρίῳ gehanteer. Die τῷ πραιτωρίῳ is 'n afdeling soldate wat as keiserlike wag<sup>56</sup> gedien het (Louw en Nida 1989:204).

<sup>56</sup> Volgens Vincent (1985:16) was hulle ongeveer 10 000 in getal. Slegs Italianers van geboorte is toegelaat tot hul geledere. Heelwat later sou ook manne uit Masedonië en Spanje gekeur word. Augustus was die stigter en het drie groepe in Rome gevestig, terwyl die res diens gedoen het in die kleiner dorpies. Tiberius sou hulle later in Rome sentraliseer. Vitellius het hul getalle verhoog tot 16 000. Hulle het talle voordele geniet, waaronder 'n dubbele salaris, met 'n dienstermyn van ongeveer 12 jaar en 'n ruim pakket vir aftrede. Mettertyd sou die keiserlike

Desondanks die boeie was dit 'n geleentheid vir Paulus om die evangelie te verkondig! Waar was hierdie plek van aanhouding?

Daar bestaan talle teorieë oor waar Paulus aangehou is. Tans is daar argumente wat aanvoer dat die skrywe vanuit Siserea, Efese of selfs Korinte gerig is. Ten einde 'n keuse te maak oor die plek van oorsprong is dit belangrik om die volgende faktore in ag te neem (Müller 1974:79-85).

- Paulus het die brief vanuit 'n tronk geskrywe (Fil 1:7,13,17).
- Hy was verhoorafwagend met twee uiterste moontlikhede, naamlik doodstraf (Fil 1:19,20; 2:17) óf vrylating (1:25; 2:24).
- Die teenwoordigheid van die sogenaamde praetorium (keiserlike wag – Fil 1:13) asook hulle wat aan die Ceaser se huishouding behoort (Fil 4:22).
- Timoteus was ook by hom (Fil 1:1; 2:19-23).
- Die evangelie is kragdadig uitgedra in die omgewing (Fil :14-17).
- Paulus het onderneem om so spoedig moontlik Filippi te besoek indien hy vrygelaat word (Fil 2:24).
- Die talle besoeke deur die Filippense aan Paulus ten tyde van sy aanhouding.

Die keuse val op Rome as die plek van aanhouding (vgl. Ware 2005:171; Freed 2005:144). Die redes vir Rome is soos volg. Paulus was in Rome in huisarres vir ten minste twee jaar (Hand 28:30). Alhoewel hy onder toesig van soldate was (Hand 28:16), kon hy vrylik briewe skrywe, gawes ontvang en uitdeel en besoekers ontvang (Hand 28:17,30). Dit was ook moontlik vir hom om die evangelie te verkondig, met die gevolg dat die uitbreiding van die evangelie gefloreer het in hierdie tyd (Hand 28:31). Rome was ook die hoogste hof waarop hy kon aanspraak maak en hier het hy gewag op die uitspraak. Die

---

wag soveel mag en status ontwikkel dat hulle beskou is as “*king-makers*”, wat nie net beskerm het nie, maar ook die keuse van keisers kon beïnvloed.

teenwoordigheid van die praetorium en keiserlike huishouding verleen voorkeur aan Rome. Daar was ook 'n groot kerk wat verdeeld kon raak oor Paulus se lering (Fil 1:14-17) (Freed 2005; Wood en Grant 2009).

Dit is net menslik dat die huisarres in Rome vir Paulus 'n uiters moeilike situasie was. Maar dit was egter nie die enigste veranderlike wat Paulus se lewe ten tyde van sy skrywe aan die Filippense gekompliseer het nie.

## 2. DIE EENHEID IN DIE GEMEENTE WORD BEDREIG

Die volgende gedeeltes werp lig op die moontlikheid dat die eenheid in Filippi versteur is: Filippense 1:15-17; 3:2 en 4:2. Filippense 1:15-17 word eerste bespreek.

- Filippense 1:15-17

<p><sup>15</sup>Τινές μὲν καὶ διὰ φθόνον καὶ ἔριν, τινές δὲ καὶ δι' εὐδοκίαν τὸν Χριστὸν κηρύσσουσιν: <sup>16</sup>οἱ μὲν ἐξ ἀγάπης, εἰδότες ὅτι εἰς ἀπολογίαὶ τοῦ εὐαγγελίου κεῖμαι, <sup>17</sup>οἱ δὲ ἐξ ἐριθείας τὸν Χριστὸν καταγγέλλουσιν, οὐχ ἄγνῶς, οἰόμενοι θλίψιν ἐγείρειν τοῖς δεσμοῖς μου.</p>	<p>Sommige preek Christus wel ook uit afguns en twis, maar ander ook uit welwillendheid: die eerste verkondig Christus uit naywer, nie met suiwer bedoelinge nie, met die mening om aan my boeie verdrukking toe te voeg; maar die ander uit liefde, omdat hulle weet dat ek bestem is tot die verdediging van die evangelie.</p>
--	---

Filippense 1:17 maak gebruik van  $\rho\iota\theta\epsilon\acute{\iota}\alpha\varsigma$  wat sinspeel op die karakter van 'n gehuurde werker (Rienecker en Rogers 1980:546). Daar is neergesien op die gehuurde werkers omdat hulle hul werk vir blote selfgewin gedoen het (Wells 2005:60ev). Paulus impliseer dus dat die karakter van sommige leraars spruit uit dieselfde selfsug. Wie hierdie persone presies was, is nie soseer ter sake nie. Die feit is Paulus was van mening dat hulle “verdrukking tot sy boeie toevoeg” (Filippense 1:16).

Dit is ook baie duidelik uit die brief dat die onderlinge eenheid in die gemeente vir Paulus 'n kernwaarde is waarvoor hy homself in sy bediening beywer (Gehman 1999:765; Johnson 2003:370). Persone wat die evangelie verkondig vanuit “selfsugtige motiewe” doen dit vanuit 'n gesindheid wat nie getuig van gelowiges wat dieselfde gesindheid van Jesus Christus openbaar nie. Nie net word die eenheid in Filippi bedreig nie, maar dit kan ook wees dat die gelowiges in Filippi blootgestel kon word aan leraars wat nie getrou is aan die evangelie van Jesus Christus nie (vgl. Hansen 2009). Derglike moontlikheid kan verdrukking tot sy boeie toevoeg<sup>57</sup>. In die volgende paragraaf word aandag geskenk aan wie die persone was na wie Paulus verwys as die sogenaamde  $\tau\omicron\upsilon\varsigma\ \kappa\acute{\upsilon}\nu\alpha\varsigma$  (Filippense 3:2). Die moontlikheid van dwaalleraars wat uit selfsugtige motiewe<sup>58</sup> die evangelie verkondig, bring ons uit by Filippense 3:2 .

---

<sup>57</sup> Pilch & Malina (1998:176). “The assumption of the social sciences is that premedieval Mediterranean society was ‘dyadic’, that is, that the solidarity of social groups was of greater value than the prosperity or survival of the individual.”

<sup>58</sup> vgl. Hawthorne & Martin (2004); Watson (2007).

- Filippense 3:2

<sup>2</sup> Βλέπετε τοὺς κύνας, βλέπετε τοὺς κακοὺς ἐργάτας, βλέπετε τὴν κατατομήν.	Let op die honde; let op die slegte arbeiders; let op die versnyding.
--	---

Filippense 3:2 word gelees binne die konteks van Filippense 3:1-21. In die voorafgaande gedeelte het Paulus homself as 'n navolgenswaardige voorbeeld voorgedhou. In hierdie gedeelte bou hy voort, deurdat hy homself kontrasteer met die Joodse Christene wat die Mosaïese wet wil afdwing op die nuwe bekeerlinge (Watson 2007:143; McNamara 2010:240). In die lig hiervan sou ons Filippense 3:1-4:1 as 'n eenheid beskou met die volgende as opskrif: Fokus op Christus!

Hawthorne (1983:171) wys daarop dat die emosies by Paulus nogal sterk tot uiting kom in hierdie gedeelte. Ons moet onthou dat Paulus in die tronk was en dat hy ver van sy geliefde gemeente was. So byvoorbeeld vind ons in 3:1 'n oproep tot vreugde in die Here en 'n uitdrukking van sy liefde vir die Filippense. Oomblikke later lees ons van sy felle aanslag teenoor die persone wat die evangelie ondermyn. Dat Paulus hierdie situasie uiters intens beleef het, kan ons waarneem in die woorde waarmee hy sy opponente beskrywe, Βλέπετε τοὺς κύνας, βλέπετε τοὺς κακοὺς ἐργάτας, βλέπετε τὴν κατατομήν. Paulus maak in hierdie gedeelte gebruik van kragtige beeldspraak en taalkundige konstruksies ten einde die erns van sy gemoed te verbaliseer<sup>59</sup>.

<sup>59</sup> Hawthorne (1983:172) wys op (1) die sogenaamde anaphor, die herhaling van dieselfde woord in drie opeenvolgende sinsnedes (Βλέπετε); (2) paronomasia, die gebruik van woorde met soortgelyke klankspel wat teenoor mekaar geplaas word ten einde die betekenis te verskerp (κατατομήν en περιτομή); (3)

Dit blyk dat die vyande van die evangelie besoekers van buite was wat die Filippense op 'n dwaalspoor wou bring (Hawthorne en Martin 2004; Watson 2007). Hierdie vyande het die besnydenis as 'n voorwaarde gestel ten einde God te kan aanbid en dien (Watson 2007:143). Volgens Paulus was hierdie standpunt gebaseer op die eie prestasies van die mens en dit het die fokus weggetrek van die genadewerk van Jesus Christus en die werk van die Heilige Gees. Wie was hierdie vyande? Derglike sendelinge het klem gelê op uiterlike tekens van besnyding, die voorregte van afkoms (Fil 3:5-6) en het die boodskap verkondig dat ware geregtigheid bekom kon word deur besnyding en deur sekere wettiese voorskrifte aangaande kos te volg.

Paulus verwys na hierdie valse leraars in 3:2 as τοὺς κύνας (Daille 2001:171). Om die waarheid te sê, drie keer na mekaar gebruik hy die imperatief βλέπετε. Louw en Nida (1989:333) dui die betekenis van βλέπετε<sup>60</sup> aan as “om aandag te skenk aan, om versigtig te wees of om op die uitkyk te wees vir iets of iemand”. Dit gaan dus vir Paulus daarom dat die Filippense met baie aandag moet let op wat hulle leer sodat hulle ingelig kan wees oor hul dwaalleer en op grond daarvan 'n ingeligte besluit kan neem om hierdie dwaalleraars te vermy. Waarvoor moet die Filippense versigtig wees?

Die verwysing na hierdie valse leraars as honde was 'n uiterste belediging (Vine 1948:324). In die Joodse denke was daar 'n skerp kontras tussen rein en onrein. Hierdie twee areas is nooit met mekaar vermeng nie. Honde het behoort tot die terrein van die onreine. Gewoonlik is na die heidene verwys as honde. Die ironie polysyndeton, die herhaling van dieselfde verbindingswoord kort na mekaar (καὶ); (4) alliterasie met die κ (κύνας, κακοὺς, κατατομήν); (5) kort en kragtige cola en (6) 'n chiasme.

<sup>60</sup> Hawthorne (1983:175) is egter van mening dat 'n beter vertaling van βλέπετε sou wees om dit te vertaal as “neem ernstig kennis van”, “wees bereid om te leer” of “skenk aandag aan”.

is dat Paulus in hierdie geval na hulle wat so voortdurend die besnydenis as 'n voorwaarde stel, verwys as die honde. Die rede waarom Paulus dit doen, is dat hierdie valse leraars die kern van die evangelie aanraak (Edwards 2005:254; Carr en Moule 2008:85). Die kernsaak is dat God die mens red op grond van die werke van Jesus Christus. Enige optrede wat die eenheid van die gemeente in Christus versteur, kan beskou word as 'n bydraende faktor tot die “verdrukking van die boeie”. 'n Verdere kontroversiële aangeleentheid wat die gelowiges se eenheid in Christus te Filippi versteur, vind ons in Filippense 4:2.

- Filippense 4:2

<sup>2</sup> Εὐδοίαν παρακαλῶ καὶ Συντύχην παρακαλῶ τὸ αὐτὸ φρονεῖν ἐν κυρίῳ.	Ek vermaan Euodia en ek vermaan Sintige om eensgesind te wees in die Here.
--	--

Meer oor die verwysing na Euodia en Sintige. Daar is nie veel sekerheid oor presies wie dié vroue was of wat die aard van die konflik tussen hulle was nie. Die belangrike is dat hul konflik 'n negatiewe effek op die gemeente gehad het en dat Paulus dit belangrik geag het om die saak aan te spreek (Bolt en Thompson 2000:233). Die aangeleentheid het hom baie na aan die hart gelê. Ons lees in 4:2 die volgende: *Εὐδοίαν παρακαλῶ καὶ Συντύχην παρακαλῶ τὸ αὐτὸ φρονεῖν ἐν κυρίῳ*.. Wat ons opval, is die erns waarmee Paulus sy pleidooi rig. *παρακαλῶ* dui daarop dat hy hulle intens versoek, smeek en selfs by hulle pleit (Louw en Nida 1989:408). Asof dit nie genoeg is nie, rig hy twee maal sy pleidooi tot hulle. Waarvoor pleit hy? Paulus pleit dat hulle eensgesind (*τὸ αὐτὸ φρονεῖν*

ἐν κυρίῳ) met mekaar sal lewe soos wat dit 'n lewe in Christus betaam (Phillips 2002:20; Harrington 2009:38).

Weer eens vind ons die bekende Pauliniese uitdrukking φρονεῖν (Reinecker en Rogers 1980:560). Paulus pleit by hulle om nie net dieselfde gedagte of oortuiging te hê nie, maar om ook in hul gesindheid een te wees. Paulus pleit vir onderlinge harmonie tussen die twee, want hul optrede teenoor mekaar beïnvloed die hele gemeente. Gegewe sy liefde vir die gemeente, insluitend ook vir hulle, het dit ook 'n effek op sy blydschap! Ten einde hulle te ondersteun in die herstel van hul verhouding, beroep Paulus hom op 'n medewerker<sup>61</sup> (4:3). Gegewe dit wat hulle saam deur is en die effek wat hierdie gebeure op die gemeente het, asook sy liefde vir hulle, is dit belangrik dat die konflik opgelos word (Dickson 2003:14).

In die volgende paragraaf word gekyk na die besondere verhouding tussen Paulus en die Filippense en die invloed wat die gevangenskap op hul verhouding gehad het. Kan dit wees dat die verhouding tussen Paulus en die gemeente in Filippi ook die “verdrukking van die boeie” kon versterk?

---

<sup>61</sup> Oor die identiteit bestaan nie sekerheid nie, bloot omdat Paulus die persoon nie by name identifiseer nie. Wat wel treffend is, is die wyse waarop Paulus hierdie persoon vernoem. Hy verwys na hom as σύζυγε – iemand wat saam met jou onder 'n juk trek (Louw en Nida 189:515). Paulus wys daarop dat hulle saam met hom geveg en gearbei (συνήθλησαν) het vir die evangelie.



### 3. PAULUS VERLANG NA DIE GEMEENTE

Paulus se verlange na die gemeente in Filippi word geïnterpreteer binne die kulturele konteks van sy tyd. Synde Paulus sy skrywe gerig het aan die inwoners van Filippi is dit belangrik dat die eerste eeuse Mediterreense mens van nader bekyk word. Alhoewel daar natuurlik heelwat verskille tussen die verskillende etnies-kulturele groeperings binne hierdie streek bestaan het, kan daar tog sekere legitieme veralgemenings gemaak word<sup>62</sup>.

Die mense woonagtig in die Mediterreense wêreld<sup>63</sup> van die eerste eeu na Christus het hul menswees hoofsaaklik vanuit hul verbondenheid aan andere verstaan (Joubert 1992:165).

Vervolgens word tekste uit Filippense aan die orde gestel wat juis hierdie besondere band tussen Paulus en die Filippense uitlig. Die doelwit is om aan toon dat die verwydering tussen Paulus en sy geliefdes tog 'n bron van kommer was.

---

<sup>62</sup> Malina (1989:4) vat dit goed saam: “Our contention is that the Mediterranean is peopled by a motley kaleidoscope of very related societies that have witnessed many meaningful events, rich in zest and drama, yet whose people over long periods live by essentially the same codes, have the same ideas and beliefs and handle life crises by established patterns”.

<sup>63</sup> Malina (1993:8). “First-century Mediterraneans, for the most part, live their lives in public. Honor comes from public acknowledgement of worth.”

- Filippense 1:2

<p>ἡ χάρις ὑμῖν καὶ εἰρήνη ἀπὸ θεοῦ πατρὸς ἡμῶν καὶ κυρίου Ἰησοῦ Χριστοῦ.</p>	<p>Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus!</p>
---	---

In die tyd van Paulus het briewe 'n vaste patroon gevolg (Du Toit 1988:1-13). Eerstens is die naam van die skrywer vermeld. Tweedens is die ontvanger(s) vermeld en daarna het 'n woord van groete gevolg. Paulus maak dikwels 'n aanpassing tot hierdie gebruik deur te wys op die Goddelike oorsprong van sy apostelskap.<sup>64</sup> Louw en Nida (1977:4) verklaar die weglating van Paulus se apostelskap in die lig daarvan dat hy hierdie brief skrywe aan die gemeente wat hom die naaste aan die hart lê.

Verse 1 en 2 vorm twee aparte sinne, elk met 'n elliptiese werkwoord (Fowl 2005:15). Die Grieke het die gebruik gehad om mekaar te groet met 'n woord wat "wees bly!" beteken. Die Jode, weer, het mekaar gegroet deur mekaar vrede toe te roep (Wells 2005:34). Nie een van hierdie twee maniere om mekaar te groet was egter 'n Christelike groetwyse nie. Nou doen Paulus twee dinge: Hy kombineer die Griekse en Joodse groetwyse, maar gee daaraan 'n diep Christelike betekenis. Die Griekse groet word deur Paulus gebruik deur slegs een letter met twee ander te vervang, en daarmee gee hy 'n nuwe betekenis aan die groet (Odendaal 1980:7). Paulus gebruik nie die Griekse woord vir blydschap nie, maar χάρις – die Nuwe Testamentiese woord vir genade (1:2). Vervolgens meer oor χάρις.

<sup>64</sup> Sien Romeine 1, 2 Korintiërs, Galasiërs, Efesiërs, 1 en 2 Timoteus, en Titus.

In die algemene Griekse taal dui dit op iemand wat homself in die rigting van iemand anders draai wat niks het nie met die doel om goed te doen aan daardie persoon; dit wat vreugde bring óf as 'n bevestiging dat iets in vreugde ontvang is (Sakenfeld 2007:655-660). Dit kan ook 'n oorlogsterm impliseer deurdat 'n gewapende persoon die lewe spaar van 'n ongewapende. Dit word ook in die Ou Testament gebruik in verband met God. In laasgenoemde geval beteken dit dat God se hart in beweging kom teenoor dié wat arm, verstote en in lyding is. Paulus gebruik dit veral in terme van die verlossingswerk van God in Christus. Hy gebruik χάρις ook as 'n uitdrukking van dankbaarheid. As 'n naamwoord beteken dit om van “vreugde te straal”. In die Hebreeus vind ons 'n ekwivalent in die woord “hananu” wat beteken om 'n “guns te bewys” (Davidson 1990:608; Fowl 2005:15).

Hy skrywe aan 'n groepie dierbare vriende. Die openingsverse lê die fondament vir die hele brief: 'n persoonlike, intieme brief vol van blydskap, liefde en dankbaarheid. Paulus draai sy hart in die rigting van sy geliefde Filippense met die gesindheid van iemand wat 'n ander se lewe hoër ag as sy persoonlike gevoelens (Herrick 2001:102; Edwards 2005:207). Dieselfde gedagtegang vind ons in Filippense 1:3.

- Filippense 1:3

<sup>3</sup> Εὐχαριστῶ τῷ θεῷ μου ἐπὶ πάσῃ τῇ μνηίᾳ ὑμῶν,	Ek dank my God elke maal as ek aan julle dink
--	--

Alhoewel hy in die inleiding na Timoteus verwys het, begin hy sy danksegging in die eerste persoon enkelvoud, 'n styl wat Paulus regdeur die brief handhaaf (Sumney 2007:4). Die kernwerkwoord in die vers is Εὐχαριστῶ<sup>65</sup> (“om dank te betoon”). Paulus betoon dank aan God op 'n intieme persoonlike wyse (τῷ θεῷ μου). Hy staan alleen voor sy God! Die vraag is nou wanneer betoon hy dank teenoor God? Die gedagte is dat Paulus voortdurend in sy gebede aan die Filippense dink en dat hy nie net aan hulle dink omdat hulle vir hom geld gestuur het nie (Holloway 2001:91). Die rede vir hierdie standpunt vind ons daarin dat Paulus telkens in sy briewe die woord *μνεία* gebruik.<sup>66</sup>

Die vraag is nou of Εὐχαριστῶ gekoppel moet word aan die woorde wat direk daarna volg ἐπὶ πάσῃ τῇ μνεία ὑμῶν. Of moet dit eerder saamgelees word met die woorde in vers 5 ἐπὶ τῇ κοινωνίᾳ ὑμῶν. 'n Verdere vraag wat na vore kom, is of μετὰ χάρις ook saam met ἐπὶ πάσῃ τῇ μνεία ὑμῶν gelees moet word. Die antwoorde op hierdie vrae, sowel as hoe die leser δέησιν in vers 4 moet verstaan, kan verstaan word teen die agtergrond van Paulus se ooglopende doelwit met die gedeelte (Silva 1992:44). Paulus het deur hierdie konstruksie en die herhaling van sy verwysing na gebed die fokus geplaas op die intensiteit van sy emosies teenoor God en die Filippense (Perrotta 2002:16; Veith, Wilson en Fischer 2009:381). Die intensiteit van die verhouding tussen Paulus en die Filippense vind ook weerklank in Filippense 1:5.

---

<sup>65</sup> Wakefield (1983:318). “Thanksgiving is the expression of both faith and gratitude. Thanksgiving for all that is enjoyable in life strengthens the sense of creaturely dependance on the author of all that is good.”

<sup>66</sup> Sien ook Rom 1:9; Ef 1:16; Filem 4. In elkeen van hierdie gedeeltes word dit gebruik saam met “danksegging” en dan spesifiek in die konteks van 'n gebed of “om te onthou in gebed”.

- Filippense 1:5

<sup>5</sup> ἐπὶ τῇ κοινωνίᾳ ὑμῶν εἰς τὸ εὐαγγέλιον ἀπὸ τῆς πρώτης ἡμέρας ἄχρι τοῦ νῦν	oor julle gemeenskap aan die evangelie van die eerste dag af tot nou toe
--	--

Die woord wat ons aandag vra, is κοινωνία. Κοινωνία<sup>67</sup> word deur Louw en Nida (1987:446) soos volg omskryf: “an association involving close mutual relations and involvement”. Onderliggend is die gedagte van ’n verhouding tussen partye wat dieselfde gemeenskaplike belange en deelname tot ’n saak toon. In hierdie vers val die klem op wedersydse begrip en simpatie, tussen Paulus en die Filippense, in hul gesamentlike bediening en lyding (Barton 2002:269). Paulus se vermelding van hul gesamentlike bediening en lyding bring die leser by Filippense 1:7-8.

- Filippense 1:7-8

<sup>7</sup> καθὼς ἐστὶν δίκαιον ἐμοὶ τοῦτο φρονεῖν ὑπὲρ πάντων ὑμῶν, διὰ τὸ ἔχειν με ἐν τῇ καρδίᾳ ὑμᾶς, ἐν τε τοῖς δεσμοῖς μου καὶ ἐν τῇ ἀπολογίᾳ καὶ βεβαιώσει τοῦ εὐαγγελίου	soos dit vir my reg is om dit van julle almal te dink, omdat ek julle in my hart dra, aangesien julle almal in my boeie sowel as in die verdediging en bevestiging van die evangelie my deelgenote in die genade is, want God
---	---

<sup>67</sup> Dikwels dui dit ook op die gesindheid wat gepaard gaan met die gee van aalmoese (Vincent 1985:7).

<p>συγκοινωνούς μου τῆς χάριτος πάντας ὑμᾶς ὄντας. <sup>8</sup>μάρτυς γάρ μου ὁ θεός, ὡς ἐπιποθῶ πάντας ὑμᾶς ἐν σπλάγχνοις Χριστοῦ Ἰησοῦ.</p>	<p>is my getuie hoe ek na julle almal verlang met die innige tederheid van Jesus Christus</p>
---	---

Laat ons net eers vers 7 aan die orde stel. Wat gebeur hier? Daar is groot waardering by Paulus teenoor die Filippense vir hul volgehoue ondersteuning aan hom. Die bewys dat hulle sal voortgaan om hom te ondersteun, vind Paulus in die sigbare bewyse wat hul lewe bied (Holloway 2001:91; Saunders 2001:10). Daar bestaan by hom geen rede om te twyfel in hul volgehoue ondersteuning nie (καθώς ἐστὶν δίκαιον ἐμοὶ τοῦτο φρονεῖν)

Καθώς verskaf die rede waarom Paulus so 'n innige gevoel vir die Filippense het. Δίκαιον<sup>68</sup> dui op die regte (morele) verhouding tussen God en mens, met ander woorde die regte ding om voor God te doen, is om voortdurend met die regte gesindheid teenoor hulle te leef (φρονεῖν). Die rede waarom Paulus voortdurend aan hulle dink, soos wat God dit van hom verwag, is omdat hy διὰ τὸ ἔχειν με ἐν τῇ καρδίᾳ ὑμᾶς. Dit is nie omdat hulle hom in die hart dra nie – soos verbied deur die orde van die woorde in die sin nie – maar omdat hy 'n innige persoonlike liefde vir hulle het as sy medewerkers in die bevordering van die evangelie (O'Brien 1991:65; Smith 2004:72; Enberg-Pederson 2000:111). Paulus dra die Filippense in die hart! Paulus se intense liefde vir die Filippense bereik 'n verdere hoogtepunt in vers 8. Meer oor ἐπιποθῶ.

<sup>68</sup> Von Allmen (1958:374). “The righteousness is not internal or spiritual; it is always understood as a concrete, human, historic way of life.”

Slegs in Fil 1:8 ἐπιποθῶ<sup>69</sup> verwys hy na spesifieke individue (Silva 1992:54). Silva (1992:55) wys ook daarop dat Paulus een van die mees ekspressiewe uitdrukkings gebruik, naamlik σπλάγχνοις. Σπλάγχνα dui op die hart, lewer en die longe (Renn 2005:554). Laasgenoemde word in die Griekse taal beskou as die meer edel organe en word gesamentlik beskou as die setel van menslike emosies, gevoelens en passie. Dit is veral vrees en woede wat in hierdie organe setel. Dat Paulus hierdie gedagte kombineer met Χριστοῦ Ἰησοῦ verleen aan die uitdrukking 'n baie interessante kinkel. Wat Paulus aan sy lesers wil deurgee, is dat sy intense gevoelens jeens die Filippense so deurtrek is en beïnvloed is deur Jesus Christus dat dit in werklikheid Christus is wat hulle in en deur hom liefhet! Bykans dieselfde innige erkenning oor sy besondere liefde vir die gemeente in Filippense vind ons in Filippense 1:12.

- Filippense 1:12

<sup>12</sup> Γινώσκειν δὲ ὑμᾶς βούλομαι, ἀδελφοί, ὅτι τὰ κατ' ἐμὲ μᾶλλον εἰς προκοπὴν τοῦ εὐαγγελίου ἐλήλυθεν,	En ek wil hê dat julle moet weet, broeders, dat wat my wederveraar het, eerder op bevordering van die evangelie uitgeloop het, <sup>70</sup>
---	--

<sup>69</sup> ἐπιποθῶ is ook deur Paulus in Rom 1:11; 1 Tess 3:6,2 en 2 Tim 1:4 gebruik. In daardie gedeeltes het dit gedui op sy begeerte om die ontvangers van die brief weer te sien.

<sup>70</sup> Hawthorne (1983:41). Die woorde in 1:12 (En ek wil hê dat julle moet weet) is baie uniek in die werk van Paulus en word as 'n oorgangskakel tussen die inleidende gedeelte en die inhoudelike van die brief aangewend.

Hawthorne (1983:41) wys daarop dat hierdie formulering die aandag van die ontvangers fokus op onder andere die veiligheid, aktiwiteit en gevoelens van die sender. Paulus gebruik hierdie formule juis om persoonlike inligting rakende homself en die vooruitgang van sy taak deur te gee. Paulus wil hiermee die aandag fokus op die belangrikheid van dit wat volg. Die intens persoonlike aard waarmee Paulus homself met die Filippense assosieer, word bevestig in die uitdrukking ἀδελφοί – sien ook 3:1 en 4:1,8 (Achtemeier 1985:157).

Paulus spreek die lesers aan as “my broers”<sup>71</sup>. Die strekking van “broers” moet wyer gelees word as net ’n gevoelvolle aanspreekvorm. Die term moet gelees word teen die agtergrond van ’n familie (Louw en Nida 1989:118). Volgens Louw en Nida verwys ἀδελφοί na man(s) wat dieselfde vader en moeder het as die persoon na wie verwys word. Die Filippense is sy broers en susters in die Here. Paulus en die Filippense behoort tot dieselfde geestelike familie. God is beide se pa en Christus is beide se broer.

- Filippense 2:19

<sup>19</sup> Ἐλπίζω δὲ ἐν κυρίῳ Ἰησοῦ Τιμόθεον ταχέως πέμψαι ὑμῖν, ἵνα καὶ γὰρ εὐψυχῶ γνοῦς τὰ περὶ ὑμῶν.	En ek hoop in die Here Jesus om Timótheüs gou na julle te stuur, sodat ek ook welgemoed kan wees as ek julle omstandighede te wete gekom het
--	---

Dit is duidelik uit ἵνα καὶ γὰρ εὐψυχῶ γνοῦς τὰ περὶ ὑμῶν dat Paulus vir Timoteus stuur omdat goeie nuus oor die Filippense hom baie blydskap sal gee en dat goeie nuus oor homself ook die Filippense sal opbeur (Martin 1976:126).

<sup>71</sup> Dieselfde aanspreekvorm vind ons in Filippense 3:1 en 4:1.



#### 4. PAULUS SE APOSTELSKAP BRING ONTBERING

- Filippense 1:21-24

<p><sup>21</sup>ἐμοὶ γὰρ τὸ ζῆν Χριστὸς καὶ τὸ ἀποθανεῖν κέρδος. <sup>22</sup>εἰ δὲ τὸ ζῆν ἐν σαρκί, τοῦτό μοι καρπὸς ἔργου: καὶ τί αἰρήσομαι οὐ γνωρίζω. <sup>23</sup>συνέχομαι δὲ ἐκ τῶν δύο, τὴν ἐπιθυμίαν ἔχων εἰς τὸ ἀναλῦσαι καὶ σὺν Χριστῷ εἶναι, πολλῶ [γὰρ] μᾶλλον κρεῖσσον: <sup>24</sup>τὸ δὲ ἐπιμένειν [ἐν] τῇ σαρκὶ ἀναγκαιότερον δι' ὑμᾶς.</p>	<p>Maar as ek in die vlees moet lewe, dan beteken dit vir my vrugbare arbeid; en wat ek sal kies, weet ek nie. Want ek word van weerskante gedring: ek het verlangte om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste</p>
--	--

Die woorde in 1:21-24 fokus op die gedagtes van “dood en lewe”<sup>72</sup>. Paulus se innerlike stryd aangaande “lewe en dood” is nie noodwendig die gevolg van sy gevangenskap nie, maar moet dalk eerder gesien word teen die lig van jare se stryd en strewe vir die evangelie van Jesus Christus (Egger 1985:55). Sy talle ontberings vir die evangelie het hom geleer om nuut te dink oor die lewe en die dood. Die uiteinde van hierdie innerlike stryd vind ons in 1:24 wanneer Paulus ’n oproep doen tot ’n lewe van diens aan ander. Die ἐμοὶ (1:21) is Paulus se manier om klem te lê daarop dat wat volgende oor die lewe en die dood gespreek word, sy persoonlike standpunt is (Glenn 2006:78).

<sup>72</sup> Reumann (2008:247) verwys na hierdie woorde as “Paul’s agitated state”. Paulus se eie waarde as apostel was ook onder druk vanuit die geleedere van die Griekssprekendes.

Wat beteken die uitdrukking τὸ ζῆν Χριστὸς? Hawthorne (1983:45; Harrington 2009:67) is dit eens dat Paulus nie net na Jesus as die oorsprong van die lewe of die geestelike lewe verwys nie. Paulus verwys ook nie net daarna dat Jesus sy lewe is nie, met ander woorde dat Jesus in hom lewe nie. Dit gaan ook nie net daarom om te sê Jesus lewe saam met hom nie. Die skrywer is van mening dat die leser moet beseef dat Paulus al hierdie gedagtes saamgevoeg het en die klem anders wil plaas, naamlik om te sê “life means Christ”. Christus is die somtotaal van die lewe in sy volheid. Alles<sup>73</sup> wat Paulus dink, voel en doen word deur Christus geïnspireer en wat hy doen, doen hy vir Christus.

Dat Christus die lewe in sy volheid vir Paulus is, beteken nie dat hy nie sou swaarkry vir die evangelie nie. Om die waarheid te sê, Paulus se stryd en strewe vir die evangelie van Christus het hom die volgende woorde laat uiter: καὶ τί αἰρήσομαι οὐ γνωρίζω. Hierdie woorde wys vir ons op die innerlike menslike stryd waarmee Paulus gekonfronteer was<sup>74</sup>. Die vraag wat nou ontstaan, is as hierdie woorde van Paulus die woorde is van ’n doodgewone mens wat begeer om verlos te word van die daaglikse stryd en strewe, hoe moet ons dit verstaan

---

<sup>73</sup> Hawthorne (1983:45) stel dit soos volg: “Overpowered by Christ on the Damascus Road and overwhelmed by his majesty and love and goodness and forgiveness, Paul can see no reason for being except to be ‘for Christ’”.

<sup>74</sup> Ellis (1989:149) maak die volgende stelling oor die persepsie wat die Griekssprekendes oor Paulus se apostelskap sou gehad het: “Further difficulties in supposing that Paul was generally accorded the status of a rhetorician are (1) his own poor abilities as a speaker and (2) the usual limitation of his diaspora preaching to the context of the (Jewish or Christian) synagogue. Jeered at Athens, thought to be quite crazy at Caesarea and losing his audience in Jerusalem and on other occasions. Paul is not represented by Acts as much of an orator, and he himself admits as much (Acts 17:32; 26:24; 20:9; 22:22).

in terme van sy woorde *σὺν Χριστῷ εἶναι*? Wat maak hom dan anders as al die ander nie-Christene om hom?

Reumann (2008:248) werp lig as hy Paulus se gedagtes oor die dood soos volg opsom: “For if for me life is nothing other than the risen Jesus, then on the one hand sacrifice of life is no loss at all, but a win-situation”. Paulus was vas oortuig dat die lewende verhouding tussen Christus en hom ook in die aktiewe dood<sup>75</sup> sou bestaan, daarom lees ons die volgende in 1:23 *συνέχομαι δὲ ἐκ τῶν δύο, τὴν ἐπιθυμίαν ἔχων εἰς τὸ ἀναλῦσαι καὶ σὺν Χριστῷ εἶναι*.

In die tyd van Paulus het die nie-Christen ook die dood gesien as ’n verlossing van die aardse stryd en strewe<sup>76</sup>, maar vir Paulus was daar in die dood ’n voortsetting van die lewende verhouding met Christus. Die lewe in Christus word dus nie deur die dood vernietig nie, maar wel verryk. In die lig van laasgenoemde is dit te verstane dat Paulus *τὸ ἀποθανεῖν* en *κέρδος* in dieselfde sin gebruik (Ridderbos 1975:498-499).

Alhoewel Paulus nuut dink oor die dood en die lewe, lees ons in 1:22 *οὐ γνωρίζω*. Die betekenis van laasgenoemde is “om openbaar te maak” of “om bekend te maak” (Renn 2005:570). Die keuse hiervan wys vir ons op die dilemma waarmee Paulus gekonfronteer word. Wat Paulus wou sê, is dat hy nie

---

<sup>75</sup> Ridderbos (1962:277): “In Christ, the king of the kingdom, is perfect bliss. He is the salvation of his disciples already when they have to leave this life, even though the great dawn of his coming and of the resurrection of the dead have not yet arrived. Nothing, not even death, can separate them from his love”.

<sup>76</sup> Ryken, Wilhoit en Longman (1998:198): “In the Ancient Near Eastern world, death was called ‘the land of no return’ and was viewed as an inescapable underworld. Those who descend into this subterranean are cut off from God’s mighty deeds and from the worshipping community.”

sal waag om sy keuse bekend te maak nie, maar hy sal die besluit in die hande van God laat. Die intense aard van sy stryd word verder omskryf deur die beeldryke uitdrukking (1:23) συνέχομαι δὲ ἐκ τῶν δύο. Die woord συνέχομαι, beskrywe 'n individu wat aan weerskante deur twee mure omsluit word (Luk 8:45) of 'n stad wat deur 'n vyand omsingel is (Ernest 1994:337). Dieselfde term kan ook verwys na iemand wat gebukkend gaan onder intense pyn of smart (Job 3:24). Baie interessant is die enigste ander keer dat Paulus dieselfde woord gebruik in 2 Kor 5:15, wanneer hy daarna verwys dat hy omsluit is deur God se liefde (Hawthorne 1983:47). Wat ons waarneem, is dat Paulus van twee kante deur hierdie twee begeertes<sup>77</sup> gedruk word (δὲ ἐκ τῶν δύο).

Die een begeerte is om by Christus te wees en die ander begeerte is vir die lewe. Alhoewel ἀναλῦσαι nie na die dood verwys nie, maar wel na 'n boot wat sy anker lig en wegseil, 'n weermag wat tent opbreek en vertrek of na die oplossing vir 'n ingewikkelde probleem, is die intonasie duidelik (Kittel 1967:328). Paulus begeer om uit hierdie lewe te vertrek en om te καὶ σὺν Χριστῷ εἶναι. Wat hy moet besluit, is vir hom moeilik, maar in 1:24 gee hy die rede vir sy besluit. Die Filippense het hom nodig (Verhoef 1998:32).

- Filippense 2:17

<sup>17</sup> ἀλλὰ εἰ καὶ σπένδομαι ἐπὶ τῇ θυσίᾳ καὶ λειτουργίᾳ τῆς πίστεως ὑμῶν, χαίρω καὶ συγχαίρω πᾶσιν ὑμῖν:	Maar al word ek as 'n drankoffer uitgegiet oor die offer en bediening van julle geloof, verbly ek my, ja, verbly ek my saam met julle almal
--	---

<sup>77</sup> Hawthorne (1983:51) wys op die volgende: “Both desires are equally balanced grammatically by their respective comparative expression”.

In vers 17 spreek Paulus homself uit oor die uiteinde van sy lewe. Hy verwys in sy beeldspraak na *σπένδομαι* – drankoffer (Trenchard 1992:102). Dit gaan eerstens oor die Filippense se offer van gehoorsaamheid en dankbaarheid wat hulle aan God bring. Tweedens verwys Paulus na sy eie lewe wat as 'n offer uitgegiet word. Die gehoorsaamheid van die Filippense is hul offer van dankbaarheid (*θυσία*) wat hulle in hierdie wêreld aan God bring. Hul inspanning en volharding, ten einde hul offer van gehoorsaamheid te bring, is tempeldiens (*λειτουργία*). Paulus is die priester wat die Filippense begelei op die pad van geloof om hul offer van gehoorsaamheid te kan bring.

Paulus verskuif nou die fokus na sy eie lewe as drankoffer (*σπένδομα*<sup>78</sup>). Die vraag wat nou ontstaan, is of Paulus hier verwys na sy eie marteldood al dan nie? Dit is onwaarskynlik dat Paulus hier verwys na sy eie moontlike marteldood<sup>79</sup>. Paulus verwys hier na sy eie ervarings as 'n apostel van Christus. Die mate waarin hy ly vir die evangelie en vir die behoud en inspirasie van die Filippense se geloof, is vir Paulus die seël op sy eie lewe as 'n offer in diens van God en die koninkryk van God. Soos wat Christus in gehoorsaamheid homself as 'n drankoffer uitgegiet het (Filippense 2:6-11), doen Paulus dit ook (Fowl 2005:116). Paulus se opofferings en dié van die Filippense vorm 'n gesamentlike gawe vir God (Aageson 2008:77).

---

<sup>78</sup> Die drankoffer was 'n algemene religieuse praktyk binne die Joodse en Griekse aanbidding. Die drankoffer is gewoonlik op die grond voor die godheid uitgegooi en het gewoonlik die daaglikse offerrituele afgesluit.

<sup>79</sup> Martin (1976:149) motiveer dat Paulus heel moontlik nie na sy eie marteldood verwys nie omdat (1) die gedagte van drankoffer saam met die ervaring van blydschap gebruik word; (2) om 'n drankoffer te bring nooit in die Griekse Bybel of in die Hellenistiese wêreld die gebruik van bloed as 'n offer ingesluit het nie; en (3) die werkwoord *σπένδομαι* in die teenswoordige tyd is en die apostel se huidige ervaring beskrywe.

- Filippense 3:18

<sup>18</sup> πολλοὶ γὰρ περιπατοῦσιν οὐς πολλάκις ἔλεγον ὑμῖν, νῦν δὲ καὶ κλαίων λέγω, τοὺς ἐχθροὺς τοῦ σταυροῦ τοῦ Χριστοῦ,	Want baie – van wie ek julle dit dikwels gesê het en nou ook onder tranesê – wandel as vyande van die kruis van Christus.
--	--

Filippense 3:18 word gelees binne die konteks van Filippense 3:17-21. Weer eens stel Paulus 'n navolgenswaardige model vir die Christelike lewe (hou in gedagte die voorbeeld van Christus in 2:5-11; Timoteus in 2:19-24 en dié van Epafroditus in 2:25-30). Die oproep tot die Christelike lewe word onmiddellik opgevolg tot die opdrag om Paulus se voorbeeld te volg (3:17). Volgens O'Brien (1991:443) is daar geen grammatikale verband tussen 3:17 en die voorafgaande gedeelte nie, maar opvallend is die verwysing na ἀδελφοί ("broeders"). Die gebruik van die uitdrukking "broeders" kan beskou word as 'n taalkundige aanduiding dat Paulus vars idees gaan opper. Die interessante is egter dat wanneer gelet word op die inhoud van wat volg, dit nou aansluit by dit waarna reeds in die brief verwys is, soos byvoorbeeld (1) die aanmoediging tot die regte optrede (περιπατοῦσιν) was 'n logiese uitvloeisel uit die voorafgaande slotsom (στοιχεῖν v.16); (2) die aanbieding van homself (Paulus) as 'n rolmodel voorveronderstel dat die Filippense bewus was van sy gedrag en ook sy intens persoonlike aanslag in vv.12-16 (of selfs in vv.8-11); en (3) die verwysing na homself as τοῦτο is heel waarskynlik in aansluiting tot dit wat reeds in vv.15-16 uitgelig is en verskaf ook 'n belangrike oorgang na vv.18-21. Paulus lê sy hart bloot voor sy vriende. Waar hy hulle voorheen uitgedaag het om die voorbeeld van Jesus Christus (2:5-11) te volg, dring Paulus nou daarop aan dat hulle sy en

andere se voorbeeld volg<sup>80</sup>. Paulus is maar alte bewus van sinistere en destruktiewe kragte wat hulself op die Filippense afdwing (v.18).

Meegaande is 'n dringende oproep tot die Filippense, want baie ander, wat 'n potensiële gevaar vir die Filippense inhou, het deur hul voorbeeld die voorbeeld van Paulus gekontrasteer. In hul gedrag het hulle die inhoud van die kruis van Jesus Christus heeltetal verwerp (v.18). Wanneer Paulus na hierdie persone verwys, is dit nie nuut nie, maar hy waarsku hulle weer eens  $\nu\bar{\nu}\nu \delta\epsilon\grave{\iota}$ , maar in hierdie geval is dit met intense hartseer  $\kappa\lambda\alpha\acute{\iota}\omega\nu$  (Mounce 1993:282). 'n Hartseer vanweë die verwrongendheid van die vyande se karakter, maar ook die gevaar wat hulle inhou vir die gemeente van Filippense.

## 5. GEVOLGTREKKING

Die doelwit met hierdie hoofstuk is om aan te toon dat Paulus blootgestel was aan stressors. Hierdie stressors word deur Bergh en Theron (2004:399) in drie groepe gekategoriseer, naamlik frustrasie, konflik en druk. In die toepassing van die kategorieë van stressors is dit belangrik om in gedagte te hou dat Bergh en Theron (2004:401) daarop wys dat die intensiteit van die kategorieë van stres in direkte verband staan tot tydsduur, die opeenvolging van gebeure asook die belangrikheid van gebeure. Hiermee saam is die persepsie van die persoon oor die gebeure asook die interne ingesteldheid (byvoorbeeld positiwiteit) en eksterne bronne (byvoorbeeld die nabyheid van geliefdes) relevant. Indien die eksegetiese resultate in hierdie hoofstuk binne die genoemde kategorieë geplaas word, is dit soos volg:

---

<sup>80</sup> Wakefield (1983:319): "More is required of a preacher than acceptable words; constant example is of immense importance."

<b>KATEGORIEË VAN STRES IN FILIPPENSE</b>		
<b>KATEGORIE</b>	<b>EKSEGETIESE SITUASIE</b>	<b>TEKSVERWYSING</b>
<b>FRUSTRASIE</b>	Paulus in die tronk	1:12-14
	Gemeentelike eenheid bedreig	3:2; 4:2
	Paulus geïsoleer van sy geliefdes	1:2,3,5,7-8; 1:19; 3:18
<b>KONFLIK</b>	Paulus worstel oor die lewe en die dood	1:21-24; 2:17
<b>DRUK</b>	Sommige preek Christus uit afguns en ander wil die kern van evangelie skend deur die besnydenis	1:15-17; 3:2

Ten einde reg te laat geskied aan die gevolgtrekking, is dit belangrik om daarop te let dat Paulus deel uitgemaak het van 'n tydsges wat nie individualisties was nie. Paulus en sy tydsgenote was by uitstek groepsense (Malina en Neyrey 1996:101-152). Uit die voorafgaande paragrawe is dit duidelik dat Paulus homself in uiters moeilike omstandighede bevind het. Hy kon so maklik moed verloor het en sy rug op die evangelie en die gemeente van Filippi gedraai het. Die vraag is nou, word die motief van blydschap in Filippense verklaar te midde van die eksterne stressors?



## **HOOFSTUK 5**

### **LOJALITEIT BINNE DIE “FICTIVE KINSHIP”**

#### **Inleiding**

In die voorafgaande hoofstuk is aandag geskenk aan die eksterne stressors in Filippense. Gegewe hierdie eksterne stressors sou dit te verstane wees as hy moedeloos was en selfs besluit het om die apostelskap te verlaat en in die proses die rug op die Filippense te keer. Die vraag is hoekom het Paulus dit nie gedoen nie? Die deug van lojaliteit het Paulus heel moontlik bemagtig. Lojaliteit by sy kollegas, die gemeente in Filippense asook by God. Dit is die oogmerk van hierdie hoofstuk om aan te toon dat die lojaliteit, soos vergestalt deur die “fictive kinship”, Paulus bemagtig het.

#### **1. LOJALITEIT AS DEUG BINNE DIE “FICTIVE KINSHIP”**

Brown (2003:204) is van mening dat die mees uitstaande kenmerk van die antieke Mediterreense familie lojaliteit tot mekaar was. Beide die “fictive family” asook die tradisionele familie se eer het daarin gelê, om soos Brown dit stel, “to stay connected”. Malina en Neyrey (1996:160) omskryf die “fictive family” soos volg: “Fictive family’ in antiquity designates a group that has a structure and many of the values of the patriarchal family: a central person who is like a father, with members who treat each other as siblings.” Harland (2003:30-33) plaas “fictive kinship” binne ’n groter konteks as hy vermeld dat dieselfde begrip ook voorkom in die Tanakh, die Tempelliteratuur as in antieke Grieks, en Romeinse

literatuur<sup>81</sup>. Die gedagte van 'n familie of huishouding verskil radikaal van die konsep huishouding of familie soos te vinde binne die leefwêreld van die moderne leser (Poter 2008:204). Dit verskil in die sin dat dit 'n wye groepering van persone behels, soos onder andere verlangse familieledede, slawe en hul families asook ander werknemers. Daar was ook huishoudings wat saamgestel is uit gemeenskaplike belange<sup>82</sup> soos tussen politieke vennote, medesoldate, godsdienstige groeperings en sakevennote.

Paulus het juis hierdie lojaliteit ervaar terwyl hy in die tronk was. Waaraan kan hierdie besondere ervaring van lojaliteit tussen Paulus en die Filippense toegeskryf word? Binne die kader van die Christelike godsdiens leef die gelowige vanuit 'n alternatiewe verhoudingsnetwerk met God as die Vader, Christus as die oudste Broer en medegelowiges as broers en susters in die Here. Hierdie alternatiewe verhoudingsnetwerk kan omskryf word as die sogenaamde “fictive kinship” (Horrell 1999:353). Die begrip “kinship” dui op familie en “fictive” impliseer dat persone buite die bloedlyne van familie gehanteer word asof hulle volwaardig deel is van die familie (Achtemeier, Green en Thompson 2001:47). Toegepas op die Christengemeenskap in die Nuwe Testament is dit belangrik om daarop te let dat Jesus Christus die mense van sy tyd uitgedaag het om deel te word van sy “fictive kinship” deur hul kruis op te neem en Hom te volg (Crook 2004:68; Neyrey en Stewart 2008:96). Die kruis was 'n metafoor vir die negatiewe – fisiek sowel as sosiaal-maatskaplik. Die lyding in hierdie “kruis opneem en Jesus volg” was daarin opgesluit dat persone hul eie huishouding verlaat het en hulle aangesluit het by die “fictive kinship” van Jesus Christus. Eer in die oë van Christus, maar skaamte in die oë van die persoonlike familie (Neyrey en Stewart 2008:96). Gehoorsaamheid aan hierdie uitnodiging tot Jesus se “fictive family” het gemaak dat Paulus lojaliteit ervaar het in sy “fictive kinship”. Die eksponente van hierdie “fictive kinship” binne die kader van Filippense is

---

<sup>81</sup> Sien Hartin (2009:32).

<sup>82</sup> Sien Harland (2003:30-33).

God die Vader, Christus sy oudste Broer, die Heilige Gees as God in Paulus, en die gemeente en medewerkers as broers en susters in die Here.

Laasgenoemde opmerking is van die uiterste belang vir die lees van die brief aan die Filippense, omdat Paulus agt keer die term ἀδελφὸς gebruik (sien Filippense 1:14; 2:25; 3:1,13,17; 4:1,8,21). Die gebruik hiervan impliseer dat Paulus almal broers en susters van mekaar maak – die sogenaamde “fictive kinship”. Vervolgens meer oor die impak van die sogenaamde “fictive kinship” binne die skrywe van Paulus aan die Filippense.

Toegepas op Paulus, is Porter (2008:203) van mening dat Paulus telkens na mede-Christene verwys in “kinship”-terminologie –“referring to people who are not related to each other by other family ties, such as birth or legal adoption”. Paulus plaas ook medewerkers binne die “kinship”-kategorie (sien Filippense 2:25). Dieselfde beginsel geld egter nie wanneer Paulus verwys na nie-Christene. Die nie-Christen of teenstanders van die Christelike geloof word deur Paulus uitgesluit in sy gebruik van “fictive kinship” (Porter 2005:66). Belangrik net is dat Porter (2005:66) die standpunt huldig dat wanneer Paulus die term “fictive kinship” gebruik, hy eksklusief daarmee omgaan en slegs medegelowiges hierby insluit. Dat Paulus slegs medegelowiges ingesluit het in sy verstaan van “fictive kinship” beteken nie dat hy dit as ’n uitsluitlik Christelike verskynsel beskou het nie. Porter (2005:67) maak die stelling dat Paulus byvoorbeeld na die “fictive kinship” van die teenstanders van die Christelike geloof verwys het as “pseudo”. Die terminologie wat deur Paulus in Filippense aangewend word om hierdie “fictive kinship” te bevestig, word opgesluit in die aanspreekvorm ἀδελφὸς.

Louw en Nida (1989:125) kategoriseer ἀδελφὸς binne twee semantiese velde: (1) “kinship relations of the same generation (10.49-10.52)”, en (2) “groups and classes of persons and members of such group and classes (11.12-11.54)”. Binne die eerste kategorie (“kinship relations of the same generation”) omskryf Louw en Nida ἀδελφὸς soos volg: “a male having the same father and mother as

the reference person – brother”. Belangrik vir die toepassing van hierdie begrip deur die lens van die moderne leser (leser voor die teks) is dat die meervoudsvorm van ἀδελφός ook kan dui op “susters”. ἀδελφοί word figuurlik gesproke aangewend as ’n aanduiding van Jesus se volgelinge (Louw en Nida 1989:118). Die tweede semantiese veld waarbinne Louw en Nida ἀδελφός plaas, word soos volg omskryf: “a close associate of a group of persons having a well-defined membership – fellow believers, in Christ.”

Die slotsom waartoe die skrywe kom, is dat Paulus sy “fictive kinship” fundeer in die “fictive kinship” van Jesus Christus, waarbinne ras, herkoms en politieke verbintenisse nie ’n faktor was nie, behalwe die “fictive kinship” in Jesus Christus (Wiley 2005:141). Wat in effek gebeur het deur Paulus se verwysing na die Filippense en sy medewerkers as broers was die volgende: “old ties of kinship were dissolved, and a new, fictive kinship was established. This all seemed terribly subversive to the basic institutions of society” (Elliot 2005:196).

## 2. LOJALE MEDEWERKERS

Die medewerkers van Paulus word in sy werke aangedui as die sogenaamde συνεργός en die groep word saamgestel daaruit dat hulle volgens Paulus fokus op ’n gemeenskaplike εἶργον (Peerbolte 2003:110). Hulle was afgevaardigdes uit die Pauliniese gemeentes wat hom in sy sendingtaak ondersteun het. Hierdie medewerkers is deur die gemeentes slegs vir ’n beperkte tydskuur uitgestuur. Volgens Peerbolte (2003:111) het hierdie medewerkers die ruggraat gevorm van Paulus se bediening<sup>83</sup>. Die proses waarvolgens Paulus sy sendingtaak vervul het, staan bekend as die sogenaamde “Sentripetal mission” oftewel

---

<sup>83</sup> Peerbolte (2003:111) haal Ollrog soos volg aan: “This system formed the core of the Pauline mission”.

“Zentrumsmission” (Peerbolte 2003:111). Dit het so gewerk: Paulus het hom gevestig in ’n bepaalde dorp of stad. Daar het hy vir hom ’n werk gekry en het van bestaande sosiale netwerke gebruik gemaak. Wanneer ’n gemeente gestig is, het hy aanbeweeg na die volgende dorp of stad. Paulus het sy sendingwerk binne spanverband verrig en daarom is dit te verstane dat sy medewerkers vir hom ’n belangrike skakel van bemoediging was. Vervolgens meer oor Paulus se medewerkers soos vermeld in Filippense.

In sy skrywe aan die Filippense verwys Paulus na Timoteus (Filippense 1:1 2:19-23, 4:3), Epafroditus (Filippense 2:25) asook Klemens (Filippense 4:3) en die “ander mede-arbeiders wie se name in die boek van die lewe is”. Die vraag is tot welke mate was hierdie “mede-arbeiders” vir Paulus ’n bron van bemoediging (vgl. Peerbolte 2003:203-257).

## 2.1. Timoteus

- Filippense 1:1

<sup>1</sup> Παῦλος καὶ Τιμόθεος δούλοι Χριστοῦ Ἰησοῦ πᾶσιν τοῖς ἁγίοις ἐν Χριστῶ Ἰησοῦ τοῖς οὖσιν ἐν Φιλίπποις σὺν ἐπισκόποις καὶ διακόνοις:	Paulus en Timótheüs, diensknegte van Jesus Christus, aan al die heiliges in Christus Jesus wat in Filíppi is, saam met die opsieners en diakens:
--	---

Timoteus beteken in Grieks “ere aan God” (Brownrigg 1971:437). Paulus en Timoteus was kollegas en broers in die Here vir ongeveer 17 jaar (Phillips 2002:106; Malina 2008:156). Timoteus het by Paulus aangesluit ten tyde van sy

tweede sendingreis. Hy was 'n boorling van Listra<sup>84</sup>, 'n dorpie wat twee keer deur Paulus en Barnabas besoek is (Viola 2005:94; Wiersbe 2007:367). Met Paulus se eerste besoek aan Listra is hy gestenig en vir dood agtergelaat. Daar kon dus geen twyfel by Timoteus bestaan oor die prys van apostelskap nie. 'n Aantal jare later, toe Paulus en Silas terugkeer na Listra, was Timoteus reeds 'n gerespekteerde lid van die Christelike gemeente. Aan die einde van Paulus se derde sendingreis was Timoteus deel van die groot groep apostels wat saam met Paulus nagmaal in Troas gevier het (Alexander 1973:669; Malina 2008:48).

Wat Timoteus se karakter betref, word hy deur Brownrigg (1971:437) as skaam en teruggetrokke beskrywe (1 Kor 16:10,11). Nieteenstaande Timoteus se oënskynlike teruggetrokkenheid het Paulus aan hom opdrag gegee om die Korintiërs, sowel as die gemeente in Tessalonika (1 Tess 3:2,3), te bemoedig in hul toewyding aan Paulus en in hul geloof. Paulus het Timoteus ook bo almal vertrou vir die pastorale versorging en ook die hantering van moeilike gemeentelike situasies. Toe Paulus in die tronk was, was dit juis Timoteus aan wie Paulus die opdrag gegee het om na die Filippense te gaan (Fil 2:19-22). Alhoewel Timoteus se gesondheid hom in die steek gelaat het (1 Tim.5:23), het hy nietemin met groot ywer Paulus se opdragte uitgevoer (Fowl 2005:132).

Eusebius, die biskop van Sesiria (400 n.C.), het aangeteken dat Timoteus die eerste biskop van Efese geword het. Dit is dan ook hier in Efese waar Timoteus 'n marteldood gesterf het (22 Januarie 97 n.C.) weens sy protestering tydens 'n fees ter ere van die godin Diana (Reicke en Rost 1970:258). Timoteus was 'n ware vertroueling, kampvegter en broer in die Here vir Paulus. In die lig van die voorafgaande is dit te verstane dat sy ondersteuning vir Paulus 'n bron van inspirasie was. Moisés Silva (1992:38) bevestig hul broederskap as hy vermeld

---

<sup>84</sup> Laney (1988:223). "The town lay in a small valley watered by a stream flowing to the east. Lystra had once been a military outpost of Rome but declined in population and importance after the area was subdued."

dat die vermelding van Timoteus (Fil 1:1) nie 'n blote teken van goedhartigheid teenoor Timoteus impliseer nie. Deur hul name te kombineer, beklemtoon Paulus dit dat Timoteus staan vir dieselfde waardes as hy.

Die effek wat Timoteus se kollegaskap op Paulus gehad het, word uitgelig in Filippense 2:19-24.

- Filippense 2:19-24

<p><sup>19</sup>Ἐλπίζω δὲ ἐν κυρίῳ Ἰησοῦ Τιμόθεον ταχέως πέμψαι ὑμῖν, ἵνα καὶ γὰρ εὐψυχῶ γνοῦς τὰ περὶ ὑμῶν. <sup>20</sup>οὐδένα γὰρ ἔχω ἰσόψυχον ὅστις γνησίως τὰ περὶ ὑμῶν μεριμνήσει, <sup>21</sup>οἱ πάντες γὰρ τὰ ἑαυτῶν ζητοῦσιν, οὐ τὰ Ἰησοῦ Χριστοῦ. <sup>22</sup>τὴν δὲ δοκιμὴν αὐτοῦ γινώσκετε, ὅτι ὡς πατρὶ τέκνον σὺν ἐμοὶ ἐδούλευσεν εἰς τὸ εὐαγγέλιον. <sup>23</sup>τοῦτον μὲν οὖν ἐλπίζω πέμψαι ὡς ἂν ἀφίδω τὰ περὶ ἐμὲ ἐξαυτῆς: <sup>24</sup>πέποιθα δὲ ἐν κυρίῳ ὅτι καὶ αὐτὸς ταχέως ἐλεύσομαι.</p>	<p>En ek hoop in die Here Jesus om Timótheüs gou na julle te stuur, sodat ek ook welgemoed kan wees as ek julle omstandighede te wete gekom het. Want ek het niemand van dieselfde gesindheid wat julle belange opreg sal behartig nie; want hulle soek almal hul eie belange, nie die van Christus nie. Maar julle ken sy beproefdheid, dat hy, soos 'n kind teenoor sy vader, saam met my in die evangelie gedien het. Ek hoop dan om hom dadelik te stuur, so gou as ek sien hoe dit met my sal gaan; en ek vertrou in die Here dat ek self spoedig sal kom.</p>
--	---

Dat Paulus in die tronk was, het gemaak dat hy nie self na die Filippense kon reis nie en hy het sy getroue kollega Timoteus gestuur. Paulus stuur Timoteus om veral twee redes na die Filippense: (1) Paulus sal self bemoedig word deur goeie

nuus van die Filippense te kry en (2) die Filippense sal op hul beurt weer bemoedig word deur nuus van Paulus te kry. Volgens O'Brien (1991:317) is εὐψυχῶ ("om bly te wees", "om moed te hê") 'n uiters skaars uitdrukking. Om die waarheid te sê, dit word slegs een keer in die Nuwe Testament aangetref. Volgens die Hellenistiese gebruik is dit dikwels op grafstene gegraveer en as 'n uitdrukking van medelye gebruik met die bedoeling van "be it well with your soul". In Fil 2:19 is die betekenis "om bemoedig te word"<sup>85</sup>. Paulus het geleef met die oortuiging dat hy nog sou lewe wanneer Timoteus terugkeer en sou daarom bemoedig word deur goeie nuus uit die gemeente. Timoteus, sy broer in die Here, was vir Paulus 'n bron van bemoediging (Barclay 2003:56; Nicholis 2009:181).

## 2.2. Epafroditus

- Filippense 2:25

<sup>25</sup> Ἀναγκαῖον δὲ ἠγησάμην Ἐπαφρόδιτον τὸν ἀδελφὸν καὶ συνεργὸν καὶ συστρατιώτην μου, ὑμῶν δὲ ἀπόστολον καὶ λειτουργὸν τῆς χρείας μου, πέμψαι πρὸς ὑμᾶς,	Maar ek het dit noodsaaklik geag om Epafrodítus, my broeder en medewerker en medestryder, julle afgevaardigde en bedienaar van my behoefte, na julle te stuur,
---	--

<sup>85</sup> Ernest (1994:155). "To take heart, be encouraged, be cheered. That is the usual translation of the biblical hapax, which is rare in classical and Hellenistic literature, where it refers to bravery in battle, comfort in trials."



Epafras word slegs in verband met Filippi aangedui (Phillips 2009:160). Epafras beteken “geliefde van Venus” (Butler 1991:421). Paulus verwys na Epafras as ἀπόστολον καὶ λειτουργόν. Apostels en leraars het in die tyd van Paulus ’n besondere aansien in gemeentes geniet omdat hulle deur die gemeente afgesonder is vir besondere take (2 Kor 8:23). Alhoewel Epafras moontlik nie deur die gemeente in hierdie lig beskou is nie, is dit noemenswaardig dat Paulus na hom in dergelike status verwys (Bruce 1989:96; Herrick 2001:110). Dit is dan ook Epafras wat die geskenk van die Filippense aan Paulus oorhandig het (2:25-30). Gegewe die metodologie van sendingwerk deur Paulus, die sogenaamde “Sentripetal mission” oftewel “Zentrumsmission”, was Epafras vir Paulus ’n belangrike skakel met die Filippense (Peerbolte 2003:111).

### 2.3. Klemens

- Filippense 4:3

<p><sup>3</sup>ναὶ ἐρωτῶ καὶ σέ, γνήσιε σύζυγε, συλλαμβάνου αὐταῖς, αἵτινες ἐν τῷ εὐαγγελίῳ συνήθλησάν μοι μετὰ καὶ Κλήμεντος καὶ τῶν λοιπῶν συνεργῶν μου, ὧν τὰ ὀνόματα ἐν βίβλῳ ζωῆς.</p>	<p>En ek vra jou ook, opregte metgesel, wees hierdie vroue behulpsaam wat met my saam gestry het in die evangelie, ook saam met Klemens en my ander mede-arbeiders wie se name in die boek van die lewe is.</p>
---	---

Paulus draai vir ’n oomblik weg van Euodia en Sintige en fokus op ’n ander medewerker by name Klemens (Parker 2008:212). Die naam Klemens was ’n alledaagse Griekse naam en was veral in algemene gebruik as die naam vir ’n slaaf (Ascough 2003:125). Baur (2009:53) is van mening dat die Klemens wat in Filippense 4:3 vermeld word, nie verwys na die beroemde Klemens Romanus

(die legendariese Klemens van Rome) nie. Dit is die standpunt van Baur dat Klemens 'n inwoner van Filippi was. Die redes waarom Klemens in Filippense 4:3 nie dieselfde persoon as Klemens van Rome was nie, word om die volgende redes deur Foakes-Jackson (2005:103-104) uitgewys: (1) Klemens van Rome was nooit aan Paulus verbind nie, maar wel aan Petrus; (2) die datum van Klemens van Rome se episkopaat maak dat dit nie vir hom moontlik was om saam met Paulus te dien nie. Eusebius vermeld dat Klemens gesterf het in die derde jaar van Trojan (100 n.C.), maar sy naam word vermeld in die skrywe van Hermas ("Shepard") teen 140 n.C. Dit beteken Klemens van Rome het geleef ongeveer 50 jaar na Paulus se skrywe aan die Filippense. Die derde en mees aanvaarbare teorie wat die twee persone van mekaar onderskei, is dat raadslid Flavius Klemens en Klemens van Rome dieselfde persoon was. Flavius Klemens is ter dood veroordeel in 95 n.C. weens 'n aanklag van ateïsme en Joodse gebruike. Volgens oorlewering was 95 n.C. dieselfde jaar waarin Klemens van Rome gesterf het (Foakes-Jackson 2005:103-104).

Dit is die uitgangspunt van hierdie proefskrif dat Klemens, die medewerker van Paulus, 'n inwoner was van Filippi wat deur Paulus versoek is om hom by te staan in die geskil tussen Euodia en Sintige (4:2). "Ek vra jou ook, opregte metgesel<sup>86</sup>, wees hierdie vroue behulpsaam." Vir Paulus was Klemens 'n getroue volgeling van Jesus Christus wat saam met hom getrek het onder die juk van die evangelie (Louw en Nida 1989:231). In die lig hiervan was Klemens vir Paulus 'n bron van bemoediging. In die volgende paragraaf word gelet op die rol wat die gemeente se lojaliteit in Paulus se lewe gespeel het.

---

<sup>86</sup> σύζυγε dui op twee persone wat onder dieselfde juk getrek het (Fee 1995:329).

### 3. 'N LOJALE GEMEENTE

Die lojaliteit van die Filippense teenoor Paulus was meer as net woorde. Die gemeente het op 'n konkrete wyse in sy fisieke behoeftes voorsien, maar het ook geestelike ondersteuning aan hom gebied<sup>87</sup>.

#### 3.1. Konkrete ondersteuning

- Filippense 4:10; 18

<p><sup>10</sup>Ἐχάρην δὲ ἐν κυρίῳ μέγਾਲως ὅτι ἤδη ποτὲ ἀνεθάλετε τὸ ὑπὲρ ἐμοῦ φρονεῖν, ἐφ' ᾧ καὶ ἐφρονεῖτε ἡκαιρεῖσθε δέ.</p>	<p>10. Ek het my grootliks verbly in die Here dat julle nou eindelijk weer opgeleef het om aan my belange te dink; waaraan julle ook gedink het, maar julle het die geleentheid nie gehad nie.</p>
<p><sup>18</sup>ἀπέχω δὲ πάντα καὶ περισσεύω: πεπλήρωμαι δεξάμενος παρὰ Ἐπαφροδίτου τὰ παρ' ὑμῶν, ὁσμὴν</p>	<p>18 Maar ek het alles ontvang, en ek het oorvloed. Ek het dit volop nou dat</p>

<sup>87</sup> Koperski (1996:87). "The description in 2 Cor 8:5 indicates that the Philippians are in a relationship of giving and receiving with Christ and God as well as with Paul, and this is confirmed in Phil 1:7, 2:10 and 3:10, where the term *koinonia* emphasises a non-material aspect of this mutual sharing: participating in the gospel, in the one spirit, and in the sufferings of Christ. It seems to have been first and foremost the intensity of the Philippians' response to the gospel that made such a strong impression on Paul and that led him to consistently address them in terms of equality."

εὐωδίας, θυσίαν δεκτὴν, εὐάρεστον τῷ θεῷ.	ek van Epafroditus ontvang het wat deur julle gestuur is, 'n lieflike geur, 'n welgevallige offer, welbehaaglik by God.
--	---

Die twee tekste moet gelees word binne die konteks van 4:10-20 (Holloway 2001:21). Reeds in 4:10 lees ons 'n bekende formulering <sup>10</sup>Ἐχάρην δὲ ἐν κυρίῳ μέγਾਲως<sup>88</sup>. In hierdie gedeelte spreek Paulus sy dank uit teenoor die Filippense vir die geskenk wat hy van hulle ontvang het<sup>89</sup>. Alhoewel Paulus reeds in 1:3,5 verwys het na die goedhartigheid van die Filippense en met groot dankbaarheid verwys het na die rol van Epafroditus, spreek hy nou vir die eerste keer die saak aangaande die geskenk aan (Fowl 2005:192).

Wanneer Paulus die saak van die geskenk aanspreek, is dit duidelik dat hy dit met groot diplomاسie en selfs met 'n verwysing na sy onafhanklikheid doen (Hauerwas en Well 2004:458). Die rede waarom Paulus die geskenk met groot omsigtigheid aanvaar, het te make daarmee dat binne die kulturele konteks van die antieke Mediterreense samelewing die gee en ontvang van geskenke geïnterpreteer word volgens die terreine van mag, status, eer en verpligting (Hauerwas en Wells 2004:489). In die lig hiervan dien Filippense 4:10-18 as Paulus se poging om die gee en ontvangs van die geskenk binne die regte teologiese konteks te plaas. Dit is vir Paulus belangrik dat die gawe gesien word

<sup>88</sup> Δὲ Die gebruik hiervan is om die aandag te vestig op 'n saak wat die skrywer nie wil vergeet nie. Ons sou die δὲ kon vertaal met "voor ek vergeet".

<sup>89</sup> Guthrie (1970:523). "These Christians maintained strong links with the apostle who visited them about five years later on leaving his work in Ephesus. During his time of absence from them the Philippians had shown warm affection for him by sending sustenance for his work at Thessalonica (Phil 4:15) and had apparently sent other gifts later (2 Cor.11:9)".

binne 'n drieledige verhoudingsnetwerk, te wete die Filippense, Paulus en Christus.

Alhoewel hy finansiële sake met die grootste sensitiviteit hanteer, is daar tog groot dankbaarheid in sy hart vir die geskenk wat hy ontvang het (4:14, 1:5). Die interessante is dat wanneer Paulus die aangeleentheid van die geskenk aanspreek (4:10-17) hy telkens gebruik maak van kommersiële terminologie (Collins 2008:48). Volgens O'Brien (1991:514) is dit nie omdat Paulus in 'n verleentheid was nie, of dat hy die saak meer saaklik wou aanspreek nie, maar het hy bloot gebruik gemaak van idiomatiese uitdrukkings wat hul vriendskap bevestig het. Baie interessant om op te let is dat Paulus nie volstaan met sy kommersiële taalgebruik nie, maar dat hy oorbeweeg na godsdienstige taal wat offervaardigheid impliseer (Downs 2008:152).

Barclay (2003:100) wys daarop dat volgens Paulus die gawe van die Filippense die hoogste waarde in die oë van God geniet, en daarom verskaf dit aan hom blydschap (Ἐχάρην δὲ ἐν κυρίῳ μέγਾਲως). Die aoristus-vorm van die blydschap dui op sy ervaring van vreugde op die spesifieke oomblik toe hy die geskenk ontvang het (Vine 1948:278). Hy onderstreep hierdie ervaring deur die woord μέγਾਲως wat nêrens anders in die Nuwe Testament in hierdie sintaksis aangetref word nie (Perschbacher 1990:267). Die aard van hierdie vreugde was van dieselfde kwaliteit wat mense ervaar het wanneer hulle hulself tot Jesus bekeer het (Luk 2:10). Volgens Ware (2005:170) was hierdie optrede deur die Filippense vir Paulus 'n bewys van hul voortdurende groei in die Here (1:3,5). Hierdie vreugde was ἐν κυρίῳ wat 'n aanduiding was dat Jesus die objek van hul blydschap of die diepste begroning vir hul blydschap is (3:1;4:4)<sup>90</sup>. Moontlik is die frase ook 'n aanduiding van die aard van hul blydschap, naamlik dat dit vry was van ondankbaarheid of verwyte.

---

<sup>90</sup> Meer oor die onderwerp van die blydschap in hoofstuk 7.

Hierdie vars bries van vreugde word soos volg bevestig en verduidelik: ἐφ' ᾧ καὶ ἐφρονεῖτε ἠκαιρεῖσθε δέ. Die ἐφ' ᾧ (vanweë of omdat) aan die begin verduidelik hoekom die Filippense nie vroeër kon reageer nie. Saam met laasgenoemde en omdat hierdie sin omsluit word deur 'n καὶ en δέ – 'n chiasiese struktuur – wil net weer eens die volgehoue intensiteit van sy blydschap onderstreep (Edwards 2005:273). Wat in hierdie gedeelte aan die gebeur is, is dat Paulus tot die besef gekom het dat die Filippense bloot deur omstandighede weerhou is om met hom kontak te maak. In hierdie tyd van stilte was hy in hul gedagtes en het hulle geleef vanuit 'n positiewe gesindheid jeens hom. Die Filippense was bloot sonder ἠκαιρεῖσθε – om sonder geleentheid te wees weens gegewe omstandighede (Martin 2002:33).

In 4:18 lees ons die volgende: ἀπέχω δὲ πάντα καὶ περισσεύω. In hierdie eerste frase maak Paulus nog steeds gebruik van kommersiële taal (Koester 2007:73). ἀπέχω kom algemeen voor in die papiiri. Dit dui daarop dat 'n bedrag geld ten volle ontvang is (Bauer 1971:167). Paulus wil dus vir die Filippense sê: “Hier is my kwitansie vir die volle bedrag.” Die effek hiervan word in die volgende uitdrukking verwoord: πεπλήρωμαι δεξάμενος παρὰ Ἐπαφροδίτου τὰ παρ' ὑμῶν, πεπλήρωμαι is die perfektum passiewe vorm van πλήρωω wat beteken om “vol te wees” of “om vol te maak” (Preuschen 1976:146; Bailey 2008:121). Die werkwoordvorm dui daarop dat Paulus gevul is en die passiewe vorm dui daarop dat Paulus hom nie self gevul het nie, maar dat hy vol gemaak is. Die bedoeling is dat hy deur die geskenk van die Filippense vol gemaak is.

In die daaropvolgende woorde lees ons dat Paulus oorgaan tot godsdienstige offertaal, naamlik ὁσμὴν εὐωδίας, θυσίαν δεκτὴν, εὐάρεστον τῷ θεῷ (Downs 2008:152). Deur die opeenhoping van hierdie godsdienstige taal aan die einde van die sin fokus Paulus die aandag op die waarde wat hul offer vir God het (Bouwman 1965:101; Downs 2008:152). Die eerste uitdrukking ὁσμὴν εὐωδίας,

is 'n algemene uitdrukking in die Ou Testament<sup>91</sup> (Gen 8:21; Ex 29:18,25,41; Lev 1:9,13,17). Die intensie van die teks is dat God vreugde vind in die geur van die offers wat deur sy kinders na Hom gebring word. Belangrik net dat δεκτῆν wat θυσίαν kwalifiseer, nie in 4:18 dui op die daad van die offer nie, maar wel die offer self impliseer (Downs 2008:152). In die volgende frase word weer eens godsdienstige taal uit die offerdiens gebruik, naamlik εὐάρεστον τῷ θεῷ. Hierdie frase dui daarop dat hierdie optrede van die Filippense vir God aanneemlik is (Gingrich 1965:85; Olbricht en Eriksson 2005:299). Nie net is hierdie daad deur die Filippense 'n daad wat God plesier nie, maar ons sou ook kon aflei dat dergelike optrede die uiteindelijke doel van alle Christelike optrede moet wees (Rom 12:1,2; 14:18; 2 Kor 5:9; Ef 5:10).

### 3.2. Voorbidding

- Filippense 1:19

<sup>19</sup> οἶδα γὰρ ὅτι τοῦτό μοι ἀποβήσεται εἰς σωτηρίαν διὰ τῆς ὑμῶν δεήσεως καὶ ἐπιχορηγίας τοῦ πνεύματος Ἰησοῦ Χριστοῦ,	Want ek weet dat dit deur julle gebed en die ondersteuning van die Gees van Jesus Christus my tot heil sal strek,
--	---

Filippense 1:19 maak deel uit van 1:12-26. 1:12 begin met 'n woord van bemoediging aan die Filippense; 1:13-18a verwys na die vooruitgang van die evangelie en in 1:18b-26 is 'n refleksie op sy begeertes en verwagtinge

<sup>91</sup> Sien O'Brien (1991:541).

aangaande die komende verhoor (vgl. Ware 2005:213; Harrington 2009:67). Fee (1995:107) wys daarop dat daar 'n aantal taalkundige skakels is wat deur Paulus ingespan word om hierdie gedeelte te koppel aan die voorafgaande en aan dit wat volg (vgl. Fowl 2005:54). In 1:12 stel Paulus die vooruitgang van die evangelie aan die orde, wat aansluit by v. 5,7. Dink ook aan die verwysing na die boeie (v. 13,14,17) en sy verdediging van die evangelie (v.16) wat weerklank vind in sy gebed vir die Filippense in v.9. Kyk ons na wat volg, neem ons kennis van “goeie wil” (v.15), “liefde” (v.16), en “selfsug” (v.17), wat op hul beurt weerklank vind in hoofstuk 2. Fee (1995:107) is van mening dat 1:12-26 omsluit word deur die woord “vooruitgang van hul evangelie” (v.12) en die “vooruitgang van hul geloof” (1:25). Nader aan die teks voor die hand.

In 1:12-18a vermeld Paulus dat sy huidige omstandighede die evangelie bevorder. In 1:18b-26 is sy fokus die vreugde/blydschap wat hierdie verhoor gaan bring. Opvallend in die gedeelte is die tema van blydschap. Blydschap omdat Christus verheerlik gaan word en blydschap aan die kant van die Filippense omdat Paulus oortuig is dat hy weer met hulle verenig gaan word. (Engberg-Pedersen 2000:88).

In 1:18b-19 is dit juis die tema van blydschap wat aan die orde kom. In die voorafgaande vers het hy gefokus op sy huidige ervaring van blydschap, maar nou beweeg hy oor na sy vooruitsig van blydschap (Herrick 2001:168). Die  $\gamma\acute{\alpha}\rho$  is 'n aanduiding dat Paulus wil voortgaan om 'n verduideliking vir sy blydschap te bied. Fee (1995:130) is van mening dat om Paulus se verduideliking te verstaan, moet die leser bewus wees van die sogenaamde “intertextuality<sup>92</sup>” waarvan Paulus in hierdie gedeelte gebruik maak. In hierdie gedeelte vind ons 'n heenwyse na die “arm man” in die Ou Testament, met besondere verwysing na

---

<sup>92</sup>Fee (1995:130) verklaar die interteks as dat Paulus se eerste frase 'n verbatim aanhalingfrase van Job 13:16 (LXX) is en die twee frase heenwys na Psalms 34:3-6 en 35:24-28.



Job en die Psalmis. Beide Job en die Psalmis kyk op, vanuit hul bedelaarharte, met die verwagting dat God hulle sal verlos en red. Die gedagte wat Fee (1995:130) huldig, is dat alhoewel ons hier met Paulus se eie woorde te make het, die eggo van Job en die Psalmis duidelik weerklank vind. Neem byvoorbeeld die situasie met Job in Job 13:16 (LXX). Sy vriende verklaar dat hy homself weens sonde in benarde omstandighede bevind. Daarenteen is Job van mening dat dit nie sonde is nie, en dat hy maar net op God kan hoop en vertrou vir uitkoms en redding. Dieselfde hoop op God vind ons ook by Paulus (v.18). Soos Job is Paulus vas oortuig van sy σωτηρίαν. Wat word bedoel met sy verlossing of redding? Wys dit heen na 'n eskatologiese verlossing of vryspraak? Dalk sy vryspraak en vrylating uit die aardse tronk? Dalk dui dit op sy verlossing, vryspraak en redding as sondige mens tot kind van God? Die uitgangspunt in hierdie skrywe is dat Paulus op God vertrou en wat ook al die uitslag van die aardse hof, alles sal tot die bevordering van die evangelie bydra en tot die verheerliking van Jesus Christus (vgl. Dodd 2004:130; Ware 2005:208).

Die interessante is dat Paulus in 1:19 'n antwoord verskaf op wat hy sal bydra tot sy vrylating. Paulus is van oortuiging dat die gebede van die gelowiges sal meehelp dat hy vrygelaat word. δεήσεως dui op iets wat met groot dringendheid gevra word (Louw en Nida 1989:408). Die ander rede vir sy verlossing vestig hy in die Heilige Gees (Aune 2010:484). Hieraan word aandag geskenk met 'n latere paragraaf.

#### 4. LOJALITEIT DEUR GOD

- Filippense 1:6

<p>ἔπειθειθὼς αὐτὸ τοῦτο, ὅτι ὁ ἐναρξάμενος ἐν ὑμῖν ἔργον ἀγαθὸν ἐπιτελέσει ἄχρι ἡμέρας Χριστοῦ Ἰησοῦ:</p>	<p>Omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus;</p>
--	--

Met die intrapslag gebruik Paulus *πεπειθῶς*<sup>93</sup>. Hierdie volkome vertroue word gelees teen die agtergrond van *Εὐχαριστῶ* (1:3). Die *αὐτὸ τοῦτο*, ingelei deur *ὅτι*, verskaf die rede vir sy innerlike oorgawe en vertroue, naamlik God (Holloway 2001:91; Aune 2010:484). Let daarop dat die spesifieke verwysing na God in die teks ontbreek. Uit die konteks is dit duidelik dat Paulus na God verwys. God is die een aan wie hy sy volkome vertroue koppel (Barton en Muddiman 2001:1189). God sal die evangelie wat hy in harte (*ἐναρξάμενος ἐν ὑμῖν*) gestig het, voltooi (*ἐπιτελέσει*). Vervolgens meer oor *ἐπιτελέσει*.

Die woord *ἐπιτελέσει* dui op 'n handeling wat definitief in die toekoms afgehandel sal word (Louw en Nida 1989:102). Paulus wend *ἐπιτελέσει* ses keer aan. In 2 Kor 7:1 handel dit oor die reiniging van liggaam en gees en oor ons gehoorsaamheid aan God. Vier keer in Rom 15:28 en 2 Kor 8:6,11 waar dit

<sup>93</sup>Louw en Nida (1989:376) verwoord die idiomatiese vertaling soos volg: “om met jou volle gewig te steun op iets of iemand” of “om jouself in die hande van iemand anders te stel”.

onder andere gaan oor die voltooiing van die taak om fondse in te samel. Nader aan ons teks is Gal 3:3: “Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees?” Die Galasiërs sowel as die Filippense het nie hul geloof begin vanuit hul eie krag nie, maar deur die Gees van God (Silva 1992:52). Die Filippense het nodig om te hoor dat hul geestelike groei die werk van God is en dat Hy hulle nie in die steek sal laat nie (Pate 1995:118). God sal Sy werk in hulle op ’n bepaalde tydstop tot finaliteit bring. Daardie dag<sup>94</sup> sal aanbreek met die koms van Jesus Christus – ἄχρι ἡμέρας Χριστοῦ Ἰησοῦ (Craddock 1985:62; Hale en Thorson 2007:761).

- Filippense 1:19-24

<p><sup>19</sup>οἶδα γὰρ ὅτι τοῦτό μοι ἀποβήσεται εἰς σωτηρίαν διὰ τῆς ὑμῶν δεήσεως καὶ ἐπιχορηγίας τοῦ πνεύματος Ἰησοῦ Χριστοῦ, <sup>20</sup>κατὰ τὴν ἀποκαραδοκίαν καὶ ἐλπίδα μου ὅτι ἐν οὐδενὶ αἰσχυνθήσομαι, ἀλλὰ ἐν πάσῃ παρησία ὡς πάντοτε καὶ νῦν μεγαλυνθήσεται Χριστὸς ἐν τῷ σώματί μου, εἴτε διὰ ζωῆς εἴτε διὰ θανάτου. <sup>21</sup>ἐμοὶ γὰρ τὸ ζῆν Χριστὸς καὶ τὸ ἀποθανεῖν κέρδος. <sup>22</sup>εἰ δὲ τὸ</p>	<p>Want ek weet dat dit deur julle gebed en die ondersteuning van die Gees van Jesus Christus my tot heil sal strek, volgens my reikhalende verwagting en hoop dat ek in niks beskaam sal word nie; maar dat Christus met alle vrymoedigheid, soos altyd so ook nou, groot gemaak sal word in my liggaam, of dit deur die lewe of deur die dood is. Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins. Maar as ek in die vlees moet lewe, dan beteken dit vir my vrugbare arbeid; en wat ek sal kies,</p>
---	---

<sup>94</sup> Vincent (1985:8) wys daarop dat Paulus ’n spesifieke dag van Jesus se wederkoms impliseer en hy het geleef met die verwagting dat dit spoedig sal wees.

<p>ζῆν ἐν σαρκί, τοῦτό μοι καρπὸς ἔργου: καὶ τί αἰρήσομαι οὐ γνωρίζω.  <sup>23</sup>συνέχομαι δὲ ἐκ τῶν δύο, τὴν ἐπιθυμίαν ἔχων εἰς τὸ ἀναλῦσαι καὶ σὺν Χριστῷ εἶναι, πολλῶ [γὰρ] μᾶλλον κρεῖσσον: <sup>24</sup>τὸ δὲ ἐπιμένειν [ἐν] τῇ σαρκὶ ἀναγκαιότερον δι' ὑμᾶς.</p>	<p>weet ek nie. Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste; maar om in die vlees te bly, is nodiger om julle ontwil.</p>
---	--

Die erns van Paulus se situasie word in Filippense 1:19-24 bevestig. Paulus staar die dood<sup>95</sup> in die oë (Walasky 2005:94). Vers 19 begin met οἶδα. Waarvan is Paulus so vas oortuig? Harrison (2003:262) is van mening dat Paulus oortuig is daarvan dat sy moeilikhede sal bydra tot sy bevryding<sup>96</sup> (σωτηρίαν). Die bevryding dui waarskynlik op die finale bevestiging van sy apostelskap voor Christus en die moontlikheid dat hy weer met sy geliefde Filippense verenig sal word. Die sekerheid van sy bevryding lê nie opgesluit in sy eie krag of insette nie, maar in die Heilige Gees wat sal help (LaHaye en Hindson 2006:430). Die Heilige Gees na wie as die subjek van die aksie verwys word, is die primêre bron van die handeling (τοῦ πνεύματος Ἰησοῦ Χριστοῦ). Om saam te vat: Die werking van die Heilige Gees, die voorbidding van sy geliefde Filippense, die bevordering van die evangelie en die oortuiging dat hy vrygelaat gaan word, versterk sy blydskap (Wan 2000:37). Die brief aan die Filippense maak die opdrag om Jesus te volg nooit los van die vaste sekerheid dat God reeds deur sy Gees<sup>97</sup> in hulle werk nie.

<sup>95</sup> Sien Schnelle (2005).

<sup>96</sup> Die bevryding sou kon dui op die finale verlossing met die wederkoms van Christus. Dit sou ook kon dui op 'n innerlike bevryding van sy menswees.

<sup>97</sup> Nel (2002:122). "Die opdrag om Jesus te volg, is ingebed in die werking van die Gees van God, wat reeds die gemeenskap van liefde tussen hulle geskep

Filippense 1:20 begin met die woorde *κατὰ τὴν ἀποκαραδοκίαν*<sup>98</sup>. Die gedagteprentjie wat ons moet vorm, is dié van ’n uitgestrekte nek met slegs een voorwerp/persoon in die oog (Wells 2005:48). Hawthorne (1983:51) maak die opmerking dat *ἀποκαραδοκίαν* ’n uiters skaars woord is en dat die moontlikheid bestaan dat dit deur Paulus self geskep is. Die enigste ander plek waar dit deur Paulus aangewend word, is in Romeine 8:19,22. In daardie konteks word gepraat van die skepping se intense verlange om finaal verlos te word. Saam met elpis is dit ’n standaard-uitdrukking van Paulus wanneer hy verwys na die hoop van die gelowige (Rom 8:24-25). Paulus het waarskynlik geleef met ’n selfversekerde verwagting dat hy vrygelaat gaan word (Harrington 2009:63). *ἐλπίδα* wat in hierdie sin saam met *ἀποκαραδοκίαν* gebruik word, vra ook verdere verduideliking.

*ἐλπίς*, word gewoonlik deur Paulus gebruik om die Christen se hoop op die toekomstige ewige lewe aan te dui. In hierdie geval dui dit egter op ’n alledaagse menslike verwagting soos gefundeer in die oortuiging van ’n groter Goddelike plan (Woodhouse 1964:405; Ware 2005:205). Waarom is Paulus so gretig om vrygelaat te word en waaraan kan sy vrylating toegeskryf word? Ons lees in vers 20 die volgende: *ὅτι ἐν οὐδενὶ αἰσχυνθήσομαι*. Die woord *αἰσχυνθήσομαι* het as stam “om te skaam” of “om beskaam te word” (Louw en Nida 1989:6). Die rede waarom hy reken dat hy nie beskaam sal word nie, berus op sy oortuiging dat God steeds ook in hierdie situasie God is (Kim 2008:43-44). Dit is die eerste oortuiging waarmee hy leef (*ὅτι ἐν οὐδενὶ*). Die tweede oortuiging waarmee hy

---

het, aan hulle troos in Christus geskenk het en aan hulle die aansporing deur die liefde laat ondervind het (2:1).”

<sup>98</sup> vgl. Ernest (1994) – *ἀποκαραδοκίαν* beteken om met intensiteit jouself te fokus in die rigting van iets of iemand. Die gedagte om intens te smag kan ook hiermee verbind word.

leef, word ook ingelei deur  $\acute{\omicron}\tau\iota$ . Paulus is oortuig dat hy nie beskaam sal word nie en dat Christus verheerlik sal word. Die verheerliking van Christus setel daarin dat alvorens hy vrygelaat word, hy eers onderwerp moet word aan 'n geregtelike verhoor. In so 'n geval sal die verhoor nie dien tot sy eie verleentheid nie, maar dit sal 'n welkome platform bied vir die verkondiging van die evangelie (Hawthorne 1983:53). Paulus voel só positief oor hierdie geleentheid dat hy dit soos volg stel:  $\epsilon\acute{\iota}\tau\epsilon \delta\iota\acute{\alpha} \zeta\omega\eta\varsigma \epsilon\acute{\iota}\tau\epsilon \delta\iota\acute{\alpha} \theta\alpha\nu\acute{\alpha}\tau\omicron\upsilon$ . Die bedoeling met hierdie stelling is dat sy totale wese daarop ingestel is om sy omstandighede te benut as 'n geleentheid om eer aan Jesus Christus te bring! (Getty-Sullivan 1980:15)

Dit is duidelik dat Jesus Christus 'n perspektief van hoop laat deurbreek (Blomberg 2006:339). Dat hy sy verleentheid kan benut as 'n geleentheid om sy groot Weldoener te verheerlik, dien as 'n bemoediging. Die gedagte dat Jesus Christus sy bron van bemoediging is, word op 'n aangrypende wyse in vers 21 verwoord. Ons lees in vers 21 die volgende:  $\epsilon\acute{\mu}\omicron\iota \gamma\acute{\alpha}\rho \tau\omicron \zeta\eta\nu \chi\rho\iota\sigma\tau\omicron\varsigma \kappa\alpha\iota \tau\omicron \acute{\alpha}\pi\omicron\theta\alpha\nu\epsilon\acute{\iota}\nu \kappa\acute{\epsilon}\rho\delta\omicron\varsigma$ . (Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins). In Hoofstuk 6 word na die rol van Jesus Christus as sy weldoener gekyk.

- Filippense 2:19,24

<p><sup>19</sup>Ἐλπίζω δὲ ἐν κυρίῳ Ἰησοῦ Τιμόθεον ταχέως πέμψαι ὑμῖν, ἵνα καὶ γὰρ εὐψυχῶ γνοῦς τὰ περὶ ὑμῶν</p> <p><sup>24</sup>πέποιθα δὲ ἐν κυρίῳ ὅτι καὶ αὐτὸς ταχέως ἐλεύσομαι.</p>	<p>19. En ek hoop in die Here Jesus om Timótheüs gou na julle te stuur, sodat ek ook welgemoed kan wees as ek julle omstandighede te wete gekom het.</p> <p>24. en ek vertrou in die Here dat ek self ook spoedig sal kom.</p>
---	--

Martin (1976:153) wys die leser op 'n baie belangrike klemverskil. Dit is opmerklik dat wanneer Paulus skrywe oor die hoop wat hy het om Timoteus so spoedig moontlik te stuur, hy gebruik maak van Ἐλπίζω (Rienecker en Rogers 1980:553). In 2:24 verwys hy ook na hoop, maar dan gebruik hy πέποιθα as hy verwys na sy eie terugkeer (Louw en Nida 1989:191). Die rede vir hierdie variasie word deur Martin aangevoer as dat Paulus juis hiermee pertinent wil uitlig hoe oortuig hy is van sy hoop. Hierdie hoop<sup>99</sup> is nie 'n blote menslike verwagting of strewe nie, maar is gemessel in die heerskappy van Jesus Christus sy Here – ἐν κυρίῳ Ἰησοῦ (Fowl 2009:131). Dit is duidelik dat Paulus ook in hierdie moeilike omstandighede dit baie duidelik maak dat sy wel en wee altyd deurdrenk is van die heerskappy, leiding en versorging van die Here (Barton en Muddiman 2001:1190). Paulus het sy lewe en sy toekoms ondergeskik gestel aan die Here (Edwards 2005:131). Hierdie tema van Paulus se vertroue in die Here word skerper ontleed in hoofstuk 6, wanneer gelet word op die Pauliniese uitdrukking “in Christus”.

---

<sup>99</sup> Beker (1990:24). “In fact, in Paul’s letters faith regularly spills over into hope (Rom 4:18; 5:3-5; 8:25; Gal 5:5; 1 Thess1:3). The framework of apocalyptic eschatology, in which Paul stands, becomes especially clear in his frequent use of terms such as ‘endurance’, ‘perseverance’ and ‘longing’. These terms are interrelated because they are all concerned with the object of the hope, that is, with the vindication of God at the end of time. Thus faith and hope are synonymous concepts, not only because they delineate a disposition of trust, but also because they are directed to the one focus and object of trust, the coming reign of God.”

- Filippense 4:13

<sup>13</sup> πάντα ἰσχύω ἐν τῷ ἐνδυναμοῦντί με.	Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.
--	---

Die woorde van Paulus in 4:13 kan so maklik gelees word as 'n motto vir elke lewensituasie, naamlik dat ek enigiets kan doen met die krag van Christus. Is hierdie populêre toepassing getrou aan die teks?

Filippense 4:13 word geplaas binne die konteks van Filippense 4:10-23 (Barton en Muddiman 2001:1190; Holloway 2001:156; Fowl 2005:189). Eerstens word aandag geskenk aan Filippense 4:10 omdat dit 'n belangrike sleutel bied tot die verstaan van Filippense 4:13. Fowl (2005:193) wys daarop dat in Filippense 4:10 Paulus die woord φρονεῖν aanwend. 'n Woord wat volgens Fowl regdeur Filippense daarop dui dat hul denke, gevoelens en dade Christus-gefokus moet wees. Die Filippense het deur hul denke, dade en gevoelens gedoen wat God wil hê. Paulus maak egter nie in hierdie vers gebruik van die Griekse woord vir "dank" nie, maar stel dit duidelik dat hy baie bly is oor die geskenk (Herrick 2002:164 ). Vervolgens meer oor die blyskap in Filippense 4:10.

Die rede vir sy blydschap in die Here is dat die Filippense weer aan hom gedink het, maar ook opgetree het in sy belang. In hierdie geval dink ons veral daaraan dat hulle Epafroditus met 'n geskenk gestuur het. Alhoewel daar klaarblyklik 'n tyd verloop het sedert hierdie geskenk en 'n vorige kontak tussen die partye, is dit egter nie vir Paulus 'n rede om hulle te verkwalik nie (Schlier 1980:78; Perrotta 2001:72). Dat Paulus in 2 Kor 8:1-3 verwys na die armoede in die Masedoniese kerke kan dalk 'n verklaring wees hoekom daar 'n tydsverloop was. Hoe dit ook al sy, Paulus neem nie die Filippense kwalik nie. In 4:11 sien ons dat Paulus uit sy pad gaan om enige misverstande rondom die aard van sy



blydskap uit te klaar. Eerstens wys hy daarop dat hy nie skrywe omdat hy enige tekorte ervaar nie, met ander woorde Paulus se blydskap word nie gekoppel daaraan dat die Filippense sy behoeftes vervul het nie. Om die waarheid te sê, deur Epafroditus te stuur het hulle nie sy nood aangespreek nie, maar eintlik hul eie. Wat Paulus aan die Filippense wil duidelik maak, is dat alhoewel hy verwys het in 2:25 na persoonlike behoeftes, hy nie iets van hulle gevra het nie. Hy het egter geleer om vergenoegd in elke situasie te wees (Saunders 2009:103). Hierdie vermoë van Paulus om met vergenoegdheid te lewe, is nie 'n uitvloeisel van sy eie krag nie, maar is daartoe ingelyf deur die krag van Jesus Christus (Hale en Thorson 2007:767). Alhoewel die Here nie pertinent in 4:13 vermeld word nie, het Paulus tog reeds vroeër daarna verwys dat hy sy vreugde in die Here vind. Die slotsom is dus dat Paulus in alle omstandighede met vergenoegdheid kan lewe omdat die krag van Jesus Christus hom daartoe ingelyf het (Harrington 2009:156). As Paulus dan bly is, waarom nie sy dank pertinent betuig nie?

Die leser vind nie in hierdie gedeelte 'n direkte woord van dank ten opsigte van die finansiële geskenk wat die Filippense aan hom gestuur het nie (Fowl 2005:193). Fowl (2005:193-194) is van mening die rede waarom Paulus nie sy dank vir die geskenk uitgespreek nie, het te make daarmee dat Paulus die sosiale denke van "gee-en-ontvang" wou konfronteer. Die algemeen aanvaarbare sosiale gebruik in die tyd van Paulus was dat indien 'n persoon aan jou 'n geskenk sou gee, dat die situasie ontstaan het dat die ontvanger ondergeskik is aan die gewer. Die Mediterreense kategorieë van status, eer, erkenning en skaamte het in so 'n geval in werking getree (Ascough 2003:154). As die ontvanger wil groei in status teenoor die gewer moes die ontvanger reageer met 'n groter geskenk. Juis om hierdie waardestelsel te konfronteer, het Paulus sy woorde van direkte dank vermy. Wat hy wel gedoen het, was om in Filippense 4:13 te wys op sy ware Weldoener, die een teenoor wie hy dankbaar is vir die finansiële geskenk (Edwards 2005:271). Paulus se vreugde in die Here sluit ten nouste aan by sy woorde in Filippense 4:4 (Ware 2005:179). Paulus

poog om die Filippense te wys op die belangrike derde faktor in hul verhouding, naamlik God (Phillips 2002:178). Die werklikheid is dat Paulus en die Filippense nie binne die tradisionele alledaagse beginsel van wederkerigheid leef nie. Dit is belangrik vir Paulus dat die Filippens beseft dat hulle in gelyke waarde medewerkers in die teenwoordigheid van God is. Die kategorieë van mag en status vanuit die antieke Mediterreense paradigma is nie op hul verhouding en in hul verhouding met God ter sprake nie (Fowl 2005:191-193). Die kern van hul verhouding bestaan daarin dat Paulus en die Filippense vir mekaar omgee en dien in liefde omdat God dit in hul harte lê en die middele daartoe skenk – Filippense 4:17-20 (Olbricht en Eriksson 2005:299). In die geval wanneer hulle gee of ontvang, verhoog of verlaag dit nie status of mag nie, want Paulus en die Filippense het 'n nuwe identiteit in Christus – beide rolspelers is slawe in Christus. Die voorafgaande gedagtes moet gelees word teen die belangrike oorbruggingskategorie waarop Van der Watt (2006:v-ix) en Gräbe (2006:289-301) klem lê as hulle die belangrike vraag vra hoe Paulus dit kon regkry om te midde van uiters moeilike omstandighede steeds blymoedig te leef. Die kategorieë van identiteit, etiek en etos is duidelik hier ter sprake.

Dat Paulus die saak aan die einde van die brief aangespreek het, moet ook gelees word binne die konteks van die brief in sy geheel. Paulus het alreeds in die brief op verskeie plekke sy dank oor ander sake uitgespreek. Neem byvoorbeeld sy dank teenoor God vir hul vennootskap in diens van die evangelie (1:-5). Paulus het ook al vir Christus gedank omdat hy en die Filippense saam in Christus is (2:16-18). Dan is daar ook nog die verwysing na Epafroditus. Paulus spreek sy dankbaarheid uit omdat hulle Epafroditus na hom gestuur het (2:25). Die kern van die argument is Paulus plaas hierdie gawe binne sy oorhoofse poging, naamlik om die Filippense te help om sy optrede te verstaan vanuit hul verhouding met Jesus Christus (Phillips 2002:178; Fisher 2009:77).

Die voorafgaande paragrawe het gefokus op die lojaliteit van God teenoor Paulus. Die lojaliteit van God word geplaas binne die groter konteks van Paulus se “fictive kinship”. Die sosiaal-kulturele sisteem van die “fictive kinship” laat die vraag ontstaan welke Godsbeeld(e) binne hierdie model gegeld het. Die uitklaring van die toepaslike Godsbeeld(e) by Paulus in sy skrywe aan die Filippense kan help met die bemagtiging van persone met stres.

#### **4.1. 'n Alternatiewe Godsbeeld**

Die eksegetiese resultate van die voorafgaande paragraaf het die lojaliteit van God bevestig. Die lojaliteit van God kan dien as 'n heuristiese kategorie ten einde Paulus se Godsbeeld in Filippense te identifiseer. Samevattend verwys hierdie proefskrif na Paulus se Godsbeeld in Filippense as dié van 'n lojale God. Die Godsbeeld van 'n lojale God word as 'n positiewe Godsbeeld verstaan omdat dit die intimiteit tussen God en Paulus versterk het (Louw 1993:306-308).

Die lojaliteit van God word geïnterpreteer binne die groter konteks van die verbond (Harrison 2003:109). Die verbond tussen God en Israel berus op die beginsel van “hesed”. Volgens Jensen (2006:99) dui “hesed” op oormatige guns, genade, goedheid of lojaliteit. Dit kan in drie kategorieë verdeel word, naamlik (1) teologiese “hesed” wanneer die goedheid deur God aan die mens betoon word; (2) sekulêre “hesed” dui op goedheid betoon tussen mense; en (3) godsdienstige “hesed” is wanneer die mens aan God oordadige liefde betoon. Volgens Maimonides (2008:266) is “hesed” slegs van toepassing in die volgende situasies: (1) wanneer 'n persoon sy pleit rig sonder om te beskik oor enige alternatiewe heenkome, bronne of toekomsvooruitsigte; (2) die behoefte van so 'n aard is dat uitsluitlik die persoon tot wie die versoek gerig word, die guns kan betoon; (3) sonder die hulp sal die persoon nie kan voortbestaan nie; en (4) die persoon wat die versoek rig, kan op geen manier kontrole uitoefen oor die

persoon tot wie die versoek gerig word nie. Bruegemann en Miller (1995:201) wys daarop dat teologiese “hesed” verstaan moet word binne die verbond. In terme van die verbond is wederkerigheid altyd ter sprake binne teologiese “hesed”. Paulus leef vanuit die gedagte van God se “hesed” omdat hy homself as deel van die nageslag van Abraham beskou. As verbondskind is God sy lojale Vader teenoor wie hy ook “hesed” beoefen deur sy gehoorsaamheid. Hierdie beginsel van wederkerigheid is getrou aan die sosiaal-kulturele sisteem van repositieit. Binne die “fictive kinship” is God sy Vader en sy medegelowiges sy broers en susters in die Here. Dit is op grond van God se “hesed”, soos vergestalt in die verbond, dat die kognitiewe konstruk van God as die lojale God gemunt word.

Toegepas op die eksegetiese resultate in Filippense is dit duidelik dat Paulus nie geleef het vanuit ’n infantiele geloof nie, maar het Paulus duidelike tekens getoon van ’n Christen wat dink vanuit ’n positiewe Godsvoorstelling – volwasse geloof (Louw 1993:308). Paulus kon te alle tye op God staatmaak omdat God getrou bly aan dit wat Hy belof het: “Ek sal vir jou ’n God wees.” Hierdie verbondsformule waarborg nie sukses nie, maar verseker troos en ontfermende liefde en word verklaar vanuit die Godsbeeld van God as Vader (Louw 1993:308).

Paulus se skrywe aan die Filippense het die gordyn gelig op die werklikheid van volwasse Godsbeelde en die positiewe effek wat dit op die lewe van Paulus gehad het. Ons kan dus saamvat deur daarop te wys dat Paulus se positiewe Godsbeeld (die lojale God) hom gehelp het om te leef met die oortuiging dat God by hom in sy krisis was en dat God Hom met menslike lyding identifiseer. In die lig hiervan is daar sprake van die die patos van God; God se medelye met die mens. Hierdie lydingsmotief laat die oorwinningsmotief deurbreek (Louw 1993:310).

## 5. GEVOLGTREKKING

Die eksegetiese resultaat in hierdie hoofstuk het aangetoon die deug van lojaliteit, soos vergestalt in die “fictive kinship” (lojaliteit deur God, medewerkers en gemeente), het as ’n antitese gedien vir die stressors by Paulus. Navorsing deur Bergh en Theron (2004:402) versterk laasgenoemde argument wanneer hulle wys op empiriese navorsing wat bevind het dat sosiale ondersteuning deur geliefdes soos familie en vriende die ervaring van stres verlig. Dieselfde navorsing het ook vermeld dat interne predisposisie die ervaring van stres teenwerk (soos byvoorbeeld interne lokus van kontrole en ’n positiewe gesindheid). Laasgenoemde navorsing bevestig ook die relevansie van Paulus se positiewe Godsbeeld, asook die waarde van ’n herstelde waardesisteem.

Die eksegetiese resultaat bevestig dat Paulus se positiewe Godsbeeld (die lojale God) sy geborgenheid binne die “fictive kinship” versterk het. Dit is duidelik uit die eksegeese dat die etiese indikatore vir Paulus se herstelde waardesisteem (identiteit, etiek en etos) gerugsteun is deur die “hesed” as lojaliteit van God binne die “fictive kinship”. In die volgende hoofstuk word gefokus op Paulus se herstelde waardesisteem as ’n belangrike onderbou tot die etiese indikatore.

## **HOOFSTUK 6**

### ***PAULUS LEEF VANUIT 'N HERSTELDE WAARDESISTEEM***

#### **Inleiding**

Hierdie proefskrif het reeds daarop gewys dat Paulus in Rome in die tronk was omdat hy die evangelie van Jesus Christus verkondig het (Ware 2005:171; Freed 2005:144). Te midde van die vermelde stressors lees ons in Filippense dat Paulus nie moedeloos sy rug op die evangelie gedraai het nie, maar nog steeds sy apostoliese roeping teenoor die Filippense uitgeleef het. Die waarskynlike vraag wat hierop volg, is hoe kon Paulus dit regkry om met blydskap sy roeping uit te leef? Dit is die doelwit van hierdie hoofstuk om 'n antwoord te vind ten einde die leser voor die teks sinvol te kan ondersteun en begelei tot die effektiewe deurlewing van sy/haar stresvolle lewe. Die antwoord op die vraag hoe Paulus met blydskap kon lewe te midde van uiters moeilike omstandighede word in die proefskrif tweërlei aangespreek. In Hoofstuk 5 is aangetoon dat die deug van lojaliteit binne die “fictive kinship” Paulus bemoedig het (Leech 1983:14-15; Achtemeier, Green en Thompson 2001:47; Neyrey en Stewart 2008:99). In hierdie hoofstuk word dit aangespreek vanuit Paulus se herstelde waardesisteem as 'n kardinale onderbou tot die etiese indikatore – identiteit, etiek en etos (Van der Watt 2006 v-ix; Gräbe 2006:289-301). Laasgenoemde het dit vir hom moontlik gemaak om met blydskap te kon lewe te midde van stressors. Wat is die inhoud van hierdie herstelde waardesisteem?

## 1. 'N HERSTELDE GESINDHEID

- Filippense 2:5-11

<p> <sup>5</sup>τούτο φρονεῖτε ἐν ὑμῖν ὁ καὶ ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ, <sup>6</sup>ὃς ἐν μορφῇ θεοῦ ὑπάρχων οὐχ ἀρπαγμὸν ἠγήσατο τὸ εἶναι ἴσα θεῷ, <sup>7</sup>ἀλλὰ ἑαυτὸν ἐκένωσεν μορφὴν δούλου λαβὼν, ἐν ὁμοιώματι ἀνθρώπων γενόμενος: καὶ σχήματι εὔρεθεις ὡς ἄνθρωπος <sup>8</sup>ἐταπείνωσεν ἑαυτὸν γενόμενος ὑπήκοος μέχρι θανάτου, θανάτου δὲ σταυροῦ. <sup>9</sup>διὸ καὶ ὁ θεὸς αὐτὸν ὑπερύψωσεν καὶ ἐχαρίσατο αὐτῷ τὸ ὄνομα τὸ ὑπὲρ πᾶν ὄνομα, <sup>10</sup>ἵνα ἐν τῷ ὀνόματι Ἰησοῦ πᾶν γόνυ κάμψῃ ἐπουρανίων καὶ ἐπιγείων καὶ καταχθονίων, <sup>11</sup>καὶ πᾶσα γλῶσσα ἐξομολογήσῃται ὅτι κύριος Ἰησοῦς Χριστὸς εἰς δόξαν θεοῦ πατρὸς.         </p>	<p>           Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemele en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.         </p>
---	---

Hierdie gedeelte kan sekerlik beskou word as die kern tot die skrywe van Paulus aan die Filippense. Filippense 2:5-11<sup>100</sup> word deur Paulus aangewend as 'n basis vanwaar hy sy pastorale instruksies tot die Filippense rig<sup>101</sup>. Eerstens word kortliks aandag geskenk aan die konteks. Ons lees hierdie gedeelte binne die konteks van Filippense 2:1-30. Wanneer die teks van Filippense 2:1-30 gelees word, val die ruim gebruik van “blydskap”<sup>102</sup> (2:2;17;18;19;28) die leser op. Die vraag is nou watter sake, gebeure of optrede moet saam met die kerngedagte van blydskap gelees word? Die antwoord op hierdie vraag kan moontlik dui op bronne van inspirasie en bemoediging vir Paulus. Vlugtig word net gelet op die oorhoofse indeling van hoofstuk 2.

Volgens Witherington III (1994:56) het ons hier te make met die logos van die brief. Die doelwit van hierdie gedeelte is om die leser te motiveer tot aksie. Volgens die inleidende verse steun Paulus op die Filippense se ervaring en kennis van die Christelike geloof as 'n bron van inspirasie om hulle oor te haal tot gedrag wat onderlinge eenheid bevorder. Witherington III wys daarop dat in 'n deliberatiewe argument wat onderlinge eenheid in die oog het, daar gewoonlik twee faktore is wat die eenheid bedreig. Dit is van die uiterste belang dat die skrywer hiermee rekening hou. Die eerste faktor handel oor teenstanders van buite en die ander faktor het te make met groeppvorming van binne. In hoofstuk 2

---

<sup>100</sup> Joubert (1992:172). “In Flp 2:6-11 tref ons 'n vroeg Christelike lied aan wat deur Paulus aangehaal word in sy pogings om die gemeente te oorreed om hul gedrag en selfverstaan aan die hand van Christus se optrede te oriënteer”.

<sup>101</sup> Bolt en Thompson (2000:155). “The exact nature of the situation at Philippi be difficult to ascertain. Nonetheless, it is clear that when Paul deals with the issues faced by his addressees – whether external hostility or internal division – he does so by using the Christ-hymn of 2:6-11 as the basis for his pastoral instructions and the paradigm for how his converts should think and act.”

<sup>102</sup> Getty-Sullivan (1980:18). “Joy is a characteristic term for this epistle, appearing twelve times and setting its general tone.”



spreek Paulus die interne faktore aan wat die eenheid bedreig (2:31,14-16). 'n Spesifieke voorbeeld van interne faksies vind ons in die probatio (4:2-3). Dat hierdie sake aangespreek moet word, is vir Paulus van die uiterste belang, want dit beïnvloed sy blydschap! In die volgende paragrawe poog die navorser om aan te toon dat Filippense 2:1-18 'n merkbare verband toon tussen die voorbeeld van Christus en die identiteit, etiek en etos van die Christengelowige. Dit is in hierdie interaksie dat die navorser by Paulus 'n alternatiewe waardesisteem vind wat dit vir hom moontlik gemaak het om met blydschap te lewe ondanks sy moeilike omstandighede.

In die gedeelte wat strek vanaf 2:1-18 fokus Paulus op die wesenlike aard van die Christelike lewe. Holloway (2001:23) verduidelik 2:1-4 as 'n pleit deur Paulus vir eenheid en nederigheid in die kerk. Paulus wys die Filippense daarop dat hulle nie in die eerste plek na hul eie belange moet omsien nie (v.4 – *ἐαυτῶν*), maar die belange van ander voorop stel (v.4 – *ἐτέρων*). In die gedeelte 2:5-11 word die nederigheid van Christus as 'n exemplun uitgelig (Parrent 2002:4): die inkarnasie van Jesus Christus (v.7 – *μορφὴν δούλου*) en Christus se passievolle gehoorsaamheid aan God tot in die dood (v.8 – *ὑπήκοος μέχρι θανάτου*). Die daaropvolgende gedeelte 2:12-18 is 'n pleitrede dat die Filippense moet skyn soos ligte deurdat hulle volhard in gehoorsaamheid en toewyding aan God te midde van moeilike omstandighede (Phillips 2002:23).

- Filippense 2:1-4.

In Filippense 2:1-4 moedig Paulus die Filippense aan om hul moeilike omstandighede te trotseer deur middel van onderlinge eenheid (Wright 2007:137). Die eerste saak wat Paulus se blydschap verdiep, vind ons in 2:2 (*πληρώσατε μου τὴν χαρὰν*). Belangrik net om in gedagte te hou dat dit wat in

vers 2:2 gestel word, volg op die feite (indikatiwe) wat Paulus in 2:1 genoem het. Daar bestaan by Paulus geen twyfel dat die Filippense kennis dra van (1) die troos in Christus, (2) die gemeenskap van die Gees en (3) die meegaande teerheid en ontferming nie. Dit is op grond van hierdie voorveronderstelde kennis en ervaring dat hy die imperatief – πληρώσατε μου τὴν χαρὰν – tot hulle kan rig. πληρώσατε wat beteken “om vol te maak” (Mounce 1993:379). Die ἵνα wat daarop volg, lei die objek van die versoek in.

Dit wat Paulus se vreugde/blydskap vol maak, vind ons in die woorde τὸ αὐτὸ φρονῆτε (2:2). Wat Paulus wil sê, is dat die Filippense een van gedagte moet wees. Dit gaan nie oor 'n eenmalige intellektuele aksie nie, maar is 'n onderliggende gesindheid wat die Filippense se denke vul en rig (Vincent 1985:9, Dunn 2009:1014). Die gesindheid waarvoor Paulus pleit, word omskryf deur twee sinsnedes. Die eerste sinsnede is soos volg: τὴν αὐτὴν ἀγάπην ἔχοντες (2:2) – “om dieselfde liefde te hê vir”. Dit is vir Paulus belangrik dat die Filippense as 'n eenheid sal saamstaan te midde van 'n samelewing wat op grond van wêreldse waardes en norme hul eie “fictive kinship” of alliansies vorm (Wright 2007:138). Die karakter van hierdie onderlinge liefde word gevind in die voorbeeld van Christus.

Die tweede is σύμψυχοι, τὸ ἐν φρονουῦντες. Laasgenoemde sinsnede moet saam met τὸ αὐτὸ φρονῆτε gelees word. Dit dui op 'n onderliggende gesindheid wat die sentiment van eenheid bevorder (Vincent 1985:55). Wat wil Paulus in hierdie verse aan die Filippense deurgee? Daar is 'n sekere gesindheid wat onderlinge eenheid bevorder. In Jesus Christus vind Paulus die mees treffende voorbeeld van die gesindheid wat eenheid bevorder en dat hierdie onderlinge eenheid die Christen bemaagtig (Wright 2007:139).

In verse 3-4 vind ons dieselfde oproep tot eensgesindheid (Dunn 2009:1014), maar in hierdie verse brei Paulus uit op dit wat die eenheid nie bevorder nie (vgl.

Martin 2001). Ons sou ook die inhoud van verse 3-4 omskryf as dit wat Paulus se blydschap dreineer. Wat is hierdie dinge wat Paulus as teenwigte vir sy blydschap beskou?

Die bedoeling van vers 3 is om die kontras met vers 2 uit te lig. Die kernwoord, wat nie die eenheid bevorder nie, is ἐριθείαν (2:3). ἐριθείαν het nogal 'n negatiewe strekking – “to work as a day-labourer” (Kittel 1964:660). Louw en Nida (1989:760) beskryf die woord as 'n gesindheid van verwerping, jaloesie, onderlinge vyandigheid en die bevordering van eie ambisie. Die skrywers vervolg deur daarop te wys dat dit daarom gaan dat die een persoon beter as die ander wil wees en ook daarop ingestel is om by ander die indruk te vestig dat ek wel beter is as my kollega (Rienecker en Rogers 1980:549). Die prentjie wat geteken word, is dat ek myself groter voorstel as ander en wat ek doen, doen ek net vir myself.

'n Verdere gedagte wat die eenheid onder die Filippense sal versterk, en uiteindelik ook sy blydschap sal bevorder, vind ons in ταπεινοφροσύνη (2:3). Dit impliseer dat iemand die voorsienigheid van God uiters hoog aanslaan, maar terdeë bewus is van sy eie tekortkominge – nederigheid. Binne die Romeinse denkraamwerk sou dit daarop kon dui dat iemand die ingesteldheid van 'n slaaf het (Ernest 1994:369). In die lig hiervan is dit te verstane dat hierdie gedagte van Paulus nie baie goed sou afgaan in die breëre samelewing nie (vgl. Martin 1990). Dat jou sosiale status vir jou baie deure kon oopmaak, het gemaak dat hierdie stelling van Paulus sekerlik nie 'n baie gewilde een was nie. Nog interessanter is dat Paulus hierdie gesindheid aan Christus verbind! Indien die lesers Paulus se raad in verse 3-4 ernstig opneem, sal hulle moes ophou om op te tree vanuit 'n verhoogde status en voorkeur. Voortaan sou Jesus se voorbeeld as riglyn dien<sup>103</sup>!

---

<sup>103</sup> Kroeger en Evans (2002:710). “Philippians 2:5-11, then, might be an emphasis on Christ who gave the supreme example of humility. It does not

- Filippense 2:5-11

Filippense 2:6-11 word gelees word teen die agtergrond van die imperatief in 2:5 – τοῦτο φρονεῖτε ἐν ὑμῖν en Ὡστε in 2:12 (Gräbe 2006:191). φρονεῖτε dui op 'n bepaalde gesindheid wat Paulus by die Filippense verwag. Die Filippense moet dieselfde gesindheid as Jesus Christus hê, of hulle moet oor ander dink soos Christus oor diesulkes dink (Louw en Nida 1989:325). Paulus kan hierdie opdrag gee omdat hy staatmaak op dit wat hulle reeds weet van Christus en wat hulle in Christus ervaar het en daarom ook deel is van hul lewe. Die indikatief van Filippense 2:1 (Εἷ τις οὖν παράκλησις ἐν Χριστῷ, εἷ τι παραμύθιον ἀγάπης, εἷ τις κοινωνία πνεύματος, εἷ τις σπλάγχνα καὶ οἰκτιρμοί) baan die weg vir die imperatief in Filippense 2:5. Die daaropvolgende gedeelte, Filippense 2:6-11, is die voorbeeld (imitatio Christi) waarop die Filippense hul dissipelskap skoei (Hawthorne 1996:169). Wat is die aard van hierdie voorbeeld van Christus?

Filippense 2:6-11 staan ook bekend as die Christuslied (Keck 2000:501). Die interpretasie van hierdie Christuslied het 'n lang en ingewikkelde geskiedenis waarvan die navorser bewus is. Martin (1997:64) identifiseer die volgende interpretatiewe invalshoeke tot die gedeelte:

- (1) Dogmatiese standpunt. Volgens hierdie uitgangspunt identifiseer Luther die subjek van die lied met die historiese Christus op so 'n wyse dat gelyktydig vasgehou word aan sy Goddelikheid en sy menslikheid in sy aardse gestalte.
- (2) Kenosis-leer. In lyn met hierdie leer het Jesus Christus volledig afstand gedoen van sy Goddelike natuur en was volkome in menslike gestalte.

---

necessarily imply that the humility asked of the Christians at Philippi has to go to the extreme that Jesus went, but neither does it rule out that interpretation.”

- (3) Etiese voorbeeld. Paulus is bewus van die krisis in die gemeente en doen 'n oproep tot die Filippense om hul lewe te rig na die voorbeeld van Jesus Christus.

Martin (1997:64) wys egter op die kritiek wat Lohmeyer gelewer het op die Etiese benadering. Die kritiek van Lohmeyer wys op die voorveronderstellings waarmee die Etiese benadering werk (Martin 1997:69). Die voorveronderstellings is soos volg:

- (a) Paulus bied nie in hierdie gedeelte 'n Christologie nie, maar wel 'n "populêre teologie" en dat Paulus ook nie gebruik maak filosofiese spekulاسie nie. Indien beide hierdie voorveronderstellings aanvaar word, is dit 'n logiese tree om te gee dat Jesus se nederigheid deur ons nagevolg moet word.
- (b) Die tweede bron van kritiek het te make met grammatika in Filippense 2:5. Die een moontlikheid is om die vers soos volg te lees: "Julle moet hierdie gedagte/gesindheid in julle hê." Hierdie vertalingsmoontlikheid plaas φρονεῖτε in die begin van die teks. Die tweede helfte sal dan lees: ὁ καὶ ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ. In derglike geval moet 'n ἐν tot die vertaling toegevoeg word sodat die vertaling kan lees: "wat ook in Christus was". Lohmeyer wys daarop dat die meeste hedendaagse vertalings φρονεῖτε invoeg met die vertalingsmoontlikheid soos volg: "Julle moet hierdie gesindheid in julle hê soos wat hulle het wat aan Christus Jesus behoort."
- (c) Die beswaar wat die swaarste weeg teen die etiese benadering het nie soseer te make met die grammatika nie, maar dui op die gedagte dat Paulus weinig van die imitatio Christi gebruik maak om sy vermanings te rig. Lohmeyer (vgl. Martin 1997:73) is van mening dat wanneer Paulus wel van die imitatio Christi gebruik maak, doen hy dit ten opsigte van Christus se aardse lewe. Vir Paulus was dissipelskap meer as net om in Jesus se voetspore te volg, maar dit was daarop gerig dat die gelowige deel in die Geesvervulde opstandingslewe van Jesus Christus (Martin 1997:73).

Dit is die uitgangspunt van hierdie proefskrif dat die etiese benadering, met inbegrip van die kritiek deur Lohmeyer, wel van waarde kan wees. Die uitdaging sal voortdurend wees om nie bloot te verval in die gedagtegang om die teks as 'n voorbeeld vir navolging te bied nie, maar werklik te vra wat sê Paulus in hierdie gedeelte oor die nuwe identiteit van die Christengelowige. Dit is dus die uitgangspunt van hierdie navorsing dat Paulus die Filippense se aandag vestig op hul heeltemal nuwe identiteit, en dat Filippense 2:6-11 die kern is van 'n Christelike etiek wat eie is aan God se kinders. Dit is 'n identiteit en etiek wat sal lei tot 'n radikale etos. Christenskap is dus nie maar net om in Jesus se voetspore te volg nie, maar is om nuut te lewe (etos) vanuit 'n nuwe identiteit en etiek. Die voorafgaande bespreking oor die interpretatiewe moontlikhede word nou aangevul deur verdere eksegetiese merkers in Filippense 2:6-11.

Die tipos van Christus word in Filippense 2:5-11 verduidelik aan die hand van die sogenaamde V-motief (Nel 2002:121). Die V-motief illustreer dat Jesus die een is in wie God se werking in vier fases verloop het: Sy voortydlike bestaan (2:6), Sy menswording (2:7), Sy vernedering en dood (2:8) en Sy triomferende verhoging (2:9-11). Binne laasgenoemde konstruk word op 'n aangrypende wyse die verhoging-vernedering-verhoging van Jesus Christus uitgebeeld (Reumann 2008:334-335).

Dit is reeds in vers 6 se inleidende woorde duidelik dat die gesindheid van Jesus Christus geen vanselfsprekendheid was nie ( $\delta\varsigma \acute{\epsilon}\nu \mu\omicron\rho\upsilon\phi\eta\eta \theta\epsilon\omicron\upsilon$ ). 'n Letterlike vertaling sou soos volg kon lui: "in die vorm van God"<sup>104</sup>. Wanneer ons die presiese betekenis van  $\delta\varsigma \acute{\epsilon}\nu \mu\omicron\rho\upsilon\phi\eta\eta \theta\epsilon\omicron\upsilon$  wil verstaan, sal ons rekening moet hou met twee ander woorde wat met  $\delta\varsigma \acute{\epsilon}\nu \mu\omicron\rho\upsilon\phi\eta\eta \theta\epsilon\omicron\upsilon$  oorvleuel, te wete  $\acute{\epsilon}\nu$

---

<sup>104</sup> Hawthorne in Martin en Dodd (1998:97). "This 'hymn' opens with the relative pronoun, 'who' as a characteristic element in the hymnlike confessions that appear in the New Testament (Col 1:15; 1 Tim.3:16; Heb.1:3). Its immediate antecedent is Christ Jesus, 'who in the form of God being'."

ὁμοιώματι en σχήματι. Kom ons ondersoek eers vir μορφή<sup>105</sup>. Μορφή dui op die aard en karakter van iets wat die uiterlike sowel as die innerlike insluit (Gingrich en Danker 1979:528). Floor (1998:98) is van mening dat μορφή dui op die uiterlike verskyningsvorm van iets, maar dan in so 'n mate dat dit nie in teenstelling staan met die innerlike aard nie. Dit is 'n uiterlike beskrywing, maar moet nie as 'n "masker" gesien word nie. Dat Christus in die gestalte van God verskyn het, is 'n aanduiding dat Hy gedeel het in die volle wese van God. Jesus Christus het in sy aard en wese oor Goddelike eienskappe beskik. Ware Goddelike mag en majesteit was wesenlik tot sy aard! Vervolgens meer oor ἐν ὁμοιώματι (v7), ὁμοιώματι sou soos volg vertaal kon word: "om dieselfde te wees" of "om in dieselfde toestand te wees" (Perchblacher 1990:293). Die derde woord in die trilogie wat Jesus se aard en wese beskrywe, vind ons in σχήματι. Σχήματι wys op sintuiglike waarneming (Gingrich 1983:195). Samevattend kan gesê word dat Paulus dit onomwonde aan sy lesers stel dat Jesus volkome mens en volkome God was! Hoe moes die Filippense die interaksie tussen hierdie twee gedagtes dat Jesus volkome mens was maar tegelyk ook God verstaan?

Die woord ἀρπαγμὸν sal hiermee help. Die eerste betekenismoontlikheid, wat ons by Bauer (1971:216) vind, werp lig op die saak. Dit beteken om iets onverwags met mag en krag van iemand weg te vat (gryp). Die nadere betekenis word omskryf as om iets wat jou toekom, vanuit 'n magsoorsposisie toe te eien (Martin 1967:135). Dit wil voorkom asof ons beide hierdie moontlikhede in Fil 2:6

---

<sup>105</sup> Hawthorne in Martin & Dodd (1998:98) verwys na Vincent soos volg: "μορφή always signifies a form which truly and fully expresses the being which underlies it. Thus, when this word is applied to God, his μορφή must refer to his deepest being, to what he is in himself, to that 'which cannot be reached by our understanding or sight, precisely because God is 'invisible': in fact the word has meaning here only as referring to the reality of God's being. μορφή θεοῦ, then it may be correctly understood as the 'essential nature and character of God.'"

in gedagte moet hou. Die lesers sou dus kon aflei dat Jesus vanuit sy posisie die reg tot sy Goddelike mag gehad het, maar hy het dit nie gegryp nie! Jesus het nie sy Goddelikheid geroof tot sy eie voordeel nie! (Floor 1998:99) Wat het Jesus dan gedoen?

In vers 7 lees ons dat hy nie krampagtig vasgehou het aan sy Goddelike majesteit en heerlikheid nie. Hy het homself ἐκένωσεν. Bateman IV (2002:43) wys daarop dat in die tyd van Paulus dit beteken het om jouself volledig tot die beskikking van iemand anders te stel. 'n Ander moontlike gedagtelyn is om alles wat jy het aan 'n arme weg te gee. Christus het homself volledig weggee! Jesus het homself ontledig tot die status van 'n slaaf (Van der Watt 2006:v-ix). Wat is die punt? Jesus kon homself in sy Goddelikheid laat geld, maar het gekies om homself in die mag van mense oor te gee. Nie net het hy homself in hul mag oorgegee nie, maar in sy alledaagse lewe was hy onderworpe aan die menslikheid van ons aardse bestaan (Fowl 2005:254). Tot in die dood was hy mens<sup>106</sup>. Laasgenoemde oortuiging word afgelei uit die woorde wat die leser aantref in 2:8 (ἐταπείνωσεν ἑαυτὸν γενόμενος ὑπήκοος μέχρι θανάτου, θανάτου δὲ σταυροῦ). Wat is die implikasie van hierdie gedeelte vir die Filippense? Paulus wys die Filippense op die gesindheid wat by hulle móét wees en kán wees omdat hulle “in Christus” is (Keck 2000:507). Laasgenoemde opmerking bring ons by kwessie van identiteit, etiek en etos in Filippense.

Filippense 2:6-11 toon in gedagtegang ooreenskomste met die verhaal van Jesus se voetewas – Johannes 13 (Anderson, Just en Thatcher 2009:255). Die verband tussen Johannes 13 (Jesus was die dissipels se voete) en Filippense

---

<sup>106</sup> Hawthorne verwys na Wright in Martin en Dodd (1998:105). “The pre-existent son regarded equality with God not as excusing him from the task of redemptive suffering and death, but actually as uniquely qualifying him for that vocation. The real humiliation of the incarnation and the cross is that one who is himself God, and who never during the whole process stopped being God, could embrace such a vocation.”



2:6-11 is vir die navorsers 'n aanduiding dat hierdie gedeeltes implikasies inhou vir die Christelike identiteit, etiek en etos. Die Christen vind in die tipos van Christus sy identiteit en op grond van hierdie nuwe identiteit internaliseer 'n alternatiewe etiek wat vergestalt in 'n radikale etos (Gräbe 2006:290).

Die aanwending van die Christuslied is vir Paulus van die uiterste belang omdat die Filippense in die voorbeeld van Christus die wesenlike van dissipelskap ontdek (Gräbe 2006:291). Die belangrike is dat die Filippense nie net 'n voorbeeld van Christus vind nie, maar dat die Christen in en deur Jesus Christus se heilsdaad (opstanding) ingesluit word in die persoon van Christus en deel in sy krag en lewe (Hawthorne 1996:163-169). Die Filippense lewe nou vanuit 'n nuwe identiteit, hulle is nou "hemelse burgers" (Filippense 3:20). Paulus bevestig die nuwe identiteit van die Christen in Christus soos volg: ἐμοὶ γὰρ τὸ ζῆν Χριστὸς καὶ τὸ ἀποθανεῖν κέρδος (Filippense 1:21). Romeine 8:29 ("Want die wat Hy vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van Sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders.") en 2 Korintiërs 3:18 ("En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is.") bevestig dit dat die Christen 'n nuwe identiteit in Christus ontvang. Gräbe (2006:292) wys daarop dat Paulus se etiek funksioneer in die volgende beelde: "Nou is dit nie meer ek wat leef nie, maar Christus wat in my leef"; "verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van Sy Seun"; en 'n "nuwe mens" soos in 2 Korintiërs 5:17 en Galasiërs 6:15. Hierdie nuwe identiteit in Christus vra volkome gehoorsaamheid aan Hom. Paulus dring daarop aan dat Christene nie net sal modelleer nie, maar daadwerklik hul nuwe identiteit sal uitleef (Gräbe 2006:293). Dit is duidelik uit die voorafgaande dat die Christelike ontspring uit die nuwe identiteit in Christus. Dit is 'n radikale moraliteit vanuit 'n alternatiewe identiteit.

- Filippense 2:12-18

Meeks (1991:333) is van mening dat die doel met die skrywe aan die Filippense was die vestiging van 'n Christelike φρονῆσις. Met φρονῆσις word bedoel “praktiese wysheid” (Louw en Nida 1989:325). Paulus wou die Filippense intellektueel en moreel bemagtig sodat hulle hul nuwe identiteit in Christus met waardigheid kon uitlewe. φρονῆσις dui op 'n praktiese wysheid in ooreenstemming nie met die wêreldse etiek van die πολίς nie, maar in lyn met 'n deurleefde wysheid as hemelse burgers. Die etiese implikasies van die gelowige se identiteit in Christus word in Filippense 2:12 in verband gebring met die soteriologie (Fee 1995:233). Die effek van die etiek word uitgebou in Filippense 2:12 (Ὡστε, ἀγαπητοί μου, καθὼς πάντοτε ὑπηκούσατε, μὴ ὡς ἐν τῇ παρουσίᾳ μου μόνον ἀλλὰ νῦν πολλῶ μᾶλλον ἐν τῇ ἀπουσίᾳ μου, μετὰ φόβου καὶ τρόμου τὴν ἑαυτῶν σωτηρίαν κατεργάζεσθε).

Die Filippense word in 2:12 opgeroep (imperatief) om hul “eie heil met vrees en bewing uit te werk” (μετὰ φόβου καὶ τρόμου τὴν ἑαυτῶν σωτηρίαν κατεργάζεσθε). Die imperatief κατεργάζεσθε is volgens Fee (1995:233) 'n etiese aanduiding van hoe Christene hul verlossing uitlewe. Verlossing, σωτηρίαν, dui nie net op die toekomstige nie, maar het in hierdie geval ook implikasies vir volle omvang van die lewe in die hier en nou. Die rede waarom Paulus sy imperatief rig tot die Filippense is dat hulle soos ligte kan skyn (Filippense 2:15). Belangrik net dat Paulus sy imperatief in 2:13 begrond in die afgehandelde werke van God in sy kinders (θεὸς γὰρ ἐστὶν ὁ ἐνεργῶν ἐν ὑμῖν καὶ τὸ θέλειν καὶ τὸ ἐνεργεῖν ὑπὲρ τῆς εὐδοκίας). Θεὸς is aan die begin van die sin geplaas ten einde te bevestig God is die agent. Hy sal dit vir die Filippense moontlik maak om as ligte vir Hom te skyn – ὁ ἐνεργῶν ἐν ὑμῖν (Rienecker en Rogers 1980:552).

Filippense 2:14-18 sluit die gedeelte van Filippense 2:1-18 af (Holloway (2001:23; Parrent 2002:4). Gräbe (2006:295) verskil egter van laasgenoemde as hy daarop wys dat die gedeelte eintlik begin by Filippense 1:27. Die rede wat hy aanvoer, is dat Paulus in 1:27 die Filippense beveel om te lewe as hemelse burgers (Μόνον ἀξίως τοῦ εὐαγγελίου τοῦ Χριστοῦ πολιτεύεσθε, ἵνα εἴτε ἐλθῶν καὶ ἰδῶν ὑμᾶς εἴτε ἀπῶν ἀκούω τὰ περὶ ὑμῶν, ὅτι στήκετε ἐν ἐνὶ πνεύματι, μιᾷ ψυχῇ συναθροῦντες τῇ πίστει τοῦ εὐαγγελίου). Gegewe die interaksie tussen identiteit, etiek en etos word die indeling van Gräbe aanvaar. Paulus verwys in 2:14 op murmurering van die Israëliete in die woestyn (Exodus 16:12). Paulus handhaaf in Filippense 2:14 die feit dat die Filippense beskik oor 'n nuwe identiteit (indikatief) en op grond daarvan rig hy die imperatief πάντα ποιεῖτε χωρὶς. In 1:27-2:18 dring Paulus daarop aan dat die Filippense ook hulself sal beywer vir die evangelie soos wat hy dit gedoen het.

## 2. JESUS CHRISTUS AS DIE WARE WELDOENER

Die doelwit van hierdie proefskrif is om aan te toon dat Paulus se verband tussen identiteit, etiek en etos 'n hermeneutiese sleutel bied tot die toepassing van die eksegetiese resultate in die bemagtiging van die hedendaagse stresvolle lewe. In die volgende paragraaf word gefokus op Jesus Christus as die ware weldoener in sy lewe en in wie hy sy herstelde waardesisteem vind. Eerstens word gefokus op Paulus se Damaskus-ervaring, wat hom geplaas het binne die alternatiewe dampkring van Jesus Christus se proses van transformasie in sy lewe. In die daaropvolgende paragraaf word gefokus op Jesus as die weldoener in sy lewe.

- Paulus se Damaskus-ervaring

Paulus het sy vervolging gerig teenoor mede-diaspora, Griekssprekende Jode wat hulle bekeer het tot die evangelie van Jesus Christus – Filippense 3:6 (Campbell 2009:143-145). Roetzel (2009:180) is van mening dat Paulus se bekering nie net sy persepsie van Jesus verander het nie, maar veral ook sy denkwysie oor die wet deurdat hy bekeer is vanaf 'n nougesette kampvegter vir die wet na iemand wat die nuwe bekeerlinge gewaarsku het teen die wet (Galasiërs 5:1-12). Sy Damaskus-ervaring het Paulus tot die besef gebring dat God vir Jesus geregverdig het en daarom is die wet oorbodig. Carson, O'Brien en Seifrid (2004:363) wys daarop dat Paulus sy bekering beskrywe as 'n wegbeweeg uit sy vroeëre lewe in die Jodedom (Galasiërs 1:13). Die verwysing na Jodedom is veel meer as net 'n verwysing na herkoms, maar is ten diepste gelaai met 'n godsdienstige identiteit (vgl. Filippense 3:3-6).

In Filippense 3:4 verwys Paulus na sy lewe *ἐν σαρκί* (3:4 *καίπερ ἐγὼ ἔχων πεποιθήσιν καὶ ἐν σαρκί. εἴ τις δοκεῖ ἄλλος πεποιθέναι ἐν σαρκί, ἐγὼ μᾶλλον*) as 'n bevestiging van sy identiteit as Jood. Sy identiteit as Jood word in 3:5-6 (*περιτομῆ ὀκταήμερος, ἐκ γένους Ἰσραήλ, φυλῆς Βενιαμίν, Ἑβραῖος ἐξ Ἑβραίων, κατὰ νόμον Φαρισαῖος, κατὰ ζῆλος διώκων τὴν ἐκκλησίαν, κατὰ δικαιοσύνην τὴν ἐν νόμῳ γενόμενος ἄμεμπτος*) verder verduidelik (Saunders 2001:28). Wiersbe (2007:643) bevestig die slotsom waartoe Paulus in Filippense 3:7-8 gekom het, is dat hierdie vier Joodse kategorieë van eer en status (Filippense 3:5-6) totaal oorskadu en waardeloos geag word in die lig van wat hy in Christus gevind het – 3:7-8 [*ἀλλὰ*] *ἄτινα ἦν μοι κέρδη, ταῦτα ἤγημαι διὰ τὸν Χριστὸν ζημίαν. ἀλλὰ μενοῦνγε καὶ ἠγοῦμαι πάντα ζημίαν εἶναι διὰ τὸ ὑπερέχον τῆς γνώσεως Χριστοῦ Ἰησοῦ τοῦ κυρίου μου, δι' ὃν τὰ πάντα*

ἐζημιώθην, καὶ ἡγοῦμαι σκύβαλα ἵνα Χριστὸν κερδήσω (Aune, Seland en Ulrichsen 2003:135).

Filippense 3:6 wys op 'n verdere belangrike effek wat Paulus se Damaskus-ervaring op sy lewe gehad het. In Filippense 3:6 verwys Paulus na sy lewe as 'n Fariseër. As Fariseër was hy 'n vervolger van die gemeente en in geregtigheid onberispelik (Pate 2000:133). Dunn (2006:346) plaas hierdie verwysing van Paulus binne die konteks van konflik tussen die verskillende Joodse faksies in die tydperk van die Tweede Tempel. Laasgenoemde konflik het gehandel oor die korrekte interpretasie van die Torah en hoe dit tot uiting moes kom in 'n lewe van volkome heiligheid. Wanneer Paulus in Filippense 3:6 verwys na sy ἄμεμπτος, is dit nie noodwendig om te verklaar dat hy sondeloos was nie, maar dat hy in onkreukbare toewyding tot God geleef het deur sy onderhouding van die Torah (Koperski 2001:25). In die lig van sy getroue onderhouding van die Torah het hy homself beskou as 'n meer toegewyde Jood as sy tydgenote. Dunn (2006:347) is van mening dat Paulus se bekering hom juis losgemaak het van sy ingesteldheid om ander te oordeel op grond van hul wetsonderhouding en om hulle te wil oortref in sy onderhouding van die wet (vgl. Bultmann 2007).

'n Verdere belangrike implikasie van sy bekering vind ons in Filippense 3:6 as Paulus na homself verwys as κατὰ ζήλος διώκων τὴν ἐκκλησίαν (Connelly 2008:136). Ten tyde van die Tweede Tempel was ζήλος 'n aanduiding daarvan dat iemand deel was van die Joodse godsdiens en dit het ook gedui op die kompeterende ondertoon wat aanleiding gegee het tot konflik tussen die verskillende Joodse faksies (Galasiërs 1:14). Dit was ook 'n belangrike kenmerk van die Joodse identiteit (Dunn 2006:350). ζήλος was diep gewortel in die Joodse godsdiens omdat God na homself verwys het as ζήλος ('n jaloerse God – Exodus 20:5) ten einde die Jode te waarsku teen afgodery. Die Jode moes hul eksklusiwiteit handhaaf deur hul monoteïstiese aanbidding van God. Israel se ζήλος in hul aanbidding van God en hul gehoorsaamheid aan die Torah was die

bewys van God se ζῆλος teenoor hulle (Dunn 2006:350). ζῆλος het vir die Jode beteken dat hulle deur God eenkant gesit is, dat hulle rein is en dat hulle tot die uiterste sou gaan, selfs geweld sou inspan, om hierdie status te beskerm teen heidene en mede-Jode. In die lig hiervan is dit te verstane dat Paulus 'n vurige vervolger van die Jode was wat hulself tot die Christendom bekeer het. Paulus het 'n vervolger geword van hulle wat die parameters van die Joodse godsdiens bedreig het. Dis van hierdie ζῆλος dat Paulus onderweg na Damaskus bekeer is (Dunn 2006:350).

In die vorige paragrawe is 'n beskrywing gebied “waarvan” Paulus bekeer is. Die volgende implikasie van sy bekering het te make met die “waartoe” Paulus bekeer is. Carson, O'Brien en Seifrid (2004:363) is van mening dat Paulus nie terminologie gebruik in sy Damaskus-ervaring wat sinspeel op bekering nie, maar dat Paulus verkies om die uitdrukking “roep” in verband te bring met sy Damaskus-ervaring. Die implikasie is dat Paulus die gebeure interpreteer as 'n “roeping” deur God tot die uitdra van die evangelie (vgl. Galasiërs 1:15)<sup>107</sup>.

Die implikasies van Paulus se bekering het hom binne 'n nuwe “fictive kinship” geplaas met Christus as broer, God as Vader en die medegelowiges as sy broers en susters, maar hy sou ook voortaan lewe vanuit 'n herstelde identiteit omdat hy Jesus as “patron” (weldoener) het.

---

<sup>107</sup> Longendecker (1997:3). “Stendahl’s critique has become a programmatic feature of “the new perspective” on Paul that emphasize the apostle’s call, rather than his conversion, and his mission to the Gentiles, rather than justification by faith. Advocates of the new perspective share two common assumptions: (1) the Judaism of Paul’s day was not a legalistic religion where acceptance with God was earned through works of the law; and (2) Paul’s preaching of justification by faith implied no critique of the law itself, but addressed the entry of Gentiles into the people of God”.

- Jesus as weldoener

Die verwysing na Jesus Christus as weldoener (“patron”) word gelees binne die paradigma van die antieke Mediterreense samelewing. Alhoewel daar natuurlik heelwat verskille tussen die verskillende etnies-kulturele groeperinge binne hierdie streek bestaan het, kan daar tog sekere legitieme veralgemenings gemaak word<sup>108</sup>. Die mense woonagtig in die Mediterreense wêreld<sup>109</sup> van die eerste eeu na Christus het hul menswees hoofsaaklik vanuit hul verbondenheid aan andere verstaan (Joubert 1992:165).

Die verwysing na Jesus Christus as Paulus se weldoener is geneem vanuit die genoemde Bybelse denkwêreld (Van der Watt 1996:36-38). Die antieke Bybelse omgewing het onder andere gefunksioneer vanuit die sosiaal-maatskaplike soos vervat in die “patronage system”. Volgens Avidov (2009:69) het die “patronage system” gedui op ’n interafhanklike verhouding tussen twee partye waarbinne erkenning gegee is aan die verskil in status en mag. Hierdie sisteem was in wese ’n persoonlike en vrywillige verhouding waarbinne die beginsels van *fides* en *officia* gegeld het. *Fides* het beteken dat een van die partye onder die beskerming van ’n meerdere was. *Officia* het weer gedui op die antieke waarde van die wederkerigheid. Die “patronage system” was dus ’n sosiale sisteem wat gefunksioneer het met ’n weldoener en kliënt (Crook 2004:93).

---

<sup>108</sup> Malina (1989:4) vat dit goed saam: “Our contention is that the Mediterranean is peopled by a motley kaleidoscope of very related societies that have witnessed many meaningful events, rich in zest and drama, yet whose people over long periods live by essentially the same codes, have the same ideas and beliefs and handle life crises by established patterns”.

<sup>109</sup> Malina (1993:8). “First-century Mediterraneans, for the most part, live their lives in public. Honor comes from public acknowledgement of worth.”

Van der Watt (1996:37) wys daarop dat as iemand iets vir jou gedoen het, het hy of sy eintlik verwag dat jy iets soortgelyks sal terugdoen, te wete die antieke waarde van wederkerigheid (vgl. Joubert 2000:18). Dán sou jy “dankbaarheid” bewys. Jy “skuld” hom of haar dus dit wat vir jou gedoen is (Ascough en Malina 2009:54). Dankbaarheid beteken inderdaad om in jou optrede te erken dat iemand iets vir jou gedoen het, maar dit is ook ’n erkenning van jou verpligting om presies dit vir die persoon terug te doen<sup>110</sup>. Volgens Van der Watt was daar egter een groot uitsondering. Teenoor jou meerdere moes jy nie alleen met jou optrede nie, maar ook met jou woorde dankie sê. Dit hang nou saam met die eer en aansien wat jy so vir die belangrike persoon gee (Osiek en Balch 1997:48; Rohrbaugh 2005:149). Deur ook vir hom woordeliks te bedank, beteken dat almal kan hoor wat hy gedoen het. Dit verhoog sy eer en aansien (DeSilva 2000:55). In die teks van Filippense lees ons dat Paulus eendersyds, getrou aan die gebruik van sy tyd, aan God en by name Jesus Christus sy dank bewoord. Maar ons sien ook dat hy wel breek met die algemene gebruik, naamlik dat hy hierdie beginsel nie op belangrike volks- of godsdienstige leiers van toepassing maak nie, maar wel op Jesus Christus. Binne die antieke Mediterreense wêreld het die Romeinse keiser die oppermag gehad – “the all powerful patron in the Roman world” (Joubert 2000:26), maar in Jesus Christus plaas God die Christen binne ’n alternatiewe “patronage system” deur te verklaar voortaan is hy die “patron” van die Christen en die Christen is sy kliënt (Pilch 2000:41). Jesus Christus is nou Paulus se Weldoener (Filippense 1:18-20). Jesus Christus as Paulus se Weldoener is die bron, onderhouer en ook die inhoudgewer van sy

---

<sup>110</sup> Hanson en Oakman (1989:67). “What clients had to offer patrons was first and foremost honor, the primary ‘commodity’ and value in the Mediterranean. By praising the benefits for one’s patron in the community, the patron’s honor and reputation increased, which might have the residual effect of their increased influence. But clients could also offer loyalty and support to their patrons, which might be expressed in performing tasks, collecting information, spreading rumors, backing the patron in a factional fight, or attending funerals.”



alternatiewe waardestelsel. Die Weldoener (“patron”) is die een wat sy kliënt uit sy oorvloed beskerm en versorg en hulle behandel asof hulle intieme familie is. Jesus Christus is ’n geskenk by uitnemendheid wat elke ander aardse weldoener oortref (Pilch 2004:12).

Ten einde Jesus Christus as Paulus se Weldoener uit te wys, maar ook as dié een wat by uitstek inhoud gee aan sy herstelde waardestelsel, is dit belangrik dat die uitdrukking ἐν Χριστῷ<sup>111</sup> ondersoek word.

- ἐν Χριστῷ

Knowling (2009:40) stipuleer dat Paulus hierdie formulering nie minder nie as 43 keer in sy werke vermeld. Vir die bespreking van ἐν Χριστῷ is dit belangrik dat dit geïnterpreteer word teen die agtergrond van die gedeelte wat gehandel het oor die verband tussen identiteit, etiek en etos (sien Filippense 2:5-11). Hierdie proefskrif het aangetoon dat Paulus se denke gerig word vanuit sy nuwe identiteit in Christus en dat hierdie identiteit sy etiek en etos bepaal (vgl. Van der Watt 2006; sien Filippense 2:5-11). Die aanwending van ἐν Χριστῷ bevestig dat Paulus Christenskap verstaan vanuit hierdie intieme verhouding in Christus wat sy identiteit, etiek en etos bepaal.

Inleidend word daarop gewys dat die uitdrukking ἐν Χριστῷ beteken dat ons een is met Christus Jesus (König 2001:111). Ons is een met Hom, ons is deel van Hom, ons is in Hom opgeneem en ons is deel van Sy liggaam (Keck 2000:507). God handel met ons in en deur Hom. Daarom kan Paulus ons ook elders beveel om die nuwe mens “aan te trek” (Rom 13:14; Ef 4:24; Kol 3:10), wat eintlik beteken dat ons ons volkome met Jesus moet vereenselwig nadat ons alreeds

---

<sup>111</sup> Sien Filippense 1:1,13; 2:1,5,19,24,29; 3:1,3,14; 4:1,2,4,7,21.

deur die doop en die geloof in Hom ingelyf is (Rom 6; Kol 2-3). Ons taak is om Sy lewe saam met Hom te leef. Ons het nie meer 'n lewe van ons eie nie omdat ons deur die doop en die geloof saam met Christus gekruisig is en ons ou lewe daarmee beëindig is. Ons het toe saam met hom opgestaan en só aan Sy opstanding deel gekry. Hy is nou ons lewe (Kol 3:4) en dié lewe moet ons leef deur ons hoe langer hoe meer met Hom te vereenselwig (Van der Watt 2006).

Vervolgens word aandag geskenk aan die impak wat hierdie formulering van Paulus het tot die daarstelling van 'n alternatiewe waardestelsel (Gräbe 2006). Ridderbos (1975:58) is van mening dat die verhouding tussen Christus en sy kudde so intiem is dat daar van sy volgelinge gesê kan word dat hulle “in Christus” is (2 Kor 5:17). Daar bestaan egter talle standpunte oor presies wat die inhoud van hierdie formulering is<sup>112</sup>. Die slotsom waartoe gekom word, is dat ons met hierdie formulering nie met 'n mistieke eenwording deur sekere simboliese rituele te make het nie. Ridderbos (1975:59) stel dit soos volg: “an abiding reality determinative for the whole Christian life, to which appeal can be made at all times, in all sorts of connections, and with respect to the whole church without distinction” (sien Kol 2:20; 3:1). Ons het dus hier te make met die kerk van Christus se objektiewe heilsekerheid (Hawthorne 1996:163-169). Die “in

---

<sup>112</sup> Ridderbos (1975:59). “For a long time scholars have proceeded from the idea that ‘being in Christ’ denotes communion with the pneumatic Christ, out of which then the speaking of dying, rising, etc., ‘with Christ’ is said to have developed as a description of the closest personal experiences. Some choose to think here only in a general sense of influences of Hellenistic mystical thought. Others have gone further that the root of ‘being in Christ’, dying, rising, etc., is supposed to be the idea of an absorption with the deity, indeed of a physical unification of oneness with Christ. All the emphasis was placed on the natural character of this mysticism, not in an ethical or symbolical, but in a proper and real sense as union with the deity and which is effected in particular through baptism and the Lord's Supper in a magical way as in the rites of the mystery religions.”

Christus"-formulering plaas die Christengelowige binne 'n alternatiewe verwysingsraamwerk van waaruit gedink, gevoel en opgetree word<sup>113</sup>. Dit is vir Paulus belangrik dat die Christengelowige haarself sal herintepreter vanuit die historiese gegewe dood en opstanding van Jesus Christus (Hawthorne 1996:163-169). Hierdie historiese feitlikheid maak dat die Christen na haarself kan verwys as 'n nuwe skepping in Christus en nie meer geoordeel word na die "vleeslike" nie – 2 Korintiërs 5:15v. Volgens Sang-Won (2001:30) wys die "in Christus"-formule nie net heen na die individuele inkorporering van die Christen in die heilsgebeure nie, maar het ook implikasies vir die onderlinge eenheid van die Christene<sup>114</sup>. Al is daar baie individuele Christene, vorm hulle almal saam die liggaam van Christus, omdat hulle almal een is in Christus – Gal. 3:28 (Fuchs 2008:53).

Die "in Christus"-wees bepaal nie net die identiteit van die gelowige vir die huidige nie, maar het ook waarde vir die toekoms (Fee 1995:233). Ons lees dat Ridderbos (1975:61) verwys na Rom 5:12ff. In hierdie gedeelte handel Paulus met die sekerheid van die Christengelowige se redding ten tyde van die parousia. Diesulkes wat in Christus is, sal saam met Christus ook die toekoms ingaan (Strecker en Horn 2000:117).

---

<sup>113</sup> Koester (2000:108). "But existence in this pursuit to fulfill the law – by all means a law that can be fulfilled – had lost its meaning because a new divine demand had taken its place, a demand that lays claim on the whole human being and on all human beings, no matter whether they are Jews or Gentiles: 'to be in Christ'".

<sup>114</sup> Ridderbos (1975:62). "We have to do here with one of the fundamental motifs of Paul's of redemption, which occurs again particularly in his conceptions of the church."

Die navorser interpreteer ἐν Χριστῷ volgens die gedagteprent van 'n moeder en haar ongebore baba. Die ongebore baba is afhanklik van die moeder vir voeding, beskerming, groei en vorming. Moeder en baba is ingeweef, sonder die moeder het die baba geen kans op oorlewing nie. Om die beeld verder te voer: Indien die swanger moeder haar paspoort moet indien, dien sy slegs een paspoort in, wetende dat sy twee afsonderlike lewens verteenwoordig. Die ongebore baba verkry vrye toegang op grond van die moeder. Soos die ongebore baba in die moeder is, so is die Christengelowige in Christus. Paulus neem hierdie heilsfeit as een van sy kern-uitgangspunte ten einde die lewe van die Christengelowige te interpreteer. Hierdie formulering, asook Paulus se verwysing na die Filippense as “hemelse burgers” (3:20), maak dit duidelik dat Paulus oorbeweeg van 'n eksterne lokus van kontrole na 'n transendente lokus van kontrole (vgl. Louw 2005). 'n Transendente lokus van kontrole handhaaf die verband tussen etiek, etos en identiteit.

Dit word nou toegepas op die huidige situasie in Filippense. Of Paulus nou in die tronk is, of dit met hom baie sleg gaan, hy is te alle tye ingemoeder in Christus. Niks kan hom skei van Christus nie. Sy denke, optrede en gevoelens word bepaal deur sy intieme verbintenis in Christus. Hy is in Christus en nie in die wêreld nie. Hy het 'n nuwe status, 'n nuwe burgerskap en nuwe weldoener. Sy lewe word nou bepaal deur 'n alternatiewe waardesisteem van in Christus wees<sup>115</sup>. Hierdie alternatiewe waardesisteem word aangrypend bevestig in

---

<sup>115</sup> Lindars en Smalley (1973:187). “In some way, then, which it still remains hard to express, Christ in his very person is the point at which human ideals and obligations are renovated and transformed. What went before is now seen as a foreshadowing of Christ; and Christ himself marks the goal of life as well as its origin. He confronts us with human obligation in its ultimate form; and does so not just by the legacy or teaching or insights that he has bequeathed, not just because of the life that he lived and its consequences; but because of the life that he lives, which is ours to live also.”

Paulus se verwysing na homself en na Timoteus as diensknegte (slawe) en na die Filippense as heiliges. In die volgende gedeelte word hieraan aandag geskenk.

- Filippense 1:1

<sup>1</sup> Παῦλος καὶ Τιμόθεος δοῦλοι Χριστοῦ Ἰησοῦ πᾶσιν τοῖς ἁγίοις ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ τοῖς οὖσιν ἐν Φιλίπποις σὺν ἐπισκόποις καὶ διακόνοις:	Paulus en Timoteus, diensknegte van Jesus Christus, aan al die heiliges in Christus Jesus wat in Filippi is, saam met die opsieners en diakens.
--	--

Volgens McKim (1996:262) is die term slaaf kultuurhistories gelaai (vgl. Harrill 2006:1). In die volgende paragraaf word gewys daarop dat Paulus deur hierdie verwysing na homself die lesers se statuskonsep direk gekonfronteer het (Ascough 2003:62; Byron 2003:199).

Slawerny was 'n integrale deel van die lewe gedurende die eerste twee eeue v.C.<sup>116</sup>. Ongeveer 85-90% van die mense in Italië was slawe of van dergelike herkoms. In die woorde van Aristoteles was slawe net “menslike gereedskap”. Gedurende die eerste eeu is hulle wel toegelaat om te aanbid en te trou. Alhoewel die kinders uit so 'n huwelik *contubernium* was, was hulle die eiendom van hul eienaar (Malina en Neyrey 1996:104). Jare later sou talle slawe ook bekom word vanuit krygsgevangenes. Slawe is ook toegelaat om geld te spaar (*peculium*), wat hulle later kon gebruik om hul vryheid mee te koop. Die slawe het talle ampte beklee, soos onder andere plaaswerkers, argitekte, dokters, kunstenaars, skrywers, onderwysers en administrateurs. Hulle is ook dikwels

aangewend in die industriële mark as bouers vir 'n daaglikse loon wat gedeeltelik uitbetaal is. Twee derdes is aan die eienaar betaal (Hastings; Mason en Pyper 2000:675).

Vir die Grieke is enige vorm van diens in die styl van 'n slaaf as verwerplik beskou bloot omdat menswaardigheid deur die Grieke geken is in die vryheid van 'n mens se wil (Yamauchi 1981:98). Selfs opoffering is deur hulle beskou as 'n dwase optrede. Daarmee saam is 'n persoonlike belydenis van afhanklikheid teenoor die gode ook misken. Om te kniel as 'n aanduiding van onvoorwaardelike oorgawe aan die gode, soos wat 'n slaaf voor sy meester kniel, het nie bestaan nie (Ferguson en Wright 1988:644). Wat dan nou van die Joodse lesers, hoe sou hulle δοῦλοι verstaan?

In die LXX dui δοῦλοι op diens aan God in die algemeen (Botterweck; Ringgren en Fabry 1999:445). En dan nie soseer op 'n geïsoleerde optrede nie, maar op 'n algehele verbintenis aan God. Die onderliggende Godsbegrip is dié van God as die onoortreflike Heer, wat die mens in sy totaliteit oorstyg (Edwards 2005:207). Later is die Godsbegrip beïnvloed deur konings. Om voor God te kniel moet teen hierdie agtergrond gelees word en is 'n aanduiding van die mens se totale afhanklikheid van God. Die woord dui dus op 'n verhouding van interafhanklikheid en van diens wat afgedwing word óf selfs vrywillig is, maar wat altyd as beperkend beleef word. Dit word gewoonlik taalkundig gebruik in die konteks van 'n despotiese monarg en sy onderdaan. Hierdie uitdrukking word slegs gebruik deur die onderdaan as 'n beskrywing van sy verhouding tot die monarg, maar is nooit deur die monarg gebruik nie.

Binne die denkraamwerk van die Judaïsme in die tyd van Jesus, asook in die Griekse wêreld, was slawerny 'n aanduiding van 'n laer vlak van menswees<sup>117</sup>. Volgens die Kanaänitiese wetgewing was hulle geklassifiseer tot onbeweegbare goedere (huisraad). Dit het beteken dat hulle geen regspraak gehad het nie, hulle mag ook geen eiendom besit nie. Selfs sy eie familie het nie aan hom behoort nie, want dit was die eiendom van sy heer. Die slaaf se vrou is beskou as 'n geskenk uit die hand van die meester. Binne die kultus het hulle ook beperkte voorregte gehad. Sy kultiese ondergeskiktheid was sterk beklemtoon. Die eienaar kon met hom doen wat hy wil. Dit was dus 'n geweldige belediging om as 'n slaaf bestempel te word (vgl. Saunders 2001; Valentine 2008).

In die Nuwe Testament dui  $\delta\omicron\upsilon\lambda\omicron\iota$  op 'n totale afhanklikheid en onder die volkome beheer van iets of iemand te wees (Louw en Nida 1989:741-742). Om 'n slaaf te wees, beteken dus dat sy eienaar geheel en al oor hom beskik. Sy eie wil en begeertes is aan dié van sy eienaar ondergeskik. As sy eienaar wel iets aan hom gee, is dit 'n vrywillige gawe en nie iets waarop hy aanspraak het nie.

Hoe moet ons nou Paulus se verwysing na homself en na Timoteus as slawe (Filippense 1:1) verstaan? Die uitdrukking moet meestal Christologies verstaan word (Byron 2003:199). In die Nuwe Testament is die algemene standpunt dat ons aan Christus behoort en ons lewe aan hom opoffer. Buite Christus is alle mense verslaaf, soos uitgelig in die volgende tekste: Romeine 6:6,19; Titus 3:3; Galasiërs 4:3,8-9. Volgens Paulus word ongelowiges so beheer deur hierdie magte dat hulle nie anders kan as om voortdurend onder hul invloed te leef nie,

---

<sup>117</sup> Stambauch en Balch (1986:110). "In terms of power, influence, money and the perceptions of the time, we can divide the population of the Roman world into two main categories, those with influence and those without it, the 'honorable' and the 'humble', those who governed and those who were governed, those who had property and those who did not. The upper category was very small, the lower very large."

maar in Christus is die gelowige vrygelaat van hierdie slawerny. Die verwydering wat daar tussen God en mens was, is nou opgehef. In onderskeiding van die vorige slawerny is die gelowige nou bevry tot 'n nuwe status (Gal. 4:5ff.; Rom. 8:15,23). Hierdie vryspraak skep die moontlikheid dat die gelowige altyd kan kies teen sy vorige status. Nou leef hy in die status van iemand wat aan Christus behoort en daarom tot 'n nuwe dienskarakter vrygekoop is (Byron 2003:200). Kenmerkend van hierdie nuwe verhouding is gehoorsaamheid en lojaliteit.

In opsomming: δοῦλοι Χριστοῦ Ἰησοῦ kan dui op 'n omskrywing van identiteit. Hierdie woorde impliseer dat Paulus homself ten volle en bewustelik ondergeskik stel aan Christus. Nie net dui dit op die vryspraak van Christus in sy lewe nie, maar ook op sy spesifieke amp (roeping). Hy staan onder die gesag en opdrag van Jesus Christus en daarom is Paulus 'n δοῦλος Χριστοῦ Ἰησοῦ. Die verwysing na δοῦλοι is nie 'n belediging nie, maar wel 'n hooggewaardeerde posisie in die oë van God. Paulus keer dus hier die rangordes van die wêreld op sy kop. Hoe wend Paulus δοῦλοι aan in sy teologie?

Wanneer Paulus homself dus 'n slaaf van Christus noem, wil hy daarmee aantoon wat die verhouding tussen homself en Christus is. Soos 'n slaaf is hy in alles aan Christus onderworpe. Hy staan volkome in Christus se diens. Christus se wil het ook sy wil geword. Hierdie gedagte is egter meer as net 'n wilsbesluit. Paulus verwys na hom en Timoteus as slawe en impliseer daardeur dat hulle in status ook gelyk voor God staan. Albei staan op dieselfde vlak – albei is net maar slawe van Christus. Hulle het dieselfde Weldoener en staan in dieselfde diens. In die familie van Christus is almal dienaars van Christus.



Nie net spreek Paulus sy eie status as slaaf van Christus aan nie, maar ook dié van die Filippense<sup>118</sup>. Ook hul status en eer word nie meer bepaal deur hul aardse burgerskap nie, maar word bepaal deurdat hulle τοῖς ἁγίοις ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ is. Wat bedoel Paulus met die uitdrukking τοῖς ἁγίοις?

Heiligheid is 'n fundamentele eienskap van God<sup>119</sup>. Die menslike reaksie op die heiligheid van God vind binne die Ou Testament uitdrukking in 'n oproep tot reinheid (Bowden 2005:578). Derglike reinheid word vereis deur die priester<sup>120</sup> binne die godsdienstige rituele, die profete wanneer hulle verwys na sosiale geregtigheid en in die wysheidstradisie wanneer die morele reinheid van die individu aan die orde kom (Lacoste 2005:712). Die Ou Testament het nie net heiligheid beperk tot 'n eienskap van God en ordereëling binne die leefwêreld van die mens nie, maar ook 'n gemeenskap van mense kon as heilig beskou word<sup>121</sup>. So byvoorbeeld lees ons in Exodus 19:6 en Levitikus 19:2 dat die volk

---

<sup>118</sup> Kittredge (1998:36). "Within the diverse context of the early Christian movement, a vision of equality struggled for expression within the dominant patriarchal culture."

<sup>119</sup> Ryken (1998:389). "Understanding holiness as it is imaged in Scripture requires that we be open to the rawness of the human experience of God's holiness. Biblical descriptions of holiness tend to be dynamic and emotive."

<sup>120</sup> Lacoste (2005:712). "The priestly code contains an elevated notion of the holiness of a God whom one does not approach without impurity unless one has met the required conditions, which are particularly demanding for the priests of God."

<sup>121</sup> Alexander; Rosner; Carson en Goldsworthy (2005:544). "For Israel, holiness was to be found in a relationship with the Holy One. A common factor in the terms describing Israel's vocation in Exodus 19:5-6 is the note of separation from the nations, so as to be uniquely at God's disposal. As a holy nation, they were to demonstrate what it means to live under the direct rule of God, with God's sanctifying presence in their midst."

Israel as heilig beskryf word. Die bedoeling is dan dat hulle as 'n eksklusiewe volk beskou word omdat hulle in 'n unieke verhouding met Yahweh leef. Nie net word die volk Israel as 'n heilige volk beskou nie, maar ontvang ook daarmee saam sekere etiese verpligtinge. Die volk Israel se moraliteit verskil van die omringende volke. Hulle verskil omdat hul identiteit in God en sy verbond verskuil en daarom leef hulle vanuit 'n alternatiewe waardestelsel en etos. Dienooreenkomstig die unieke wesensaard en etiese gedrag van die volk Israel, verwys Paulus net so ook na die "heiliges"<sup>122</sup> (Müller 1992:25). Die Filippense word as "heiliges" aangespreek omdat die Heilige Gees van God in hulle woon. Hierdie inwoning van die Heilige Gees bied aan die Filippense die geleentheid om nuut te dink en nuut op te tree as mense wat tot die koninkryk van God behoort<sup>123</sup>. Die verlossing deur Christus en die inwoning van die Heilige Gees gee aan hulle 'n nuwe status en daarom kan hy hulle oproep tot gedrag wat eie is aan hul nuwe status.

- Filippense 1:13

<sup>13</sup> ὥστε τοὺς δεσμούς μου φανεροὺς ἐν Χριστῷ γενέσθαι ἐν ὅλῳ τῷ πραιτωρίῳ καὶ τοῖς λοιποῖς πάσιν,	sodat my boeie openbaar geword het in Christus onder die hele keiserlike lyfwag en by al die ander
---	--

<sup>122</sup> Müller (1976:25). "Met die 'heiliges' word bedoel almal wat deur Christus Jesus gered is uit hul onheilige leefwyse om voortaan vir God afgesonder te wees en aan Hom te behoort."

<sup>123</sup> Melick (1991:49). "The saints were those who were set apart by God at conversion, and they were in process of becoming like Christ. The term thus reminded the church of its special status in God's redemptive plan."

Hierdie gedeelte word gelees in terme van die verband tussen identiteit, etiek en etos (sien Filippense 2:5-11) asook die paragraaf oor die formule ἐν Χριστῷ. Dit is dus nie nodig om die volle diskoers van genoemde agtergrond te herhaal nie. Dit is reeds duidelik dat vir Paulus die uitdrukking ἐν Χριστῷ 'n aanduiding is van 'n heeltelmal nuwe manier van dink oor wie hy in hierdie wêreld is. Paulus se identiteit word transendent bepaal (Van der Watt 2006:290). Wie hy is, is gefundeer daarin dat sy totale menswees in Jesus geïnkorporeer is. Paulus formuleer sy identiteit na aanleiding van sy intieme verhouding in Christus. Wanneer hy in boeie is, is dit vir Paulus 'n geleentheid om sy identiteit in Christus sigbaar te maak, en om die naam van sy weldoener bekend te maak en groot te maak (Gräbe 2006:292). Volgens die waardesistiem van die aardse mense is Paulus geboei en dus in 'n hopelose situasie. Daarenteen, volgens Paulus se alternatiewe waardesistiem, bevind hy homself in Christus en nie in boeie nie! Hy is in werklikheid vry om ook die keiserlike wag te bedien (Ware 2005:174). Sy boeie van gevangenskap is Christus se reddingsboeie vir 'n verlore keiserlike wag (Herrick 2002:50).

- Filippense 1:18-21

<p><sup>18</sup>τί γάρ; πλὴν ὅτι παντὶ τρόπῳ, εἴτε προφάσει εἴτε ἀληθείᾳ, Χριστὸς καταγγέλλεται, καὶ ἐν τούτῳ χαίρω: ἀλλὰ καὶ χαρήσομαι, <sup>19</sup>οἶδα γὰρ ὅτι τοῦτό μοι ἀποβήσεται εἰς σωτηρίαν διὰ τῆς ὑμῶν δεήσεως καὶ ἐπιχορηγίας τοῦ πνεύματος Ἰησοῦ Χριστοῦ, <sup>20</sup>κατὰ τὴν ἀποκαραδοκίαν</p>	<p>Maar wat maak dit? In alle geval, op allerlei wyse, of dit onder 'n skyn of in waarheid is, word Christus verkondig; en hierin verbly ek my en sal ek my ook verbly, volgens my reikhalssende vewagting en hoop dat ek in niks beskaam sal word nie; maar dat Christus met alle vrymoedigheid, soos altyd so ook nou, groot gemaak sal</p>
--	---

<p>καὶ ἐλπίδα μου ὅτι ἐν οὐδενὶ αἰσχυνηθήσομαι, ἀλλ' ἐν πάσῃ παρορησίᾳ ὡς πάντοτε καὶ νῦν μεγαλυνθήσεται Χριστὸς ἐν τῷ σώματί μου, εἴτε διὰ ζωῆς εἴτε διὰ θανάτου. <sup>21</sup>ἐμοὶ γὰρ τὸ ζῆν Χριστὸς καὶ τὸ ἀποθανεῖν κέρδος.</p>	<p>word in my liggaam, of dit deur die lewe of deur die dood is. Want ek weet dat dit deur julle gebed en die ondersteuning van die Gees van Jesus Christus my tot heil sal strek</p>
--	---

Filippense 1:18 kan as 'n opsomming vir 1:12-17 gehanteer word en plaas vers 1:19 as die inleidende vers tot 1:19-26.<sup>124</sup>

Filippense 1:18 begin met 'n retoriese vraag – “maar wat maak dit?”. Die inherente antwoord op die vraag kan afgelei word uit die konteks van die vraag. Paulus sal nie toelaat dat hierdie predikers, wat Christus uit onsuivere motiewe verkondig, hom ontstel nie. Vervolgens meer oor 'n prominente merker in vers 18. χαίρω<sup>125</sup> word vertaal met blydskap en word twee maal in die vers aangetref.

<sup>124</sup> Louw en Nida (1977:27) is egter van mening dat die genoemde afbakening nie van pas is nie. οἷδα in vers 19 is 'n verduideliking van wat gesê is in 18b. 'n Verdere rede waarom die afbakening by vers 18b nie van pas is nie, word gelê voor die herhaalde gebruik van “blydskap”. 'n Derde moontlikheid is om 'n nuwe paragraaf te skep op grond van die inleidende woorde in vers 18. Die woorde “maar wat maak dit” sou in hierdie geval dien as 'n opsomming vir verse 15-17 en dien as 'n oorgang na dit wat volg. Loh en Nida (1977:27) neem laasgenoemde interpretasie as uitgangspunt.

<sup>125</sup> Ernest (1994:499). “The distinguishing characteristic of the Judeo-Christian religion is joy. The proclamation of salvation is one of great joy (charan megalén, Luke 2:10-11) which contrasts with the pessimism and despair of first-century paganism.”

Belangrik is dat daarop gelet word dat *χαρήσομαι* in sy futurum-vorm dui op 'n wilsbesluit en dit sal as 'n voortdurende handeling steeds in die toekoms gehandhaaf word (Friederich 1974:369). Die onblusbare konstantheid van hierdie blydschap vind bevestiging in die gekombineerde gebruik van *ἀλλὰ καὶ*. Laasgenoemde uitdrukking word in kombinasie met *ἀλλὰ καὶ χαρήσομαι* gebruik. Hoe moet dit geïnterpreteer word? Moises en Silva (1992:75) wys daarop dat hierdie uitdrukking saamgelees moet word met *ἐν τούτῳ χαίρω*. Waarom? Moontlik is dit 'n daadwerklike poging deur Paulus om enige negatiewiteit by hom te vertrap. 'n Meer vanpaste moontlikheid is om dit saam te lees met vers 19 *οἶδα γὰρ ὅτι τοῦτό μοι ἀποβήσεται εἰς σωτηρίαν*.

Nie net word *ἀλλὰ καὶ χαρήσομαι* (1:18b) saamgelees met *οἶδα γὰρ ὅτι τοῦτό μοι ἀποβήσεται εἰς σωτηρίαν* nie, maar moet die navorser in gedagte hou dat *ἀλλὰ καὶ χαρήσομαι* (1:18b) verbatim geneem is uit Job 13:16 (Hawthorne 2004:49; Ware 2005:202). Volgens Hawthorne en Ware kan Paulus se verwysing na Job op twee vlakke gelees word: (1) Dat Paulus in die tronk is en moontlike dood in die oë staar, maak dat hy homself met Job identifiseer; en (2) die aanhaling deur Paulus is nie uit die MT nie, maar die LXX. In die MT is Paulus se rede vir verlossing gesetel in die geleentheid om sy saak in die teenwoordigheid van God te stel (Job 13:14b-16), terwyl in die LXX is Paulus se rede (*τοῦτό*) vir sy verlossing (*μοι ἀποβήσεται εἰς σωτηρίαν*) dat hy sy saak voor die regeerder kan stel wat hom om die lewe wil bring *μοι ἀποβήσεται εἰς σωτηρίαν*. Die rede waarom Paulus uit die LXX aanhaal, is dat Job en sy situasie baie ooreenstem en daarom haal hy hierdie woorde uit die LXX aan om die Filippense te bemoedig en te onderrig (Ware 2005:174). Die slotsom waartoe die navorser kom, is dat Paulus nie die aardse heerser vrees nie, omdat hy ingelyf is in Christus, die groot Weldoener, die een wat ook hierdie geleentheid sal kan benut tot die uitbou van die evangelie en die opbou van die geloof in God

by die Filippense. Paulus se identiteit in Christus vervul hom met moed en nuwe hoop.

Vir 'n verdere bespreking sien hoofstuk 5, waar dit handel oor Christus as die Groot Weldoener in Paulus se lewe. Vanuit die bespreking aangaande Jesus Christus as Paulus se weldoener is dit te verstane dat hy vertrou op die lojaliteit van Jesus Christus.

Paulus se verwysing na homself as 'n slaaf baan die weg tot sy siening oor die gesindheid wat kenmerkend is van 'n Christen. Ons stel Filippense 2:5-8 aan die orde.

### 3. HEMELSE BURGERSKAP: 'N HERSTELDE IDENTITEIT

- Filippense 3:20

ἡμῶν γὰρ τὸ πολίτευμα ἐν οὐρανοῖς ὑπάρχει, ἐξ οὗ καὶ σωτῆρα ἀπεκδεχόμεθα κύριον Ἰησοῦν Χριστόν	Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus
---	--

In 3:20 lees ons dat Paulus na die Filippense verwys as τὸ πολίτευμα<sup>126</sup> (Muddiman en Barton 2001:1187). Die oorspronklike betekenis van die woord dui op 'n persoon se optrede as landsburger of sy/haar optrede in verhouding tot ander (Louw en Nida 1989:508). Hier in 3:20 wil Paulus die Filippense daarop wys dat hulle tot 'n heeltemal nuwe aard van burgerskap behoort<sup>127</sup>. Paulus maak dus in vers 27 aanspraak op hul burgerlike bewussyn. Wesenlik in hul denke was die feit dat Filippi 'n Romeinse kolonie was en dat die moontlikheid bestaan dat sommige van die Filippense selfs ook baie trots daarop was! Belangrik net om te onthou, is dat Paulus nie deur die gebruik van hierdie

---

<sup>126</sup> Nel (2002:125). “Uiteraard was die stad se mense dus van die meer bevoorregte burgers van die Romeinse Ryk. Hulle was trots op die stad en identiteit. Hulle het waarskynlik ekonomiese onafhanklikheid beleef en het gevoel dat hulle ‘garriveer’ het. Wanneer Paulus die Christene afgrens van hulle wat in die gemeente probleme veroorsaak het, verwys hy juis na laasgenoemde se aardsgesindheid (3:19). Die grondbesit het hulle ook meer ‘wêreldbewoners’ gemaak as ‘burgers van die hemel’ na wie Paulus in Fillipense 3:20 verwys. Paulus beskryf in 1:27 dat hulle hulle in ooreenstemming met die evangelie moet gedra. Hy bedoel hulle moet optree soos burgers van die hemel. Die kerk is God se hemelse projeksie op aarde. Ons is ‘resident aliens...’, burgers van die hemelse kolonie op 'n vreemde stuk aarde, praat 'n ander taal en al leef die wêreld rondom hulle 'n ander soort lewe. Die taal van die wêreld is aardsgesind. Die taal en lewenswyse van die burgers van die hemel is anders (3:4-11, 17-20).

<sup>127</sup> Tasker (1974:161). “The background of the word, in this context, is the situation of the readers who lived in a city which was a Roman military colony directly related to the capital of Rome. The apostle here indicates the troubled allegiance of the Philippian Christians. As Roman subjects they are citizens of a far distant, capital city of Rome. As servants of ‘another king, one Jesus’, they are citizens of that capital city, where the King of Kings has His domicile, and whose advent to establish His reign on this earth and to rescue His people is awaited.”

gedagte die Filippense wil oproep tot burgerskap in die algemeen nie, maar dat hy hulle wil bewus maak van hul Christelike burgerskap en meegaande verantwoordelikheid (Harrington 2009:137). Later in 3:20 sal Paulus dit duidelik maak dat sy oproep tot uitnemende burgerskap gerig is daarop dat hulle aan 'n ryk behoort wat in alle opsigte die Romeinse Ryk in prestige en omvang oortref (Ascough 2003:149). Die punt wat Paulus wil tuisbring, is dat die primêre πολίτευμα vir die Christene in Filippense is, nie die Romeise Ryk nie, maar wel die πολίτευμα van God. Die Filippense leef vanuit 'n nuwe identiteit, hul identiteit in Christus (Gräbe 2006:293).

Die verwysing na πολίτευμα word ook kortliks in verband gebring met die terme βασιλεία τοῦ θεοῦ en κύριος. Beide terme het implikasies vir die identiteit, etiek en etos van Paulus en die Filippense. Gegewe die omvattendheid van die twee begrippe word slegs opmerkings gemaak wat die doelwit van die proefskrif dien.

- βασιλεία τοῦ θεοῦ

Burgerskap tot die koninkryk van God kan slegs deur geloof in Jesus Christus ontvang word (LaHaye en Hindson 2006:281). Paulus wys die Filippense daarop dat hulle in twee bedelings leef, die aardse en die hemelse (Muddiman en Barton 2001:1186; Elliot 2006:196). Die realiteit is egter dat die aardse altyd ondergeskik is aan die hemelse en daarom moet die Filippense altyd daarteen waak om nie gelykvormig te word in hul etiek en etos met die aardse bedeling nie (Blockmeuhl 2006:234). Paulus het egter met die verwagting geleef dat God spoedig die aardse bestel tot 'n einde sal bring en sy hemelse ryk in volle mag sal vestig – Romeine 8:18-25; 13:11-14 (Elliot 2006:184). In die lig van sy oortuiging oor die verganklikheid van die aardse ryk is dit te verstane dat hy die Filippense aangespreek het om nie te verslap in hul toewyding nie. In sy



bespreking van die “hemelse burgerskap” wys Witherington III (1994:52) daarop dat Paulus nie die hemel slegs sien as die vaderland van die gelowige of as ’n finale en ewige eindpunt nie. Hy is van mening dat Paulus aan die hemel dink as die tuiste waar Christus tans is, tot en met die finale parousia (2 Kor 5:1-10). Verder is Witherington III van mening dat die werklikheid van die hemel reeds ’n aanvang geneem het in die persoon van Jesus Christus. In en deur Jesus Christus se aardse lewe is hierdie aardse wêreld reeds beïnvloed en verryk deur God se koninkryk. Die werklikheid is dat die aardse wêreld van verbygaande aard is en dat die burgers van God se koninkryk hulle eerder moet verbind tot die waardes en realiteite van God se koninkryk (Dickson 2003:113; Ratzinger 2007:24).

- κύριος

Daar is ’n interessante ontwikkelingsagtergrond tot die titel κύριος. Barclay (2003:46) wys daarop dat κύριος (1) in sy oorsprong gedui het op eienaar of meester; (2) later sou dit die amptelike titel van die Romeinse keiser word; (3) asook die aanspreekvorm vir die Romeinse en Griekse Gode en (4) dit sou ook die benaming wees waarmee die Hebreeuse YHWH in Grieks vertaal word (vgl. Gonzales Jr. 2008:xiii). Wanneer Paulus na Jesus verwys as κύριος dan is Hy die ware Eienaar en Meester van die lewe; Koning van die Konings; Hy is waarlik God soos wat geen ander gode of afgode ooit kan wees nie en Hy is volwaardig God (Rhodes 2008:1186). Dit is vir Paulus belangrik dat die Filippense beseft dat Christus as hul κύριος die keiser as κύριος oortref in outoriteit, mag en status (Aune 2010:484). Dit is ’n feit wat sekere praktiese implikasies vir hul daaglikse lewe inhou. Een van hierdie implikasies was dat waardige rolmodelle te vinde was in die lewe van Jesus Christus asook sy eie. Caesar en sy trawante mag

dalk vir die algemene publiek gepaste rolmodelle wees, maar beslis nie vir die burgers van God se Koninkryk nie!

Filippense 2:5-11 is sekerlik een van die belangrikste tekste as dit kom by die Pauliniese verstaan van Jesus as die κύριος. In Filippense 2:11 lees ons καὶ πᾶσα γλῶσσα ἐξομολογήσεται ὅτι κύριος Ἰησοῦς Χριστὸς εἰς δόξαν θεοῦ πατρὸς. ὅτι κύριος Ἰησοῦς Χριστὸς was die eerste credo wat die Christelike Kerk ooit gehad het (Barclay 2003:46). Die gedagte met hierdie woorde was dat die Filippense sal besef Christus is die enigste hoof. Paulus wil die Filippense se aandag daarop vestig dat hulle nie uit selfsug moet lewe nie, maar soos Christus, hul enigste κύριος, mekaar dien.

Die identiteit van die Filippense is gefundeer in hul hemelse burgerskap. As burgers van die βασιλεία τοῦ θεοῦ en onder die eienaarskap van Jesus as die enigste en ware κύριος het dit verreikende implikasies vir hul sosiaal-kulturele sisteem, wat gekenmerk word deur lojaliteit binne die “fictive kinship”, eer en skaamte asook die “patron system”. Die proefskrif het reeds daarop gewys dat Paulus Jesus uitwys as die ware Weldoener (“patron”).

- Die kategorie van eer en skaamte

Paulus het nuwe inhoud verleen aan die Filippense se verstaan van eer en skaamte. Die mense woonagtig in die Mediterreense wêreld<sup>128</sup> van die eerste eeu na Christus het hul menswees hoofsaaklik vanuit hul verbondenheid aan andere verstaan (Joubert 1992:165) en is gedomineer deur hul soeke na

---

<sup>128</sup> Malina (1993:8). “First-century Mediterraneans, for the most part, live their lives in public. Honor comes from public acknowledgement of worth.”

publieke eer (Neyrey en Stewart 2008:85). Hellerman (2005:165) maak die stelling dat persone soos Paulus, wat die waardes van eer en skaamte wou konfronteer, blootgestel was aan publieke vervolging wat selfs tot die dood kon lei (vgl. 2 Korinthiërs 11:16-33). Die inhoudelike van eer en skaamte was net ononderhandelbaar. Hellerman (2005:165) is van mening dat dit Paulus se droom was dat die samelewing hul eer sou verwerf deur hul status en mag te offer tot diens aan mekaar. Die herinterpretasie van eer was veral in Filippi 'n grootse uitdaging, want antieke inskripsies bevestig dat daar uitsonderlike wedywing onder die elite in Filippi bestaan het (Hellerman 2005:88).

Joubert (1992:165) wys daarop dat bitter min aandag aan psigologiese kwessies en interne ervarings bestee is en dat hulle oor die algemeen glad nie op introspeksie ingestel was nie. Die groepsverband het ook voorsiening gemaak vir stereotipe rolle<sup>129</sup>. Die samelewingsverband het natuurlik voorsiening gemaak vir individuele regte. Die belange van die groter groep is altyd ingereken<sup>130</sup>. Die oorheersende waardes in hierdie samelewing was dié van eer<sup>131</sup> en skande (skaamte). Joubert (1992:167) verduidelik dit soos volg: “Met eer word 'n persoon se aanspraak op waarde in sy/haar eie oë, sowel as binne die groep tot wie sy/hy behoort bedoel, en met skande die aantasting van 'n persoon se eer.”

---

<sup>129</sup> Joubert (1992:160). “Enige afwyking van die verwagte gedragkodes verbonde aan bepaalde rolle soos dié van vader, kind of Christen is as wangedrag en 'n bedreiging vir die voortbestaan vir die groep beskou, wat so gou moontlik deur middel van sosiologiese beheermeganismes en groeprèëls reggestel moes word om nie oneer of skande oor die groep te bring nie.”

<sup>130</sup> Malina (1989:7). “Although they are single beings ... unique in their single being, yet their psychological ego reference is primarily to some group”.

<sup>131</sup> Joubert (1992:167). Eer kon deur geboorte verkry word deur in die “regte familie” gebore te word; eer kon deur persone van mag aan iemand toegesê word en laastens kon eer ook verwerf word deur middel van komplimente, dankbetuigings en ander vorme van erkenning (Filippense 2:29-30).

Die skrywer maak hierdie beginsel op die verhouding tussen Paulus en sy gemeente van toepassing. Indien Paulus 'n gemeente sou beveel om op gegewe wyse op te tree en hulle doen dit, dan sou hulle hom eer bewys. Die slotsom waartoe Joubert kom, is dus dat as 'n mens as 'n eervolle persoon erken word, dit ook die sosiale erkenning van die waarde het waarop hy/sy aanspraak maak het. Dit is dus te verstane dat Paulus homself en vir Christus as tipos voorhou. En dié waarde waarop Paulus sy identiteit bou en wat sy etos rig, vind ons onder andere in Filippense 3:7-1, maar ook in Filippense 2:5-11 (Sumney 2007:8). Alles is waardeloos vergeleke met Christus. Wat Paulus doen, is om die kategorie van eer en skaamte om te draai. Wat in die Romeinse omgewing as 'n eer beskou word, is dalk iets om voor skaam te wees binne die waardesisteem van Christus.

Paulus daag die Filippense uit om nuut te dink en te handel volgens hul alternatiewe identiteit (hemelse burgerskap), etiek en etos soos vergestalt in hul weldoener, Jesus Christus. Jesus Christus het sy mag en status prysgegee om te dien. Paulus het die Filippense uitgedaag tot 'n herdefinisie van eer en skaamte: “serving rather than competing” (vgl. Bartchy in Hellerman 2005:165).

#### 4. SIN IN LYDING

- Filippense 1:21

ἐμοὶ γὰρ τὸ ζῆν Χριστὸς καὶ τὸ ἀποθανεῖν κέρδος.	want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins.
--	--

Alvorens ons aandag skenk aan die woordontleding, is dit belangrik om in gedagte te hou dat vers 21 deel vorm van verse 21-24 (Hawthorne 1983:54).

Die samebindende faktor is die afwisselende gedagtes aangaande lewe en dood. Die afwisseling van die gedagtes oor lewe en dood gee die leser 'n blik op die innerlike stryd wat Paulus beleef het ten einde sy gedagtes aangaande lewe en dood te formuleer. Uiteindelik kom hy tot die slotsom dat dit beter is om te lewe ten einde te kan dien! Vervolgens meer oor vers 21.

ἐμοὶ is 'n duidelike empatiese merker wat 'n nuwe gedeelte inlei (Schenk 1984:150). Dit vestig onteenseglik die aandag daarop dat dit wat hy nou gaan sê, uit die diepte van sy hart kom en dien as 'n uitdrukking van 'n opregte weldeurdatge, persoonlike oortuiging. Wat hierop volg, is eie aan die Griekse retoriek (Bockmeuhl 2006:87). Bockmuehl (2006:87) is van mening dat Paulus hier gebruik maak van die tegniek van vergelyking<sup>132</sup>. Belangrik net om te weet, is dat Paulus nie besig is met 'n taalspel nie. Die vergelyking moet verstaan word in die lig daarvan dat hy die werklikheid van die dood in die oë staar. In die lig van Paulus se stryd as slaaf van Christus (2 Kor 11:28-29) en die effek van gevangenskap (Hand 24:27) het dit hom genoodsaak om nuut oor die lewe en die dood te dink. Paulus moes besluit watter een hy sou verkies. 'n Nuanse op die interpretasie van Blockmeuhl is dié van Ware. Ware (2005:212) vertolk hierdie innerlike stryd vanuit 'n pastorale hoek. Paulus poog om nuwe inhoud aan bestaande waardes te gee. Volgens Ware is hierdie opmerking meer pastoraal van aard en wil Paulus juis die waardes van die Filippense herdefinieer in die sin dat hy vir die Filippense wou sê dat die ewige lewe saam met Christus van veel groter waarde is as selfs realiteit van hierdie wêreld en die dood. Dit is dan ook so dat die taal van keuse en besluitneming aan 1:21 'n didaktiese strekking verleen (Harrington 2009:66-67).

τὸ ζῆν (om te lewe) moet vertaal word in die teenwoordige tyd en dui op die voortdurende proses van lewe. "Om te lewe" moet geles word teenoor τὸ ζῆν Χριστὸς καὶ τὸ ἀποθανεῖν is die aoristus infinitief wat op sy beurt die aandag

---

<sup>132</sup> Dieselfde strategie vind ons ook in 2 Kor 10-13.

vestig op die dood as 'n werklikheid in tyd. Κέρδος (voordeel/bate/wins) dui op die voordelige waarde van iets. In sy meervoudsvorm het dit dikwels gedui op wins wat gemaak is of die voordelige aard van geld (Reinecker en Rogers 1980:547). Hoe moet ons dan hierdie sin lees?

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat ons geen werkwoord in die sin aantref nie! In sy letterlike vertaling sou die vertaling dus soos volg lees: “lewe Christus, om te sterf wins”. Paulus wil meer sê as dat Christus die bron van sy fisieke lewe en sy geestelike lewe is. Vir Paulus gaan dit net om die eer van Christus<sup>133</sup>. Paulus wil ook meer sê as om net te sê dat Christus deur hom lewe. Sonder om hierdie gedagtes uit te sluit, plaas Paulus nou die klem nuut. Die formulering τὸ ζῆν Χριστὸς dui op die totale omvang van sy lewe. Die lewe beteken Christus of is gelyk aan Christus. Die lewe in elke dimensie vind sy weg tot en uit Christus. Alles waarvoor hy hoop, vertrou en ly, alles word deur Christus geïnspireer en word uiteindelik gedoen vir Christus (Müller 1976:60). Paulus se lewe in hierdie tydvak word volkome omsirkel en gevul deur sy liefde vir en sy verbintenis aan Christus. Ons sou baie maklik hierdie uitdrukking tot 'n lewensmotto vir Paulus kon formuleer.

Dat Paulus Christus as die lewe sien, het nie beteken dat hy vasgevang was in 'n idilliese hemelse lewensbestaan nie. Die realiteit van sy liefde vir Christus het hom geweldig baie lyding teweeggebring (Holloway 2001:111). Paulus se lewe is gekenmerk deur tronkstraf (1:7,13,17), droefheid (1:17; 4:14), lyding

---

<sup>133</sup> Hendricksen (1973:76). “When the apostle says so emphatically ‘to me’ placing this word at the very beginning of the sentence, he is giving a personal testimony and is at the same time drawing a contrast between himself and those to whom he has just been referent and who, no doubt, are still very much in his mind; namely, preachers ‘who proclaim Christ out of selfish ambition’. Paul, then, in contrast with them, is not self-centered, but Christ-centered. He is concerned with the honor and glory of his wonderful Redeemer.”

(1:29;3:10), stryd (1:30), lyfstraf, steniging, moegheid, pyn, tekortkominge en talle ander gevare (2 Kor 11:23-27). Juis omdat hy hierdie brandende passie vir die Here gehad het, was sy lewe van toewyding 'n sware kruis (Bloomquist 1993:126). Wanneer Paulus dus sê dat hy die werklikheid van die dood as 'n wins beskou, dan is dit nie 'n heldhaftige martelaar wat praat nie. Dit is in werklikheid die eerlike versugting van 'n toegewyde Christen wat maar net sy menslikheid wys. Die dood sou 'n salige verligting wees.

In die lig van voorafgaande eerlike versugting van Paulus ontstaan die vraag hoe moet ons hierdie versugting na die dood verstaan? Hoe verskil sy versugting na die dood van dié van die algemeen menslike begeerte om net die lewe met sy swaarkry eenkant te gooi?

Vir Paulus is die lewe Christus en vir hom is daar nie die moontlikheid om in hierdie lewe te kies teen Christus nie (Getty-Sullivan 1980:20). Paulus is ook van mening dat wanneer hy sterf, hy verenig sal wees met Christus. In die lewe en in die dood, daar sal hy verenig wees met Christus. Paulus verskil van die algemene standpunt van sy tyd, naamlik dat die dood bloot 'n verlossing van die huidige swaarkry is. Die algemene standpunt was dat die dood 'n eindpunt was – 'n aankoms in die onbekende. Vir Paulus was die dood 'n blote voortsetting van sy lewe in, deur en uit Christus. Die dood is die deurgang tot 'n bekroonde lewe in Jesus Christus se teenwoordigheid. Dit bring ons by die gedagtegang dat Paulus sin gevind het in sy lyding.

- Filippense 1:29

ὅτι ὑμῖν ἐχαρίσθη τὸ ὑπὲρ Χριστοῦ, οὐ μόνον τὸ εἰς αὐτὸν πιστεύειν ἀλλὰ	omdat dit aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir
--	--

καὶ τὸ ὑπὲρ αὐτοῦ πάσχειν	Hom te ly
---------------------------	-----------

Met die eerste oogopslag lyk dit of Paulus 'n interessante perspektief op lyding bied. Dalk is daar in hierdie siening van Paulus 'n stukkie bemoediging opgesluit. Ten einde reg te laat geskied aan die gedagte van bemoediging in vers 29, is dit belangrik dat ons net eers iets sê oor die breëre konteks, te wete 1:27-30<sup>134</sup>.

Die leser moet die oorhoofse doelwit van 'n deliberatiewe diskoers in gedagte hou. Die deliberatiewe diskoers poog om die hoorders te oortuig tot 'n bepaalde teenswoordige optrede/aksie wat in die toekoms tot hul voordeel sal wees. In die propositio gee die skrywer raad aan die hoorders aangaande die korrekte optrede. Ben Witherington III (1994:50) formuleer die kern van 1:27-30 soos volg: Die Filippense se daaglikse lewe moet ooreenstem met hul belydenis. Die Filippense moet sterk staan in hul eenheid. Daar mag nie plek wees vir partyskappe en verdeeldheid nie. Kerkleiers wat valse lering bied, moet vermy word. Nader aan 1:29.

Vers 29 word ingelei deur ὅτι. Paulus maak gebruik van ὅτι en die rede is dat Paulus verse 28 en 29 verbind. Vers 29 dien as 'n verduideliking vir die vreemde opmerking in vers 28. In vers 28 maak Paulus die volgende stelling – “en dit van God”. Paulus konfronteer die denkraamwerk van die Filippense aangaande lyding. Lyding word in vers 28 en 29 omskryf as “'n geskenk van God<sup>135</sup>” (ὑμῶν ἐχαρίσθη). ἐχαρίσθη vervat die stam “genade” (Kittel 1964:1078). Genade beteken 'n gratis en onverdiende gawe van God (Ef 4:32; Rom 8:32). Die werkwoorde Πιστεύειν en πάσχειν is in die infinitief wat daarop dui dat die gawe

<sup>134</sup> Witherington III (1994:50) wys daarop dat vers 29 deel uitmaak van die sogenaamde propositio (1:27-30).

<sup>135</sup> Mengel (1982:240). “Zum anderen gelingt es ihm, diese Leiden, dem die gemeinde ausgesetzt ist, in die für eine christliche Gemeinde angemessene Dimension zu rücken, indem er es als von Gott geschenktes.”



van geloof in Christus en hul lyding vir hom 'n voortdurende aksie is (Fowl 2005:60-67). Beide die werkwoorde is kenmerkend van die lewe as 'n burger in die Koninkryk van God (vgl. Filippense 1:27).

Dit is duidelik uit die voorafgaande eksegetiese dat Paulus lyding in direkte verband met Christus bring (tipos). Lyding vir die evangelie van Christus is nie 'n werklikheid buite om Christus nie, want as “burgers van die hemel” is hulle wesenlik ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ. Soos Jesus gely het, ly Paulus en sal die Filippense ook ly (Engberg-Pederson 2000:91).

## 5. GEVOLGTREKKING

In lyn met die eksegetiese resultate van hierdie hoofstuk word aanvaar dat Paulus gefunksioneer het vanuit 'n herstelde waardesisteem. Laasgenoemde was die resultaat van 'n verband tussen Paulus se identiteit, etiek en etos. Daar sou ook na hierdie herstelde waardesisteem verwys kon word as 'n transendente lokus van kontrole, aangesien Paulus sy identiteit gevind het ἐν Χριστῷ (sien Filippense 1:1,13; 2:1,5,19,24,29; 3:1,3,14; 4:1,2,4,7,21) vanweë sy Damaskus-ervaring (Handelinge 9) en omdat hy nou lewe met Christus as sy “patron”. Nie net is sy eie identiteit herstel nie, maar bevestig hy ook die herstelde identiteit van die Filippense as hy na hulle verwys as “hemelse burgers” (Filippense 3:20). In die lig van hierdie herstelde waardesisteem het Paulus daarin geslaag om nuut te dink oor lyding (Filippense 1:21,29) en kon hy leef met 'n herstelde gesindheid (Filippense 2:5-11). Paulus het lyding beskou as deel van Christus se transformasie in sy lewe sodat hy al hoe meer gelykvormig kon word aan die beeld van Christus (vgl. Engberg-Pederson 2000; Fowl 2005). Die transformasie van Paulus sou sy afronding vind ten tyde van die parousia (Ridderbos 1975:61). Diesulkes wat in Christus is, sal saam met Christus ook die toekoms ingaan (Strecker en Horn 2000:117). Die eksegetiese resultate

impliseer dus dat Paulus se etiese indaktore eskatologies voorsiening gemaak het vir 'n spoedige realisering van Christus se wederkoms. Paulus se antropologie is eskatologiese begrond.

Die realiteit van stressors kon Paulus sinvol deurleef vanweë sy unieke verband tussen sy herstelde identiteit, etiek en etos, asook die lojaliteit vanuit sy “fictive kinship” en sy eskatologiese oortuiging dat Jesus Christus spoedig weer sal kom. In die volgende hoofstuk word hierdie veranderlikes in verband gebring met die motief van blydschap.

## HOOFSTUK 7

### ETIESE INDIKATORE ONTSLUIT SINMOTIEF IN PRAXIS

#### Inleiding

Volgens Paulus begin ware blydschap by die dien van die Here (Jeremiah 2006:153-158). Die imperatief-datief-konstruksie Χαίρετε ἐν κυρίῳ (wees bly in die Here) dui op die blydschap wat alleen gevind kan word ἐν κυρίῳ (Dunn 2009:1022). Die konstruksie Χαίρετε ἐν κυρίῳ word op parallelistiese wyse gekonstrueer met die imperatief om die vals leraars en vals leringe wat in stryd staan met die evangelie te vermy (vgl. 3:2 Βλέπετε τοὺς κύνας, βλέπετε τοὺς κακοὺς ἐργάτας, βλέπετε τὴν κατατομήν). Die vraag is hoe die Χαίρετε ἐν κυρίῳ daarna uitsien en hoe dit prakties tot uiting gebring word. In Filippense handhaaf Paulus 'n sterk verband tussen identiteit, etiek en etos. Paulus kan blydschap (χαίρετε) beleef, aangesien hy volgens 'n herskepte waardestelsel leef. Hierdie waardestelsel is weer gebaseer op 'n bepaalde verstaan van 'n herskepte identiteit, wat binne die dampkring van die ἐν κυρίῳ-konstruksie sy vertrekpunt vind (Gräbe 2006:293-294). Pretorius<sup>136</sup> (1991:266-289) is van mening dat daar in die hele Filippense geen sprake is van enige mismoedigheid of twyfel by Paulus nie. In die lig van 1:4; 1:18; 2:17-18 en 3:1 is dit opmerklik dat Paulus nie ruimte laat vir "stres" by die Filippense nie (Barth 2002:120). Volgens Barth (2002:120) is daar 'n besliste "Nevertheless!" (1:18; 2:17-18) in

---

<sup>136</sup> Pretorius (1991:278). "Deur die totale weglating van enige emosies van twyfel of mismoedigheid aan sy kant dra hy oor dat die moontlikheid van neerslagtigheid nie eers bestaan nie, want alles kan alleen gunstige resultate vir die evangelie hê."

verband met die Filippense se “anxiety” en hul waarskynlike “displeasure” oor Epafroditus (3:1). Die eksegetiese proses toon in die volgende paragrawe dat die etiese indikatore die sinmotief ontsluit tot daaglikse praxis (etos).

## 1. PAULUS ERVAAR DANK EN BLYMOEDIGHEID

Die gedagte van die gesindheid van dank te midde van moeilike omstandighede vra nadere ondersoek.

- Filippense 1:3

<sup>3</sup> Εὐχαριστῶ τῷ θεῷ μου ἐπὶ πάσῃ τῇ μνηεῖα ὑμῶν,	Ek dank my God elke maal as ek aan julle dink
--	---

Ons lees Filippense 1:3 binne die konteks van Filippense 1:3-11. Getrou aan die algemene gebruik van daardie tyd begin Paulus sy inleiding met ’n danksegging<sup>137</sup> en voorbidding (Floor 1998:45; Herrick 2002:171). Die oogmerk van sy danksegging en voorbidding teenoor die Filippense is nie in die eerste plek gerig op hul fisieke welstand nie, maar hul geestelike welstand.

<sup>137</sup> Farmer (1998:1688). “After the greeting Paul adds a prayer of thanksgiving. He begins (1:3-6) by giving thanks to God for the solidarity the Philipians have shown with him in his apostolic word, a solidarity born of their participation in the same faith in Christ and the same Spirit (2:1) and concretely manifested in the help they have given Paul in his moments of need.”

Dit is reeds genoem dat Paulus Grieks-Romeinse retoriek inspan om sy lesers doeltreffend te bereik, waarvan die exordium die inleidende gedeelte is (Herzog, Svennungsen en Lott 2006:358). Hierdie gedeelte maak deel uit van die exordium<sup>138</sup>. Die exordium word daaraan gekenmerk dat dit temas in die inleiding uitlig wat later meer breedvoerig gehanteer word en dat die spreker poog om die hoorders positief te stem vir dit wat volg (Porter 2004:80). Dit is baie interessant om daarop te let dat Paulus in die exordium dit baie duidelik maak dat daar 'n besondere band tussen hom en die lesers bestaan. Hierdie uiters positiewe verhouding tussen Paulus en die Filippense vind uitdrukking in 'n gebed vir die Filippense (Aune 2010:483). Watter gedagtes of woorde vind ons in die gebed van Paulus wat sy oortuiging van vreugde en blydschap verskerp?

- Filippense 3:1; 4:4,10

<p><sup>1</sup>Τὸ λοιπόν, ἀδελφοί μου, χαίρετε ἐν κυρίῳ. τὰ αὐτὰ γράφειν ὑμῖν ἐμοὶ μὲν οὐκ ὀκνηρόν, ὑμῖν δὲ ἀσφαλές.</p>	<p>(3:1) Verder, my broeders, verbly julle in die Here. Dit is vir my nie lastig om dieselfde dinge aan julle te skrywe nie, en dit gee julle sekerheid.</p>
<p><sup>4</sup>Χαίρετε ἐν κυρίῳ πάντοτε: πάλιν ἐρῶ, χαίρετε.</p>	<p>(4:4) Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!</p>
<p><sup>10</sup>Ἐχάρην δὲ ἐν κυρίῳ μεγάλως ὅτι ἤδη ποτὲ ἀνεθάλετε τὸ ὑπὲρ ἐμοῦ φρονεῖν, ἐφ' ᾧ καὶ ἐφρονεῖτε</p>	<p>(4:10) Ek het my grootliks verbly in die Here dat julle nou eindelijk weer opgeleef het om aan my belange te dink; waaraan julle ook gedink het,</p>

<sup>138</sup> Murphy-O'Connor (1995:50). "In the second type of formulation the letter is addressed, not to the Church as a whole, but to its members, who are identified as 'saints'. To this category belong Philippians, Romans, Colossians, and Ephesians."

ἡκαιρεῖσθε δέ.	maar julle het die geleentheid nie gehad nie.
----------------	---

Hierdie drie tekste word in een paragraaf aan die orde gestel omdat dieselfde woordorde in al drie aangetref word, naamlik “verbly in die Here”<sup>139</sup>. Die gesindheid wat telkens by Paulus in sy skrywe aan die Filippense raakgelees word, is die verwysing na blydskap. Hoe moet ons blydskap in hierdie konteks verstaan?

Opvallend in Filippense 1:4 is dat Paulus gebruik maak van die herhaling van π (πάντοτε ἐν πάσῃ δεήσει μου ὑπὲρ πάντων ὑμῶν μετὰ χαρᾶς τὴν δέησιν ποιούμενος). Die redes waarom Paulus van hierdie tegniek gebruik gemaak het, word deur Hawthorne (2004:20) soos volg gemotiveer: (1) die intense persoonlike aard van die brief (“my gebede vir julle almal”); (2) die gebed as ’n voortdurende aksie; (3) die feit dat hy nie een van die Filippense uitsluit nie; (4) asook die spontane en positiewe gesindheid waarmee hy vir hulle gebid het.

Hawthorne (1983:6) maak dit duidelik dat die vreugde/blydskap waarna Paulus hier verwys, op die oog af nie uitgedoof kan word deur eksterne omstandighede nie (1:18; 2:17), maar die interessante is dat sy blydskap tog gevoed word deur eksterne omstandighede. Die Filippense is vir Paulus ’n bron van vreugde indien hulle vas bly staan in die Here (4:1) en hul positiewe reaksie op sy pleitrede vir eenheid (2:2) (Phillips 2002:20). Die vraag is nou hoe moet ons χαρᾶ verstaan? Dit dui op ’n kalm, rustige sekerheid wat nie ontstel word deur die wêreldse onrustighede nie omdat dit gewortel is in geloof (Ware 2005:194). Geloof word dan verstaan as ’n vaste vertrouwe in die lewende Here van die Kerk (3:1; 4:4,10). Blydskap is vir Paulus nie soseer ’n gevoel of ’n emosie nie. Dit is eerder ’n vaste

<sup>139</sup> Hierdie vreugde/blydskap is die onderliggende kwaliteit van die brief (1:18,25; 2:2,17,18,28,29; 3:1; 4:1,4,10).

oortuiging van sekerheid dat ek en my omstandighede vasgeanker is in God. Die blydskap wat Paulus ervaar, is sekerlik die resultaat van God in sy lewe, maar sy blydskap put ook energie uit sy besondere verhouding met die Filippense<sup>140</sup>.

In 3:1 trek Τὸ λοιπόν ons aandag. Τὸ λοιπόν kan tweërlei aangewend word. Dit sou gebruik kon word om 'n nuwe argument in te lei of om 'n sekere argument tot 'n gevolgtrekking te bring. Paulus stel 'n nuwe onderwerp aan die orde (Holloway 2001:15). Paulus begin deur daarop te wys dat die Filippense blydskap in die Here moet vind. Dieselfde gedagte vind ons ook in 2:18 en in 4:4 χαίρετε<sup>141</sup>. Die blydskap moet saamgelees word met ἐν κυρίῳ. ἐν κυρίῳ kan gelees word as die agent van die blydskap (mag die Here vir julle blydskap gee) of as die resultaat van 'n bepaalde toestand (wees bly vanweë jul verhouding met die Here). Die Here is die agent wat die blydskap skenk. Met hierdie formulering χαίρετε ἐν κυρίῳ wys Paulus op die bron vir ware Christelike blydskap en die omgewing waarbinne blydskap gedy (Grindheim 2005:123).

Reeds in 4:10 lees ons 'n bekende formulering Ἐχάρην δὲ ἐν κυρίῳ μέγας. Waarom die δὲ? Die gebruik hiervan is om die aandag te vestig op 'n saak wat

---

<sup>140</sup> Joubert (1992:178). “Die gemeente word opgeroep om hulle te alle tye in die Here te verbly (charite en kurio pantote – 3:1; 4:4; 4:10). Die woord charo wat 14 maal in hierdie brief voorkom, het nie in die eerste plek met een of ander vorm van emosionele opwelling te doen nie. Blydskap is vir Paulus ten diepste gesetel in die gelowiges se verhouding met Christus, wat as gevolg van hul nuwe waardesisteem, nou net ingestel behoort te wees op die verheerliking van Christus.”

<sup>141</sup> χαίρετε – om bly te wees – dui op 'n volgehoue gewoontevormende aksie. Dit kan ook vertaal word met “vaarwel”, maar Louw en Nida (1989:89) is egter van mening dat χαίρετε bykans nooit in die Nuwe Testament as “vaarwel” vertaal word nie.

die skrywer nie wil vergeet nie. Ons sou die δὲ kon vertaal met “voor ek vergeet” (Holmstrand 1996:124). Dit vestig dus die leser se aandag op ’n belangrike saak wat nie langer uitgestel kan word nie, maar wat so belangrik is, dat dit tog net nie agterweë moet bly nie (Ware 2005:138).

Die blydschap waarna die apostel verwys, is ’n ooglopende tema in die hele brief. In 4:10 is dit die enigste voorbeeld waar die apostel sy blydschap met ’n byvoeglike naamwoord belig (Floor 1998:177). Die vreugde wat hy belewe, is die resultaat van ’n intieme verhouding met die Here (Bockmeuhl 1997:59). Opvallend is dat hy nie sy omvangryke blydschap koppel aan die geskenk van die Filippense nie. Die geskenk van die Filippense was die sekondêre rede vir sy oorstelpte vreugde – ὅτι ἤδη ποτὲ ἀνεθάλετε τὸ ὑπὲρ ἐμοῦ φρονεῖν (Hauerwas en Wells 2004:458).

Die ὅτι lei nie ’n kansellering van sy vreugde in die primêre bron (Jesus Christus) in nie, maar wil die leser wys op die saak wat tans sy blydschap in die Here verdiep (Holmstrand 1996:125). Baie interessant is dat Paulus in sy formulering daarteen waak om die geskenk as sodanig uit te lig, maar eerder fokus op die Filippense se φρονεῖν<sup>142</sup> teenoor hom en hul vasberadenheid dat hulle graag wil toesien dat die evangelie uitgebrei word. Waarop Paulus nou die aandag vestig, is dat hul gesindheid, wat agter die gee van die geskenk lê, sy vreugde verdiep (Fee 2001:282-286). Die geskenk was vir hom die sigbare daad van ’n onderliggende gesindheid (Downs 2008:152). Wat Paulus dus bly maak, is dat hy nooit uit hul denke was nie. Aangesien Paulus so deel is van hul gedagtes beleef hy baie vreugde, want dit beteken dat hul geskenk sy welstand en dié van die evangelie wil bevorder. Gegewe dat daar vir ’n tyd was dat hulle nie kontak

---

<sup>142</sup> Ernest (1994:467). Met ὅτι ἤδη ποτὲ ἀνεθάλετε τὸ ὑπὲρ ἐμοῦ φρονεῖν word bedoel die onderliggende gesindheid wat ’n weldeurdagte besluit deurgrond.



gehad het nie, het hul gedagtevolle optrede hom weer met blydskap gevul, of soos Paulus dit gestel het – ὅτι ἤδη ποτὲ ἀνεθάλετε τὸ ὑπὲρ ἐμοῦ φρονεῖν.

Wat 'n aangrypende manier om jou blydskap te verwoord! Paulus gebruik die metafoor ἀνεθάλετε (“om te blom, om te spruit”) om kleur en geur te gee aan sy ervaring van blydskap (Wiersbe 2008:146). Wat 'n ryk beeld! Die volle omvang van die nuwe lewe, nuwe inspirasie en vreugdevolle lekkerte spruit vars in Paulus se metafoor. Die gesindheid van die Filippense het die lente in sy winter laat deurbreek!<sup>143</sup>

## 2. PAULUS LEWE VERGENOEGD

- Filippense 4:12

<p><sup>12</sup>οἶδα καὶ ταπεινοῦσθαι, οἶδα καὶ περισσεύειν: ἐν παντὶ καὶ ἐν πᾶσιν μεμύημαι καὶ χορτάζεσθαι καὶ πεινᾶν, καὶ περισσεύειν καὶ ὑστερεῖσθαι.</p>	<p>Ek weet om verneder te word, ek weet ook om oorvloed te hê; in elke opsig en in alle dinge is ek onderrig: om versadig te word sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly.</p>
--	---

<sup>143</sup> Peterlin (1995:8). “Philippians is not a joyful letter, as is often suggested. Rather, the ‘rhetoric of joy’ represents a manifestation of the Vollendungen towards which the letter is exhorting the audience. In fact, the letter barely masks a fairly desperate situation (in the eyes of the author).”

In 4:11 maak Paulus die bedoeling van sy skrywe baie duidelik – οὐχ ὅτι καθ' ὑστέρησιν λέγω. In die voorafgaande gedeeltes was hy vol lof vir die Filippense. Die inleidende οὐχ ὅτι moet saamgelees word met λέγω (“Ek is besig om te sê”). ὑστέρησιν word slegs hier en in Markus 12:44 gebruik (Mounce 1993:466). Dit dui op hulpbehoewendheid en gebrek. Wat Paulus dus besig is om te sê, is dat hy nie skrywe met die gedagte om nog meer te vra of dat hy homself in 'n nog meer desperate hulpbehoewendheid bevind nie (Price 2008:65). Hy beskrywe sy ingesteldheid in sy situasie met 'n woord wat veral bekend was onder die Stoïsyne, naamlik ἀντάρκης – om genoeg te hê, selfversorgend te wees, om vervuld te wees (Cooke 2009:166). Hy het geleer om met sy omstandighede vergenoegd te wees (Perrotta 2001:67). Die omstandighede waarna hy verwys, word in 2 Korinthiërs 11:23-29 breedvoerig bespreek. Onder die Stoïsyne het ἀντάρκης gedui op die ingesteldheid van die individu se denke en gesindheid waarvolgens die persoon totaal en al onafhanklik van enige persoon was. Dit is 'n aangeleerde ingesteldheid wat nie afhanklik was van omstandighede en voorwaardes nie (Burer en Miller 2008:378). Die belangrike verskil is dat hierdie vergenoegdheid vir Paulus 'n gawe van God was – Fil 4:13 (Endberg-Pedersen 2000:102). Sy bekering tot die Christelike geloof en sy persoonlike geloof in Jesus Christus het vergenoegdheid gebring. Paulus vind sy krag, vreugde en vergenoegdheid uitsluitlik in Jesus Christus. Paulus se intieme verhouding met Jesus Christus maak dat die gawe wat hy ontvang het, bloot 'n bonus is. Die Filippense skuld hom niks. In 4:12 stel Paulus hierdie gedagte van vergenoegdheid weer op die voorgrond.

Die οἶδα en die vyf infinitiewe wat in 4:12 deur Paulus aangewend word, is 'n aanduiding van die elegansie van die teks. In hierdie gedeelte verduidelik Paulus presies wat dit beteken as hy verklaar dat hy geleer het om vergenoegd te wees (Graham 2005:49; Greidanus 2010:146). Twee keer lees ons οἶδα. οἶδα dui op kennis wat berus op intuïsie, of 'n absolute oortuiging. Paulus gebruik οἶδα wanneer hy staatmaak op die lesers se veronderstelde kennis (Hewett, Robbins

en Johnson 2010:143). In 4:12 dui οἶδα op die kennis wat hy geleer het deur ondervinding. οἶδα verbind ταπεινοῦσθαι aan die voorafgaande gedeelte in vers 11. ταπεινοῦσθαι is “om te laat sak” of “die watervlak van ’n rivier daal” (Rienecker en Rogers 1980:562). In hierdie geval dui dit op die materiële en dan veral ten opsigte van die basiese behoeftes vir die daaglikse lewe. Wat Paulus sê, is dat hy weet hoe dit voel om te moet klaarkom met minder as die basiese. Ταπεινοῦσθαι moet geles word as ’n antitese vir die daaropvolgende infinitief – περισσεύειν – “om oor te loop”, “oortloedig” (Robertson en Perschbacher 2003:115). Die infinitief wat volg op die voorafgaande antitese tussen skaarste teenoor oortloed is nogal interessant.

Paulus maak in 4:12 gebruik van ’n verdere infinitief, naamlik μεμύημαι – “om geïnisiereer te word”, “ingelyf te word”, of “om ingelei te word in die misterieuse kennis van ’n godsdienst of dogma” (Muddiman en Barton 2010:201). Die perfektum wys daarop dat die proses afgehandel is, en dat die effek blywend is. Wat Paulus sê, is dat hy deur sy omstandighede geleer het wat dit beteken om met oortloed en skaarste te leef.

### 3. PAULUS VOLHARD IN SY APOSTOLIESE ROEPING

#### 3.1. Paulus beoefen volgehoue voorbidding

- Filippense 1:3-11

<sup>3</sup> Εὐχαριστῶ τῷ θεῷ μου ἐπὶ πάσῃ τῇ	Ek dank my God elke maal as ek aan julle dink – en ek bid altyd in al my
---	--

<p>       μνεία ὑμῶν, <sup>4</sup>πάντοτε ἐν πάσῃ δεήσει μου ὑπὲρ πάντων ὑμῶν μετὰ χαρᾶς τὴν δέησιν ποιούμενος, <sup>5</sup>ἐπὶ τῇ κοινωνίᾳ ὑμῶν εἰς τὸ εὐαγγέλιον ἀπὸ τῆς πρώτης ἡμέρας ἄχρι τοῦ νῦν, <sup>6</sup>πεποιθῶς αὐτὸ τοῦτο, ὅτι ὁ ἐναρξάμενος ἐν ὑμῖν ἔργον ἀγαθὸν ἐπιτελέσει ἄχρι ἡμέρας Χριστοῦ Ἰησοῦ: <sup>7</sup>καθὼς ἐστὶν δίκαιον ἐμοὶ τοῦτο φρονεῖν ὑπὲρ πάντων ὑμῶν, διὰ τὸ ἔχειν με ἐν τῇ καρδίᾳ ὑμᾶς, ἔν τε τοῖς δεσμοῖς μου καὶ ἐν τῇ ἀπολογίᾳ καὶ βεβαιώσει τοῦ εὐαγγελίου συγκοινωνούς μου τῆς χάριτος πάντας ὑμᾶς ὄντας. <sup>8</sup>μάρτυς γάρ μου ὁ θεός, ὡς ἐπιποθῶ πάντας ὑμᾶς ἐν σπλάγχνοις Χριστοῦ Ἰησοῦ. <sup>9</sup>καὶ τοῦτο προσεύχομαι, ἵνα ἡ ἀγάπη ὑμῶν ἔτι μᾶλλον καὶ μᾶλλον περισσεύῃ ἐν ἐπιγνώσει καὶ πάσῃ αἰσθήσει, <sup>10</sup>εἰς τὸ δοκιμάζειν ὑμᾶς τὰ διαφέροντα, ἵνα ἦτε εἰλικρινεῖς καὶ ἀπρόσκοποι εἰς ἡμέραν Χριστοῦ, <sup>11</sup>πεπληρωμένοι καρπὸν δικαιοσύνης τὸν διὰ Ἰησοῦ Χριστοῦ εἰς δόξαν καὶ ἔπαινον θεοῦ.     </p>	<p>       gebede vir julle almal met blydskap – oor julle gemeenskap aan die evangelie van die eerste dag af tot nou toe, omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat ’n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus; soos dit vir my reg is om dit van julle almal te dink, omdat ek julle in my hart dra, aangesien julle almal in my boeie sowel as in die verdediging en bevestiging van die evangelie my deelgenote in die genade is. Want God is my getuie hoe ek na julle almal verlang met die innige tederheid van Jesus Christus. En dit bid ek dat julle liefde nog meer en meer oovloedig mag word in kennis en alle ervaring, om die dinge waar dit op aankom, te onderskei, sodat julle rein en vir niemand ’n aanstoot mag wees nie, tot op die dag van Christus, vervul met die vrug van geregtigheid wat daar is deur Jesus Christus tot heerlikheid en lof van God.     </p>
--	--

Wat lees ons in 1:3 (Εὐχαριστῶ τῷ θεῷ μου ἐπὶ πάσῃ τῇ μνεία ὑμῶν)? Alhoewel hy in die inleiding na Timoteus verwys het, begin hy sy danksegging in die eerste persoon enkelvoud, 'n styl wat Paulus regdeur die brief handhaaf (Harrington 2009:38). Die kernwerkwoord in die vers is Εὐχαριστῶ – om dank te betoon (Danker 2000:462). Paulus betoon dank aan God op 'n intieme persoonlike wyse (τῷ θεῷ μου). Hy staan alleen voor sy God! Die vraag is nou wanneer betoon hy dank teenoor God (ἐπὶ πάσῃ τῇ μνεία ὑμῶν)? Die gedagte is dat Paulus voortdurend in sy gebede aan die Filippense dink en dat hy nie net aan hulle dink omdat hulle vir hom geld gestuur het nie (Sumney 2007:7). Die rede vir hierdie standpunt vind ons daarin dat Paulus telkens in sy briewe die woord μνεία gebruik (Rom 1:9; Ef 1:16; Filem 4). In elkeen van hierdie gedeeltes word μνεία gebruik saam met “danksegging” en dan spesifiek in die konteks van 'n gebed of “om te onthou in gebed” (Ware 2005:166).

δεήσει – gebed word twee maal in 1:4 aangetref (Danker 2000:143). Dit is egter nie die meer algemene woord vir gebed – προσεύχομαι (1:9) – nie. Die oorspronklike betekenis impliseer “ 'n tekort” óf “'n behoefte”. As sulks is dit 'n gebed wat tot God gerig word as die enigste een wat die unieke behoefte kan vervul. Sy gebed is ter wille van die Filippense, vir wie hy intens liefhet. Paulus ken hul behoeftes en die Filippense ken sy behoeftes. Daar bestaan dus wedersydse begrip vir mekaar en hul pleitredes tot God is 'n smeking dat God hierdie behoeftes sal vervul. Wanneer Paulus vir die Filippense bid, is dit met blydschap – μετὰ χαρᾶ (1:4). Laasgenoemde woorde kan vertaal word met “ek is bly wanneer ek bid” óf “my hart dans wanneer ek bid”.

### 3.2. Paulus beklemtoon die basiese Christelike beginsels

- Filippense 2:15

<sup>15</sup> ἵνα γένησθε ἄμεμπτοι καὶ ἀκέραιοι, τέκνα θεοῦ ἄωμα μέσον γενεᾶς σκολιᾶς καὶ διεστραμμένης, ἐν οἷς φαίνεσθε ὡς φωστῆρες ἐν κόσμῳ,	sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld,
--	--

In 2:15 ontdek ons inspirerende beeldspraak. Inspirerend in die sin dat dit vir die Filippense iets is om na te streef en vir Paulus groot vreugde sou verskaf indien hulle hierdie ideaal bereik. Die beeldspraak waarna ons verwys, is ἐν οἷς φαίνεσθε (om sigbaar te wees, om te verskyn, om jouself te wys) en ὡς φωστῆρες – die skynsel soos weerkaats deur hemelliggame en dan veral die lig afkomstig van die maan en die son (Danker 2000:1046,1072; Brown 2008:237). Die vraag is nou of ons hierdie “skyn soos ligte” as 'n imperatief of 'n indikatief moet lees. Silva (1992:147) argumenteer dat ons hier te make het met 'n indikatief. Silva wys daarop dat in die evangelie van die Nuwe Testament die oproep tot 'n heilige lewe gefundeer word in dit wat ons reeds is. Paulus wil dus vir die Filippense sê onthou julle is soos ligte in hierdie lewe (Phillips 2002:100), daarom moet daar nie by julle sprake wees van wêreldsheid nie. Hierdie gedagte sluit ook baie goed aan by Paulus se hele argument dat die Filippense moet onthou dat hulle hemelse burgers is! (Barclay 2003:34)

Dit sal groot blydskap vir Paulus bring indien die Filippense skyn soos ligte (Reumann 2008:392). Wanneer sal die Filippense skyn soos ligte? Hulle sal skyn

soos ligte indien hulle nou reeds, in hierdie tydvak, in hul daaglikse verhouding met God, daarin slaag om heilig en nuut te midde van 'n korrupte wêreld te leef. Hierdie oproep is vir die hier en die nou (μέσον γενεᾶς). Die aangeleentheid waaroor Paulus dit spesifiek het in 2:14-16 vind ons in 2:14 – γογγυσμῶν καὶ διαλογισμῶν (Silva 1992:143). Paulus se gebruik van murmuring en teëspraak is sy poging om die Filippense daaraan te laat dink dat die Israeliete se murmuring oor die leierskap van Moses in werklikheid deur God beskou is as 'n teëspraak teen Homself (Aune 2010:479). Christelike leierskap is deur Paulus as 'n gawe uit die hand van God beskou en hy wil dus die Filippense waarsku om nie dieselfde fout te maak nie!

- Filippense 3:2-14

<p><sup>2</sup>Βλέπετε τοὺς κύνας, βλέπετε τοὺς κακοὺς ἐργάτας, βλέπετε τὴν κατατομήν. <sup>3</sup>ἡμεῖς γὰρ ἐσμεν ἡ περιτομή, οἱ πνεύματι θεοῦ λατρεύοντες καὶ καυχώμενοι ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ καὶ οὐκ ἐν σαρκὶ πεποιθότες, <sup>4</sup>καίπερ ἐγὼ ἔχων πεποιθήσιν καὶ ἐν σαρκί. εἴ τις δοκεῖ ἄλλος πεποιθέναι ἐν σαρκί, ἐγὼ μᾶλλον: <sup>5</sup>περιτομῆ ὀκταήμερος, ἐκ γένους Ἰσραὴλ, φυλῆς Βενιαμίν, Ἑβραῖος ἐξ Ἑβραίων, κατὰ νόμον Φαρισαῖος, <sup>6</sup>κατὰ ζῆλος διώκων τὴν</p>	<p>Let op die honde; let op die slegte arbeiders; let op die versnyding. Want ons is die besnydenis, ons wat God in die Gees dien en in Christus Jesus roem en nie op die vlees vertrou nie; alhoewel ek rede het om ook te vertrou op die vlees. As iemand anders meen dat hy op die vlees kan vertrou, ek nog meer. Ek is besny op die agste dag, uit die geslag van Israel, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër uit die Hebreërs; wat die wet betref, 'n Fariseër; wat ywer betref, 'n navolger van die gemeente; wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik. Maar wat vir</p>
---	---

ἐκκλησίαν, κατὰ δικαιοσύνην τὴν ἐν νόμῳ γενόμενος ἄμεμπτος. <sup>7</sup>[ἀλλὰ] ἄτινα ἦν μοι κέρδη, ταῦτα ἤγημαι διὰ τὸν Χριστὸν ζημίαν. <sup>8</sup>ἀλλὰ μενοῦνγε καὶ ἠγοῦμαι πάντα ζημίαν εἶναι διὰ τὸ ὑπερέχον τῆς γνώσεως Χριστοῦ Ἰησοῦ τοῦ κυρίου μου, δι' ὃν τὰ πάντα ἐζημιώθην, καὶ ἠγοῦμαι σκύβαλα ἵνα Χριστὸν κερδήσω <sup>9</sup>καὶ εὐρεθῶ ἐν αὐτῷ, μὴ ἔχων ἐμὴν δικαιοσύνην τὴν ἐκ νόμου ἀλλὰ τὴν διὰ πίστεως Χριστοῦ, τὴν ἐκ θεοῦ δικαιοσύνην ἐπὶ τῇ πίστει, <sup>10</sup>τοῦ γνῶναι αὐτὸν καὶ τὴν δύναμιν τῆς ἀναστάσεως αὐτοῦ καὶ [τὴν] κοινωνίαν [τῶν] παθημάτων αὐτοῦ, συμμορφιζόμενος τῷ θανάτῳ αὐτοῦ, <sup>11</sup>εἰ πως καταστήσω εἰς τὴν ἐξανάστασιν τὴν ἐκ νεκρῶν. <sup>12</sup>Οὐχ ὅτι ἤδη ἔλαβον ἢ ἤδη τετελείωμαι, διώκω δὲ εἰ καὶ καταλάβω, ἐφ' ᾧ καὶ κατελήμφθην ὑπὸ Χριστοῦ [Ἰησοῦ]. <sup>13</sup>ἀδελφοί, ἐγὼ ἑμαυτὸν οὐ λογιζομαι κατειληφέναι: ἐν δέ, τὰ μὲν ὀπίσω ἐπιλανθανόμενος τοῖς δὲ ἔμπροσθεν ἐπεκτεινόμενος, <sup>14</sup>κατὰ σκοπὸν διώκω εἰς τὸ βραβεῖον τῆς ἄνω

my wins was, dit het ek om Christuswil skade geag. Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof; sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word, of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik. Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is. Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie. Maar een ding: Ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.



κλήσεως τοῦ θεοῦ ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ.	
-----------------------------------	--

In Filippense 3:1-11 waarsku Paulus teen 'n groep wat hy “honde” noem (Mills en Wilson 2003:1231). Ten einde seker te wees van hul identiteit, die inhoud van hul lering, in watter opsig Paulus van hulle verskil het en welke implikasies hierdie gedeelte inhou vir die verband tussen identiteit, etiek en etos word die onderskeid tussen “conventional nomism” en Joodse wettisisme as vertrekpunt geneem (vgl. Wright in Holmén 2001; Dunn 2007; Campbell 2009). “Conventional nomism” verwys na die wet soos wat dit geïnterpreteer is gedurende die tydperk van die Tweede Tempel. Joodse wettisisme word deur Campbell (2009:1112) beskrywe as 'n karikatuur van “Conventional nomism”. Dit is 'n karikatuur omdat dit sekere sentrale kenmerke van die Joodse wet as grense afgemerk het en tot vereistes vir verbondslidmaatskap verhef het (byvoorbeeld die besnydenis). Dergelyke praktyke het gedui op die weg tot verlossing, maar het terselfdertyd sosiale en kulturele onderskeid getref tussen gered en ongered, Jood en heiden. Hierdie opsigtelike begrensing het gelei tot eksklusiwiteit, wat gediskrimineer het ten opsigte van status, mag en eer. Die genadekarakter van die “conventional nomism” het plek gemaak vir 'n eietydse Joodse wettisisme.

Die probleem in Filippense was dat persone uit die groepering van die Joodse wettisisme persone wat hulle tot die Christelike godsdiens wou bekeer, voorgeskryf het om hulle te laat besny – vgl. Matteus 23:15; Handeling 15:5; Galasiërs 2:3-4 (Grindheim 2005:122). Dit is na hierdie persone wat Paulus in Filippense 3:2 verwys as Βλέπετε τοὺς κύνας, βλέπετε τοὺς κακοὺς ἐργάτας, βλέπετε τὴν κατατομήν. Die benaming τοὺς κύνας was in werklikheid 'n belediging en Paulus maak gebruik van 'n term wat eintlik deur die Jode gebruik is as hulle na die heidene verwys (vgl. Senior en Collins 2006). Nie net verwys Paulus na diesulkes as τοὺς κύνας nie, maar verwys hy na die besnyding as

βλέπετε τὴν κατατομή. Κατατομή is volgens Paulus 'n skending (Sampley 2003:311). Die rede waarom Paulus hul standpunt oor die besnyding gekonfronteer het, het te make daarmee dat hulle hul identiteit en hul verlossing gekoppel het aan die besnyding. Beteken dit dan nou dat Paulus teen die besnyding was en dus die Joodse wet verwerp het?

Dunn (2007:466) is van mening dat Paulus in werklikheid juis die genade-karakter van die Joodse wet onderskei het, en dus ook die besnydenis aanvaar het. Paulus het die besnydenis aanvaar in die sin dat hy onderskei het tussen die hoë prioriteit van besnyding en die lae prioriteit van besnyding (Dunn 2007:466). Die hoë prioriteit van besnyding het klem gelê op die besnyding van die hart, deur die Heilige Gees, terwyl die lae prioriteit van besnyding gefokus het op die vleeslike besnyding – Filippense 3:3 ἡμεῖς γὰρ ἔσμεν ἡ περιτομή, οἱ πνεύματι θεοῦ λατρεύοντες καὶ καυχώμενοι ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ καὶ οὐκ ἐν σαρκὶ πεποιθότες. Hierdie standpunt van Paulus het gesinspeel op die Joodse kennis van die profeet Jeremia, wat besnydenis van die vlees as waardeloos geag het sonder die besnydenis van die hart (Roetzel 2009:184). Dit was dus steeds vir Paulus belangrik dat die besnydenis as beginsel gehandhaaf word, want dit impliseer die volgehoue kindskap van Abraham. Die besnydenis was 'n teken van genade en nooit bedoel as 'n toelatingsvereiste tot die nageslag van Abraham nie. Die volk Israel se status, selfvertroue en eer was juis daarin gesetel dat hulle as begenadigdes die teken van die besnydenis dra. Dit is in lyn met hierdie oortuiging dat Paulus die besnydenis van die hart deur die Gees as 'n genadeteiken beskou. As besnydenis van die Gees lewe die Christene, ongeag heidense of Joodse herkoms, vanuit hul identiteit as God se kinders binne die genadeverbond met Abraham.

Die Joodse wettisisme definieer identiteit vanuit Joodse sosiaal-kulturele kategorieë – Filippense 3:5-6 (Dunn 2006:474). Wanneer Paulus dan 'n lys maak van dié Joodse kategorieë van eer en status, verwys hy daarna as σκύβαλα –

Filippense 3:8 (Given 2010:124). Dit is nie dat hy sy rug in afkeer daarop draai nie, maar hy wil juis vir die Filippense wys op die uitnemendheid van Jesus Christus. Vergeleke met sy status, eer en identiteit in Christus is hierdie Joodse kategorieë van status eintlik leeg, nutteloos en oorbodig. Sy identiteit, etiek en etos sal voortaan hul inhoud put uit die persoon van Jesus Christus – Filippense 3:7 – [ἀλλὰ] ἄτινα ἦν μοι κέρδη, ταῦτα ἤγημαι διὰ τὸν Χριστὸν ζημίαν. Paulus maak in Filippense 3:7-11 drie keer gebruik van 'n διὰ en die akusatief (Harrington 2009:224). Laasgenoemde konstruksie is nie die normale gebruik by Paulus nie, aangesien hy meestal die διὰ en genetief gebruik. Die rede hoekom hy van διὰ met die akusatief gebruik maak, is dat hy die Filippense daarop wil wys dat iets van buite af met hom gebeur het en dat hy in die proses is om soos Christus te word (Herrick 2002:111). Hierdie gebeure is 'n proses omdat hy voortdurend in die lyding van Christus ingesluit word ten einde persoonlike transformasie te belewe.

Dat Paulus deel is van 'n proses waarbinne Jesus Christus besig is om hom al hoe meer te transformeer na die beeld van Jesus Christus, is 'n voortdurende interaksie. Paulus verwys hierna as fisieke inspanning of 'n wedloop – Filippense 3:12 Οὐχ ὅτι ἤδη ἔλαβον ἢ ἤδη τετελείωμαι, διώκω δὲ εἰ καὶ καταλάβω, ἐφ' ᾧ καὶ κατελήμφθην ὑπὸ Χριστοῦ [Ἰησοῦ] (Wiersbe 2007:647).

Paulus herdefinieer sy identiteit in Christus as die bron van sy etiek en etos. Die Filippense word deur Paulus gewaarsku om nie die voorbeeld van die τοὺς κύνας na te volg nie, maar sy voorbeeld – Filippense 3:17 Συμμιμηταί μου γίνεσθε, ἀδελφοί, καὶ σκοπεῖτε τοὺς οὕτω περιπατοῦντας καθὼς ἔχετε τύπον ἡμᾶς. Paulus bied homself as tipos binne die groter verband met Jesus Christus as sy tipos – Filippense 2:5-11 (Sandnes 2002:139). Paulus en die Filippense is deel van die nageslag van Abraham en daarvan is die Geestelike besnydenis 'n

bewys en daarom kan hulle vanuit hul nuwe identiteit uit genade leef (eties en etos).

In die lig hiervan sou ons Filippense 3:1-4:1 as 'n eenheid beskou met die volgende as opskrif: Fokus op Christus!

- Filippense 4:1-8

<p><sup>1</sup>Ὡστε, ἀδελφοί μου ἀγαπητοὶ καὶ ἐπιπόθητοι, χαρὰ καὶ στέφανός μου, οὕτως στήκετε ἐν κυρίῳ, ἀγαπητοί.</p> <p><sup>2</sup>Εὐδοίαν παρακαλῶ καὶ Συντύχην παρακαλῶ τὸ αὐτὸ φρονεῖν ἐν κυρίῳ.</p> <p><sup>3</sup>ναὶ ἐρωτῶ καὶ σέ, γνήσιε σύζυγε, συλλαμβάνου αὐταῖς, αἵτινες ἐν τῷ εὐαγγελίῳ συνήθλησάν μοι μετὰ καὶ Κλήμεντος καὶ τῶν λοιπῶν συνεργῶν μου, ὧν τὰ ὀνόματα ἐν βίβλῳ ζωῆς.</p> <p><sup>4</sup>Χαίρετε ἐν κυρίῳ πάντοτε: πάλιν ἐρῶ, χαίρετε. <sup>5</sup>τὸ ἐπιεικὲς ὑμῶν γνωσθήτω πᾶσιν ἀνθρώποις. ὁ κύριος ἐγγύς. <sup>6</sup>μηδὲν μεριμνᾶτε, ἀλλ' ἐν παντὶ τῇ προσευχῇ καὶ τῇ δεήσει μετὰ εὐχαριστίας τὰ αἰτήματα ὑμῶν γνωρίζεσθω πρὸς τὸν θεόν. <sup>7</sup>καὶ ἡ εἰρήνη τοῦ θεοῦ ἡ ὑπερέχουσα πάντα</p>	<p>Daarom, my geliefde broeders, na wie ek ook verlang, my blydskap en kroon, staan so vas in die Here, geliefdes. Ek vermaan Euódia en ek vermaan Síntiché om eensgesind te wees in die Here. En ek vra jou ook, opregte metgesel, wees hierdie vroue behulpsaam wat met my saam gestry het in die evangelie, ook saam met Clemens en my ander mede-arbeiders wie se name in die boek van die lewe is. Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle! Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby. Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus. Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat</p>
--	--

<p>νοῦν φρουρήσει τὰς καρδίας ὑμῶν καὶ τὰ νοήματα ὑμῶν ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ. <sup>8</sup>Τὸ λοιπόν, ἀδελφοί, ὅσα ἐστὶν ἀληθῆ, ὅσα σεμνά, ὅσα δίκαια, ὅσα ἀγνά, ὅσα προσφιλή, ὅσα εὐφημα, εἴ τις ἀρετὴ καὶ εἴ τις ἔπαινος, ταῦτα λογίζεσθε:</p>	<p>eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit.</p>
---	--

In die lig van die voorafgaande gaan Paulus nou oor tot instruksie: οὕτως στήκετε ἐν κυρίῳ, ἀγαπητοί. Die kernwerkwoord is στήκετε – “om vas te staan” (Evans 2004:571). Die gedagteprentjie is dié van soldate wat hulself ingrawe teen ’n felle aanslag of dié van atlete wat volhardend gefokus bly. Paulus beveel die Filippense om dieselfde gesindheid in hul Christelike lewe te openbaar – Filippense 4:1 Ὡστε, ἀδελφοί μου ἀγαπητοὶ καὶ ἐπιπόθητοι, χαρὰ καὶ στέφανός μου, οὕτως στήκετε ἐν κυρίῳ, ἀγαπητοί (Blomberg 2006:329).

Hierdie oortuiging van Paulus vind toepassing in sy hantering van Euodia en Sintige. Daar is nie veel sekerheid oor presies wie die vroue was nie en wat die aard van die konflik tussen hulle was nie (Washington, Schmitt en Smillie 2007:23). Die belangrike is dat hul konflik ’n negatiewe effek op die gemeente gehad het en dat Paulus dit belangrik geag het om die saak aan te spreek (Boring en Craddock 2004:622). Die aangeleentheid het hom baie na aan die hart gelê. Ons lees in 4:2 die volgende: Εὐδοίαν παρακαλῶ καὶ Συντύχην παρακαλῶ τὸ αὐτὸ φρονεῖν ἐν κυρίῳ. Wat ons opval, is die erns waarmee Paulus sy pleidooi rig; παρακαλῶ dui daarop dat hy hulle intens versoek, smee en selfs by hulle pleit (Perschbaner 1990:308). Asof dit nie genoeg is nie, rig hy twee maal sy pleidooi tot hulle. Heel moontlik skep hy die indruk dat sy pleidooi tot hulle afsonderlik, tot die persoon, gerig word. Waarvoor pleit hy? Paulus pleit

dat hulle eensgesind (in vrede) met mekaar sal lewe soos wat dit 'n lewe in Christus betaam – τὸ αὐτὸ φρονεῖν ἐν κυρίῳ (Donner 1972:127; Marchal 2006:189).

Weer eens vind ons die bekende Pauliniese uitdrukking φρονεῖν – om 'n gesindheid, 'n oortuiging of 'n gedagte te koester (Perschbacer 1990:432). Paulus pleit by hulle om nie net dieselfde gedagte/oortuiging te hê nie, maar om ook in hul gesindheid een te wees. Paulus pleit vir onderlinge harmonie tussen die twee, want hul optrede teenoor mekaar beïnvloed die hele gemeente (Barclay 2003:85). Gegewe sy liefde vir die gemeente, insluitend ook vir hulle, het dit ook 'n effek op sy blydskap! Ten einde hulle te ondersteun in die herstel van hul verhouding, beroep Paulus hom op 'n medewerker (4:3).

Oor die identiteit van hierdie hulpwerker bestaan nie sekerheid nie, bloot omdat Paulus die persoon nie by name identifiseer nie. Wat wel treffend is, is die wyse waarop Paulus hierdie persoon vernoem. Hy verwys na hom as σύζυγε – iemand wat saam met jou onder 'n juk trek (Dickson 2003:143). Paulus wys daarop dat hulle saam met hom geveg en gearbei (συνήθλησαν) het vir die evangelie. Gegewe dit wat hulle saam deur is en die effek wat hierdie gebeure op die gemeente het, asook sy liefde vir hulle, is dit belangrik dat die konflik opgelos word.

'n Verdere riglyn wat Paulus aanvoer ten einde vas te staan in die Here, vind ons in vers 5 (τὸ ἐπιεικὲς ὑμῶν γνωσθήτω πᾶσιν ἀνθρώποις. ὁ κύριος ἐγγύς). Hierdie oproep kan beskou word as 'n uitbouing van die oproepe tot blydskap in die Here – 4:4 (Edwards 2005:267). Silva (1992:224) wys daarop dat ware Christelike blydskap nie na binne gerig is nie. Dit gaan nie daarom om te fokus op jou eie behoeftes en verlange nie. Ware Christelike blydskap begin by die behoeftes en verlange van ander. Die feit is dat in 4:5 die apostel die Filippense

oproep om hul visier na buite te stel (Gorman 2004:439). Dieselfde gedagte vind ons ook in 2:3-4. Paulus rig sy pleidooi deur τὸ ἐπιεικὲς (Ernest 1994:34). Ten diepste gaan dit daaroor dat die Christengelowige 'n ingesteldheid van vergenoegdheid moet hê. 'n Ingesteldheid te midde van en ten spyte van 'n situasie waarin jy voel dat jy onregverdig benadeel word. Die rede waarom vir hierdie standpunt gekies word, is dat die konteks van die hele brief hierdie gedagte koester. Met ander woorde, Paulus verwag van die Christene in Filippense dat hul lewe gerig sal word deur 'n denkparadigma wat nie prioriteit plaas op eie behoeftes en belange nie (Gräbe 2006:294). Christene wat voortdurend daarop ingestel is of hulle regverdig gehanteer word en of hulle kry wat hulle toekom, sal nie daarin slaag om die belange van ander bo hul eie te plaas nie. Net soos in 2:3-4, waar ons dieselfde oproep vind, volg Paulus sy oproep op deur te wys daarop dat almal sal buig voor Christus. Onthou nou, Paulus het Christus as die model voorgelê van iemand wat ander se belange bo sy eie stel. Hy stel dit baie duidelik ὁ κύριος ἐγγύς. Dié een wat by uitstek ἐπιεικὲς openbaar, is naby! (Hurtado 2003:116)

ἐγγύς kan tyd en ruimte impliseer (Louw en Nida 1989:69). Om te sê dat die Here naby is, kan beteken dat Hy bewus is van my gedagtes, my behoeftes en omstandighede en dat Hy bereid is om my in my situasie deur te dra. Of dit kan ook dui op 'n tydskedule, met ander woorde dat die wederkoms van die Here nie ver is nie. In die lig hiervan is dit dus uiters belangrik dat die Filippense hul vreugde in die Here vind en dat hulle die belange van ander bo hul eie stel. In die lig van die realiteit van die Here se nabyheid, is dit te verstane dat Paulus in 4:6-7 die volgende stellings maak – μηδὲν μεριμνᾶτε, ἀλλ' ἐν παντὶ τῇ προσευχῇ καὶ τῇ δεήσει μετὰ εὐχαριστίας τὰ αἰτήματα ὑμῶν γνωρίζεσθω πρὸς τὸν θεόν. <sup>7</sup>καὶ ἡ εἰρήνη τοῦ θεοῦ ἡ ὑπερέχουσα πάντα νοῦν φρουρήσει τὰς καρδίας ὑμῶν καὶ τὰ νοήματα ὑμῶν ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ.

Wat vind ons in verse 4:6-7? Die oproep in verse 6-7 word soos volg deur Silva (1992:225) uitgelig: Paulus begin met 'n verbod (“Stop die bekommernis”), 'n opdrag (“maak jul begeertes aan God bekend”); spesifieke instruksies hoe om hierdie opdrag tot uitvoering te bring (“in alles deur gebed, en smeking en danksegging) en 'n wonderlike gerusstellende belofte in vers 7 (“en die vrede van God ... sal in julle harte en julle sinne bewaar ...). Volgens Silva is vers 7 nie 'n aanduiding van vier verskillende soorte gebede nie. Dit is ook nie uitwysing van vier fases in gebed nie, maar dit is 'n stilistiese poging deur Paulus om te wys op die uiterste belang van gebed (vgl. Wiersbe 2007:652).

Meer oor die verbod in 4:6 μηδὲν μεριμνᾶτε – “om te bekommer” (Lee 2000:533). Dieselfde woord word ook in 2:20 aangetref. In 2:20 word dit in die positiewe betekenisveld aangewend, “om intens besorg te wees oor die belange van ander”. In 4:6 word dit in die negatiewe verband gebruik – te wete 'n angstige, onrustige besorgdheid”. Die gedagte is dat die individu probeer om in eie kragte die las van die toekoms te dra. Dit sou ook kon dui op 'n onrealistiese bekommernis oor die dinge waarvoor ek geen beheer het nie (Holloway 2001:148). Die rede waarom Paulus die Filippense verbied om hulself te bekommer, is dat hy met die oortuiging lewe dat God groter is as hul omstandighede. Die vraag is nou wat is dan die alternatief vir die bekommernis? In 4:6 vind ons die antwoord. Paulus se antwoord: Gebed! (Wong en Kwong 2010:109). Volgens Paulus is gebed 'n voortdurende gesprek, 'n versoek gerig, inligting deurgegee, 'n pleidooi gerig aan die enigste God wat kan hoor, kan doen, kan begryp en verstaan. Waar pas die danksegging dan in? Danksegging is om ruimte vir God te maak – anders gesê omdat ek weet dat God by my is, daarom kan ek. Deur danksegging vind 'n verskuiwing van fokus plaas. Met God in die visier draai die bekommernis uit fokus. Wat is dan nou die effek van hierdie lewenswyse op die gelowige?

In 4:7 lees ons die volgende: καὶ ἡ εἰρήνη τοῦ θεοῦ ἡ ὑπερέχουσα πάντα νοῦν φρουρήσει τὰς καρδίας ὑμῶν καὶ τὰ νοήματα ὑμῶν ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ. Die



konjunksie καὶ wys daarop dat hierdie gedeelte logies volg op die voorafgaande vers (Ware 2005:248). Baie interessant is dat die formulering – vrede van God – slegs hier voorkom (Harrington 2009:148). Elders in die Nuwe Testament vind ons die woordorde soos volg: “Die God van vrede” (Fil 4:9; Rom 15:33; 1 Tess 5:23; Hebr 13:20). In 4:6 word die fokus geplaas op die vrede en dat dit uit God ontstaan. In 4:9 is God die een wat dit gee (Wiersbe 2007:652). Vrede moet nooit in die Bybel gelees word as ’n afwesigheid van stryd en onrus nie. In die Woord van God moet ons dit lees as ’n innerlike vergenoegdheid vanweë die sekerheid van redding in God (Fowl 2005:184). Vrede, binne Skriftuurlike konteks, is die resultaat van die heel verhouding tussen God en mens soos bewerk deur Jesus Christus (Ef 2:14). In hierdie lig gesien, is dit ’n gawe van God. Louw en Nida (1979:130) beskrywe hierdie vrede op ’n aangrypende wyse. Hulle beskryf dit as “om in jou hart tot stilstand te kom” of “om die rondhardlopery in jou denke te tem”. Die verband tussen die genoemde vrede en God sou ons kon verstaan as “God is die een wat my in my hart tot stilstand bring”. Die omvang van hierdie vrede word deur Paulus omskryf as heeltemal uniek.

Ons lees in 4:7 die volgende oor die vrede van God – ἡ ὑπερέχουσα πάντα νοῦν.– ὑπερέχουσα “om te oorstig”; “groots”. Paulus maak slegs vier keer in sy evangelies van ὑπερέχουσα gebruik (Vincent 1985:135). Wat Paulus doen, is dat hy die opdrag van gebed “onder alle omstandighede” aanwend as ’n beskerming teen bekommernis (May 2006:211). Die punt wat Paulus wil maak, is dat die menslike rede homself telkens te pletter loop teen voortdurende onsekerheid en bekommernis. Die menslike rede, alleen, vind baie moeilik ontvlugting vanuit hierdie kompleksiteit. Die mistieke handeling van God kan nie werklik met menslike verklarings onklaar gelaat word nie. Die gedagte is dat God se vrede so omvattend anders is dat dit menslike rede oorskadu (Phillips 2002:164).

Die gebruik van γνωρίζεσθω word deur Paulus aangewend in verwysing na die mens se kennis van God en die mens se natuurlike bewussyn. As sulks dui dit op die mens se reflektiewe (nadenkende) intelligensie (Barclay 2003:92). Laasgenoemde word verlig deur God se vrede. Wanneer ons in alle omstandighede tot God in gebed nader, gebeur 'n wonderlike ding. Nie net word ons denke verlig nie, maar soos 'n soldaat waghou, beskerm en bewaak (φρουρήσει) net so sal God se vrede die mens in sy totaliteit beskerm teen alle moontlike bronne van bekommernis en angs (Mounce 1994:475).

In 4:8 gaan Paulus voort om die Filippense te wys op die lewe in Christus. Dit is 'n lewenswyse wat aan Paulus die krag en inspirasie bied om ten spyte van moeilike omstandighede te volhard. Wanneer ons 4:8 aan die orde stel, is dit belangrik om daarop te let dat 4:8-9 deel uitmaak van 'n enkele sin in die Grieks. Die gedeelte begin met Τὸ λοιπόν, wat nie dui op die einde van die brief nie, maar dui op die laaste van die imperatiewe wat die lesers presies wys hoe om “sterk te staan in die Here” (Fil 1:9). Τὸ λοιπόν word opgevolg deur 'n verwysing na sekere morele en etiese deugde (Hawthorne 2004:247) – εἴ τις ἀρετὴ καὶ εἴ τις ἔπαινος.

Die vraag is nou hoe kan die Filippense daarin slaag om sterk te staan in die Here? Paulus maak gebruik van twee begrippe om die Filippense hiermee te help – λογίζεσθε (4:8) en πράσσετε (4:9). λογίζεσθε (4:8) – 'n oproep tot 'n onafhanklike morele besluit of om die waarde van hierdie genoemde sake met weldeurdagte beraad te bepaal (Mounce 1994:303). Die preasens imperatief dui op 'n handeling wat voortdurend uitgevoer moet word, met ander woorde 'n gewoontevormende handeling. Wat is die goeie gewoonte wat Paulus by die Filippense wil vestig? Paulus vermeld 'n lys van agt kwaliteite wat die Filippense kan help om God se vrede as 'n werklikheid te beleef. Die eerste ses is byvoeglike naamwoorde in die meervoudsvorm en die laaste twee is naamwoorde in die enkelvoudsvorm. Louw en Nida (1989:133) wys daarop dat

die eerste ses begin met die uitdrukking “alles wat is”, terwyl die laaste twee begin met “watter deug daar ook mag wees”. Die oogmerk hiermee is om klem te plaas op die kern – “bedink dit”. Paulus rig hierdie imperatiewe op grond daarvan dat die Filippense se identiteit in Christus indikatief is (Gräbe 2006:299). Gräbe is van mening dat indien die Filippense hierdie reeks imperatiewe ’n praktiese deel van hul lewe maak, God se vrede oor hulle die wag sal hou.

Paulus vra dat die Filippense erns moet maak met ἀληθεία – waarheid (Harrington 2009:149-151). God is die norm van wat waar is. Die gedagte van waarheid moet nie beperk word tot die aard van ’n woord nie, maar alle daede, woorde en gedagtes moet dié karaktertrek van God vertoon. Vervolgens vermeld Paulus σεμνά en ὅσα δίκαια, σεμνά dui op iets of iemand wat waardigheid en respek verdien (Smiles 2005:51).

ὅσα δίκαια beteken geregtigheid. Dunn (2007:71) wys daarop dat volgens Paulus geregtigheid dui op ’n intieme verhouding tussen God en mens op grond van geloof, maar dat dit vir Paulus belangrik was dat die interaksie tussen genade en menslike reaksie in die daaglikse lewe sigbaar word. Dit wat die Filippense was in Christus moet hulle dienooreenkomstig prakties vergestalt in woord en daad. Die praktiese vergestaltung van wat die Christen in Christus is, word moontlik gemaak deur die besnydenis van die hart deur die Heilige Gees. Dunn (2007:71) huldig dus die standpunt dat gehoorsaamheid aan die wet vir Paulus belangrik was, maar dat dit nie sonder die besnyding van die Gees moontlik is nie. Geloof word sigbaar in praktiese daede van liefde wat die wet vervul (Galasiërs 5:6). Die Christen dra die besnyding van die hart as teken van die verbond met Abraham en daarom vanuit hierdie nuwe intieme verhouding met God leef die gelowige daede van liefde uit. Geregtigheid berus nie op die werke van die gelowige nie, maar dui ten diepste op ’n verhoudingsgebeure van waaruit die gelowige nuut leef.

Paulus vermeld ook *ἀγνά*, wat weer dui op reinheid (Emerson 2007:83). Reinheid moet nie beperk word tot die afwesigheid van sonde nie, maar reinheid in elke afdeling van die lewe. Reinheid is die vergestaltung van die Filippense se identiteit in Christus. Dit wat hulle is moet oorgaan in hul dade (etos). Die volgende twee deugde dui op die omgee en waardering van ander, te wete *προσφιλή* en *εὐφημα*, *προσφιλή* veronderstel enigiets wat die liefde wek, terwyl *εὐφημα* dui op die lofwaardigheid van 'n saak of gedagte (Rienecker en Rogers 1980:561). Hoe wonderlik hierdie lang lys van deugde ook al is, dit moet saamgelees word met 4:9. Wat vind ons in 4:9 *ταῦτα πράσσετε*?

#### 4. PAULUS BIED SY EIE LEWE AS INSPIRASIE

- Filippense 4:9

<p>ἡ ἀ καὶ ἐμάθετε καὶ παρελάβετε καὶ ἠκούσατε καὶ εἶδετε ἐν ἐμοί, ταῦτα πράσσετε: καὶ ὁ θεὸς τῆς εἰρήνης ἔσται μεθ' ὑμῶν.</p>	<p>En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees.</p>
--	---

Paulus herdefinieer sy eie identiteit in Christus as die bron van sy etiek en etos. Die Filippense word deur Paulus gewaarsku om nie die voorbeeld van die *τοὺς κύνας* na te volg nie, maar sy voorbeeld – Filippense 3:17 *Συμμιμηταὶ μου γίνεσθε, ἀδελφοί, καὶ σκοπεῖτε τοὺς οὕτω περιπατοῦντας καθὼς ἔχετε τύπον ἡμᾶς*. Paulus bied homself as tipos binne die groter verband met Jesus Christus as sy tipos – Filippense 2:5-11 (Sandnes 2002:139). Dit is belangrik om in

gedagte te hou dat wanneer Paulus homself as 'n voorbeeld uitlig, hy dit doen met die wete dat sekere kennis deur tradisie oorgedra word, maar dat ander weer deur te luister na en deur te sien wat die leermeester doen (Harrington 2009:151). Een van die onderrigbeginsels wat Paulus telkens in Filippense toepas, is om duidelike voorbeelde uit te lig, sodat die Filippense hoor en sien wat om te doen. Dis belangrik om op te let dat in hierdie slotoproep van Paulus tot die Filippense hy gebruik maak van taalkundige vorms wat bekend is aan die Filippense, bloot omdat hy nie kulturele agtergrond van die nuwe bekeerlinge in Filippense met die intrapslag wil verwerp nie. Wat Paulus eintlik doen, is om dit wat in hul kulture denkraamwerk van nut vir die evangelie is, te benut (Harrington 2009:151). Dit is ook duidelik in 4:9 dat Paulus die algemene gebruik ten opsigte van vriendskap handhaaf deurdat hy sy kommer uitspreek oor hul moraliteit. Harrington (2009:151) wys daarop dat binne die vriendskapskultuur was nie net wederkerigheid en gasvryheid kernwaardes nie, maar veral ook besorgdheid oor moraliteit. In 4:8-9 stel Paulus die model van die Christelike lewe vir soverre dit gebed, vrede, blydschap en nederigheid impliseer.

In hierdie gedeelte bied Paulus sy eie lewe as 'n inspirasie (Aageson 2008:74). Oakes (2007:117) toon aan dat Paulus sy lesers wil help om te ontdek dat 'n lewe in ooreenstemming met die evangelie uiteindelik op selfontlediging neerkom. Konkreet beteken dit dat die ou lewe onder die heerskappy van die dood plek maak vir die lewe van lotsgelykheid met Christus in sy dood en opstanding. Die Filippense moet voortdurend dit wat hulle by hom gesien, gehoor en geleer het, in daade omsit (Brower en Johnson 2007:267).

Die deugde waarna Paulus verwys, word ingelei deur  $\alpha$  (Holmstrand 1997:122). Laasgenoemde maak die deur toe vir enige veralgemening en wil die Filippense se aandag vestig op die spesifieke sake wat hulle by hom geleer, gesien en gehoor het. Wat sal gebeur indien hulle hul kennis in daade omsit ( $\kappa\alpha\iota\ \acute{\omicron}\ \theta\epsilon\acute{\omicron}\varsigma\ \tau\eta\varsigma\ \epsilon\iota\rho\eta\nu\eta\varsigma\ \acute{\epsilon}\sigma\tau\alpha\iota\ \mu\epsilon\theta\prime\ \acute{\upsilon}\mu\acute{\omega}\nu$ )? Wat hy sê, is dat bekommernis, angstigheid en

onsekerheid tot ruste kan kom indien hulle hul gedagtes voortdurend rig op die lofwaardige deugde wat hy vermeld het.

Dit is duidelik dat die inhoudelike van die Filippense se denke vir Paulus van kardinale belang is. Wat in hul denke gebeur, sal 'n deurslaggewende rol speel in die positiewe verwerking van hul omstandighede. Ten einde die Filippense te ondersteun in hul strewe na innerlike vrede en gemoedsrus, wys Paulus hulle op die voor die hand liggende realiteit – sy eie voorbeeld (tupos), dit wat hy vir hulle geleer het, en wat hulle by hom gesien en gehoor het (O'Gray en Day 2008:261).

In die proses bemagtig Paulus die Filippense om hul identiteit en waardigheid te herdefinieer (Gupta 2010:164). Vanuit hierdie herdefiniëring ontspring 'n transformatiewe proses deurdat Paulus die gelowiges herinner aan die oproep tot heiligheid wat rus op die kinders van God. Hierdie transformatiewe proses is 'n deurlopende proses tot en met die koms van Christus. Daarom bid Paulus vir die Filippense dat hulle rein sal bly en vir niemand aanstoot sal gee tot op die dag van Christus nie (1:10 εἰς τὸ δοκιμάζειν ὑμᾶς τὰ διαφέροντα, ἵνα ἦτε ἐλικρινεῖς καὶ ἀπρόσκοποι εἰς ἡμέραν Χριστοῦ). Dit is duidelik dat hierdie morele fokus nie net waarde het vir die Christelike etos nie, maar die Filippense help om hul unieke Christelike identiteit te bewaar binne die Romeinse samelewing (Gupta 2010:165). 'n Verdere belangrike moment is dat Paulus as tupos gelees moet word binne 'n teosentriese konteks. Paulus wys die Christene daarop dat hulle heilig is omdat hulle vanuit 'n intieme verhouding met God lewe en daarom ook heilig moet optree (Gupta 2010:166).

Die oorhoofse doelwit van hierdie hoofstuk is om die motief van blyskap in Filippense te ondersoek binne die kader van die verband tussen die etiese indikatore en die lojaliteit in die "fictive kinship". Die eksegetiese resultate van hierdie hoofstuk het daarop gewys dat Paulus ten spyte van stressors daarin geslaag het om te lewe met

- dank en blymoedigheid (1:3; 3:1; 4:4,10);
- vergenoegdheid (4:12);
- volharding in sy apostoliese amp soos vergestalt in sy voorbidding (1:3-11) en sy beklemtoning van basiese Christelike beginsels (2:15; 3:2-14; 4:1-18); en
- inspirasie vir ander (4:9).

Dit is duidelik vanuit die verband tussen identiteit, etiek en etos dat die eksegetiese resultate van hierdie hoofstuk (etos) voortvloei uit die herstelde identiteit en etiek van Paulus. Die vermelde etiese indikatore maak dit moontlik dat hierdie navorsing 'n ondersoek loods tot die relevansie van die konstruk geestelike volwassenheid en die motief van blydschap in Filippense.

## **5. GELOOFSVOLWASSENHEID AS INDIKATOR TOT DIE MOTIEF VAN BLYDSKAP**

Geloofsvolwassenheid word gelees binne die oorhoofse tema van van Christelike spiritualiteit. Vir die doel van hierdie skrywe word geloofsvolwassenheid beskou as 'n kwalitatiewe aanduiding van 'n individu se spiritualiteit. Vervolgens meer oor die term spiritualiteit.

Spiritualiteit stam uit die Latynse woord “spiritus”, wat gees beteken (Runia 1992:9). “Spiritus” word in die Grieks vertaal met “pneuma” en in die Hebreeus met “rūah”.<sup>144</sup> Spiritualiteit raak die kern van die menslike bestaan: die

---

<sup>144</sup> Steggink en Waaijman (1985:9): “Spiritualiteit gaat via het Franse spiritualité terug op het Latijnse spiritualis-spiritualitas, afleidingen van het woord spiritus, dat binnen de christelijke vertaaltraditie weergave is van *pneuma*. Pneuma op

verhouding tot die Absolute (Waaijman 2000:1). Ten einde spiritualiteit kernagtig te definieer, is geen maklike saak nie, net omdat verskillende skrywers die begrip benader vanuit verskillende perspektiewe (Smit 1989:188). Die slotsom waartoe Smit kom, is dat spiritualiteit<sup>145</sup> dui op die volgende: “ ’n lewenswyse waarvan die persoonlike omgang met God deur geloof, woord en gebed wel die kern is, maar wat vanuit hierdie kern uitstrek oor die hele lewe”. Vir die doel van hierdie skrywe word vervolgens verwys na geloofsvolwassenheid.

Ten einde geloofsvolwassenheid sinvol te verstaan, is dit belangrik dat aandag geskenk word aan die begrip “siel”. Die rede hiervoor is te vinde daarin dat wie die ratwerk van die menslike siel verstaan, verstaan ook die kuns van hoe om sinvol en met hoop te leef<sup>146</sup>. Meer oor ’n Bybelse perspektief op die begrip “siel”. Seidl (1999:751) wys daarop dat die woord “psige” in verband staan met ’n Indo-Europese wortel wat verwys na asem en blaas. Interessant dat “nēfēsh” (Gen 2:7) dui op lewensasem (Brown 1971:679-680). Seidl en Brown is dit eens dat “nēfēsh” spesifiek dui op die menslike lewe in onderskeiding van ander vorme van lewe. In samehang met hart (Hebreeus “lēb”, Grieks “kardia”), asook met

---

zijn beurt is, via die Septuagint-vertaling, het vertaalwoord van het Hebreeuwse *rūah*.”

<sup>145</sup> Smit (1989:188). “In spiritualiteit gaan dit om die geslaagde integrasie van die geestelike, persoonlike, kerklike en gemeenskapslewe van die individu. Dit betrek die mens in al sy verhoudings en beskryf hom in terme van al die terreine van die lewe waarin sy geloof geaktualiseer word. In spiritualiteit gaan dit om die integrasie en noodsaaklike eenheid van geloof en lewe. Kortom: spiritualiteit gaan om die lewe voor die aangesig van God binne die totale werklikheid waarin die mens leef.”

<sup>146</sup> Louw (2005:10): “Hierdie opmerking moet nie as ’n aptekersvoorskrif vir sukses verstaan word nie. Lewenskuns het nie met ’n wenresep te doen nie. Lewenskuns het te doen met daardie kreatiewe verbeelding en hoop wat lyding en krisis gebruik om te groei.”



verstand (“nous”), is dit duidelik dat siel in verband staan met ’n unieke lewenservaring waarin dit gaan om ’n bepaalde lewenskwaliteit waarby verskillende aspekte van ons menswees betrokke is. Louw (2005:11) kom tot die voorlopige slotsom dat ons kan sê dat begrippe soos hart, verstand, denke, niere en selfs liggaam in die Skrif bepaalde gesigspunte op menswees beskryf. Louw vervolg deur daarop te wys dat by Paulus<sup>147</sup> staan siel in verband met “gees” (“pneuma”, “spiritus”) om daarmee ’n bepaalde verband tussen God en mens aan te dui. Volgens Louw (2005:12) is “siel” dan ’n aanduiding van ’n heilshistoriese feit, ’n toestand van verlossing, naamlik dat God deur sy Gees inwerk op die menslike bestaan en die mens daardeur kwalitatief bepaal word as ’n “nuwe mens”, ’n nuwe geestelike bestaan teenoor die bestaan van die ou, sondige mens. Die “nuwe mens” is die kwalitatiewe bevestiging van die verband tussen die etiese indikatore identiteit, etiek en etos.

’n Verdere belangrike faktor in die vraag na ’n Bybelse perspektief op die begrip siel, is dat in die Bybelse konteks daar oor menswees kollektief en kontekstueel nagedink is (Malina en Neyrey 1996:14-15). Die mens, ook die sogenaamde siel of gees, bestaan binne ’n korporatiewe geheel van verhoudings waarby die liggaam ingesluit was. Groepsdenke en familiestrukture is dus wesenlik deel van die verstaan van die siel. Die slotsom waartoe Louw kom, is dat siel ’n kollektiewe begrip is wat korporatief binne ’n netwerk van sosiale en familieverbintnisse funksioneer. ’n Mens is siel binne die netwerk van menseverhoudinge (Louw 2005:13). Louw (2005:14) definieer die menslike siel soos volg: “die mens het nie ’n siel nie, die mens is sy/haar siel. Siel verwys nie na iets onsterflik in die mens wat deur die liggaamskerker gevange gehou word

---

<sup>147</sup> Louw (2005:12): “In 1 Tess 5:23 praat Paulus van die driedeling gees, siel en liggaam om die totaliteit van die menslike bestaan aan te dui. Die drie verteenwoordig veeleer fasette op perspektiewe op die menslike bestaan sodat die geheel van menswees gerig kan word op die komende Ryk van God en die Wederkoms.”

nie. Onsterflikheid is nie 'n aangebore menslike kwaliteit nie. Dit is 'n kwaliteit wat aan die mens deur God verleen word ooreenkomstig hoe ek en jy elke dag met mekaar saamgeleef het. In 'n sekere sin bepaal die hoe van elke dag se lewe die dat en wat van onsterflikheid. Die implikasie van die denke van die Skrif oor siel en onsterflikheid is die volgende: die heil bepaal ons wese; eskatologie bepaal wesenlik die toestand en disposisie van ons weesfunksie. Christelike antropologie is wesenlik 'n uitvloeisel van eskatologie. Gevolglik moet ons as mens meer word wie en wat ons reeds in Christus is. Hierdie dinamika verskaf beweging en hoop aan die siel. 'n Besielde en dus sielvolle lewe is 'n lewe van hoop gedryf deur die vervulde beloftes van God." 'n Derglike lewe sou beskou kan word as 'n lewe wat beskik oor die kwaliteit van geloofsvolwassenheid. Wanneer verwys word na geloofsvolwassenheid vanuit 'n Bybelse perspektief is dit belangrik dat ook gelet word op die werking van die Heilige Gees.

Die belangrike om in gedagte te hou, is dat die Heilige Gees altyd eerste handel, maar dan met die doel om ons by sy werk in te skakel ('n pneumatologies begronde antropologie<sup>148</sup>). Binne die pneumatologie is daar dus sprake van die samewerking van God en mens. Deur die werk van die Heilige Gees word die mens medewerker en bondgenoot van God. Hierdie verbreding van die pneumatologie open die perspektief op die wyse waarop die mens sy heil deelagtig word. Absolutisme, perfeksionisme, fanatisme en moralisme word uitgesluit. Anders gestel, wat God in Christus gedoen het, is 'n volmaakte Goddelike werk. Soos Paulus dit sou stel, is Jesus Christus stellig die volmaakte antwoord van God op die diepste nood van die mens. Maar daar is geen volmaaktheid aan die kant van die mens nie (waar dit ontvang word).

Smit (1989:200) is dit eens dat 'n antropologie wat pneumatologies begrond word, 'n nuwe perspektief op die menslike faktor open. Die skrywer is van mening dat dit die moontlikheid open dat daar ook met die mens as persoon en

---

<sup>148</sup> Sien Van Ruler in Smit (1989:200).

ontvanger van die heil in Christus op 'n ondersoekende wyse omgegaan kan word. Daar kan gekyk word na die struikelblokke wat in die weg staan van die volledige integrasie van die heil in sy/haar lewe, na die ontwikkeling van persoonlikheid en na die invloed wat strukture waarbinne hy lewe op hom/haar het.<sup>149</sup> Die uiteindelige doel is geloofsvolwassenheid. In die proses van groei tot geloofsvolwassenheid gaan dit in die pastorale hulpverlening om (a) 'n dinamiese en dialogiese ontmoetingsgebeure, (b) waardeur die Woord van God so op die menslike situasie toegespits, gekonsentreer en gerealiseer word, (c) dat op grond van die heilswerk van Christus, asook (d) die dinamiese bemiddeling van die Heilige Gees, (e) die mens radikaal verander word om as veranderde nuwe mens in Christus en (f) in verbondenheid met die gemeente (g) verantwoordelikheid aanvaar (h) sodat hy kan groei tot geloofsvolwassenheid (i) met die oog op die komende Godsryk en die parousia van Christus.<sup>150</sup>

Die eksegetiese resultate van hierdie hoofstuk het aangetoon dat die etiese indikatore asook die “fictive kinship” die parameters van geestelike volwassenheid in Paulus versterk het, sodat hy te midde van stressors kon leef met die motief van blydschap.

## 6. GEVOLGTREKKING

Die gevolgtrekking van hierdie hoofstuk bring die navorsing by die eksegetiese resultate wat die etiese indikatore asook die lojaliteit van die “fictive kinship” op Paulus se ervaring van stres gehad het. Hierdie navorsing het reeds aangetoon dat die moderne kategorieë van stressors en dié van Paulus ooreenstem.

---

<sup>149</sup> Smit (1989:200): “In hierdie prosesse gaan dit nie om perfeksionistiese strewes nie, maar om hulp en begeleiding tot geestelike volwassenheid.”

<sup>150</sup> Louw (1984:51).

Vervolgens word aangetoon dat Paulus ook in sy reaksie op die kategorieë van stres 'n ooreenkoms toon met kenmerke van die moderne navorsing oor menslike reaksie op stres (hanteringsmeganismes).

Binne die veld van die moderne stresmodel word na hanteringsmeganismes verwys as die mens se vermoë om aan te pas by veranderende omstandighede (Bergh en Theron 2004:402). Bergh en Theron (2004:401) onderskei in die hanteringsmeganismes die volgende twee kategorieë: (1) gedragsaanpassingsmeganismes (byvoorbeeld gebed, meditasie, oefening en kognitiewe strategieë) en (2) verdedigingsmeganismes (reaksies wat spontaan, outonoom en onbewustelik plaasvind).

Indien die reaksie van Paulus op die kategorieë van stressors toegepas word, word die volgende waargeneem:

- Beide Paulus en die Filippense het 'n situasie van verandering beleef waarbinne hulle moes aanpas (Paulus in die tronk en die Filippense sonder die leiding van hul leier).
- Aanpassingsgedrag: deur kognitiewe rekonstruksie – Paulus help die Filippense om nuut te dink oor hulself (identiteit – 3:20), hul rol en optrede in die Romeinse samelewing – etiek en etos (2:15); die fokus op gebed (3:1-11); die internalisering van vergenoegdheid (4:12); sy lewe as voorbeeld van inspirasie (4:9) en die beklemtoning van basiese Christelike beginsels (2:15; 3:2-14; 4:1-8).
- In die lig van bogenoemde was sy verdedigingsmeganisme, met ander woorde die natuurlike, outonome reaksie, dié van geestelike volwassenheid soos vergestalt in die motief van blydskap (1:3; 3:1; 4:4,10).

Blydskap te midde van uiters moeilike omstandighede is 'n werklikheid vir God se kinders. Paulus het blydskap ervaar omdat hy geleef het vanuit 'n herskepte

waardestelsel en 'n herskepte identiteit en was sy blydschap dus Χαίρετε ἐν κυρίῳ. Die kenteken van sy nuwe identiteit is die besnydenis van die hart deur die Heilige Gees. Paulus se herskepte waardestelsel was gevestig in Christus en het gerealiseer in 'n lewe van onder andere vergenoegdheid en gebed. Sy herstelde identiteit het dit vir hom moontlik gemaak om soos 'n blom oop te gaan en selfs soos 'n hemelligaam vir God te skitter. 'n Verdere kenmerk van herskepte identiteit is dat hy in 'n proses van transformasie is. Jesus Christus is voortdurend besig om hom deel te maak van sy lyding met die oog daarop dat hy al hoe meer gelykvormig word aan die beeld van Christus. Lying is nie vir Paulus 'n verleentheid nie, maar 'n geleentheid waarbinne God deur sy Gees en deur Jesus Christus transformerend met hom besig is. Lying staan ook binne 'n teosentriese werklikheid, want Paulus leef in Christus en deur Christus vanuit 'n intieme verhouding met God. Hierdie transendente identiteit van Paulus maak dat hy leef met 'n herskepte waardestelsel en etos. Laasgenoemde is in skille kontras met die "honde" wat Joodse wettisisme op nuwe bekeerlinge wil afdwing (vgl Galasiërs 2:11-18; Dunn 2007:174; Wright 2004:15 ). Paulus, gefundeer in Christus, is 'n waardige tuos van geestelike volwassenheid vir die Filippense en kan die Filippense, op grond van hul herstelde identiteit, oproep tot 'n radikale etos wat op die basis van die imitatio Christi gebou word (kyk Filippense 2:5-10).

## **HOOFSTUK 8**

### **SAMEVATTING**

#### **1. HIPOTESE**

Hierdie proefskrif het die hipotese ondersoek dat Paulus, ten tyde van sy skrywe aan die Filippense, onderworpe was aan eksterne stressors, maar dat hy daarin geslaag het om met blydschap te leef danksy die integrasie van die etiese indikatore – identiteit, etiek en etos.

#### **2. EKSEGETIESE RESULTATE EN KONKLUSIE**

- Eksegetiese resultate

Die **relevansie van die navorsing** het aangedui dat die stresmodel (Bergh en Theron 204:398-403) 'n eksistensiële werklikheid is in die lewe van die Christen. Laasgenoemde gevolgtrekking is bevestig deur empiriese navorsing wat geloods is onder predikante in diens van die Nederduits Gereformeerde Kerk: Wes- en Suid-Kaap (vgl. Böhmer en Spangenberg 2001). Louw en Malherbe (2004) het die redes vir stres onder predikante toegeskryf aan onder andere die verskuiwing in teologiese paradigmas weens die impak van die postmodernisme (byvoorbeeld die verruiming van die ampsteologie en die ekklesiologie). Hierdie studie het die wesenlike van die stresmodel geïnterpreteer soos verwoord deur Bergh en Theron (2004:398). Bergh en Theron omskryf die stresmodel as die bestudering van die fisieke, kognitiewe, emosionele en gedragsreaksies op

sekere stressors (veranderingsagente) en dit word verdeel in drie kategorieë (frustrasie, druk en konflik). Die hanteringsmeganismes van stres wys op die vermoë om aan te pas by die veranderende omstandighede en word verdeel in aanpassingsgedrag en verdedigingsmeganismes.

Die eksistensiële werklikheid van die stresmodel in die lewe van die Christen het die navorsing getaak met Paulus se **epistole aan Filippense**. Die navorsing het aangedui dat Paulus vanuit die tronk in Rome sy epistole aan die gemeente in die kosmopolitaanse stad Filippi gerig het (vgl. Gundry 2003:348; Betz & Grimm 2006:1060). Die epistole vertoon kenmerkende trekke van die algemene Griekse brief en was ook in lyn met Paulus se algemene styl van briewe (vgl. Fowl 2005:9). Oor presies wat die motief vir die brief was, bestaan uiteenlopende standpunte. Dat hierdie navorsing die redes vir die motief van blydskap in Filippense ondersoek vanuit die verband tussen die sogenaamde etiese indikatore, is dit die prerogatief van hierdie proefskrif dat Paulus diensbaarheid aan ander as die hoeksteen van sy etiek neem soos geïnterpreteer binne die verband tussen herstelde identiteit en etos – Filippense 1:17,21; 2:4,21; 3:3,8-11 (Gräbe 2006:289).

Die hermeneutiese sleutel van analogie het vergestalt in die toepassing van die stresmodel op Filippense deur die kategorie van stressors (frustrasie, konflik en druk) te integreer met die eksegetiese resultate aangaande die stressors in Filippense. Die **eksterne stressors in die Filippense** is uitgewys as Paulus se tronkstraf (1:12-14); die bedreiging van die gemeente-eenheid (3:2; 4:2); die afstand tussen Paulus en sy geliefdes (1:2,3,5,7-8; 1:19; 3:18); Paulus se worsteling oor die lewe en die dood (1:21-24; 2:17) asook die dwaalleraars wat die besnydenis tot die kern van die evangelie van Christus wou toevoeg (1:15-17; 3:2).

Die heuristiese kategorieë van identiteit, etiek en etos is aangewend om te bepaal wat dit vir Paulus moontlik gemaak het om te leef met die motief van blydskap. Dit was die uitgangspunt van hierdie studie dat Paulus die Filippense gewys het op hul herstelde identiteit in Christus as hemelse burgers (Filippense 3:19) en op grond van hul herstelde identiteit het hul geleef vanuit 'n herstelde etiek met die gesindheid van Jesus Christus (Filippense 2:5-11) as *tupos* (Gräbe 2006:293). In die lig van hul herstelde identiteit en etiek kon Paulus die Filippense oproep tot herstelde etos (Filippense 2:14-16; 4:4-9). Paulus kon leef met die motief van blydskap omdat hy sy identiteit in Christus gevind het en daarom het hy geleef vanuit 'n herstelde etiek en etos.

Die **herstelde waardesisteem** van Paulus was die resultaat van die verband tussen die etiese indikatore identiteit, etiek en etos (sien hoofstuk 5). Die radikaliteit van hierdie waardesisteem word gelees teen die agtergrond van die sosiaal-kulturele verskynsel van die “patronage system” (Van der Watt 1996:36-38). Volgens Avidov (2009:69) het die “patronage system” gedui op 'n interafhanklike verhouding tussen twee partye, waarbinne erkenning gegee is aan die verskil in status en mag. Voortaan sou Paulus sy lewe rig vanuit 'n herstelde identiteit soos vervat in die semantiese konsep – ἐν Χριστῷ (1:1,13; 2:1,5,19,24,29; 3:1,3,14; 4:1,2,4,7,21). Paulus se herinterpretasie van identiteit, etiek en etos het soos volg vergestaltung gevind: 'n herstelde gesindheid (2:5-11); die verwysing na die Filippense as hemelse burgers (3:20); Jesus Christus as die ware Weldoener (1:1,13; 2:1,5,19,24,29; 3:1,3,14; 4:1,2,4,7,21) en 'n alternatiewe persepsie op lyding (1:21,29). Paulus het lyding beskou as deel van Christus se transformasie in sy lewe sodat hy al hoe meer gelykvormig kon word aan die beeld van Christus (vgl. Engberg-Pederson 2000; Fowl 2005).

**Lojaliteit**, soos vergestalt in die “fictive kinship”, is geïdentifiseer as 'n antitese vir die kategorie van stressors in Filippense. Die vermelde heuristiese kategorieë is deur Paulus kognitief geïnternaliseer deur die sosiaal-kulturele konsep van “fictive kinship”. Die deug lojaliteit, soos vergestalt in die “fictive kinship” (lojaliteit



deur God, medewerkers en gemeente) het as 'n antitese gedien vir die stressors by Paulus. Binne die antieke Mediterreense antropologie was die “fictive kinship” ’n uiters belangrike konsep waarbinne Paulus steeds lojaliteit kon ervaar (vgl. Malina en Neyrey 1996; Harrison 2003). Die onderlinge lojaliteit (etos) sowel as die herstelde identiteit het in die “fictive kinship” ontspring uit die beginsel van “teologiese hesed” (herstelde identiteit) en het gekulmineer in die etos van “sekulêre hesed” en “godsdienstige hesed” (Jensen 2006:99). Die semantiese konsep lojaliteit, soos verskans in “hesed”, moet geïnterpreteer word in terme van die verbondsteologie (Bruegemann en Miller 1995:201). Die verbondsteologie maak voorsiening vir die beginsel van wederkerigheid, wat Paulus geplaas het binne die dampkring van God as “patron”. In hierdie opsig het Paulus bestaande sosiaal-kulturele denke oor eer, status en mag herdefinieer. Voortaan sou Paulus sy identiteit konstrueer vanuit die herstelde Godsbeeld as kognitiewe konstruk, waarbinne God as die lojale God (Vader) funksioneer. Die eksegetiese resultaat het aangedui dat Paulus nie geleef het vanuit ’n infantiele geloof nie, maar wel geloofsvolwassenheid (Louw 1993:308).

Die herstelde waardesisteem en die deug van lojaliteit in die “fictive kinship” was die resultaat van Paulus se herstelde identiteit in Christus (Χαίρετε ἐν κυρίῳ). In die lig van sy herstelde identiteit, etos en etiek het Paulus daarin geslaag om ten spyte van stressors te leef met blydschap (1:3; 4:4,10); vergenoegdheid te openbaar (4:12); sy apostoliese taak onverwyld voort te sit deur voorbedding (1:3-11), Christelike beginsels onder die Filippense te vestig (2:15; 3:2-14; 4:1-8) en om sy eie lewe as ’n tupos te bied (4:9).

Paulus het met blydschap (1:3; 4:4,10) geleef te midde van wesenlike stressors. Die etiese indikatore het **die sinmotief** in Paulus se lewe ontsluit, wat nie deur die lydingsmotief uitgewis kon word nie. So byvoorbeeld was die motief van blydschap ’n eksistensiële werklikheid, want Paulus het blydschap ervaar omdat hy geleef het vanuit ’n herskepte waardesisteem en ’n herskepte identiteit. Die eksegetiese resultate het aangetoon dat Paulus se antropologie ten diepste ook

pneumatologies verstaan moet word, synde as die besnydenis van die hart deur die Heilige Gees (3:2-6). Die indikatief van Paulus se herskepte antropologie is gerealiseer in die praxis van 'n lewe van vergenoegdheid, gebed en volgehoue instruksies aan sy geliefdes in Filippense (2:15; 3:2-14; 4:1-9). Nie net is Paulus se sinmotief versterk deur die genoemde heuristiese kategorië nie, maar het die eksegeese ook gewys op die rol van Paulus se immanente eskatologie. Paulus het sy herstelde identiteit nie as 'n afgehandelde aksie beskou nie, maar met God as subjek was hy onderwerp aan voortdurende transformasie, wat tot afronding sou kom met die spoedige parousia van Christus (vgl. Ridderbos 1975:61; Strecker en Horn 2000:117). Ridderbos (1975:86) wys egter daarop dat Paulus in sy Christologie nie net erns maak met die feit van 'n spoedige wederkoms nie, maar dat sy antropologie ook pneumatologies verstaan moet word, as die Christen in gemeenskap met die pneumatiese Kyrios.

In die lig van die navorsingsresultate en die hipotese uit Filippense word 'n teologiese perspektief gebied tot 'n lewe van oorwinning met "onbelemmerde evangelie-optimisme" aan bekommerde Christus-gelowiges (vgl. Pretorius in Roberts, Vorster en Van der Watt 1991:266). Compaan (2007:349) is van mening dat die Christelike geloofsgemeenskap 'n herstelde identiteit, deur die werking van die Heilige Gees, in Christus gevind het. Dit is in hierdie herstelde identiteit dat die Christelike gemeenskap hul eksklusiwiteit begrond. Die herstelde Christelike identiteit "is not fixed in a timeless formula" (Compaan 2007:349), maar weens die kompleksiteit van verandering word die aktiewe Christen uitgedaag om voortdurend deur woord, daad en getuienis getrou te bly aan hul identiteit in Christus. Deur die deelname, in Christus en deur die Heilige Gees, aan die misterie van die drie-enige God, word die Christengemeenskap al hoe meer gelykvormig aan God ten einde hul nuwe identiteit in die praxis van vreugde, hoop, geregtigheid, gasvryheid en vrygewigheid te verwesenlik (Vosloo 2004:151).

Die waarde van Paulus se formulering ἐν Χριστῷ (sien Filippense 1:1,13; 2:1,5,19,24,29; 3:1,3,14; 4:1,2,4,7,21) is dat dit 'n verstaan bied vir die mens se ontologiese bestemming as in sy samesyn met God en in sy wesenlike gerigtheid op God. Louw (1993:135) is van mening dat Christus, as die beeld van God wat in die nuwe mens weerkaats word, 'n koppeling bring tussen die wedergebore mens en die nuwe orde van versoening en vrede. Dit besit 'n transformerende uitwerking omdat dit die mens tot 'n nuwe skepping konstitueer. Die kenteoretiese implikasies vanuit die kruisteologie vir 'n antropologie is dat dit die mens ontmasker in sy wesenlike eksistensiële nood: as verlore en die onmoontlikheid om homself te red. Dit is vanuit hierdie relasionele kennis – ἐν Χριστῷ – dat Louw reken die mens homself leer ken as kind van God en eiendom van God. Die verbintenis tussen identiteit, etiek en etos word versterk deur die teleïtiewe dimensie van menswees soos geïmpliseer deur die Christologiese begronding vir 'n pastorale antropologie (Burridge 2007:102). 'n Christologie herstel die mens in sy bestemmingsfunksie sodat die mens kan konformeer tot 'n veranderde lewenstyl wat veranderend op alle vlakke van menslike verhouding inwerk (Louw 1993:134).

Die eksegetiese resultate het ook verwys na die belangrike rol van die Heilige Gees in die lewe en denke van Paulus (Filippense 3:2-6). Dit is die uitgangspunt van hierdie skrywe dat Paulus sy antropologie ook pneumatologies geïnterpreteer het (vgl. 2 Korintiërs 1:22; 5:5; Romeine 8:23; Filippense 3:2-6). Louw (1993:143) maak die stelling dat die pneuma-dimensie in die nuwe mens die mens se totale oorgawe, transformasie en gerigtheid op God beskryf. Die implikasies hiervan is dat die menslike pneuma deur die wedergeboorte 'n nuwe dimensie verkry, naamlik 'n Godgerigtheid en 'n nuwe oorgawe aan God. Voortaan is die nuwe mens in sy pneumatiese gerigtheid heeltemal afhanklik van die transendente dimensie van sy bestaan deurdat die kontinuïteit tussen die aardse lewe as – ἐν Χριστῷ en die nuwe mens in sy pneumatiese dimensie nie geleë is in psigiese vermoëns nie, maar slegs in die “hesed” van God en Sy

kragtige transendente handeling via besnydenis van die hart deur die Heilige Gees – Filippense 3:2-6 (Burrige 2007:102).

Die pneumatiese ontologie van die mens – ἐν Χριστῷ bepaal dat die nuwe mens korporatief verstaan moet word. Kragtens die korporatiewe band met Christus (Ridderbos 1997:314-320) is die nuwe mens, as pneuma, nie in die eerste plek 'n persoonlike kategorie nie, maar 'n gemeentelike kategorie. In die lig hiervan is dit te verstane dat Paulus sy isolasie van die medegelowiges as 'n stressor beleef het, maar tog ook krag geput het uit die lojaliteit van die “fictive kinship”. In hierdie verband word verwys na sy Damaskus-ervaring en sy besondere band met die gemeente en medewerkers. Die Damaskus-ervaring kan ook vandag ervaar word in vier ontmoetingsgebeure. Burger (2005:56-57) omskryf hierdie vier ontmoetingsgebeure<sup>151</sup> as dat God deur die erediens na ons kom; deur die sakramente; deur ander gelowiges; en deur ons dae van diens en gehoorsaamheid. Die verwysing dat God sy kinders ontmoet in hul dae van diens, baan die weg vir die onderlinge lojaliteit. Dit is duidelik dat Paulus krag geput het uit die lojaliteit van God, maar die rol wat positiewe onderlinge verhoudings in die lewe van Paulus gespeel het, moenie onderskat word nie. Paulus het geweldige krag geput uit die lojaliteit van sy geliefde kollegas en sy gemeente (dink maar aan hul materiële hulp)<sup>152</sup>.

---

<sup>151</sup> Van der Merwe (1995:66). “Die drie heilsmiddele is die Woord van God, die sakramente en gebed.”

<sup>152</sup> Dodd (2004:105). “Synergism is the principle that two or more people working together in the same direction can accomplish more than the sum of them working individually. Paul uses synergos, the Greek word ‘synergism’ comes from, to describe his coworkers as those who ‘work with’ him in the gospel labor. He also calls them partners (kononia). For Paul, ministry in the Spirit is ministry in partnership among coworkers.”

In hierdie geval word veral gedink aan spontane ondersteuning en gestruktureerde ondersteuning. Met spontane ondersteuning dink ons aan vriende en familie<sup>153</sup>. Hul gesprekke en gebede kan baie uitkoms bied. In die geval van gestruktureerde ondersteuning dink ons aan professionele dienste (byvoorbeeld sielkundige dienste) wat ook 'n uiters belangrike rol kan speel. Die belangrike is dat die Christengelowige nie sy ervaring van stres moet sien as 'n straf van God waaraan hy/sy uitgelewer is nie. Die belangrike is dat stres multidissiplinêr aangespreek word (byvoorbeeld fisiek, fisiologies, maatskaplik en spiritueel). Hoe dit ook al sy, Paulus het homself nie geïsoleer in sy stryd nie. Hy was eerlik oor sy gevoelens en het voortdurend gefokus op sy interpersoonlike verhoudings. Paulus het hulp van die Filippense ontvang en het ook erkenning gegee aan die Filippense vir hulp. Daar was 'n broosheid by Paulus wat dit vir hom moontlik gemaak het om hulp en ondersteuning te aanvaar. Die onderliggende beginsel baan die weg vir die Christengelowige om haarself oop te stel vir die hulp en ondersteuning van ander, selfs buite die verwagte. Gesonde oop verhoudings kan van God se mees helende ontmoetings vir 'n stresvolle lewe wees<sup>154</sup>.

---

<sup>153</sup> Harbaugh (1992:1-117) onderskei tussen vlakke van ondersteuning wat verleen kan word aan die Christen. Hy identifiseer dit soos volg: "In the various denominations and religious groups there are different levels of support, each of which has its own strengths en limitations. These levels are: personal; familial; congregational; collegial; community; denominational and interdenominational".

<sup>154</sup> Powell (2005:37) argumenteer soos volg: "The Bible assumes the importance of community for spiritual wellbeing to such an extent that it does not bother to argue for it. In ancient setting, with a collectivist form of social organization, the overriding significance of the community was taken for granted. In fact, it is something we must recover in some measure if we are to understand and practise Christian spirituality".

'n Verdere belangrike kenmerk van die lewe ἐν Χριστῷ, is die voortdurende tweërlei spanning. Die eerste spanning wys op die alreeds en die nog nie, soos verklaar binne die eskatologiese voorbehoud. Die tweede wys op die spanning tussen die indikatief (objektiewe dimensie van die heil) en die imperatief (subjektiewe of sosiale dimensie van die heil). Die implikasie is dat die nuwe mens vanweë sy heil in Christus beskik oor die verantwoordelikheid tot toepassing van die heil. Die imperatief is in die indikatief gefundeer (Dunn 2006:390-412). Die invloed van die alreeds heil in Christus en die imperatiewe karakter daarvan op die teologiese antropologie is dat dit 'n onderskeid bring tussen persoon en werke. Die mens hoef nie meer te presteer om mens te wees nie. Die evangelie evalueer die mens in terme van die nuwe toestand wat hy reeds in Christus is (Furnish en Hays 2009:xiv). God is die subjek van die herstelde identiteit en die effek is dat die mens nie vir sy wesenlike identiteit en selfaktualisering van homself afhanklik is nie. In die lig hiervan is dit te verstane dat Paulus die Filippense wegwys vanaf selfroem na nederigheid (vgl. Filippense 2:6-11). Vir Paulus het sy apostoliese roeping hom die krag en energie gegee om voort te gaan met sy skrywe aan die Filippense. Die antropologiese konsekwensie van die heilshandeling deur God (indikatief) wat die mens (objek) tot nuwe mens bestem, is ootmoedige blydschap (vgl. Filippense 4:4). Die imperatief wat volg op die indikatief bring 'n ander dimensie van die nuwe mens na vore, naamlik die dimensie van heiligheid (Brower en Johnson 2007:150). Heiliging is nou die proses waardeur die Heilige Gees die implikasie van hierdie nuwe heilswerklikheid toepas op die alledaagse lewensuitinge van die nuwe mens (vgl. Filippense 3:15-19).

- Konklusie

In die lig van genoemde eksegetiese resultate handhaaf hierdie proefskrif die hipotese dat Paulus daarin geslaag het om ten spyte van die kategorie van stressors (lydensmotief) met blydschap te kon leef (oorwinningsmotief). Paulus kon dit doen omdat hy geleef het vanuit 'n herstelde identiteit, etiek en etos. Die verband tussen die etiese indikatore ontsluit die potensiaal vir die moderne leser om ten spyte van eksterne stressors oorwinnend te leef.

## **BRONNELYS**

### **A**

Aageson, JW 2008. ***Paul, the Pastoral Epistles, and the Early Church.***  
Hendrickson Publishers, Inc. Peabody, Massachusetts.

Abbott-Smith, G 1986. ***A Manual Greek Lexicon of the New Testament.***  
T&T Clark: Edinburgh.

Achtemeier, PJ (ed) 1971. ***Bible Dictionary (Revised Edition).*** Harper One:  
New York.

Achtemeier, PJ (ed) 1985. ***Bible Dictionary.*** Harper Collins Publishers: New  
York.

Achtemeier, PJ; Green, JB & MM Thompson 2001. ***Introducing the New  
Testament: Its Literature and Theology.*** Wm. B. Eerdmans Publishing  
Company: Grand Rapids, Michigan.

Aland, K; Black, M; Martini, CM; Metzger, BM & A Wikgren (ed) 1975. ***The  
Greek New Testament.*** United Bible Societies: Stuttgart.

Alexander, TD; Rosner, BS; Carson, DA & G Goldsworthy (ed) 2004. ***New  
Dictionary of Biblical Theology.*** Inter-Varsity Press: England.

Alexander, D 1973. ***Handboek by die Bybel.*** Lion Publishing: Berkhamsted,  
England.



- Alexander, LCA 1989. ***Hellenistic Letter-forms and the Structure of Philippians***. JSNT 31 (pp 88-89).
- Allan, CJ (ed) 1971. ***The Broadman Bible Commentary. (Volume 11): 2 Corinthians - Philemon***. Broadman Press: Nashville, Tennessee.
- Anders, ME 1990. ***Holman New Testament Commentary***. Broadman & Holman Publishers: Nashville.
- Anderson, CM 2003. ***Destroying Our Private Cities, Buildings, Our Spiritual Life***. Xulon Press: United States of America.
- Anderson, PN; Just, F & T Thatcher 2009. ***John, Jesus and History (Volume 2): Aspects of Historicity in the Fourth Gospel***. Society of Biblical Literature: Atlanta, United States of America.
- Arnold, CE. 2002. ***Zondervan Illustrated Bible Backgrounds Commentary (Volume 3): Romans to Philemon***. Grand Rapids: Michigan.
- Ascough, RS 2003. ***Paul's Macedonian Associations***. Siebeck Mohr: Tübingen.
- Ascough, RS & BJ Malina 2009. ***Paul's Social Network: Brothers and Sisters in Faith. Lydia Paul's Cosmopolitan Hostess***. Liturgical Press: Collegeville.
- August, N 2009. ***The Epistle to Philippians***. BiblioLife: Denver, Colorado.
- Aune, DE; Seland, T & P Borgen (ed) 2003. ***Neotestamentica et Philonia: Studies in Honor of Peder Borgen***. JSNT 31(88-89).

Aune, DE 2010. ***The Blackwell Companion to the New Testament***. Blackwell Publishing Ltd: West Sussex, United Kingdom.

Avidov, A 2009. ***Not Reckoned Among Nations: Text and Studies. Ancient Judaism 128***. Mohr Siebeck: Tübingen.

## B

Balasuriya, T 1984. ***Planetary Theology***. Orbis Books: Maryknoll, New York.

Bailey, PS 2005. ***A Journey out of Stress into Christ's Peace: Breaking the Power of Self-Inflicted Stress***. Xulon Press: United States of America.

Bailey, RA 2008. ***The Structure of Paul's Letters (Third Edition)***. Xulon Press: United States of America.

Balz, H & G Schneider 1991. ***Exegetical Dictionary of the New Testament (Volume 2)***. William B. Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan.

Barclay, W 2003. ***The Letters to the Philippians, Colossians and Thessalonians***. Westminster John Knox Press: Louisville, Kentucky.

Barclay, W 2008. ***Barclay's Guide to the New Testament***. Westminster John Knox Publishers: Louisville, Kentucky.

Barna, G & M Hatch 2001. ***Boiling Point: It Only Takes One Degree: Monitoring Cultural Shifts In the 21st Century***. Regal Books: Ventura, California.

- Barna, G 2005. ***Revolution***. Tyndale: Wheaton.
- Barth, K 1962. ***The Epistle to the Philippians***. SCM Press Ltd: London.
- Barth, K 2002. ***The Epistle to the Philippians. 40th Anniversary Edition***. Westminster John Knox Press: Louisville, Kentucky.
- Barton, J & J Muddiman 2001. ***The Oxford Bible Commentary***. Oxford University Press: Oxford.
- Barton, J (ed) 2002. ***The Biblical World (Volume II)***. Routledge: London.
- Bateman IV, HW 2002 (ed). ***Authentic Worship: Learning Scripture's Voice, Applying its Truth***. Kregal Publication: Grand Rapids.
- Baur, FC 2009. ***Paul the Apostle of Jesus Christ (Volume 2)***. Williams & Noegate: Covent Garden, London.
- Baum, G 1979. ***The Social Imperative: Essays on the Critical Issues that Confront Christian Churches***. Paulist Press: New York.
- Beaudoin, T 1998. ***Virtual Faith: The Irreverent Spiritual Quest of Generation X***. Jossey-Bass Publishers: San Francisco.
- Beker, JC 1990. ***The Triumph of God. The Essence of Paul's thought***. Fortress Press: Minneapolis.
- Bell, R 2005. ***Velvit Elvis: Repainting the Christian Faith***. Zondervan: Michigan.

- Bergh, ZC & AL Theron 2004. ***Psychology in the Work Context (Second Edition)***. Oxford University Press: Oxford.
- Betz, O & B E Grimm 2006. ***Calwer Bibellexikon (Band 2)***. Krugzell: Stuttgart.
- Blomberg, CL 2006. ***From Pentacost to Patmos; An Introduction to Acts through Revelation***. Broadman & Homan Publishers: Nashville, Tennessee.
- Bloomquist, LG 1993. ***The Function of Suffering in Philippians***. Sheffield Academic Press: Sheffield, England.
- Bockmuehl, M 1997. ***A Commentary on the Epistle to the Philippians***. A&C Black: London.
- Bockmeuhl, M 2006. ***The Epistle to the Philippians***. A&C Black Publishers Limited: London.
- Böhmer, AC & JJ Spangenberg 2001. ***Depressie en Angs onder Predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Wes- en Suid-Kaap***. NGTT 42(1 & 2):6-14.
- Bolt, P & M Thompson (ed) 2000. ***The Gospel to the Nations. Perspectives on Paul's Mission***. Apollos: Leischester, England.
- Boring, ME & FB Cradock 2004. ***The People's New Testament Commentary***. Westminster John Knox Press: Louisville, Kentucky.

- Boshoff, H 2008. 'n Toespraak, 16 September 2008, soos gepubliseer op die webblad van *Communitas*: "***Kerkwees in 'n Tyd van Verandering en Diversiteit***".
- Botterweck, GJ; H Ringgren & H-J Fabry (ed) 1999. ***Theological Dictionary of the Old Testament (Volume X)***. William B. Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan.
- Bouwman, G 1965. ***Het Nieuwe Testament. De Brief van Paulus aan de Filippiërs***. JJ Romen & Zonen-Uitgevers: Roermond-Maaseik.
- Bowden, J (ed) 2005. ***Encyclopedia of Christianity***. University Press: Oxford.
- Brueggemann, W & PD Miller 1995. ***The Psalms and the Life of Faith***. Augsburg Fortress: Minneapolis.
- Brueggemann, W 1997. ***Theology of the Old Testament: Testimony, Dispute, Advocacy***. Fortress Press: Michigan.
- Brower, E & A Johnson (ed) 2007. ***Holiness and Ecclesiology in the New Testament***. Wm. B. Eerdmans Publishing Co.: Grand Rapids, Michigan.
- Brown, D 2008. ***A Spoon of God: Who Changed? God or Mankind***. Xulon Press: United States of America.
- Brown, TG 2003. ***Spirit in the Writings of John***. T&T Clark: London.
- Brownrigg, R 1971. ***Who's who in the New Testament***. BAS Printers Ltd: Wallop, Hampshire.
- Bruce, FF 1983. ***Philippians***. Harper & Row: New York.

- Bryant, T A (ed) 1967. ***The Compact Bible Dictionary***. Zondervan Publishing House: Michigan.
- Bultmann, RK 2007. ***The Theology of the New Testament***. Baylor University Press: Waco, Texas.
- Burer, M & JE Miller 2008. ***A New Reader's Lexicon of the Greek New Testament***. Kregal Publications: Grand Rapids.
- Burger, C & I Nell (red) 2002. ***Draers van die Waarheid: Nuwe-Testamentiese Visies vir die Gemeente***. Paarl Print: Paarl.
- Burger, C 2005. ***Ontmoetings met die Lewende God. Hoe God ons Roep, Nuut maak – en Stuur***. Bybelkor: Wellington.
- Burkett, DR 2002. ***An Introduction to the New Testament and the Origins of Christianity***. University Press: Cambridge.
- Burridge, RA 2007. ***Imitating Jesus: An Inclusive Approach to New Testament Ethics***. Wm. B. Eerdmans: Cambridge.
- Burton, LA 1988. ***Pastoral Paradigms: Christian Ministry in a Pluralistic Culture***. Washington DC: Alban Institute.
- Butler, TC 1991 (ed). ***Holman Bible Dictionary***. Holman Bible Publishers: Nashville, Tennessee.

C

Caird, GB 1976. *Paul's Letters from Prison (Ephesians, Philippians, Colossians, Philemon)* in the Revised Standard Version. Oxford: Oxford University Press.

Campbell, AV (ed) 1990. *A Dictionary of Pastoral Care*. SPCK: London.

Campbell, DA 2009. *The Deliverance of God: An Apocalyptic Rereading of Justification in Paul*. Wm. B. Eerdmans: Grand Rapids, Michigan.

Carpenter, EE & PW Comfort 2000. *Holman Treasury of Key Bible Words*. Boardman & Holman Publishers: Nashville, Tennessee.

Carr, H & G Moule 2005. *The Epistle to Philippians*. BiblioBazaar: LLC.

Carr, W 2002. *The New Dictionary of Pastoral Studies*. SPCK: London.

Carrol JW 2006. *God's Potters. Pastoral Leadership and the Shaping of Congregations*. William B. Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan.

Carson, DA; O'Brien, T & MA Seifrid (ed) 2004. *Justification and Variegated Nomism (Volume II): Paradoxes of Paul*. Wissenschaftliche Untersuchungen zum Neuen Testamentum 2. Reihe 181. Mohr Siebeck: Tübingen.

Carter, CW (ed) 1965. *The Wesleyan Bible Commentary (Volume 5)* William B Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan.

- Carter, KH (jr) 2001. ***The Gifted Pastor. Finding and Using your Spiritual Gifts.*** Abington Press: Nashville.
- Clinebell, H 1979. ***Growth Counseling.*** Abington: Nashville.
- Clinebell, H 1984. ***Basic Types of Pastoral Care & Counseling.*** Abington Press: Nashville.
- Coate, MA 1989 ***Clergy Stress. The Hidden conflicts in Ministry.*** SPCK: London.
- Coetzee, G 1996. ***Pastoraat aan die Lidmaat met Angs.*** Doktor in die Teologie: Stellenbosch.
- Cole, AH jr (ed) 2008. ***From Midterms to Ministry.*** William B. Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan.
- Cole, AH (jr) 2009. ***Be not Anxious. Pastoral Care of Disquieted Souls.*** William B. Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan.
- Collins, RF 2008. ***The Power Images of Paul.*** Liturgical Press: Collegeville, Minnesota.
- Compaan, AL 2007. ***An Alternative Moral Ontology in a Pluralistic, Post-Apartheid Society.*** NGTT (pp 345-355) deel 48/1&2 Maart en Junie. Bybelmedia: Stellenbosch.
- Conder, T 2006. ***The Church in Transition: The Journey of Existing Churches into the Emerging Culture.*** Zondervan: Grand Rapids.
- Connelly, FJ 2008. ***Jesus Says.*** Xulon Press: United States of America.



Conradie, EM (ed) 2005. ***Christian Identity***. Study Guides in Religion and Theology 8. Publications of the University of the Western Cape. Sunpress: Stellenbosch.

Cooke, R 2009. ***New Testament***. SCM Press: Norwich, UK.

Cooper, CL & P Dewe 2004. ***Stress a Brief History***. Blackwell Publishing Ltd: Padstow, Cornwall.

Cornfeld, G & Botterweck G Johannes 1969. ***Die Bibel und ihr Welt***. Gustav Lubbe Verlag: Hamburg

Cox, H 1966. ***De Stad van de Mens: Het Levenspatroon van de Geseculariseerde Wereld in Teologisch Perspectief***. Baarn: Ambu.

Craddock, F B 1985 ***Philippians*** in Interpretation. Atlanta: John Knox.

Crook, ZA 2004. ***Reconceptualising Conversion: Patronage, Loyalty and Conversion in the Religions of the Ancient Mediterranean***. Walter de Gruyter GmbH: Berlin.

Cross, FL & EA Livingstone (ed) 2005. ***The Oxford Dictionary of the Christian Church (Third Edition)***. Oxford University Press: Oxford.

## D

Daille, J 2001. ***Exposition of Philippians***. Lightning Source: United States of America.

- Daniel, SP 1981. ***Burn-out and the Pastor: A Study on Stress in the Ministry.*** University Microfilms International: London.
- Danker, FW (ed) 2000. ***A Greek-English Lexicon of the New Testament and other Early Christian Literature.*** The University of Chicago Press: Chicago.
- Davidson, B 1990. ***The analytical Hebrew and Chaldee Lexicon.*** Hendrickson Publishers: United States of America.
- Den Heyer, CJ 2000. ***Paul: A Man of Two Worlds.*** Trinity Press International: Harriburg, Pennsylvania.
- DeSilva, DA 2000. ***Honor, Patronage, Kinship and Purity: Unlocking New Testament Culture.*** InterVarsity Press: Downers Grove, IL.
- De Villiers, E & D Kitching (ed) 1991. ***Derde gelui vir Môre. Die NG Kerk voor die Uitdagings van 'n Nuwe Tyd.*** Tafelberg-Uitgewers Beperk: Kaapstad.
- De Villiers, PGR 1984. ***The Interpretation of a Text in the Light of its Socio-Cultural Setting.*** Neotestamentica 18:6-79.
- Dickson, JP 2003. ***Mission-commitment in Ancient Judaism and in the Pauline Communities.*** Mohr Siebeck: Tübingen.
- Dodd, BJ 2003. ***Empowered Church Leadership: Ministry in the Spirit According to Paul.*** Intervarsity Press: Downers Grove, IL.
- Donner, AM 1972. ***Verklaring van de Bijbel door Johannes Calvijn. Zendbrieven van Paulus.*** W.A. De Groot: Goudriaan.

- Dormeyer, D 1998. ***The New Testament Among the Writings of Antiquity.*** Cromwell Press: Trowbridge, Witshire.
- Dott, BJ 2004. ***Empowered Church Leadership. Ministry in the Spirit.*** Intervarsity Press: Illinois.
- Doty, WG 1973. ***Letters in Primitive Christianity.*** Philadelphia: Fortress.
- Downs, DJ 2008. ***The Offering of the Gentiles.*** Mohr Siebeck: Tübingen.
- Dulin, DC; Perrin, N & RL Fern 1994. ***The New Testament, an Introduction: Proclamation and Paranesis, Myth and History.*** Harcourt Brace College Publishers: Indiana University.
- Dunn, JDG 2006. ***The Theology of Paul the Apostle.*** Wm. B. Eerdmans: Grand Rapids, Michigan.
- Dunn, JDG 2007. ***The New Perspective on Paul. Wissenschaftliche Untersuchungen zum Neuen Testament (185).*** Mohr Siebeck: Tübingen.
- Dunn JDG 2009. ***Christianity in the Making: Beginning from Jerusalem.*** Wm. B. Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan.
- Durken, D 2009. ***New Collegeville Bible Commentary.*** Liturgical Press: Collegeville, Minnesota.
- Du Toit, AB (red) 1984. ***Handleiding by die Nuwe Testament (V).*** Die Pauliniese Briewe: Inleiding en Teologie. Pretoria: NG Boekhandel Transvaal.

Du Toit, AB 2007. ***Focusing on Paul: Persuasion and Theological Design in Romans and Galatians.*** Walter de Gruyter: New York.

Du Toit, AB 2009. ***New Testament Exegesis and Methods.*** Protea Book House: Pretoria.

## E

Edwards, MJ 2005. ***Galatians, Ephesians, Philippians.*** InterVarsity Press: Washington.

Eggar, W 1985. ***Die Neue Echter Bibel.*** Echter Verlag: Würzburg.

Elliot, JH 1993. ***What is Social-Scientific Criticism?*** Fortress Press: Mineapolis.

Elliot, N 2006. ***Liberating Paul: The Justice of God and the Politics of the Apostle.*** Fortress Press: Minneapolis.

Ellis, EE 1989. ***Pauline Theology: Ministry and Society.*** Wm. B. Eerdmans Publishing Co.: Grand Rapids, Michigan.

Ellis, EE 2001. ***History and Interpretation in New Testament Perspective.*** Brill: Leiden.

Emerson, JG 2007. ***Prayers from the Mind and Heart.*** AuthorHouse: Bloomington.

Enderstein, DP vd B 1993. ***Die Invloed van Bedieningspanning op die Identiteit van die Pastor.*** Universiteit van Stellenbosch: Ongepubliseerde MTh-studie.

Engberg-Pedersen, T 2000. ***Paul and Stoics.*** T&T Clark: Edinburgh, Scotland.

Erdahl, LO 1996. ***10 Habits for Effective Ministry. A Guide for Life-giving Pastors.*** Augsburg Fortress: Minneapolis.

Ernest, JD (ed) 1994. ***Theological Lexicon of the New Testament (Volume 3).*** Hendrickson Publishers: Massachusetts.

Erwin, F; Lochman, JM; Mbiti, J; Pelikan, J & L Vischer 2005. ***The Encyclopedia of Christianity (Volume 4).*** William B Eerdmans Company: Michigan.

Evans, CA 2004. ***The Bible Knowledge Background Commentary.*** Victor: Colorado Springs: Colorado.

Eyer, RC 1997. ***Pastoral Care under the Cross. God in the Midst of Suffering.*** CPH: Saint Louis.

## F

Faber, H 1982. ***De Spiritualiteit van de Pastor in de Moderne Tijd.*** Handboek Pastoraat 2. Amboboeken: Utrecht:

Farber-Robertson, A 2000. ***Learning while Leading. Increasing your Effectiveness in Ministry.*** Alban Institute: United States of America.

Farmer, WR (ed) 1998. ***The International Bible Commentary. A Catholic and Ecumenical Commentary for the Twenty-First Century.*** The Liturgical Press: Collegeville, Minnesota.

Faulkner, BR 1981. ***Burnout in ministry. How to recognize it. How to avoid it.*** Broadman Press: New York.

Fee, GD 1995. ***Paul's letter to the Philippians.*** William B Eerdmans Publishing Company. Grand Rapids, Michigan.

Fee, GD 2001. ***To What End Exegesis? Essays Textual, Exegetical and Theological.*** Wm. B. Eerdmans Co: Grand Rapids, Michigan.

Ferguson, SB & DF Wright 1988. ***New Dictionary of Theology.*** Intervarsity Press: Leicester, England.

Fisher, D 1996. ***The 21st Century Pastor: A Vision based on the Ministry of Paul.*** Zondervan Publishing House: Grand Rapids, Michigan.

Fisher, DR 2009. ***Surviving Truths in the Word of God.*** Tate Publishing: Oklahoma: United States of America.

Fitzgerald, JT (ed) 1996. ***Friendship, Flattery and Frankness of Speech: Studies of Friendship in the New Testament World.*** E.J. Brill: Leiden.

Floor, L 1988. ***Perspektiewe op die Prediking van Paulus.*** NG Kerkboekhandel Transvaal: Pretoria.

Foakes-Jackson, FJ 2005. ***A History of the Early Church: From the Earliest Times to a.d. 461.*** Cosimo, Inc.: New York.

Foss, MW 2003. ***A Servant's Manual: Christian Leadership for Tomorrow.*** Fortress Press: Minneapolis.

Fowl, SE. 2005. ***Philippians.*** William B. Eerdmans Publishing Company. Grand Rapids, Michigan.

Freed, ED 2005. ***The Apostle Paul and his Letters.*** Equinox Publishing Ltd: London.

Freedman D, Meyers, AC & AB Beck (ed) 2000. ***Eerdmans Dictionary of the Bible.*** William B Eerdmans Company. Grand Rapids, Michigan.

Fuchs, LF 2008. ***Koinonia and the Quest for an Ecumenical Ecclesiology: From Foundations through Dialogue to Symbolic Competence for Community.*** Wm. B. Eerdmans Publishing Co.: Grand Rapids, Michigan.

Furnish, VP & RB Hays 2009. ***Theology and Ethics in Paul.*** BiblioBazaar: Charleston.

## G

Gaebelein, FE (ed) 1978. ***The Expositor's Bible Commentary. (Volume 11).*** Zondervan Publishing House. Grand Rapids, Michigan.

- Garland, DE 1985. ***The Composition and Unity of Philippians: Some Neglected Literary Factors***. NT 27 (141-173).
- Gasque, WW (ed) 1989. ***New International Commentary: Philippians***. Hendrickson Publishers: Peabody, Massachusetts.
- Gehman, HS (ed) 1980. ***The New Westminster Dictionary of the Bible***. Westminster Press: Philadelphia.
- Getty-Sullivan, MA 1980. ***Philippians and Philemon***. Veritas Publication: Dublin.
- Getty-Sullivan, MA 2001. ***Women in the New Testament***. The Liturgical Press: Minnesota.
- Gibbs, E & I Coffey 2001. ***Church Next: Quantum Changes in Christian Ministry***. Inter-Varsity: Leicester.
- Gibbs, E & RK Bolger 2005. ***Emerging Churches: Creating Christian Community in Postmodern Cultures***. Baker Academic: Grand Rapids.
- Gilbert, BG 1987. ***Who Ministers to Ministers? A Study of Support Systems for Clergy and Spouses***. Alban Institute: New York.
- Gilmore, DD 1987. Introduction: The shame of dishonor, in Gilmore, DD (ed), ***Honor and Shame and the Unity of the Mediterranean***, pp 2-21. Washington: American Anthropological Association.
- Gingrich, FW 1965. ***Shorter Lexicon of the Greek New Testament***. The University of Chicago Press: Chicago.



Gingrich, FW & F Danker 1979. ***A Greek-English Lexicon of the New Testament and other Early Christian Literature.*** University of Chicago Press: Chicago.

Gispem, W H; Oosterhoff, BJ; Ridderbos, HN; Van Unnik, WC & P Visser, 1977. ***Bybelse Ensiklopedie.*** Verenigde Protestantse Uitgewers: Kaapstad.

Glen, J 2006. ***The Alpha Series.*** AuthorHouse: Bloomington.

Gnilka, J 1976. ***Der Philipperbrief.*** Freiburg: Herder.

Gonzales, G (jr) 2008. ***Are You Curious about Kurios?*** Xulonpress: United States of America.

Goodman, T 1994. ***The Intentional Minister. 4 Powerful steps to Determining, Implementing, and Fulfilling your Ministry Priorities.*** Broadman & Holman Publishers: Nashville, Tennessee.

Gowler, DB; Bloomquist, LG & DF Watson (ed) 2003. ***Fabrics on discourse: Essays in Honor of Vernon K. Robbins.*** Trinity Press International: Harrisburg.

Gorman, MJ 2001. ***Cruciformity: Paul's Narrative Spirituality of the Cross.*** Wm. B. Eerdmans: Grand Rapids, Michigan.

Gorman, MJ 2004. ***Apostle of the Crucified Lord: A Theological Introduction to Paul and his Letters.*** Wm. B. Eerdmans Publishing Company: Michigan.

Gräbe, PJ 2008. ***The Power of God in Paul's letters.*** Mohr Siebeck: Tübingen.

- Gräbe, PJ 2006. "... as citizens of heaven live in a matter worthy of the Gospel of Christ..." in Van der Watt, JG (ed), ***Identity, Ethics and Ethos in the New Testament***, De Gruyter: Berlin.
- Graham, M 2005. ***Waiting to be Her: Body Image Secrets Victoria won't tell you***. Intervarsity Press: Downers Grove, IL.
- Greidanus, S 2010. ***Preaching Christ from Ecclesiastes. Foundation for Expository Sermons***. Wm. B. Eerdmans Co.: Grand Rapids, Michigan.
- Gregory, A & C Tuckett (ed) 2005. ***The New Testament and Apostolic Fathers: Trajectories through the New Testament and the Apostolic Fathers***. Oxford University Press: Oxford.
- Grey, P & GR O'Day (ed) 2008. ***Scripture and Traditions: Essays on Early Judaism and Christology in Honor of Carl R. Holladay***. Supplements to Novum Testamentum 129. Brill: Leiden, Netherlands.
- Grindheim, S 2005. ***The Crux of Election***. Gulde-Druck: Tübingen.
- Grollenberg, L 1978. ***Paul***. Uitgeverij Bosch & Keuning: SCM Press Ltd: Norwich.
- Grosheide, FW (red) 1950. ***Bijbelse Encyclopadie***. J H Kok: Kampen.
- Gundry, RH 2003. ***A Survey of the New Testament***. Zondervan: Grand Rapids, Michigan.
- Gupta, NK 2010 ***Worship that Makes Sense to Paul: A New Approach to the Theology and Ethics of Paul's Cultural Metaphors***. De Gruyter: Berlin.

Guthrie, D 1970. ***New Testament: Introduction***. Leicester: Inter-varsity Press.

## H

Haag, H 1982. ***Bibel Lexikon***. Beneiger Verlag: Zurich.

Hale, T & S Thorson 2007. ***Applied New Testament Commentary: Applying God's Word to your life***. David C Cook: Colorado Springs.

Hansen, GW 2009. ***The Letter to Philippians***. William B. Eerdmans: Grand Rapids, Michigan.

Hanson, KC & DE Oakman 1998. ***Palestine in the Time of Jesus. Social Structures and Social Conflicts***. Fortress Press: Minneapolis.

Harburgh, GL 1984. ***Pastor as Person: Maintaining Personal Integrity in the Choices and Challenges of Ministry***. Augsburg Publishing House: Minneapolis.

Harbaugh, GL 1992. ***Caring for the Caregiver***. Alban Institute: New York.

Harlan, P 2003. ***Association, Synagogues and Congregations: Claiming a Place in Ancient Mediterranean Society***. Fortress: Minneapolis.

Harrington, DJ (ed) 2009. ***Philippians & Philemon***. Liturgical Press: Collegeville, Minnesota.

Harril, JA 2006. ***Slaves in the New Testament. Literary, social, and moral dimensions***. Fortress Press: Minneapolis.

- Harrison, JR 2003. ***Paul's Language of Grace in its Graeco-Roman Context.*** Mohr Siebeck: Tübingen.
- Hart, AD 1984:41. ***Coping with Depression in the Ministry and other helping Professions.*** Word Books: Waco, Texas.
- Hartin, PJ 2009. ***Apollos Paul's Partner or Rival?*** Liturgical Press: Collegeville, Minnesota.
- Hartog, P 2002. ***Polycarp and the New Testament.*** Druck Partner Rübelmann: Tübingen.
- Harvey, JD 1998. ***Listening to the Text: Oral Patterning in Paul's letters.*** Baker's Books: Grand Rapids, Michigan.
- Hastings, A; Mason, A & H Pypers (ed) 2000. ***The Oxford Companion to Christian Thought.*** University Press: Oxford.
- Hauerwas, S 2000. ***A better Hope: Resources for a Church Confronting Capitalism, Democracy, and Postmodernity.*** Brazos Press: Grand Rapids, Michigan.
- Hauerwas, S & S Wells (ed) 2004. ***The Blackwell Companion to Christian Ethics.*** Blackwell Publishing: Victoria, Australia.
- Hawthorne, GF 1983. ***Word Biblical Commentary (Volume 43) Philippians.*** Word Books, Publisher: Waco, Texas.
- Hawthorne, GF; Martin, RP & DG Reid (ed) 1993. ***Dictionary of Paul and his Letters.*** Intersity Press: England.

Hawthorne, GF 1996. ***The Imitation of Christ: Discipleship in Philippians*** in Patterns of Discipleship in the New Testament. Edited by RN Longenecker. Eerdmans: Grand Rapids.

Hawthorne, GF & RP Martin 2004. ***Philippians***. National Reference and Electronic.

Heidegger, M 1962. ***Being and Time***. Harper and Row: New York.

Hellerman, JH 2005. ***Reconstructing Honor in Roman Philippi***. Society for New Testament Studies, Monograph Series 132. Cambridge University Press: New York.

Hendriksen, W. 1973. ***New Testament Commentary. Philippians***. Fletcher & Son: Norwich.

Hengel, Martin. 1991. ***The Pre-Christian Paul***. Trinity Press International: Philadelphia.

Herrick, G 2001. ***Philippians the Unconquerable Gospel***. Biblical Studies Press: NET Bible.

Herzog, WR; Svennungsen, AM & DB Lott 2006:358. ***New Proclamation Years 2006-2007***. Augsburg Fortress Press: Minneapolis.

Hewett, JA; Robbins, CM & SR Johnson 2010. ***New Testament Greek (Revised Edition)***. Hendrickson Publishers: Peabody, Massachusetts.

Hirsch, A 2006. ***The Forgotten Ways: Reactivating the Missional Church***. Brazos: Grand Rapids.

Hoge, DR & JE Wenger 2005. ***Pastors in Transition: Why Clergy Leave Local Ministry***. William B. Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan.

Holloway, PA 2001. ***Consolation in Phillipians: Philosophical Sources and Rhetorical Strategy***. Cambridge: University Press.

Holmén, T 2001. ***Jesus and Jewish Covenant Thinking***. Brill: Leiden.

Holmstrand, J 1997. ***Markers and Meaning in Paul. An Analysis of 1 Thessalonians, Philippians and Galatians*** in Coniectanea Biblica. New Testament Series 28. Almqvist & Wiksell International: Stockholm.

Horrell, DG 1999. ***Social Scientific Approaches to the New Testament Interpretation***. T&T Clark: Edinburgh, Scotland.

Horrell, DG 2005. ***Solidarity and Difference: A Contemporary Reading of Paul's ethics***. T&T Clark International: London.

Horrell, DG 2006. ***An Introduction to the Study of Paul. (Second Edition)***. T&T Clark: London.

Houlden, JL 1977. ***Paul's Letters from Prison***. SCM Press: Norwich.

Hunter, RJ (ed) 1990. ***Dictionary of Pastoral Care and Counseling***. Abington Press: Nashville.

Hurtado, LW 2003. ***Lord Jesus Christ: Devotion to Jesus in Earliest Christianity***. Wm. B. Eerdmans Publishing Co: Grand Rapids.

I

Irvine, AR 1997. ***Between Two Worlds: Understanding and managing Clergy Stress***. Biddles Ltd: London.

J

Jenni, E & C Westermann 1997. ***Theological Lexicon of the Old Testament (Volume 1)***. Hendrickson Publishers: Massachusetts.

Jensen, J 2006. ***Ethical Dimensions of the Prophets***. Liturgical Press: Collegeville, Minnesota.

Jeremiah, D 2006. ***Turning toward Joy: Discover a Happiness that Circumstances Cannot Change***. David C. Cook: Colorado Springs, United States Of America.

Johnson, KT 2003. ***The Writings of the New Testament: An interpretation***. SCM Press: New York.

Jones, F; Bright, J & A Clow 2001. ***Stress: Myth, Theory and Research***. Prentice Hall: New Jersey.

Joubert SJ 1992. ***Op maat van die musiek – die lewende familie van God in Filippi***. Scriptura (164-180).

Joubert, SJ 2000. ***Paul as Benefactor***. Wissenschaftliche Untersuchungen zum Neuen Testament 2. Reihe 24. Mohr Siebeck: Tübingen.

## K

- Keck, LE (ed) 2000. *The New Interpreter's Bible (Volume XI)*. Abington Press: Nashville.
- Kelley, RH 2004. *A Woman's Guide to Joyful Living: A Personal study of Philippians*. New Hope Publishers: Birmingham.
- Kelly, JF 2006. *An Introduction to the New Testament for Catholics*. Liturgical Press: Collegeville, Minnesota.
- Kim, S 2008. *Christ and Ceaser: The Gospel and the Roman Empire in the Writings of Paul and Luke*. Wm. B. Eerdmans Publishing Co.: Cambridge, UK.
- Kittel, H (ed) 1967. *Theological Dictionary of the New Testament (Volume iv)*. W.M.B. Eerdmans Publishing Company: Michigan.
- Kittredge, CB 1998. *Community and Authority. The Rhetoric of Obedience in the Pauline Tradition*. Trinity Press International: Harrisburg, Pennsylvania.
- Kitto, J & WL Alexander 2003. *Encyclopedia of Biblical Literature (Part 2)*. Kessinger Publishers: United States of America.
- Klauck, H-J & DP Bailey 2006. *Ancient Letters and the New Testament: A Guide to Context and Exegesis*. Baylor University Press: Waco, Texas.
- Knowling, RJ 2009. *The Testimony of St. Paul to Christ Viewed in Some of its Aspects*. BiblioLife, LLC.



- Koch, K; E Otto; Roloff, J & H Schmolat 1982. ***Reclanus Bibel Lexikon***. Philipp Reclam: Stuttgart.
- Koester, H 2000. ***Introduction to the New Testament (Volume 2): History and Literature of Early Christianity***. Walter De Gruyter: New York.
- Koester, H 2007. ***Paul and his World: Interpreting the New Testament in its Context***. Fortress Press: Minneapolis.
- Kok, J 2008. ***Siekte en Genesing teenoor Genesing en Restourasie in Johannes***. Voorgelê ter gedeeltelike vereistes vir die graad Philosophiae Doctor: Universiteit van Pretoria.
- Koningsveld, H 1977. ***Het Verschijnsel Wetenschap***. Boom: Amsterdam.
- König, A 1980. ***Jesus die Laaste***. Lux Verbi.BM: Wellington.
- Koperski, V 1996. ***The Knowledge of Christ Jesus my Lord. The High Christology of Philippians 3:7-11***. Pharos: Kampen.
- Köstenberger, AJ; Kellum, LS & C Quarles 2009. ***The Cradle, the Cross and the Crown***. B&H Publishing Group: Nashville, Tennessee.
- Kroeger, CC & MJ Evans (ed) 2002. ***The IVP Women's Bible Commentary***. Intervarsity Press: Downers Grove, Illinois.
- Kümmel, WG 1973. ***Introduction to the New Testament***. SCM Press: London.

L

Lacoste, J-Y (ed) 2005. ***Encyclopedia of Christian Theology (Volume 2)***.  
Routledge: London.

LaHay, T & E Hindson (ed) 2006. ***The Popular Bible Commentary***. Harvest  
House Publishers: Eugene, Oregon.

Laney, JC 1988. ***A Geographical Survey of Bible History***. Baker Book  
House: Michigan.

Lategan, BC 1984. ***Current Issues in the Hermeneutics Debate***.  
Neotestamentica 18:1-17.

Lategan, BC 1992. ***The Anchor Bible Dictionary (Volume 3)***. Doubleday:  
New York.

Lee, W 2000. ***Life Study: Philippians (Volume 3)***. Living Stream Ministry:  
Anaheim, United States of America.

Leech, G 1983. ***The Principles of Pragmatics***. New York: Longman.

Lightfoot, JB 1953. ***Saint Paul's Epistle to the Philippians***. Zondervan  
Publishing House: Michigan.

Lindars, B & SS Smallley (ed) 1973. ***Christ and Spirit in the New Testament. Studies in honour of Charles Digby Moule***. University Press:  
Cambridge.

- Longenecker, RN (ed) 1996. ***Patterns of Discipleship in the New Testament.*** Wm. B. Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan.
- Longenecker, RN 1997. ***The Road from Damascus: The Impact of Paul's Conversion on His Life, Thoughts and Ministry.*** Wm.B Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan.
- Loubser, JA 1986. ***Wees Bly: 'n Strukturele Kommentaar op die Brief van die Apostel Paulus aan die Filippense.*** Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- Louw, JPL & EA Nida 1977. ***A Translators Handbook on Paul's Letter to the Philippians.*** United Bible Societies: West Germany.
- Louw, JPL & EA Nida (ed) 1989. ***Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains.*** Bible Society of South Africa: Cape Town.
- Louw, D A 1989 (red). ***Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag.*** CTP Book Printers: Cape Town.
- Louw, DJ 1984. ***Pastoraat in Eskatologiese Perspektief.*** NG Kerk-Uitgewers: Kaapstad.
- Louw, DJ 1988. ***Spiritualiteit as Bybelse Vroomheid in die Teologie en die Gemeentelike Bediening.*** In *Praktiese Teologie in Suid-Afrika.* Jaargang 4.2 (pp 1-7). NG Kerkboekhandel: Pretoria.
- Louw, DJ 1993. ***Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n Basisteorie, Antropologie, Metode en Terapie.*** RGN-Uitgewery: Pretoria.

Louw, DJ 2005. ***Ratwerke van die Menslike Siel. Oor Volwassenheid en Lewensvaardighede.*** Sun Press: Stellenbosch.

Lundin, R 1993. ***The Culture of Interpretation. Christian Faith and the Postmodern World.*** William B. Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan.

## M

Maimonides, M 2008. ***The Guide for the Peplexed (Part 3).*** BiblioBazaar: Charleston.

Malherbe, PB 2001. ***Die Dinamika tussen Teologiese Paradigmas en die Verskynsel van Uitbranding in die Bediening.*** M-Div (kerklike bediening). Stellenbosch: US.

Malherbe, PB & DJ Louw 2002. ***Die Dinamika tussen Teologiese Paradigmas en die Verskynsel van Uitbranding in die Bediening,*** Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif 43 (pp 513–522).

Malina, BJ 1981. ***The New Testament World: Insights from Cultural Anthropology.*** Atlanta: John Knox.

Malina, BJ & Rohrbaugh RL 1989. ***Social-science Commentary on the Synoptic Gospels.*** Augsburg Fortress: Minneapolis.

Malina, BJ 1993. ***Windows on the World of Jesus. Time travel to Ancient Judea.*** John Knox Press: Louisville, Kentucky.

- Malina, BJ & JH Neyrey 1996. ***Portraits of Paul: An Archeology of Ancient Personality***. John Knox Press: Louisville, Kentucky.
- Marchal, JA 2006. ***Hierarchy, Unity and Imitation: A Feminist Rhetorical Analysis of Power dynamics in Paul's letter to the Philippians***. Society of Biblical Literature: Atlanta.
- Marshall, IH 2008. ***A Concise New Testament Theology***. InterVarsity Press: Nottingham, England.
- Marshall, TF 2007. ***A Student's New Testament Survey***. Tate Publishing Enterprises: Mustang, Oklahoma.
- Martin, DP 1990. ***Slavery as Salvation: The Metaphor of Slavery in Pauline Christianity***. Yale University Press: London.
- Martin, RP 1967. ***Carmen Christi Philippians ii.5-11***. Society for New Testament Studies (Monograph series 4). University Press: Cambridge.
- Martin, RP 1976. ***Philippians***. NCBC: Grand Rapids, London.
- Martin, RP & BJ Dodd (ed) 1998. ***Where Christology began. Essays on Philippians 2***. Westminster John Knox Press: Louisville, Kentucky.
- Martin, RP 2001. ***Philippians***. Wipf & Stock Publishers: Eugene, OR.
- Martin, RP 2002. ***The Epistle of Paul to the Philippians: An Introduction and Commentary***. Eerdmans Printing Company: Grand Rapids, Michigan.

- Matera, FJ 1996. ***The New Testament Ethics: The Legacy of Jesus and Paul.*** Westminster John Knox Press: Louisville, Kentucky.
- Matera, FJ 2003. ***The New Testament Christology.*** Westminster J Knox: Louisville, Kentucky.
- Matter, HM 1979. ***Filippenzen: Verklaring van een Bijbelgedeelte.*** Kampen: Uitgevermaatschappij.
- May, S 2006. ***Preaching through the Year: The Preaching Library (Volume One).*** Alderson Press: Humbolt, TN.
- McCarthy, R; Aguilera, G & EL Sabban 2002. ***Stress: Neura, Endocrine and Molecular Studies.*** Taylor & Francis: Abington.
- McKenzie, JL (ed) 1971. ***New Testament for Spiritual Reading. The Epistle to the Philippians.*** Sheed & Ward Limited: Sydney.
- McKim, DK 1996. ***Westminster Dictionary of Theological Terms.*** Westminster John Knox Press: Louisville, Kentucky.
- McNamara, M 2010. ***Targum and Testament Revisited: Aramaic Paraphrases of the Hebrew (Second edition).*** Wm. B. Eerdmans Publishing Co.: Grand Rapids, Michigan.
- Meeks, WA 1983. ***The First Urban Christians. The Social World of the Apostel Paul.*** New Haven: Yale.
- Melick, Richard R (jr) 1991. ***The New American Commentary. Philippians, Colossians, Philemon.*** Broadman Press: Nashville, Tennessee.

- Mengel, B 1982. ***Studien zum Philipperbrief.*** J.C.B. Mohr: Tübingen.
- Meyers, C (ed); T Craven & RS Kraemer 2001. ***Women in Scripture.*** Houghton Mifflin Company: New York.
- Mills, W (ed) 1990. ***Mecer Dictionary of the Bible.*** Mecer University Press: Georgia.
- Mills, WE & RF Wilson (ed) 2003. ***Mecer Commentary on the New Testament.*** Mecer University Press: Macon, Georgia.
- Mlalkuzhyil, G 1987. ***The Christocentric Literary Structure of the Fourth Gospel.*** Editrice Pontificio Instituto Biblico.
- Moisés, S 1992. ***Philippians.*** Baker Book House: Michigan.
- Mounce, WD 1993. ***The Analytical Lexicon to the Greek New Testament.*** Zondervan Publishing House: Michigan.
- Muddiman, J & J Barton 2010. ***The Pauline Epistles.*** Oxford University Press: Oxford.
- Müller, BA 1986. Vorming en voortgesette opleiding van die predikant, in: Smuts, A.J. (red) ***Die predikant as Ampsdraer en as Mens.*** Pretoria: NG Kerk Boekhandel.
- Müller, JJ 1974. ***Die brieweskate van Paulus.*** NG Kerk-Uitgewers: Pretoria.
- Müller, JJ 1976. ***The New International Commentary on the New Testament. The Epistles of Paul to the Philippians and to Philemon.*** WM. B. Eerdmans Publishing Co: Grand Rapids, Michigan.

Müller, JJ 1992. ***Die Brief aan die Filippense***. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

Murphy-O'Conner, J 1995. ***Paul the Letter-Writer. His World, His Options, His Skills***. The Liturgical Press: Collegeville, Minnesota.

Murphy-O'Connor, J 1996. ***Paul: A Critical Life***. Oxford: Clarendon.

Murphy-O'Connor, J 2004. ***Paul: His Story***. Oxford University Press: Oxford.

## N

Nel, A 2002. "Filippense" in Burger, C & I Nell (red), ***Draers van die Waarheid: Nuwe-Testamentiese visies vir die gemeente***, Paarl Print: Paarl.

Neusner, J; Borgen, P; Ernest, SF & R Horsley (ed) 1988. ***The Social World of Formative Christianity and Judaism***. Fortress Press: Philadelphia.

Neyrey, JH 1989. ***Paul, in other words: A Cultural Reading of his Letters***. Westminster/John Knox Press: Louisville, Kentucky.

Neyrey, JH & EC Stewart (ed) 2008. ***The Social World of the New Testament: Insight and Models***. Hendrickson Publishing, Inc.: Peabody, Massachusetts.

Nicholis, LD 2009. ***Big Picture of the Bible***. Wine Press Publishers: Enumclaw, WA.



Niemandt, N 2007. **Nuwe Drome vir Nuwe Werklikhede: Geloofsgemeenskappe in pas met 'n Postmoderne wêreld.** Lux Verbi: Wellington.

O

Oakes, P 2007. ***Philippians: From People to Letter.*** Cambridge University Press: Cambridge.

O'Brien, PT 1991. ***The Epistle to the Philippians. A Commentary on the Greek text.*** William B. Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan.

Oden, TC (ed) 2005. ***Ancient Christian Commentary on Scripture (New Testament VIII): Galatians, Ephesians, Philippians.*** InterVarsity Press: New York.

Odendaal, FJ 1984. ***Die Predikant en Uitbranding: 'n Sielkundige Onderzoek.*** RAU (Ongepubliseerde MA-skripsie): Johannesburg.

Olbricht, TH & A Eriksson (ed) 2005. ***Emory Studies in Early Christianity: Rhetoric, Ethic, and Moral Persuasion in Biblical Discourse.*** T&T Clark: London.

Olsen, DC & Grosh, WN 1991. ***Clergy Burnout: A Self Psychology and Systems Perspective.*** *Journal of Pastoral Care* 45 (pp 297-304).

Osiek, C & DL Balch 1997. ***Families in the New Testament World: Households and House Churches.*** John Knox Press: Louisville, Kentucky.

P

Parker, PM 2008. ***Clements: Webster's Quotations, Facts and Phrases.***  
ICON Group International, Inc.: San Diego, California.

Pate, MC 1995. ***The End of the Age has Come: The Theology of Paul.***  
Zondervan Publishing House: Grand Rapids, Michigan.

Patterson, DK & RH Kelley (ed). ***Woman's Evangelical Commentary.***  
Broadman and Holman Publishers: Nashville, Tennessee.

Peerbolte, LJL 2003. ***Paul the Missionary.*** Peeters: Leuven.

Perrotta, K 2002. ***Philippians: A Letter to Friends.*** Loyola Press: Chicago.

Perschbacher, WJ (ed) 1990. ***The New Analytical Greek Lexicon.***  
Hendrickson Publishers Inc.: Massachusetts.

Peterlin, S 1995. ***Paul's Letters to the Philippians in the Light of the  
Disunity in the Church.*** EJ Brill: Leiden.

Phillips, J 2002. ***Exploring Ephesians & Philippians: Expository  
Commentary.*** Kregel Publications: Grand Rapids.

Phillips, J 2009. ***Exploring the New Testament Book by Book: An  
Expository Survey.*** Kregel: New York.

Phillips, TE 2009. ***Paul and his Letters and Acts.*** Hendrickson Publishing  
Marketing Ltd.: Peabody, Massachusetts.

- Pilch, JJ & BJ Malina (ed) 1998. ***Handbook of Biblical Social Values***. Hendrickson Publishers: Massachusetts.
- Pilch, JJ 2000. ***Healing in the New Testament. Insights from Medical and Mediterranean Anthropology***. Fortress Press: Minneapolis.
- Pilch, JJ 2000. ***The Triduum and Easter Sunday: Breaking Open the Scriptures***. Liturgical Press: Collegeville.
- Pilch, JJ 2004. ***The Cultural World of the Prophets: The First Reading and Responsorial Psalm (Year A)***. Liturgical Press: Collegeville.
- Porter, SE (ed) 2004. ***Pauline Canon. Pauline Studies (Volume 1)***. Koninklijke Brill: Leiden.
- Porter, SE (ed) 2005. ***Pauline Studies (Volume 2): Paul and his Opponents***. Brill: Leiden.
- Porter, SJ (ed) 2008. ***Pauline Studies (Volume 5). Jew, Greek and Roman***. Brill: Leiden.
- Potgieter, J 2005. ***'n Nuwe Testamentiese Studie in Hermeneutiek: Die Homoseksualiteitsdebat in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1986-2004)***. 'n Verhandeling voorgelê vir die graad Ph.D. in Nuwe Testamentiese Wetenskappe: Universiteit van Pretoria.
- Powell, MA 2009. ***Introducing the New Testament: A Historical, Literary and Theological Survey***. Baker Academic: Grand Rapids, Michigan.
- Powell, SM 2005. ***A Theology of Christian Spirituality***. Abington Press: Nashville.

Pretorius, EAC 1991. ***Paulus, met onbelemmerde evangelie-optimisme, aan die bekommerde Christus-gelowiges in Filippi.*** In *Teologie in Konteks* (pp 266-294) RH Roberts, WS Vorster, KN Venter & JG van der Watt (ed). Orion: Halfway House, Pretoria.

Preuschen, E 1976. ***Griechisch-Deutsches Taschenwörterbuch zum Neuen Testament.*** Walter de Gruyter: Berlin.

Price, R 2008. ***Successful Christianity: What is it?*** AuthorHouse: Bloomington.

## R

Rapske, B. 1994. ***Paul in Roman Custody.*** Grand Rapids: Eerdmans.

Ratzinger, J 2007. ***Eschatology: Death and Eternal Life (Second Edition).*** Catholic University of America: United States of America.

Rebel, JJ 1981. ***Die Pneumatologische Dimensie in het Pastoraat, in: Ervaren waarheid. Opstellen aangeboden aan dr H Jonker.*** Nijkerk: Callenbach.

Reicke, B & L Rost 1970. ***Bibels/Historisch Woordenboek V.*** Aula-boeken: Antwerpen.

Renn, S (ed) 2005. ***Expository Dictionary of Bible Words.*** Hendrickson Publishers: Massachusetts.

- Reumann, J 2008. ***Philippians: A New Translation with Introduction and Commentary. Philippians (Volume 33B)***. The Anchor Yale Bible: Yale University Press: New Haven, London.
- Rhodes, R 2008. ***Angels Among Us: Separating Fact From Fiction***. Zondervan: Minneapolis.
- Richards, LO 1987. ***A Practical Theology of Spirituality***. Academie Books: Grand Rapids, Michigan.
- Richards, ER 2004. ***Paul and First-century Letter Writing***. Inter-Varsity Press: London.
- Ricoeur, P 1998. ***Critique and Conviction***. Polity Press: Cambridge.
- Ridderbos, H 1962. ***The Coming of the Kingdom***. The Presbyterian and Reformed Publishing Company: Philadelphia, Pennsylvania.
- Ridderbos, H 1975. ***Paul. An Outline of his Theology***. William B. Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan.
- Rienecker, F & C Rogers 1980. ***A Linguistic Key to the Greek New Testament***. Zondervan Publishing House: Michigan.
- Roberts, R 2007. ***Profiles in Greek and Roman Mythology Series***. Mitchell Lane Publishers: United States of America.
- Robertson, AT 1979. ***Paul's Joy in Christ. Studies in Philippians***. Baker Book House: Michigan.

- Robertson, AT & WJ Perschbacher 2003. ***Word Pictures of the New Testament (Volume One)***. Kregal Publications: Grand Rapids, Michigan.
- Roetzel CJ, 1983. ***The Letters of Paul (Second Edition)***. SCM: London.
- Roetzel, CJ 1985. ***The World that shaped the New Testament***. John Knox Press: Atlanta, Georgia.
- Roetzel, CJ 2009. ***The Letters to Paul: Conversations in Context (Fifth Edition)***. John Knox: London.
- Rogers, CL (jr) & CL Rogers III 1998. ***The New Linguistic and Exegetical Key to the Greek New Testament***. Zondervan Publishing House. Grand Rapids, Michigan.
- Rohrbaugh, RL (ed) 2005. ***The Social Sciences and New Testament Interpretation***. Hendrickson Publishers, Inc.: Peabody, Massachusetts.
- Rootmensen, B 1993. ***Oases in de Woestijn. Over Spiritualiteit en Ruimte om te Leven***. Meinema: Zoetermeer.
- Roxburgh, AJ. 2000. ***Crossing the Bridge: Church Leadership in a Time of Change***. Percept: United States of America.
- Roxburgh, AJ 2010. ***Missional Map-making: Skills for Leading in Times of Transition***. Jossey-Bass: San Francisco.
- Runia, K 1992. ***Notities over spiritualiteit***. Kok: Kampen.
- Ryken, L; Wilhoit, JC & T Longman III (ed) 1998. ***Dictionary of Biblical Imagery***. InterVarsity Press: England.

S

- Sakenfeld, KD 2007. ***The New Interpreter's Dictionary of the Bible (Volume 2)***. Abington Press: Nashville.
- Sandnes, KO 2002. ***Belly and Body in the Pauline Epistles***. Society for New Testament Studies. Monograph Series 120. Cambridge University Press: Cambridge.
- Sang-Won, SA 2001. ***Corporate Elements in Pauline Anthropology: A Study of Selected Terms, Idioms and Concepts in the light of Paul's Usage and Background***. Analecta Biblica 148. Editrice Pontificio Instituto Biblico: Roma.
- Sampley, JP (ed) 2003. ***Paul in the Greco-Roman World: A Handbook***. Trinity Press International: Harrisburg, PA.
- Saunders, SP 2009. ***Interpretation Bible Studies: Philippians and Galatians***. Westminster John Knox Press: Louisville, Kentucky.
- Schenk, W 1984. ***Die Philipperbrief des Paulus***. Stuttgart: Kolhammer.
- Schillebeeck, E 1983. ***Paul the Apostle***. Crossroad: New York
- Schlier, H 1980. ***Der Philipperbrief***. Johannes Verlag: Einsiedeln.
- Schnelle, U 2005. ***Apostle Paul: His Life and Theology***. Baker Academic: Ada, MI.

Seidl, H. 1999. ***Ausgangspunkte meine Intellektuele Entwicklung***. Hamburg: Hoffmann & Campe Verlag.

Senior, D & JJ Collins 2006. ***The Catholic Study Bible***. Oxford University Press: Oxford.

Silva, M 1992. ***Philippians***. BECNT. Grand Rapids: Baker.

Smiles, VM 2005. ***Bible Commentary: First Thessalonians, Philippians, Second Thessalonians, Colossians, Ephesians***. New Collegeville Press: Collegeville, Minnesota.

Smit, AT 1989. ***Ontwikkeling by die Predikant***. Universiteit van Stellenbosch: Ongepubliseerde MTh-studie.

Smit, D 1987. ***Hoe verstaan ons wat ons lees? 'n Dink- en Werkboek oor die Hermeneutiek vir Predikers en Studente***. Woord teen die lig. NG Kerk-Uitgewers: Pretoria.

Smith, DE (ed) 2004. ***Chalice Introduction to the New Testament***. Chalice Press: United States of America.

Son, S-W (ed) 2006. ***History & Exegesis***. T&T Clark International: New York.

Stambauch, JE & DL Balch 1986. ***The New Testament in its Social Environment***. The Westminster Press: Philadelphia.

Stanley E Porter & GA Evans (ed) 1995. ***The Pauline writings***. The Biblical Semina 34. England: Sheffield Academic Press.



Steggink, O & K Waaijman 1985. ***Spiritualiteit en mystiek***. Uitgeverij B. Gottmer: Nijmegen.

Stirewalt, ML 2003. ***Paul, the letter writer***. William B. Eerdmans Publishing: Michigan.

Storrar, WF & AR Morton (ed) 2004. ***Public Theology for the 21st Century***. T&T Clark: London.

Strecker, G & FW Horn 2000. ***Theology of the New Testament***. De Gruyter: Berlin.

Sumney, JI 2007. ***Philippians: A Greek Student's Intermediate Reader***. Hendrickson Publishers, Inc.: Peabody, Massachusetts.

Symington, Johan (1979). ***Gedring deur Sy Liefde***. Nasionale Boekdrukkery: Goodwood.

## T

Tarazi, PN 2002. ***The New Testament Introduction: Luke and Acts***. CIP: United States of America.

Tasker, RVG (ed) 1974. ***Tyndale New Testament Commentaries. Philippians***. Inter-Varsity Press: London.

Thielman, F 1995. ***Philippians***. Grand Rapids: Zondervan.

Thiselton, AC 1980. ***The Two Horizons. New Testament Hermeneutics and Philosophical Description with Special Reference to Heidegger, Bultmann, Gadamer and Wittgenstein.*** Paternoster: Exeter.

Thiselton, AC 1992. ***New Horizons in Hermeneutics.*** Zondervan: Grand Rapids.

Torrance, DW & TF Torrance (ed) 1965. ***The Epistles of Paul the Apostle to the Galatians, Ephesians, Philippians and Colossians.*** Calvin's Commentaries. Wm. B. Eerdmans Publishing Company: Michigan.

Trenchard, WC 1992. ***The Student's Complete Vocabulary Guide to the Greek New Testament.*** Zondervan Publishing House: Michigan.

## V

Valentine, DD 2008. ***The Epistle of St. Paul to Philippians and Philemon.*** BiblioLife: Denver, Colorado.

Van Daalen, PH 1983. ***Die Pastorale Bediening aan Persone in Topvlak Bestuursposisies met Besondere Toespitsing op hul Eiesoortige Spanninge.*** Magister in die Teologie: Stellenbosch.

Van der Merwe, A. 2004. ***Stres Strategie: Verstaan en Bestuur jou Stres vir 'n Gebalanseerde, Energieke Lewe.*** Tafelberg-Uitgewers Beperk: Kaapstad.

Van der Merwe, MN 1995. ***Die Terapeutiese Funksie en Effek van Gebed in die Pastorale Bediening.*** Doktor in die Teologie: Stellenbosch.

- Van der Ven, JA 1989. ***Education for Reflective Ministry***. WB Eerdmans: Leuven Belgium
- Van der Walt, BJ 1999. ***Godsdiens en samelewing. Christelike betrokkenheid op die markplein***. Instituut vir Reformatoriese Studie: Potchefstroom.
- Van der Watt, JG 1996. ***Perspektief op Gebed***. Christelike Uitgewersmaatskappy: Vereeniging.
- Van der Watt, JG 2001. ***Exegesis: An Approach***. Ongepubliseerde lesingmateriaal Universiteit van Pretoria: Pretoria.
- Van der Watt, JG (red) 2003. ***Die Bybel A-Z***. Christelike Uitgewersmaatskappy: Vereeniging.
- Van der Watt, JG (ed) 2006. ***Identity, Ethics, and Ethos in the New Testament***. Walter de Gruyter: Berlin.
- Van Hoozer, KJ; Bartholomew, CG; Treier, DT & NT Wright (ed) 2005. ***Dictionary for Theological Interpretation of the Bible***. Baker Academic: Grand Rapids, Michigan.
- Van Niekerk, A 2005. ***Geloof Sonder Sekerhede: Besinning vir Eietydse Gelowiges***. Lux Verbi.BM: Wellington.
- Van Ruler, AA 1973. ***Hoofdlijnen van een Pneumatologie***. Callenbach: Nijkerk.
- Veith, GE (jr) 1994. ***Postmodern times. A Christian Guide to Contemporary Thought and Culture***. Crossway Books: Illinois.

Veith, GE; Wilson, D & GT Fischer 2009. ***Omnibus IV: The Ancient World.***  
Veritas Press: Lancaster, Pennsylvania.

Verhoef, E 1998. ***Tekst en Toelichting: Filippenzen, Filemon. Een Praktische Bijbelverklaring.*** Uitgeverij Kok: Kampen.

Vine, WE 1948. ***Expository Dictionary of the New Testament (Volume I).***  
Oliphants Ltd.: Edinburgh.

Vincent, MR 1985. ***The International Critical Commentary: A Critical and Exegetical Commentary on the Epistle to the Philippians and to Philemon.*** T&T Clark: Edinburgh.

Viola, F 2005. ***The Untold Story of the New Testament Church.*** Revival Press: Mercy Place.

Von Allmen, JJ (ed) 1958. ***Vocabulary of the Bible.*** Lutterworth Press:  
London.

Vosloo, R 2004. ***Etiëk as Optiek? Die Rol van Beelde en Verbeelding in die Christelike Morele Lewe.*** NGTT (pp 137-151), deel 45/1&2 Maart en Junie. Bybelmedia: Stellenbosch.

## W

Waaijman, K 2000. ***Spiritualiteit. Vormen, Grondslagen, Methoden.***  
Uitgeverij Kok: Kampen.

- Wakefield,GS (ed) 1983. ***A Dictionary of Christian Spirituality***. SCM Press Ltd.: London.
- Walasky, PW 2005. "***And so we came to Rome***": ***The Political Perspective of St. Luke***. Society for New Testament Studies, Monograph Series 49. Cambridge Press: Cambridge.
- Wan, S 2000. ***Power in Weakness: The Second Letter of Paul to the Corinthians***. Trinity Press International: Harrisburg.
- Ware, J 2005. ***The Mission of the Church in Paul's letter to the Philippians in the Context of Ancient Judaism***. Brill: Leiden, Netherlands.
- Walters, M 1995. ***Globalization***. New York: Routledge.
- Washington, L; Schmidtt, BT & G Smillie 2007. ***Puzzlements & Predicaments of the Bible: The Weird, the Wacky and the Wondrous***. Howard Books: New York.
- Watson, DF 1988. ***A Rhetorical Analysis of Philippians and its Implications for the Unity question***. NT 30(1), 57-88.
- Watson, F 2007. ***Paul, Judaism and the Gentiles: Beyond the New Perspective***. Wm. B. Eerdmans Publishing Co.: Grand Rapids, Michigan.
- Weidman, HH 1988. ***A Transcultural Perspective on Health behavior***, in Davids S. Gochman (ed), *Health behavior: Emerging Research Perspectives* (pp 261-280). Plenum: New York.
- Weinel, H 2008. ***St. Paul, the Man and His Work***. BiblioBazaar: Charleston.

Wells, DF 2005. ***Above all Earthly Powers. Christ in a Postmodern World.*** William B. Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids.

Wells, DF 2005. ***Philippians: A Call to Biblical Fellowship.*** Zondervan: Schastopol.

White, JL. 1986. ***Light from Ancient Letters. Foundations & Facets: New Testament.*** Philadelphia: Fortress.

Wiersbe, WW 2001. ***The Bible Exposition Commentary: New Testament (Volume 2).*** Victor: Colorado Springs.

Wiersbe, WW 2008. ***Joyful Even When Things Go Wrong: New Testament Commentary, Philippians.*** David C. Cook: Colorado Springs, United States of America.

Wiersbe, WW 2009. ***The Wiersbe Bible Commentary: The Complete New Testament.*** David C Cook: Colorado Springs.

Wiesinger, A 1960. ***Biblical Commentary on St Paul's Epistles to the Philippians, to Titus, and the First to Timothy.*** T& T Clark Edinburgh.

Wiley, T 2005. ***Paul and the Gentile Women: Reframing Galatians.*** The Continuum International Publishing Group Ltd: New York.

Willemon, WH 1989. ***Clergy and Laity Burnout.*** Nashville, Tennessee: Abington Press.

Witherington III, B 1994. ***Friendship and Finances in Philippi. The Letter of Paul to the Philippians.*** Trinity Press International: Valley Forge, Pennsylvania.

- Witherington III, B 1994. ***Paul's Narrative Thought World: The Tapestry of Tragedy and Triumph***. Augsburg Fortress: Minneapolis.
- Wong, C & A Kwong 2010. ***A Biblical Perspective: How to handle worry and fear***. Xulon Press: United States of America.
- Wood, IF & E Grant 2009. ***The Bible as Literature: An introduction***. BiblioLife: NET Bible.
- Woodhouse, SC 1964. ***English-Greek Dictionary. A Vocabulary of the Attic Language***. Routledge & Kegan Paul Ltd: London.
- Wright, NT 2004. ***Paul for Everyone: Galatians and Thessalonians***. Westminster John Knox Press: Louisville.
- Wright, JW 2007. ***Telling God's Story: Narrative Preaching for Christian Formation***. InterVarsity Press: Downers Grove, IL.

## Y

- Yamauchi, E 1981. ***Harper's World of the New Testament***. Harper & Row, Publishers: San Francisco.
- Yeager, RO 1998. ***The Renaissance New Testament***. Renaissance Press: Louisiana.
- Young, BH 1997. ***Paul the Jewish Theologian: A Pharisee Among Christians, Jews and Gentiles***. Hendrickson Publishers: Peabody, Massachusetts.